# CHRISTUS AS HOOF VAN DIE KERK EN DIE PRESBITERIALE KERKREGERING

Jan Jacobus van der Walt

# Christus as Hoof van die Kerk en die presbiteriale kerkregering

J.J. Van der Walt, ThD

ISBN: 0 949988 87 1

# Inhoud


1. Verantwoording en probleemstelling ..... 8
  1.1. Inleiding ..... 8
  *1.2. Die ekumeniese belangrikheid van die* onderwerp ..... 8
    1.2.1. Die Roomse stelsel ..... 8
    1.2.2. Die Lutherse stelsel ..... 10
    1.2.3. Die Kollegialistiese stelsel ..... 11
    1.2.4. Die Independentistiese stelsel ..... 12
    1.2.5. Die Gereformeerde stelsel ..... 12
    1.2.6. Samevatting ..... 13
  1.2. Beperking van die ondersoek ..... 14
    1.3.1. Beperking tot die Presbiteriale kerkregering ..... 14
    1.3.2. Vraagstukke binne die Presbiteriale kerkregering wat die studie nodig maak ..... 14
      1.3.2.1. Die Formalisme ..... 14
      1.3.2.2. Die verhouding van Hoof en amp ..... 16
  1.4. Die indeling van die studie ..... 17
    1.4.1. Prinsipieel: die openbaring in die Nuwe Testament... 17
    1.4.2. Prinsipieel-histories ..... 19
    1.4.3. Prakties. Die Kerkorde getoets ..... 20
  1.5. Samevatting ..... 20
2. Prinsipieel: Die openbaring in die Nuwe Testament ..... 22
  2.1. Christus is Hoof in tweërlei sin ..... 22
    2.1.1. Christus as hoof van alle geskape magte en die kerk 23
    2.1.2. Christus as hoof van die man, en die gesagsorde in die kerk ..... 28
  2.2. Christus Hoof van die kerk as liggaam ..... 32
    2.2.1. Die verbintenis van “Hoof” en “liggaam” ..... 32
    2.2.2. Christus is die Gesagshoof van die kerk ..... 43
    2.2.3. Die kerk as Liggaam van Christus ..... 50
  2.3. Die aanverwante beelde in die Nuwe Testament ..... 52
  2.4. Christus as Hoof en die ampte in die kerk ..... 56
    2.4.1. Hoof en amp ..... 56
    2.4.2. Amp en gemeente ..... 58
    2.4.3. Gesag en amp ..... 60
    2.4.4. Ampsgesag en mondige gemeente ..... 64

2.5. Christus as Hoof van die kerk en die ouderling ............... 72
2.5.1. Die ouderling as bedienaar van die regering in die kerk ........................................................................72
2.5.2. Presbiteriaal-episkopaal ........................................75
2.5.3. Die opdragte aan die ouderling................................79
3. Histories — Prinsipieel......................................................... 85
3.1. Inleiding........................................................................ 85
3.2. Die Roomse stelsel: die verplasing van Christus as Hoof, 'n deformasie........................................................... 86
3.2.1. Die opkoms van die pouslike heerskappy .................87
3.2.2. Die Pous verplaas Christus as Hoof van die kerk .......95
3.3. Onvoltooide reformasie van die kerk met Christus as Hoof ......................................................................... 99
3.3.1. Inleiding: Voorlopers van die Reformasie ..................99
3.3.2. Die Lutherse stelsel ..............................................100
3.4. Die Kollegialisme: 'n deformasie uit die Lutheranisme .. 104
3.4.1. Die Kollegialisme afkomstig uit die Lutheranisme ...104
3.4.2. Gewetensvryheid verdring Christus as Hoof van die Kerk ...................................................................106
3.4.3. Toepassing van die Kollegialisme ...........................109
3.5. Die Independentisme ................................................ 114
3.5.1. Deformasie teenoor die Presbiteriale kerkregering ..114
3.5.2. Christus as Hoof, sonder liggaam in die Independentistiese kerkregering..........................117
3.6. Die Presbiteriale kerkregeringstelsel: Die Calvinisme 'n reformasie ............................................................ 120
3.6.1. Calvyn en Martin Bucer .........................................120
3.6.2. Calvyn as kerkregtelike .........................................122
3.6.2.1. Hoof en kerk by Calvyn.............................. 123
3.6.2.2. Hoof en kerkregering by Calvyn ................. 125
3.6.2.3. Hoof en ampte by Calvyn .......................... 128
3.6.2.4. Samevatting: ............................................ 136
3.6.3. Calvyn en die ontwikkeling van die Presbiteriale kerkorde ..............................................................137
3.6.3.1. *Genève* ..................................................... 137
3.6.3.2. *Frankryk* .................................................. 138

3.6.3.3. *Nederland* .................................................. 141
4. Prakties Die Kerkorde getoets ............................................ 148
4.1. Inleiding ..................................................................... 148
4.2. Die grondbeginsels wat deur die Hoofskap van Christus in die kerkorde vereis word ............................................ 149
4.3. Die Dordtse Kerkorde, soos in gebruik in die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, getoets aan die organiese Hoofskap van Christus ........................................................... 150
4.3.1. Die gelykheid tussen die dienste in die Kerkorde .... 150
4.3.2. Die mondigheid van die gelowiges in die Kerkorde .. 157
4.3.3. Die Woord van God is in die Kerkorde die grens van kerklike mag en gesag........................................... 164
5. Kort opsomming van gevolgtrekkings .................................. 172
Abstract ........................................................................... 174
Literatuur ........................................................................ 176

# 1. Verantwoording en probleemstelling

## 1.1. Inleiding

Die Heilige Skrif[1] openbaar onmiskenbaar dat Christus die Alleenheerser is oor sy kerk. Die doel van die kerkregering word dus bereik wanneer Christus Self sy kerk regeer. Gevolglik word die doel van die kerkreg bereik wanneer dit die beginsels aangetoon het wat in die praktyk die Christusregering waarborg.[2] Die alleenheerskappy van Christus, die enigste Hoof van die kerk, is die grondbeginsel van die kerkreg wat aanspraak wil maak op Skriftuurlikheid.[3] Die bewering van Rieker[4] in sake die Lutherse teologie, dat die enige Hoofskap van Christus te duidelik in die Skrif geopenbaar word om geïgnoreer te kan word, geld vir alle kerkregtelike denke wat aanspraak maak op Christelikheid. Daarvan vind ons bevestiging in alle kerkregtelike stelsels.[5]

## *1.2. Die ekumeniese belangrikheid van die* onderwerp

### *1.2.1. Die Roomse stelsel*

Rome handhaaf deur al die eeue dat die hiërargie daarop berus dat Christus die Hoof is van die kerk,[6] en erken daarmee sy drievoudige mag in die kerk: wetgewende, regtelike en uitvoerende

1 Matt. 28:18—20; Ef. 1:22, 23; Kol. 1:18; Openb. 1:12, 13; 5:1—14.

2 Vgl. W. van 't Spijker: Apeldoornse Studies No. 3. Goddelijk recht en kerkelijke orde bij Martin Bucer, p. 25.

3 E. Wolf: Ordnung der Kirche, Lehr — und Handbuch des Kirchenrechts auf ökumenischer Basis, p. 75; K. Rieker: Grundsatze reformierte Kirchenverfassung, p. 108. Hy praat van “Grundsatze”; F. Haarsma: Over de gezagsuitoefening in de Kerk, p. 366.

4 K. Rieker: op. cit., p. 108.

5 *Vgl.* August Kimme: Haupttypen der Christokratie, p. 117 e.v. Hy onderskei as historiese hoofvorme: “Cüsaropapismus”, “Papalcasarismus” en “der Christokratischen Idee auf dem Boden der altreformierten Kirche... die fertig ausgepragte Christokratie”. Dit het histories geword, sê hy. Tans is dan volgens hom twee hooftipes te onderskei: “Die ‘evangelische Christokratie” en “Die römisch-katholische Christokratie”. Ek meen Kimme oorvereenvoudig die huidige stand van sake.

6 Ecclesia Docens: De Encycliek Quas Primas, p. 24.

mag.[7] Pous Pius XII gee uitvoering en duidelike rekenskap van die Roomse standpunt in sy encycliek van 29 Junie 1943:[8] Christus is die werklike Hoof van die kerk op grond van sy bestuur, wat Hy alleen uitoefen. Om die rede moet Hy met 'n hoof vergelyk word. Soos wat die hoof die koninklike burg *("arx regalis")* van die hele liggaam is, bo alle ledemate geplaas is en hulle natuurlik lei, so het die goddelike Verlosser die stuur van die hele gemeenskap van christene in hande. Tydens sy verblyf op aarde het die Hoof wette, raadgewinge en vermaninge wat nooit verbygaan nie, aan sy kerk gegee. Aan die apostels en hulle opvolgers het Hy eweneens 'n drievoudige mag gegee, nl. om te onderrig, te bestuur en mense tot heiligheid te voer. Hierdie mag wat Hy aan mense gegee het, het Hy met besondere voorskrifte, regte en verpligtinge omskryf en dit tot grondwet van die kerk gemaak. Hy lei en bestuur die kerk regstreeks en Persoonlik, maar ook, aldus Pius XII, deur bestuurders van die kerk te verlig en te versterk. Hy doen dit deur op buitengewone en onsigbare wyse buitengewone manne en vroue uit die skoot van die kerk op te wek, of deur engele "of deur middel van sy moeder, wat ons aanroep as die hulp van die Christene".[9] In die gewone gang van sake, op sigbare wyse, bestuur die Hoof sy kerk deur middel van sy plaasbekleder op aarde.[10] Hierdie plaasbekleder is Petrus, *Apostolorum Principi,*[11] die sigbare hoof wat Christus aan die kerk nagelaat het. Die opvolger van die "Apostel Prins" is die volle erfgenaam van sy hoofskap. Daarop berus die "Primaat"[12] van die pous.

Vanaf die Skriftuurlike kerkregtelike vertrekpunt dat Christus die enigste Hoof van sy kerk is, arriveer die Roomse stelsel by die hoofskap van die pous.

---

7 Ibid.

8 Ecclesia Docens: Mystici Corporis Christi.

9 Idem, p. 44: "vel per eam, quam Auxillium Christianorum invo-camus".

10 Idem: Divinus Redempto per suum in terris vicarum Corpus suum mysticum gubernet".

11 Idem, p. 45.

12 Paul Hinschius: System des Katholischen Kirchenrechts mit besonderer Rücksicht auf Deutschland I., p. 195 e.v.

### *1.2.2. Die Lutherse stelsel*

Luther het op 10 Desember 1520 die boeke van die Roomse kanonieke reg verbrand. Hiermee het hy nie slegs gaan staan in die vryheid waarmee Christus die gelowiges vry gemaak het nie, maar hy het ook die weg gebaan vir 'n nuwe ordening van die kerklike lewe. En Luther vind daarvoor ook sy vertrekpunt in die Skriftuurlike beginsel dat Christus die Hoof is van sy kerk.[13] Hy het die regering van Christus baie reëel belewe.[14] Luther, nog wars van die kanonieke reg en bedug vir verkeerde kerkreg,[15] laat alles in die kerkregering aankom op bediening van die Woord. Die Christusregering gaan in die Lutherse teologie gevolglik geheel en al op in die Woordverkondiging met "das ministerium verbi als einziges 'Amt' gottlichen Rechts".[16] Christus is Hoof van sy kerk "ausschliesslich und hochtsper-sönlich",[17] maar geestelik, sodat die onsigbare kerk as liggaam van Christus geheel en al uit Christus as Hoof lewe deur sy lewegewende Gees.[18] Gevolglik "geistlich ist ihr Haupt, ihr Regiment, ihr Staatsvolk; geistlich ist auch ihr Recht".[19] Die onderskeiding tussen sigbare en onsigbare kerk het in die Lutherse teologie gelei tot verwaarlosing van die sigbare kerk,[20] behalwe in die liturgie rondom die bediening van Woord en sakramente.[21]

Die Lutherse stelsel het dus ook sy kerkregtelike vertrekpunt in die grondbeginsel dat Christus Hoof is van sy kerk, maar eindig in 'n kerkregtelike lugleegte met die verkondigde Woord as hoogste

13 M. Luther: Ausgewählte Werke V., p. 365; K. Rieker: op. cit., p. 108.

14 M. Luther: op. cit., p 355

15 J Plomp: Beginselen van reformatorisch kerkrecht, p. 12.

16 W. Steinmüller: Evangelische Rechtstheolog'e, p. 180.

17 Idem, p. 39.

18 Idem, p. 128.

19 Ibid. Vgl. Herman Edler von Hoffmann: Das Kirchenverfassungsrecht der Niederlandischen Reformierten, p. 88.

20 K. Rieker: op. cit., p. 67—8; H. Bouwman: Gereformeerd Kerkrecht I., p. 202—3.

21 P. A. E. Sillevis Smitt: De Organisatie van de Christelijke Kerk in den Apostolische Tijd, p 4.

gesag en die predikamp as “allerhöchste Amt”.[22]

### *1.2.3. Die Kollegialistiese stelsel*

Die Kollegialisme het ontspruit uit die territoriale kerkregering wat in die Lutherse kerk ontwikkel het. Die Humanisme van die 17e eeu en die leer van die natuurreg het die Lutherse leer van die algemene priesterskap van die gelowiges eensydig uitgewerk.[23] Dit het daarop uitgeloop dat die kerk as 'n vereniging beskou is waarin die gemeente die regering aan ampsbekleders opdra, ter wille van uiterlike orde. So vind die Kollegialisme juridiese grond vir die “volksoewereiniteit”[24] in die kerkregering. Maar selfs hierdie verenigingsreg in die kerk het die grondbeginsel van alle kerkreg in die Christelike kerk nie durf ignoreer nie. C.M. Pfaff, wat as grondlegger van die Kollegialisme beskou word,[25] vind die grond vir die gelyke seggenskap van alle kerklidmate daarin dat Christus die Hoof van die kerk is, maar die Christusregering is geestelik. In die sigbare kerk lê die gesag in die hande van die kerklidmate.

In Nederland is die Kollegialisme via staatswet in die kerk ingedra deur die “Algemene Reglement voor het Bestuur der Hervormde Kerk in het Koninkrijk der Nederlanden” van 1816.[26] In die Reglement is die kerkregering “kollegiaal-sinodaal”.[27] Tot op die huidige oefen hierdie reglement nog 'n bepalende invloed uit op die kerkreg en kerkorde van die Nederlandse Hervormde Kerk, soos vasgestel in die Kerkorde van 1950. Van hierdie kollegiaal-sinodaal-presbiteriaanse kerkorde verklaar Haitjema[28] dat dit “zo dicht mogelijk bij de erkenning van het heilgeheim van Christus als Hoofd en Heer der Kerk blijven”.

Vanaf die vertrekpunt dat Christus die Hoof van die kerk is, kom

---

22 M. Luther: op. cit., p. 298.

23 H. Bouwman: op. cit. L, p. 341.

24 C.J.H. de Wet: Die Kollegiale Kerkreg, p. 25—6; Vgl. Rudolph Sohm: Kirchenrecht I, p. 676.

25 C.J.H. de Wet: op. cit., p. 31; Klaus Schlaich: Kollegialtheorie, p. 13.

26 Th. L. Haitjema: Nederlands Hervormd Kerkrecht, p. 45; C.J.H. de Wet: op. cit, p. 70.

27 C.J.H. de Wet: Id., p. 72.

28 Th. L. Haitjema: op. cit, p. 142.

die Kollegialisme tot die verenigingsreg met volksoewereiniteit in die kerk.

### *1.2.4. Die Independentistiese stelsel*

Die Independentisme het onder invloed van die Anabaptisme ontstaan. In Robert Browne het die sy belangrikste grondlegger gehad.[29] Vanuit Middelburg in Nederland skryf Browne tussen 1581 en 1584 sy traktate, waarin die kerkregtelike uitgangspunt is[30] dat elke gemeente van ware gelowiges, wat afskei van die staatskerk, en wat deur 'n vrywillige verdrag met God hulle in gehoorsaamheid aan Christus onderwerp, 'n ware kerk is. Christus is daar die enigste Koning. En alle gelowiges is konings, profete en priesters.

Die Independentisme vind sy kerkregtelike uitgangspunt ook daarin dat Christus die Hoof is van die gemeente. Dexter[31] sê Browne het onder “authority” van die gemeente verstaan “just what every true Congregationalist always means by it”, naamlik “the authority of Christ, the Great Head”. En Douglas Horton,[32] Moderator van die “International Congregational Council” verklaar “that Christ is in so real and true a sense the Head of each church of his disciples, and that they are so one with Him by covenant, that the acts of such a church, though those of human agents, are in vital reality His acts”.

Die Independentisme neem dus ook sy kerkregtelike vertrekpunt in die Hoofskap van Christus, maar kom uit by 'n individualistiese saamgroepering van lidmate in gemeentes, en 'n onderlinge onafhanklikheid van gemeentes ten opsigte van mekaar.

### *1.2.5. Die Gereformeerde stelsel*

Die Gereformeerde of Presbiteriale kerkregeringstelsel word bepaal deur die Skriftuurlike grondbeginsel dat Christus Self sy kerk regeer. Von Hoffmann[33] noem die alleenheerskappy van

---

29 Williston Walker: The Creeds and Platforms of Congregationism, p. 17.

30 Vgl. H. Bouwman: op. cit., p. 267.

31 H.M. Dexter: The Congregationalism of the last three hundred years, p. 108—9.

32 Douglas Horton: Congregationalism, a Study in Church Polity, p. 78.

33 H.E. von Hoffmann: op. cit., p. 88. Vgl. Gisberti Voetii: Politica Eccle-siastica

Christus in die kerk "ein Hauptgrundsatz der reformierten Verfassungslehre". Dit word bevestig deur alle kenners van die Gereformeerde kerkreg.[34] In die Gereformeerde belydenis en kerkorde gaan dit om "de glorie van Christus als koning, en in de belijdenis van het koningschap van Christus over Zijn Kerk klopt het hart der Kerk"[35r'] Vir die kerkregering beteken dit: "er is in de kerk slechts één gezag, en dat is het gezag van Christus ... recht om te bevelen, komt in de kerk aan geen enkele mensch toe".[36]

### *1.2.6. Samevatting*

Dit het duidelik geword dat elke kerkregtelike stelsel wat op Christelikheid aanspraak maak, sy vertrekpunt neem in die waarheid wat in die Heilige Skrif aan ons geopenbaar word: Christus is die enigste Hoof van sy kerk. Maar vanuit hierdie gemeenskaplike basis gaan die verskillende stelsels uitmekaar soos die strale van die son.[37]

Dit was nie die bedoeling om die verskillende kerkreg-stelsels volledig weer te gee nie. Die doel was alleen om aan te toon hoe die openbaring, dat Christus die Hoof is van Sy kerk, 'n gemeenskaplike kerkregtelike uitgangspunt is. Die konsekwente handhawing van die Christusregering in die kerkregering is daarom vir die kerkregering en die kerkreg van ekumeniese en grondliggende belang. Getuie hiervan is die feit dat die Wêreldraad van Kerke genoodsaak was om ernstige aandag aan die heerskappy van Christus te gee.[38]

---

IV, p. 826—7.

34 Vgl. o.a. K. Rieker op. cit., p. 105; A.J. Bronkhorst: Schrift en Kerkorde, p. 269; Charles Schüle: Die Grundlagen des Reformierten Kirchenrechts, p. 66.

35 J. Hovius: Het verband tussen onze Belijdenis en onze Kerkorde, p. 25. Vgl. ook: Enno Conring: Kirche und Staat nach der Lehre der niederlandischen Calvinisten, p. 56 e.v.; B. Gassmann: Ecclesia Reformata, p. 174 e.v.

36 H. Bouwman: op cit. I, p. 347.

37 A.A. van Ruler: Christocratisch Ambtsgezag, p. 167.

38 G.K.A. Bell: Die Königsherrschaft Jesu Christi, p. 13. "Das Schicksal der Menschheit hangt davon ab, den wahren König zu finden und ihm gehorsam zu sein. Die Christliche Kirche ist zu der Antwort verplichtet: Der wahre König ist Christus. Sie verkündet in der Tat, dass mit der Geburt Christi in Palästina zu Beginn der christlichen Zeitrechnung die Herrschaft oder das Königreich Christi schon begonnen haben". Vgl. ook: World Council of Churches: The

Ons kom dus voor dié vraag te staan: wat bring en regverdig die verskille ondanks dieselfde uitgangspunt? Ten opsigte waarvan gaan die stelsels uiteen en word die regering van Christus gehandhaaf of verloën?

## 1.2. Beperking van die ondersoek

### *1.3.1. Beperking tot die Presbiteriale kerkregering*

Die algemene aanvaarding van Christus as Hoof van die kerk gee aan die onderwerp 'n geweldige omvang. Beperking van die navorsing is dus noodsaaklik. Die beperking, vir besondere aandag, tot die Presbiteriale kerkregering, word bepaal deur die ondersoeker se pastorale verbondenheid aan die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika wat Presbiteriaal geregeer word. 'n Helder blik op die heerskappy van Christus as die enigste Hoof van die kerk is vir die Gereformeerde Kerk, nou en in die toekoms, van bepalende belang. En in die samehang van die Gereformeerde Kerke met kerke van ander belydenis en kerkregering in die wêreld, word die studie van ekumeniese belang. Ter wille van die lewe van die kerk na binne en na buite is die studie 'n noodsaaklikheid. Want die wêreldwye gesagskrisis en die roep om "demokratisering" in die kerke dwing tot 'n studie oor hierdie onderwerp.

### *1.3.2. Vraagstukke binne die Presbiteriale kerkregering wat die studie nodig maak*

#### 1.3.2.1. Die Formalisme

Die Christusregering word in die kerkregering nie gewaarborg bloot deur 'n kerkorde wat die toets van die Heilige Skrif deurstaan nie.[39] Om die Christusregering in die Presbiteriale kerkregering te

---

Lordship of Christ over the world and the Church. Vierte Weltkonferenz für Glauben und Kirchenverfassung: Christus und Kirche, p. 63. "Ein geteute Kirche ist daher ein direkter Widerspruch zur Versöhning, ein Angriff auf Christus selbst".

39 A.J. Bronkhorst: op. cit., p. 268: "Het presbyteriaal-synodaal stelsel kan tot

bewaar moet daar 'n helder en innige, gelowige begrip wees van wat die Hoofskap van Christus alles inhou. So alleen sal gewaak kan word teen wat Popma[40] noem “ziellose ambtenarij en het honen van de Koning der kerk”. Formele bepalinge het hulle goeie reg en plek in die Presbiteriale kerkregering.[41] Maar wanneer die kerkregering formalisties as 'n reglementedwang uitgeoefen word, geskied dit tot hoon van die enige heerskappy van Jesus Christus. Daarom word 'n egte Skriftuurlike kerkorde genivelleer wanneer dit omring word deur 'n muur van reglemente en reglementerende sinodebesluite. Formalisme en reglementarisme in die kerkregering wek verset, en verset bring té sterk reaksie mee. Teen die reglementarisme van die Nederlandse Hervormde Kerk na 1816, verkry, na die afskeiding in 1834 by sommige leiers van die Afskeiding, hierdie reaksie 'n sterk Independentistiese inslag.[42]

Die anti-kerkreg-standpunt van Sohm moet ook gesien word in die lig van reaksie teen formalisme. Sy “pneumatisch-charismatisch anarchisme”,[43] wat op goeie gronde afgewys word,[44] spruit daaruit voort dat vir Sohm,[45] die “Recht... grundsätzlich an die Form *(Summum jus summa injuria)”* hang.

Die neiging tot verset teen kerkreg, die roep om demokratisering[46] van die kerkregering kan nie sonder meer afgeskryf word as

---

vorm worden. Onder den schijn van gehoorzaamheid aan Christus kunnen menschen zich als kleine pausen gedragen”. Vgl. ook D. Nauta: Verklaring van die Kerkorde van die Gereformeerde Kerken in Nederland, p. 393.

40 K.J. Popma: Ambten, in Ef. 4:7—13. Aangehaal deur J. Hovius: Om ‘door dit middel de ware religie te onderhouden’, in: Woord en Kerk, p. 93.

41 D. Nauta: op. cit., p. 129.

42 Vgl. De Synode der Afgescheiden Gereformeerde Gemeente: Kerkelijk Handboekje, p. XXXVII. Vgl. ook: G.C.P. van der Vyver: Professor Dirk Postma, p. 105—16.

43 P.A.E. Sillevis Smitt: op. cit, p. 28.

44 Vgl. F.L. Rutgers: Het Kerkrecht, p. 16—37.

45 Op. cit., p. 1. Vgl. ook sy beswaar teen die juriste wat met hulle prosesse die pous weer in die kerk bring, p. 625, en dat die sigbare kerk “formalisiert” word, p. 640. Vgl. ook: *Walter Schönfeld:* über die Gerechtigkeit (opgedra aan die nagedagtenis van Sohm), p. 12.

46 Vgl. D. Stoodt: Demokratisiering der Kirche.

“de revolutionaire geest van de achttiende eeuw en het liberalisme van de negentiende eeuw”[47] nie. Die verset kan ook gerig wees teen 'n té juridiese formalistiese kerkregering. Met goeie reg is daar, in verset teen ampshoogheid en formalisme, 'n roep om die vryheid van die Christen. Die antwoord op die roep is egter nie geleë in die verharding van ampsgesag en die handhawing van kerklike wette nie.[48]

Die vraag waarop ons 'n antwoord moet vind, is: watter lig werp die Hoofskap van Christus op die spanning in die kerkregering tussen ampsgesag en vryheid van die gelowige?[49]

**1.3.2.2. Die verhouding van Hoof en amp**

Die Heilige Skrif spreek van Christus direk as “Hoof van die kerk” (Ef. 5:23 en Kol. 1:18). Dit het in die onderwerp die keuse bepaal tussen “Hoof” en “Koning”.[50] Die Skrif spreek wel duidelik oor die “koninkryk van die Seun” (Kol. 1:13) en oor Christus as “Koning” (o.a. Joh. 18:37), maar nêrens word die kerk sy koninkryk genoem of dat Hy die koning van die kerk is nie. In die Gereformeerde kerkreg word meestal sonder onderskeiding van Christus as Koning of Hoof gespreek.[51] Die vraag is of “Hoof” van die kerk nie 'n eie, besondere konnotasie gee aan Christus se regering van die kerk nie. Hierdie kerkregtelike grondbegrip, dat Christus Hoof van die kerk as sy liggaam is, is nog nie in volle konsekwensies

---

47 W.D. Jonker: Als een riet in de Wind, p. 9.

48 Georg May: Demokratisierung der Kirche, p. 151: “Die Krise der Autorität in der Kirche ist überwindbar. Das mittel dazu ist einfach; es heist Fürung”. Vgl. ook p. 158.

49 Vgl. M.R. van den Berg: De Gekerkerde Kerk, p. 61—9.

50 Om in die kerkreg uit te gaan van die Koningskap van Christus in teenstelling met sy Hoofskap kan daartoe lei dat die formele en wettiese te oorheersend word in die kerkregering. 'n Duidelike voorbeeld is te vinde by A. Kuyper: Pro Rege II, p. 309 e.v.: “Christus is Hoofd van Zijn Gemeente en Koning van Zijn Kerk”. Vgl. vir Kuyper se onderskeiding van “gemeente” en “kerk”: Dictaten dogmatiek, Locus de Ecclesia, p. 10.

51 W.D. Jonker: Om die regering van Christus in sy kerk, p. 4 e.v.; G.P.L. van der Linden: Die Grondbeginsels van die Presbiteriale Kerkregeringstelsel, p. 82 e.v.

kerkregtelik deurtastend ondersoek nie. Dit bring mee dat ons geplaas word voor die vraag na die relasie tussen Hoof, kerk en amp. Verteenwoordig die ampte Christus teenoor die gemeente, of oefen Christus sy regering uit deur die individuele gemeentelede, met die ampsdraers as uitvoerders van die volkswil? Word die teenstelling tussen hiërargie en volksoewereiniteit opgelos deur die driehoeksverhouding waarvolgens Christus deur die gemeente én deur die amp regeer, met wisselwerking tussen die gemeente en amp?[52] Daarbenewens is daar in die amps-teologie die spanning tussen die persoon en die persoon-in-vergadering, soos dit kulmineer in die diskussie oor versoening van Presbiterialisme en Episkopalisme.[53] Kan die organiese verhouding van Christus as Hoof en die kerk as sy Liggaam hiervoor 'n oplossing bied?

Lekkerkerker[54] onderken diegene “die het ambt ‘hiërarchisch’ opvatten als een gezaghebbende instantie, en anderen, die veel meer denken vanuit een opdracht voor alle gelovigen waarbinnen het ‘ambt’ dan een verbijzondering zou zijn”. Die vraag is of hierdie teëstellinge nie verdwyn wanneer Christus as Hoof van die kerk, sy Liggaam, in volle konsekwensies in die ampsbeskouing erken word nie? Hierop sal 'n antwoord gevind moet word.

## 1.4. Die indeling van die studie

### *1.4.1. Prinsipieel: die openbaring in die Nuwe Testament*

Kuyper[55] het reeds daarop gewys dat die kerkreg nie moet vassteek in die “historische theologie” nie, maar dat “geheel dit vak principieel en theoretisch” opgevat moet word “als de uiteenzetting van de architectoniek van het kerkelijk instituut als zoodanig”. Die vak mag ewemin vassteek by 'n statiese argiteksplan. Dit moet die lewende en werklike regering van die lewende Christus in sy

---

52 A.A. van Ruler: Bijzonder en Algemeen Ambt, p. 61 e.v. Vgl. C.P. van Andel: Tillen aan het Ambt, p. 5.

53 Vgl. J. Plomp: Presbyteriaal-Episcopaal? Ook: Wat is er aan de hand met het ambt?, p. 44—5.

54 A.F.N. Lekkerkerker: Oorsprong en funktie van het ambt, p. 5.

55 A. Kuyper: Encyclopaedie der Heilige Godgeleerdheid III, p. 231. Vgl. ook H. Bouwman: op. cit, I, p. 10 e.v.

kerk as 'n lewende organiese eenheid, sy liggaam, in die oog hê. Dit kan alleen geskied indien die kerkreg aan die Heilige Skrif ontleen word. Kerkreg is 'n teologiese wetenskap wat vir die "eigenlijke architectoniek van het instituut" en vir die "in dat instituut, krachtens zijn eigen besluit, geldende rechtsverhoudingen" voluit afhanklik is van die "grondbestek" wat die Skrif openbaar.[56] Dit beteken dat ook die orde-reëlende besluite van die kerklike vergaderings bepaal moet word deur hulle opdrag van en hulle verhouding tot Christus, die Hoof. Kuyper[57] waarsku daarteen "dat het kerkrecht, buiten organisch en historisch verband met de dogmatische ontwikkeling, zelf, ecclesiologisch, de gegevens uit de Schrift voor het grondbestek van haar instituut samenleest". Hy word hierin veral gemotiveer deur bedenkinge teen "het onorganisch en onhistorisch beroep op losse Schriftuitspraken".

In ooreenstemming met Kuyper word in hierdie studie ten eerste die openbaringshistoriese[58] betekenis van Christus as Hoof van die kerk as sy liggaam nagegaan met beperking tot die Skrifgedeeltes waar Christus direk "Hoof" genoem word.

In hierdie Skrifondersoek word dan nagegaan wat die Skrif openbaar ten opsigte van die Hoofskap van Christus. Daarby is dit van grondliggende belang om te weet in watter sin Jesus Hoof is van die kerk: is dit bloot in die sin van Opperhoof, d.w.s. 'n blote gesags- en magsbevoegdheid bo die gemeente? En wanneer die gemeente "liggaam" van die "Hoof" genoem word (Kol. 1:18), dui dit dan 'n organiese lewenseenheid aan? En indien "Hoof" van die kerk 'n organiese lewenseenheid met die kerk as "Liggaam" van dié Hoof aandui, watter betekenis het dit vir die plek van die regeeramp in die kerk?

In die eerste hoofstuk word slegs die Skriftuurlike grondslae

---

[56] A. Kuyper: Encyclopaedie, p. 233.

[57] Idem, p. 235—7.

[58] W.J. Snyman: Openbaringsgeskiedenis Nuwe Testament, p. 2: Open-baringsgeskiedenis antwoord op die vraag: hoe openbaar God Hom in wat gebeur? A. Kuyper: Encyclopaedie, p. 166—80. Hy sê "historia revelationis" is die "in het licht stellen van het historisch-organisch karakter der openbaring" (p. 173).

vasgestel, waarop die res van die studiewerk berus.[59] Om herhaling te voorkom word die konsekwensies van die eksegese en die openbaringshistorie vir die kerkreg nie nader uitgewerk nie. Dit volg in die opvolgende hoofstukke.

### *1.4.2. Prinsipieel-histories*

Vanuit die Nieu-Testamentiese kerk loop deur byna 2000 jaar die spoor van die Christusregering in die kerk langs die weë van formasie, deformasie en reformasie.[60] Ook in die eenheid van die kerk bly die gelowiges sondaars, wat moet lewe van geregtigheid wat van buite hulleself, uit Jesus Christus, kom.[61] Vir die kerk wat eenmaal deur Christus geformeer is as pilaar en grondslag van die waarheid, verloop die geskiedenis as 'n stryd tussen deformasie en reformasie. Die formasie van die kerk het die gelowiges uit die heidendom geroep, "maar ze maakt geen heiligen van ons. Ze stelt ons leven in het teken van de strijd. Want de heiliging roept juist de tegenstand van het vlees op, maar word door het vlees nooit geheel overwonnen. Omgekeerd overwint ook de Geest in ons vlees niet, en het zekerste teken van zijn werking is vaak de schulderkentenis en het berouw".[62]

Teen dié agtergrond moet die ontwikkeling van die kerk-regeringstelsels en hulle handhawing van die Hoofskap van Christus besien word[63] Die finale toets sal daarin lê of die lewende en reële regering van Christus erken word sodat geen mens in 'n posisie van heerskappy in die kerk gestel word nie. Dit lê meteens 'n swaar aksent op die vraag of die ampte in die kerk daadwerklik dienste bly in die werk van bediening van dit wat die Hoof, as Lewensbron, aan die kerk gee.

---

59 A.F.N. Lekkerkerker: op. cit., p. 5. W.D. Jonker: Die regering: op. cit., p. 4, 5. Sonder die Skriftuurlike grondslae is daar groot gevaar dat tydsgebonde situasies en sosiale faktore die kerkreg bepaal.

60 H. Berkhof: Christus de zin der Geschiedenis, p. 169: wij benaderen het geheim der geschiedenis het dichtst, wanneer wij het zien als een parallel van wat Christus in het leven van de enkeling en van de Gemeente doet.

61 Ibid.

62 Ibid. Vgl. L. Praamsma: Kerkenordening en Geschiedenis, p. 3, 4.

63 Vgl. A.J. Bronkhorst: op. cit., p. 261.

Die historiese ontwikkeling word slegs in breë kerkregtelik-dogmahistoriese lyne aangedui om vas te stel in hoeverre Christus as Hoof van die kerk konsekwent erken bly. Alleen die Presbiteriale (Gereformeerde of Calvinistiese) kerkregeringstelsel word meer in besonderhede nagegaan om die Skriftuurlikheid in die ontwikkeling van die stelsel te beproef. Dit word gedoen vanweë die betrokkenheid daarby van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, waarin die ondersoeker 'n bedienaar van die Woord is. So word ook hierdie studie 'n diens in die kerk.

#### *1.4.3. Prakties. Die Kerkorde getoets*

In hierdie laaste hoofstuk word die Kerkorde van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika teen die agtergrond van die voorafgaande Skrifondersoek en prinsipieel-historiese ontwikkelingsgang, krities ondersoek. Die ondersoek moet alleen vasstel of en in hoeverre die Kerkorde Christus as Hoof erken en vir sy regering deurgang daarstel. Die hoofstuk wil nie die Kerkorde verklaar nie, maar dit aan die grondbeginsel toets. Die bedoeling is om die kerk (des te meer) te laat vashou aan sy Hoof “tot in die verste verte van die praktyk”.[64] Die lewende teenwoordigheid van Christus in die regering van sy kerk moet die troos en blye vreugde van die kerkregering wees.

### 1.5. Samevatting

Die algemeen aanvaarde grondbeginsel vir alle Christelike kerkreg is dat Jesus Christus die Hoof van sy kerk is. Waarom gaan die kerkregeringstelsels in die Christelike kerke dan vanuit hierdie grondbeginsel oor tot sulke uiteenlopende en teenstellende kerkregtelike praktyke? Gee die Bybelse openbaring dat Christus die Hoof is van sy liggaam, die kerk, aan ons duidelike riglyne vir die kerkregering sodat sy alleenheerskappy daardeur gewaarborg kan word?

Beantwoord die Presbiteriale kerkregering, soos in praktyk in die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, aan die grond-

[64] W.D. Jonker: Die regering: op. cit., p. 3.

beginsel van Skriftuurlike kerkreg?

# 2. Prinsipieel: Die openbaring in die Nuwe Testament

## 2.1. Christus is Hoof in tweërlei sin

Christus word in die Nuwe Testament slegs enkele male Hoof genoem. Hoewel dié naam van Christus relatief skaars gebruik word, is dit van bepalende betekenis vir die regte verstaan van die kerk en die kerkregering, omdat in die benaming "Hoof" Christus se verhouding tot die kerk, veral sy gesagsverhouding, opgesluit lê. Die Skrifgedeeltes waaruit ons die betekenis van Christus se Hoofskap moet vasstel, is: 1 Kor. 11:3; Ef. 1:22, 4:15, 5:23; Kol. 1:18, 2:10, 19.

Wat is die betekenis van "Hoof" *(κεφαλή)?*

Bauer[1] onderskei drieërlei betekenis waarin "hoof" gebruik word in Grieks: letterlik, figuurlik en metafories. In sy natuurlike of letterlike betekenis dui "hoof" die kop van 'n mens of dier aan. In gewone figuurlike sin word dit gebruik van lewende wesens om superioriteit in rang aan te dui. In hierdie betekenis sal "hoof" Christus bloot as die Een met die oppergesag, sonder 'n lewenseenheid met sy ondergeskiktes, aandui. Onder 'n metafoor word verstaan dat die beskrywende naam "hoof", hoewel nie letterlik waar nie, wel saaklik waar is. In die geval sal "hoof" Christus in 'n bepalende lewenseenheid met sy onderdane aandui. Dit is sonder meer duidelik dat "hoof" ten opsigte van Christus nie in letterlike sin gebruik kan word nie. Wanneer van Hom gesê word dat Hy "hoof" is, kan dit alleen waar wees in gewone figuurlike of meer bepaald in metaforiese sin.[2]

---

[1] W. Bauer: A Greek-English Lexicon of the New Testament and other Early Christian Literature, p. 431. Vgl. ook P.S. Minear: Bilder der Gemeinde, p. 233.

[2] Wanneer in figuurlike sin gebruik, kan ons gewoonweg "hoof" (met 'n klein letter "h") skryf, soos wanneer Hy "volheid" of "wynstok" genoem word. Maar wanneer Christus metafories "Hoof" genoem word, skryf ons dit met 'n hoofletter "H", vanweë die werklikheidsgrond daarvan, net soos "Koning". Vgl. H. Paradis: Lee Christ tête de L'Êglise selon les Epitres aux Colossiens et aux Éphésiens, p. 96.

Dit is ook van wesenlike belang om te onderskei wanneer Christus gewoonweg figuurlik en wanneer Hy metafories “hoof” genoem word. Want dit is vir die kerk en die kerkreg van grondliggende belang om te weet of Christus bloot hulle Opperheer is, en of Hy as hulle Opperheer ook hulle Lewensbron is.

Die gewone figuurlike gebruik van “hoof” kan daaraan onderskei word dat “hoof” nie aan 'n “liggaam” verbind word nie. Die metaforiese aanduiding van Christus as Hoof blyk uit die verbinding van “hoof” aan 'n “liggaam”.

#### ***2.1.1. Christus as hoof van alle geskape magte en die kerk***

Dit is van belang om te weet in watter verhouding Christus tot die kerk gestel word wanneer Hy in figuurlike sin hoof genoem word. Op twee plekke in die Nuwe Testament word Christus hoof genoem sonder dat hoof aan 'n liggaam verbind word. Dit gebeur in Kol. 2:10 en 1 Kor. 11:3. Tussen die twee Skrifgedeeltes is daar ook weer 'n opvallende verskil. Die eerste, Kol. 2:10, hou slegs indirek verband met die kerk, terwyl 1 Kor. 11:3 direkte verband het met die kerk. Daarom behandel ons die tekste afsonderlik.

In Kol. 2:10 word Hy aangedui as “hoof van alle owerheid en mag”. Oor die algemeen word onder “owerheid en mag” die engele of geesteswêreld[3] verstaan. Cullmann[4] se bewering dat “owerheid en mag” hier die staatsowerheid aandui, weerspreek Lohse[5] op die goeie grond dat daar in Rom. 13, die klassieke hoofstuk oor die owerheid, van Christus nie gespreek word as hoof nie, terwyl in Kol. 2, waar Hy in vs. 10 hoof genoem word, geen melding van die staat gemaak word nie. “Hoof” en “staat” word nie verbind nie.

Om die hoofskap van Christus in Kol. 2 te verstaan moet ons vasstel wat met “owerhede en magte” bedoel word. Die agtergrond

---

3 Herman Ridderbos: Aan de Kolossenzen, p. 178. W. Hendriksen: Exposition of Colossians and Philemon, p. 113. Gerhard Kittel: Theological Dictionary of the New Testament. In vervolg as T.D.N.T. aangehaal. Gerhard Delling: sub verbum (s.v.) *ἀρχή,* T.D.N.T., Deel I, p. 483. Werner Foerster: s.v. *ἐξουσία,* T.D.N.T. II, p. 571.

4 O. Cullmann: Königherrschaft Christi und Kirche, p. 24 e.v.

5 Eduard Lohse: Die Briefe an die Kolosser und an Philemon, p. 153.

is die dwaalleer wat Paulus in Kolosse bestry het deur teenoor die dwaalleer die algenoegsaamheid van Christus te verkondig.

Die karakter van die dwaalleer is, ondanks baie spekulasies, "niet met enigszins bevredigende zekerheid, vast te stellen".[6] Die gegewens wat uit die teks voortvloei, word deur Ridderbos[7] saamgevat: Die dwaalleer was 'n "filosofie" (2:8), 'n wysheidsleer (2:23) met 'n pretensie van ingewy te wees (2:18) in die geheime van die onsienlike wêreld. Daarteenoor lê Paulus nadruk op die saamgebondenheid van die gemeente in die liefde tot 'n rykdom en volheid van insig (*σύνεσις)*, kennis (*ἐπίγνωσις*) van die geheimenis van God in Christus, in wie die skatte van wysheid (*σοφία*) en kennis (*γνῶσις*) verborge is (2:2, 3; 3:10). Dit wys na invloede in die dwaalleer uit die heidens-hellenistiese wêreld, waarin begrippe soos "kennis" en "wysheid" en "filosofie" in die sfeer van die religie 'n groot rol gespeel het. Die eintlike teëstelling tussen die dwaalleer en die Evangelie van Christus wys Paulus aan deur in hoofstukke 2 en 3 op die allesomvattende en algenoegsame betekenis van sy heilswerk die nadruk te lê. Hy stel die magsposisie van Christus teenoor die ganse geskape wêreld, sowel hemels as aards, in die lig. Die dwaalleer het blykbaar die Christelike geloof nie afgewys nie, maar het die mens se afhanklikheid en onderworpenheid aan die geesteswêreld op die voorgrond gestel. Daarteenoor stel Paulus die betekenis van Christus in volle lig. Sy verlossingswerk het onbeperkte dimensies. In die vergewing van sondes is ook die verlossing uit die ryk van die duisternis vervat. God het die gemeente oorgeplaas in die allesomvattende magsgebied van die Seun van sy liefde. Dit word in die sentrale perikoop (1:15—20) nader toegelig met die allesbeheersende plek van Christus oor God se hele skepping.

Du Plessis[8] toon 'n vermenging van heidense en Joodse denkbeelde aan as agtergrond vir die dwaalleer wat Paulus kenskets as

---

6 H. Ridderbos: op. cit., p. 104—7.

7 Ibid.

8 I.J. du Plessis: Christus as Hoof, p. 88. W. Hendriksen: op. cit., p. 18, vind spore van die Esseners en die Qumran-sekte.

"verering van engele" (2:18). Die engele is blykbaar voorgestel as tussengangers tussen die mens en God, met groot mag oor die mens. Die dwaalleraars wil die indruk wek (2:4 "... verlei met drogredes") dat hulle ingewy is in die geheime van die engelewêreld[9] (2:18), en dus in die gemeente ten uitvoer wil bring wat hulle daar gesien of gehoor het. Dit kulmineer in 'n eis tot religieuse eerbewys[10] aan die engele as hoër wesens, deur wie hulle bedreig word.

Teen hierdie dwaalleer van "verering van engele" voer Paulus stryd deur Christus "hoof van die owerhede en magte" te noem. Vanaf 1:13 behandel hy die engelemagte as vyandiggesindes: "die mag van die duisternis". Daarmee word, soos in Ef. 6:12, die satansmagte[11] aangedui. Uit die magsgebied van Satan het God sy volk verlos deur hulle in die mags- en ryksgebied van die Seun van sy liefde oor te bring (1:13). Dit het God gedoen deur die versoening wat Christus bewerk het (1:14). In die res van sy brief bly Paulus hierdie antitese handhaaf:[12] Christus onttrek die gelowiges aan die mag van die duisternis. In 1:15—17 word Christus as Skeppingsmiddelaar in sy eersgeboortereg,[13] terwyl Hy Self God is,[14] gestel teenoor die totaliteit van aardse en hemelse magte in hulle volkome afhanklikheid van en onderworpenheid aan Hom. In Jesus Christus, die preëksistente Seun van God en die Skeppingsmiddelaar, staan God Self teenoor die vyandige owerhede en magte, en bó hulle. Dit is Christus se superioriteit bo alle geskape magte. Hulle is vir hulle blote bestaan van Hom afhanklik. Maar ook as Verlossingsmiddelaar is sy superioriteit onaantasbaar. Dit word, na

---

9 F.F. Bruce: Colossians, p. 249, 250.

10 Kol. 2:18: *θρησκείᾳ τῶν ἀγγέλων*.

11 H. Ridderbos: Kolossenzen: op. cit., p. 130. Vgl. ook: World Council of Churches: The Lordship of Christ, p. 22—4.

12 W. Hendriksen: Colossians: op. cit., p. 113. G. H. P. Thompson: Colossians, p. 134.

13 Vgl. ook Hebr. 1:2 en Joh. 1:1—5.

14 H. Ridderbos: Kolossenzen, op. cit., p. 135: *ὅς* slaan terug op *τοῦ υἱοῦ τῆς ἀγάπης* in vs. 13, en ἐν ᾧ in vs. 14. So dui Paulus "in de eerste plaats op de betekenis, die Hij in heel het naar buitentredende werk Gods, met name ook in de schepping der wereld heeft". Vgl. vir ander verklarings p. 136—7.

1:13 e.v., in 2:15 nader verklaar: dit is superioriteit op grond van oorwinning.[15] God het die owerhede en magte oorwin deur hulle te ontwapen[16] en Hy het hulle in die openbaar ten toon gestel[17] in hulle magteloosheid. Die triomf het God bewerk in Christus[18] sodat Hy heers ook oor die demoniese magte in die wêreld.[19]

Die slotwoorde van vs. 15, *ἐν αὐτῷ,* sien op Christus, en is 'n bevestiging dat "in ihm hat Gott über die Mächte und Gewalte triumphiert, in ihm ist der Sieg erfochten, der Triumph gewonnen".[20] In die nederlaag wat Christus, die Verlossingsmiddelaar, die owerhede en magte besorg het, is die "unendliche Überlegenheit Christi demonstriert".[21]

Hiermee het dit duidelik geword in watter sin Christus "hoof" is van die "owerhede en die magte": Hy is hulle Skepper en Oorwinnaar. Met sy Goddelike Alvermoë heers Hy met mag oor hulle. Hoof dui dus in Kol. 2:10 figuurlik[22] aan dat Christus Heerser of

---

15 *θριαμβεύσας*

16 *Ἀπεκδυσάμενος* is sterker as die Afrikaanse vertaling "ontklee". In Ef. 6:11, 14 en 1 Thess. 5:8 word *ἐνδύω* vir aantrek van 'n wapenrusting gebruik. Vgl. H. Ridderbos: Kolossenzen, op. cit., p. 188.

17 *Ἐδειγμάτισεν,* vgl. Matt. 1:19 beteken: aan die algemene veragting prysgegee. Wanneer dit van ontwapende vyande gesê word, dui dit op die gebruik om hulle magteloosheid ten toon te stel deur hulle aan die wa van die oorwinnaar in sy triomftog vas te bind. Vgl. H. Schlier: T.D.N.T. II, p. 33, s.v. *ὑπόδειγμα.*

18 *Ἀπεκδυσάμενος* kan nie vertaal word as 'n mediaal nie, asof Christus Hom ontklee het van die bose owerhede en magte wat soos 'n Nessus-rok om sy mensheid gehang het. Dié standpunt van J.B. Lightfoot word onderskryf deur C.F.D. Moule: The Epistles to the Colossians and Philemon, p. 101. Vir die gronde om dit af te wys, vgl. H. Ridderbos: Kolossenzen, op. cit, p. 188; E. Lohse, Kolosser, op. cit., p. 166 en W. Hendriksen: Colossians, op. cit., p. 122.

19 H. Berkhof: op. cit., p. 189: "Want ook daarin openbaart zich heel bijzonder de heerschappij van Christus waaronder wij leven: dat Hij de demonische krachten niet alleen oproept, maar ook gebruikt, ze ontdemoniseert en in zijn dienst stelt". Vgl. ook p. 165.

20 E. Lohse: op. cit., p. 168.

21 Ibid. Vgl. ook H. Ridderbos: Kolossenzen, op. cit., p. 187. H. J. Gebalthuler: Jesus Christus, Haupt der Kirche — Haupt der Welt, p. 172.

22 E. Lohse: op. cit., p. 152, voetnoot 8, merk op: Der Verfasser des

Oorwinnaar is.[23] Dieselfde superioriteit word bevestig deur Ef. 1:20 e.v. en in Matt. 28:18—20.

Dit is van belang om nou nader vas te stel in watter verhouding die kerk tot Christus as die hoof van alle owerheid en magte staan. In hierdie superieure posisie van Christus is die gelowiges mede betrokke, want as sy liggaam deel die kerk "in de alles in ieder opzicht vervullende plaats en macht van Christus haar Hoofd".[24] Hulle is uit die mag van die duisternis oorgebring in die werklikheid[25] van die koninkryk van Christus. Die gelowiges staan dus nie op één vlak met die owerhede en magte onder die heerskappy van Christus nie, d.w.s. die gelowiges se posisie is nie een van oorwonnenes, ontwapen en in magteloosheid ten toon gestel, onderworpe aan blote oppermag nie. Die kerk *deel* in die oorwinning van Christus en het daarom van die owerhede en magte niks te vrees nie. Die kerk het die "volheid in Hom".[26] Die volheid is die heerlikheid van Christus, wat volgens Kol. 1:15, 19 en 2:9 verstaan moet word as 'n pregnante omskrywing van die alomvattende betekenis van Christus.[27] Aan Christus se volheid van mag en heerlikheid het die kerk deel (Kol. 2:10a). En dit nie alleen in dié sin dat hulle deur Hom die volheid van God se gawes ontvang nie, maar dat hulle saam met Christus in sy koninkryk[28] deel in sy oorwinning en heerskappy oor die owerhede en die magte (1 Kor. 6:3; Fil. 2:6). Die eenheid van die kerk met Christus, die hoof van alle owerhede en magte, word juis

---

Kolosserbriefes vermeidet hier den Begriff *σῶμα,* weil er ihn in ekklesiologischen Sinn verstanden wissen will".

23 W. Hendriksen: Colossians, op. cit., p. 113: "Supreme Ruler". H. Ridderbos: Kolossenzen, op. cit., p. 178: "Hoofd geeft hier... enkel een verhouding van superioriteit weer".

24 H. Ridderbos: Paulus, ontwerp van Zijn theologie, p. 438.

25 Kol. 1:12: *μετέστησεν*. (Dié woord kom in Kol. 1:13 voor, nie in vers 12 nie - WJS)

26 Kol. 2:10. Vgl. Joh. 1:16. R. Schnackenburg: Gottes Herrschaft und Reich, p. 211.

27 H. Ridderbos: Kolossenzen, op. cit., p. 176. Id. Paulus, op. cit., p. 435.

28 Vgl. Tjaart van der Walt: Die Koninkryk van God — Naby, p. 37: "Jesus se heerskappy oor dié teenstanders van God is volgens Hom 'n duidelike bewys, 'n simptoom, dat die Koninkryk van God gekom het".

beklemtoon as in Kol. 2:11 voortgegaan word: “In Hom” (wat die hoof is) is julle besny met 'n besnydenis wat nie met hande verrig word nie, deur die liggaam van die sondige vlees af te lê in die besnydenis van Christus, omdat julle saam met Hom begrawe is in die doop, waarin julle ook saam opgewek is deur die geloof in die werking van God wat Hom uit die dode opgewek het (Kol. 2:11, 12).

“In Christus” (“in Hom”, Kol. 2:11) druk die verbondenheid van die kerk met Christus uit. Besnydenis en doop is die bevestiging van die eenheid[29] van die kerk met Christus, so dat die kerk deel het aan wat met Hom gebeur.[30] Dit is die openbaringshistoriese betekenis van “in Christus” waarmee Paulus telkens die verbondenheid van Christus en sy kerk uitdruk as 'n verbondseenheid.[31]

*Samevatting:*

In figuurlike sin is Christus met onderwerpende mag, hoof van die “owerhede en magte”. Die kerk is nie deelgenoot van die owerhede en magte nie, maar is met Christus in sy triomf verenig, en in Hom bó die owerhede en magte verhewe. Christus is dus op 'n ander wyse Hoof van die kerk as van die “owerhede en magte”.

### *2.1.2. Christus as hoof van die man, en die gesagsorde in die kerk*

In 1 Kor. 11:3 word die algemene gesagsordening, wat God in die menslike samelewing gestel het, bevestig en die konsekwensies daarvan vir die orde in die kerk gestel. “Hoof” dui hier 'n gesagsposisie aan, wat alleen figuurlik en nie metafories verstaan kan word nie.[32] *Die klem val op die onderworpenheid aan die*

---

29 E. Percy: Der Leib Christi, p. 5, 44.

30 Vgl. H. Venema: In Christus, 'n artikel in Opbouw; Venema beklemtoon dat daar goed begryp moet word: Jesus Christus is 'n historiese Persoon wat op 'n bepaalde punt in die geskiedenis verskyn en gewerk het. Daarom is *ἐν* nie lokaal op te vat om “sfeer” aan te dui nie, want dit vervlugtig Christus en sy werk tot 'n idee.

31 W.J. Snyman: Die Prediking van Paulus — openbaringshistories, p. 15. Vgl. ook L. Floor: De Nieuwe Exodus — representatie en inkorporatie in het Nieuwe Testament, p. 110—168. W. Hendriksen: Colossians, op. cit., p. 116: “In the Colossian context baptism is specifically a sign and seal... of union with Christ, of entrance into his covenant...”

32 F.W. Grosheide: De eerste brief van den Apostel Paulus aan de kerk te Korinthe, p. 365. H. Ridderbos: Kolossenzen, op. cit., p. 178. Hy verbind Kol.

*"hoof"*. Die aksent lê nie op die hiërargie van bó na benede nie, maar op die lyn wat van benede na bo loop. Daarmee word aangedui "niet wat het hoofd is voor en niet wat hij schenkt aan wie beneden hem gesteld is ... maar de houding van de lager geplaatste jegens zijn hoofd. Zoals Christus gesteld is onder God, is alle man gesteld onder Christus en alle vrouw onder de man".[33]

Om die draagwydte van 1 Kor. 11:3 vir die verhouding van Christus tot sy kerk te verstaan, moet ons nagaan in watter verhouding Christus hier tot God staan, wat met "elke man" bedoel word, en hoe die verhouding tussen die man en die vrou die orde in die kerk raak.

"Hoof" moet in al drie dele van die vers dieselfde betekenis hê, anders verklaar dit nie die vrou se posisie nie.

Christus is aan God onderworpe "insover Hy Homself in ons vlees aan die Vader onderwerp het: want anders, terwyl Hy dieselfde wese met die Vader is, is Hy ook aan Hom gelyk. So moet ons dan bedink dat dit gesê word van Christus die Middelaar".[34] Dit gaan om Christus se ampswerk en nie om sy plek in die Drie-eenheid nie,[35] soos blyk uit sy ampsnaam, Christus.

Toegepas op die man-vrou verhouding beteken dit dat die vrou in die ampswerk aan die man gesubordineer is. God het as gesagsorde vir die ampswerk die subordinasie van die vrou aan die man gestel. Paulus laat nie toe "dass sich die Frau dem Mann gleichmache. Sie soll anerkennen, dass sie vom Mann verschieden sei. Für jeden gibt es ein Haupt, sowohl für den Mann als für die Frau; jeder hat über sich den, der ihn regiert, für den er leben darf".[36]

---

2:10, 1 Kor. 11:3 en Ef. 5:23 en verstaan "hoof" deurgaans as weergawe van "enkel een verhouding van superioriteit", vgl. ook J. Weis: Der Erste Korintherbrief, p. 269.

33 F.J. Pop: Bijbelse Woorden en hun geheim, p. 300.

34 J. Calvyn: Uitlegging op de Zendbrieven, Kommentaar by 1 Kor. 11:3, p. 185. F.W. Grosheide: op. cit., p. 366: "Als Middelaar is Christus door den Vader in deze wereld gezonden en aan Hem onderworpen, Joh. 14:28; 1 Kor. 3:23; 15:24.

35 H. Alford: The Greek Testament, vol. II, p. 564: "...The Son is, in his Sonship, necessarily subordinate to the Father".

36 Adolf Schlatter: Paulus der Bote Jesu, p. 309.

Aan Christus is elke man[37] gesubordineer, sonder uitsondering. Maar ook aan Hom alleen.[38] So staan "man" teenoor "vrou". Dit kom neer op die manlike geslag teenoor die vroulike geslag.[39] Die gesagsorde in die ampswerk wat God gestel het deur die subordinasie van die vrou, is geen minderwaardigstelling nie[40] want ook Christus is gesubordineer aan God. Die Middelaarswerk van Christus hef die gesagsorde tussen man en vrou nie op nie, maar bevestig dit, soos Alford opmerk: "observe that though (Gal. 3:28) the distinction of the sexes is abolished in Christ, as far as the offer of and standing in grace is concerned, yet for practical purposes, and for order and seemliness, it subsists and must be observed".[41]

Dit gaan om die gesagsorde wat God gestel het tussen man en vrou. Die gesagsorde is ten nouste verbonde aan die gesagsposisie van God Self, want "Gottes Herrschaft erstreckt sich über alle, über Christus und über die Männer und die Frauen und Jesu Herrschaft umfast alle, die Männer und die Frauen. Gottes Regierung volzicht sich aber dadurch, dass sie die Ordnungen herstellt, in denen wir ihm zu dienen haben; und er bringt uns durch sie in verschiedene Dienstverhältnisse. Dadurch, dass wir diese

---

37 *Παντὸς ἀνδρὸς* is nie gelyk aan "mensheid" nie, vgl. Pop: op. cit., p. 300, maar *πας* gebruik by 'n naamwoord sonder lidwoord beteken "elkeen", vgl. Bauer: op. cit., p. 636.

38 F.W. Grosheide: op. cit., p. 364: Let op die lidwoord by *κεφαλὴ* én *Χριστός*. "Iedere man heeft één hoofd, en dat ééne hoofd is alleen Christus".

39 H. Ridderbos: Paulus, op. cit., p. 516, voetnoot 130: "Wij hebben hier niet met een huisregel, maar met een liturgisch voorschrift te doen". Verkeerdelik betrek ook Calvyn, kommentaar by vs. 3, dit op die heilige huwelik van die godsaliges.

40 Adolf Schlatter: Die Korintherbriefe, p. 131: "Das sind nicht erniedrigende Knechtsverhältnisse, nicht ein erzwunger Dienst; sondern das ist echte Liebe mit ihrer ganzen Freiheit und Seligkeit, wirkliche Hingabe des eigenen Lebens an den, für den zu leben wir berufen sind, doch nicht so, dass eine willkürliche Gleichheit, begehrt, sondern so, dass die Gemeinschaft dadurch bewirkt wird, das die von Gott gesetzte Über- und Unterordnung bewahrt wird und einem Herrschen und ein Dienen, ein Leiten und ein Gehorchen zwischen beiden besteht".

41 H. Alford: op. cit., p. 564. Vgl. ook H. Ridderbos: Paulus, op. cit., p. 515.

bewahren, bleiben wir in der Untertänigkeit unter Gott...".[42] Met die gesagsverhouding tussen man en vrou is die gesag van Christus as hoof gemoeid.[43]

Die uitspraak van Paulus kry besondere betekenis wanneer gelet word op die agtergrond waarteen dit gedoen is. Paulus handel in 1 Kor. 10:23—11:34 oor die Christelike vryheid. In besonder gaan dit oor 'n vraag betreffende 'n saak van oënskynlik weinig belang. Nogtans wys Paulus die vraag nie af nie, maar hy wys die weg aan op 'n terrein wat vir die gemeente nuut is. Die gemeente het die apostoliese prediking (*παράδοσις*)[44] vasgehou (vs. 2). Daarvan was die sentrale inhoud: Jesus is die Christus (Hand. 2:36). Die optrede van sommige vroue wat met onbedekte hoof tot God bid (vs. 13), het die gesag van die prediking en daarmee die enige posisie van Christus in gedrang gebring, want hulle het die deur God gestelde gesagsorde ter syde gestel. So verkry die skynbaar formele handeling, dat die vroue in gelykheid[45] met mans optree, in hulle verhouding tot Christus 'n ingrypende betekenis. Teen die omverwerping van die gesagsorde in die gemeente stel Paulus in sy vermaning voorop: "maar ek wil hê dat julle moet weet dat Christus die hoof is van elke man ..." Die vrou moet haar aan God se orde onderwerp om Christus wil. Paulus "vreest, dat deze ontkenning wel eens de ver strekkende consequentie zou kunnen hebben, dat ook het

---

42 A. Schlatter: Korintherbriefe, op. cit., p. 131.

43 A. Schlatter: Korintherbriefe, op. cit., p. 133: Indem Paulus von dem spricht, was sie ihrem Kopf antun, bringt er innen in Erinnerung, was das vorangehende Wort ihnen sagte, dass der Mann am Christus, die Frau am Mann ihr Haupt habe. Was sie aus sich machten, betrifft nicht nur sie, sondern auch ihr Haupt. Dieses sollen sie in allen Dingen ehren und darum nichts tun, was ihren Kopf entehrt.

44 F.W. Grosheide: op. cit., p. 364: *παράδοσις* wil sê dat hulle nie in hulle eie naam kom nie, maar oorbring wat Christus hulle beveel het. Daarom kan vir die *παράδοσις* ontsag, gehoorsaamheid gevra word. Na die inhoud is dit dieselfde as *εὐαγγέλιον* of *κήρυγμα,* maar besien in die lig van die gesag waarmee gespreek word.

45 Vgl. H. Ridderbos: Paulus, op. cit, p. 517. A. Schlatter: Korintherbriefe, op. cit., p. 132: "Den korinthischen Frauen schien es... dürften dann vergessen, das sie Frauen seien".

hoofd-zijn van Christus niet langer ernstig genomen zou worden ... .[46]

*Samevatting:*

Uit die voorgaande volg dat in die kerklike ordebepalinge alles vasgestel en volbring moet word met eerbiediging van die enige gesagsposisie van Christus. Hierdie eis geld selfs vir die formele en uitwendige handelinge in die kerk, soos die al of nie dra van 'n hoofbedekking deur 'n vrou. Met alles wat in die kerk gebeur is die oppergesag van Christus gemoeid. Om vas te stel of 'n handeling in die kerk toelaatbaar is, moet oorweeg word of dit die oppergesag van Christus erken of in gedrang bring. Wanneer die gesag van Christus in gedrang kom, dan word selfs 'n formele handeling ontoelaatbaar. Daarom begin Paulus sy antwoord, oor die vraag insake die onbedekte hoof van 'n vrou, met 'n verklaring oor die gesagsposisie van Christus. Deur die gesagsposisie van Christus word alle handelinge begrens en alle verhoudinge in die kerk bepaal.

## 2.2. Christus Hoof van die kerk as liggaam

### *2.2.1. Die verbintenis van "Hoof" en "liggaam"*

Dit is opmerklik dat Paulus sonder uitsondering die kerk "liggaam" noem wanneer hy Christus "Hoof" *van die kerk* noem. "Hoof" word aan "liggaam" verbind. Daar is dus 'n saaklike werklikheidsgrondslag vir die benaming "Hoof van die kerk". Paulus gebruik "Hoof" in hierdie geval in metaforiese sin. Dit is des te meer opmerklik omdat Paulus Christus ook "Hoof" noem in figuurlike sin, wanneer hy Hom nie direk aan die kerk verbind nie. Net so noem hy die kerk ook "liggaam" sonder om Christus tegelykertyd "Hoof" te noem wanneer dit gaan oor die onderlinge eenheid van die gelowiges (Rom. 12; 1 Kor. 12). In die gevalle waar Paulus Christus as "hoof" nie direk aan die kerk verbind nie, of die kerk (as "liggaam") nie direk met Christus as "Hoof" verbind nie, het "hoof" en "liggaam" wel "hun eigen zelfstandigheid"[47] sonder om met

---

[46] F.J. Pop: op. cit., p. 301.

[47] H. Ridderbos: Paulus, op. cit., p. 427.

mekaar in metaforiese sin 'n organiese eenheid te vorm. Sodra Paulus van die relasie tussen Christus en die kerk spreek in terme van “Hoof” en “liggaam”, maak hy dit duidelik dat die “liggaam” nie 'n aparte menslike “hoof” het nie; die “Hoof” van die “liggaam” is Christus, en Christus alleen. Wanneer hierdie organiese eenheid in die beeld van Hoof en liggaam misken word, dan moet die kerk as liggaam 'n “eie” menslike “hoof” hê.

Paulus verbind egter “Hoof” en “liggaam” telkens met mekaar om die verhouding tussen Christus en sy kerk te verduidelik, nl. in Ef. 1:22, 23; 4:15, 16; 5:22—33; Kol. 1:18; 2:19. Die opsetlike, konsekwente saamvoeging van Hoof en liggaam kan nie ontken word nie. Meuzelaar[48] beweer ten onregte “der Messias heisst nicht das Haupt des Leibes, sondern der Ekklesia (Eph. 1:22; 5:23)”. In Kol. 1:18 word Hy wat die versoening bewerk deur sy dood (Kol. 1:14; Vgl. VS. 22, 23), genoem: *καὶ αὐτός ἐστιν ἡ κεφαλὴ τοῦ σώματος, τῆς ἐκκλησίας.* Die tweede genetief staan epeksegeties tot die eerste. Die betekenis van die uitspraak is dus: Hy Self is die Hoof van die liggaam, en met liggaam word die kerk bedoel. Hier word nie vaagweg van die Hoof van die kerk in 'n “voorstelling van twee beelde wat nie-organies verbind is”[49] gespreek nie. “Liggaam” beskryf hier nader wat met “Hoof” bedoel word in die verhouding van Christus tot sy kerk.[50] Hoof en liggaam kan in Kol. 1:18 nie anders as 'n organiese eenheid verstaan word nie.

Roberts[51] verwerp die verklaring van 'n organiese verband tussen Hoof en liggaam. In aansluiting by “'n viertal outeurs” [52] kom hy, instemmend, met die gedagte dat die verhouding van Hoof en liggaam uitgedruk word in “representasie”, en hy ag die organiese denkwyse prinsipieel daardeur deurbreek. Die begrip “representasie” is volgens Roberts beheersend vir sowel die liggaam-gedagte

---

48 J.J. Meuzelaar: Der Leib der Messias, p. 122—3.

49 J.H. Roberts: Die opbou van die kerk volgens die Efesebrief, p. 107.

50 T.K. Abbott: Epistles to the Ephesians and to the Colossians, p. 217. Jos Keulers: De Brieven van Paulus II, p. 19: “Het ontbreken van ‘en’ tussen beide predicaten duidt aan, dat het tweede de uitleg van het eerste bevat”.

51 Op. cit., p. 96—109.

52 Id., p. 97.

as die Hoof-gedagte. As Hoof is Christus die saamsluitende Persoon. As liggaam is die gemeente die saamgesluite, geïnkorporeerde grootheid. Dit is vir Roberts twee beelde wat nie-organies verbind is: die Hoof as Representant en Heerskappyvoerder; die liggaam as korporatiewe persoonlikheid en organies funksionerende geheel. Die nie-organiese verbinding tussen beide bestaan in die representasie: aan die een kant staan die Representant; aan die ander die gerepresenteerdes ... Die feit dat ons hier met twee beelde te doen het, aldus Roberts, mag nie so opgevat word asof Hoof en liggaam daarom nie met die nouste band verbind is nie; alleen bestaan hierdie band nie daarin dat ons met een organisme te doen het nie, maar daarin dat ons te doen het met een korporatiewe eenheid en die Representant in wie hierdie eenheid sy beslag vind.

Waarin Roberts, nadat hy alle organiese verbinding tussen Hoof en liggaam prinsipieel deurbreek het en as nie-organies geponeer het, nog "die nouste band ... met een korporatiewe eenheid" tussen Hoof en liggaam sien, is nie uit te maak nie. Die radikale tese dat die verhouding nie-organies is, deurbreek die eenheid tussen Christus en sy kerk, wat Paulus juis met die organiese beeld van Hoof en liggaam wil verduidelik. En sonder die eenheid is die representasie van die kerk deur Christus nie te verstaan nie. Christus het Hom met die kerk nie slegs *vereenselwig* nie, maar *verenig* deur die sondige vlees aan te neem (Rom. 8:3). Dit is eenheid in reële sin.

Ridderbos[53] sluit aan by die voorgaande gedagtegang om die verhouding van Hoof en liggaam los te maak van 'n organiese eenheid. Hy keer hom veral teen die gedagte dat hier gedink moet word aan die menslike liggaam "in die zin, dat van de als lichaam voorgestelde gemeente Christus als het Hoofd, nl. als voornaamste

---

53 H. Ridderbos: Paulus, op. cit., p. 420 e.v. Vgl. sy verklaring van Kol. 1:18, Kolossenzen, p. 143: Hier gaan hy nog uit van "de organische communicatie tussen het hoofd en de verdere lichaamsdelen" waarin die "bizondere gemeenschapsverhouding" tussen Christus en die gemeente "haar beeld vindt". Sy "nuwe" standpunt noodsaak 'n menslike "hoof" in die "hele kerk". Teen sy bedoeling in bring Ridderbos ons gevolglik by 'n hiërargie in die kerk.

lichaamsdeel functioneert".[54] As eerste grond voer hy saam met Roberts aan dat dit "Physiologisch moeilijk denkbaar en in de oudheid stellig ook niet gangbaar" [55] is nie. Daarteenoor kan ons stel dat die metafoor nie trek vir trek, allegories, toegepas moet word nie.[56] Daar moet gelet word op die bepaalde aspekte, in die relasie tussen Christus en die kerk, wat Paulus tot uitdrukking wil bring.[57]

Ridderbos vind "belangrijker" grond vir sy standpunt daarin dat Paulus steeds die gemeente verstaan as "heel het lichaam (ook in Eph. 4:16), en niet slechts als de bij het hoofd behorende overige lichaamsdelen, wat dan de voorstelling van een romp zou impliceren".[58] Die feit is egter dat Paulus self hier die onderskeiding maak tussen "Hoof" en "liggaam" om die eenheid én onvermengdheid van Christus en die kerk te verduidelik. As dit "paradoksaal klink" [59] is dit in elk geval by Paulus nie vreemd nie, want in dieselfde verband praat hy ewe "paradoksaal" van 'n liggaam wat "gebou" (Ef. 4:12) word, en 'n gebou wat "groei" (Ef. 2:20—22).

Die gedagte dat die hoof, net soos die hart, die setel van die lewe is, was aan Paulus as Israeliet nie onbekend nie (Jes. 1:5; Gen. 3:15).[60]

Ridderbos vind sy sterkste argument daarin dat dit "ongemotiveerd en ongerijmd" [61] is om op grond van Ef. 5:23, 28 Hoof en liggaam as een organisme te verstaan. Hierdie perikoop vervul 'n bepalende rol in die verstaan van die hoof-liggaam-metafoor.[62] Daarom moet ons nou eers nagaan wat Paulus in die gedeelte sê. Is "juist hier ... de combinatie van beide voorstellingen tot één

---

54 Id., Paulus, op. cit., p. 424.

55 Id. Vgl. J.H. Roberts: op. cit., p. 95.

56 H. Paradis: op. cit., p. 96: Die metafoor word in Kolossense nooit 'n allegorie nie.

57 F.F. Bruce: op. cit., p. 204.

58 H. Ridderbos: Paulus, op. cit., p. 424. Vgl. J.H. Roberts: op. cit., p. 95.

59 J.H. Roberts: Ibid.

60 F.J. Pop: op. cit., p. 295.

61 H. Ridderbos: Paulus, op. cit., p. 425.

62 Id., p. 426: "De vraag wat in deze verbanden met 'Hoofd' bedoeld is, laat zich met name uit de reeds besproken pericoop, Eph. 5:22 e.v. beantwoorden".

onmogelijk"?[63]

Dit gaan in hierdie perikoop om 'n vermaning aan man en vrou om in die huwelik "onderdanig aan mekaar" (Ef. 5:21) te lewe. Daarvoor stel Paulus aan hulle die verhouding tussen Christus en sy kerk tot voorbeeld, vs. 23—25, 28, 29.

Hierdie betoog van Paulus moet nie soos deur Roberts, omgekeer word om die verhouding van Christus as Hoof tot sy kerk as sy liggaam te verklaar na die voorbeeld van die verhouding van man en vrou in die huwelik nie.[64]

Ten eerste stel Paulus hier binne die huwelik dieselfde gesagsverhouding as in 1 Kor. 11:3; die vrou moet haar man onderdanig wees "soos aan die Here" (vs. 22, 23). Haar onderdanigheid aan haar man is deel van haar onderdanigheid aan die Here. Maar die verhouding van Christus tot die kerk gaan bó dié blote gesagsverhouding uit[65] want Hy is "die Verlosser van die liggaam". Na die voorbeeld van Christus as "Verlosser van die liggaam" moet die man as hoof van sy vrou sy superioriteit nie dominerend uitoefen nie, maar versorgend en beskermend. Die punt van vergelyking is:[66] onderdanigheid aan haar man, die hoof, soos die gemeente aan Christus, die Hoof.

In vs. 25 tot 29 tree 'n nuwe gedagte op die voorgrond: die liefde. Die man moet sy eie vrou liefhê volgens die voorbeeld van Christus se liefde tot die kerk. Die punt van vergelyking is "die liefde". Die liefde wat Christus as "Verlosser van die liggaam" tot die kerk het, vind sy parallel in die menslike lewe in 'n nuwe beeld: "soos hulle eie liggame" (vs. 28). Dit korreleer met: "sy eie vlees... net soos die

---

63 Id., p. 425.

64 Vgl. Roberts: op. cit, p. 98; H. Ridderbos: Paulus, pp. 423, 425. Paulus verander nie sy uitgangspunt in vs. 32 nie. *Tὸ μυστήριον* sien hier op die verhouding van Christus en die kerk. Vgl. "W. Hendriksen: Ephesians, op. cit., pp. 256, 257; C. Hodge: Ephesians, p. 351; F.W. Grosheide: Efeziërs, p. 90.

65 H. Schnackenburg: op. cit., p. 213. W. Hendriksen: Ephesians, p. 248. In 1 Kor. 11:3 lê dieselfde gedagte, vgl. F.W. Grosheide: op. cit., p. 365: die ontbrekende lidwoord by *κεφαλὴ*, en by *γυναικὸς* geen *παντὸς,* wil sê "dat de man niet in zoo absoluten zin het hoofd is van de vrouw, als Christus van alle dingen. Er staat eigenlijk: de man is een (soort) vrouwen hoofd".

66 Vgl. vs. 24: *ἀλλὰ*. Dit som die voorgaande op.

Here die gemeente (vs. 29), en “net soos homself” (vs. 33). Die punt van vergelyking hier is die liefde wat Christus vir die gelowiges (die kerk) as “lede van sy liggaam” (vs. 30) het, met die man se liefde vir sy “eie liggaam” (vs. 28). Die liefde vir die eie liggaam is vanselfsprekend. Soos Christus aan sy liggaam, die kerk (vs. 25), en die man aan sy eie liggaam liefde bewys, só, na dié voorbeeld, moet die man onselfsugtig en vrywillig (vs. 25) aan sy vrou liefde bewys. Paulus hou by die verhouding tussen Christus en sy kerk as prototipe, terwyl hy die kerk nader toelig met “sy eie liggaam”[67] (vs. 28). Met “soos” dui hy in vs. 28 nie die vrou aan nie, maar die eie liggaam van die man as voorbeeld hoe die vrou liefgehê moet word.[68] Die man moet sy vrou liefhê “soos” sy eie liggaam “then the husband will indeed love his wife”,[69] so soos Christus sy kerk wat sy liggaam is (Ef. 1:23; 5:23, 29, 30), liefhet. Die wyse waarop die vrou met die man wel een vlees, een liggaam, is, word in vs. 31 nader verklaar.[70]

Die man-vrou verhouding in die huwelik verklaar nie die Hoof-liggaam verhouding van Christus en die kerk nie. Soos Christus die Hoof as Verlosser uitgaan bó die man as gesagshoof, en soos die liefde van Christus in selfofferande tot heiligmaking, regverdigmaking en heerlikmaking van sy liggaam (Ef. 5:27) uitgaan bó die liefde van die man wat voed en koester, so gaan Christus as Hoof in sy eenheid met sy kerk bó die eenheid in die huwelik uit.

Christus is die oorsprong van die kerk want “Verlosser” motiveer “Hoof”. Dit moet in die huwelik afgebeeld word, maar die man word nooit die oorsprong van sy vrou nie (vgl. 1 Kor. 11:11, 12), behalwe in die geval van Adam uit wie Eva gemaak is (Vgl. 1 Kor. 11:9, 10; Ef. 5:28b en 29a). Daarin is die gesagsposisie van 'n man teenoor 'n vrou gegrond. Maar Christus is Hoof omdat Hy Verlosser is. Hoof dui Hom aan na die volle inhoud van sy Middelaarskap: wie

---

67 H. Schlier: Der Brief an die Ephezer, p. 262.

68 Bauer: op. cit., p. 905: “ὡς corresponding to οὕτως = so, in such a way”. Hy verwys na Ef. 5:28, 33 as voorbeelde.

69 Hendriksen: Ephesians, op. cit., p. 254.

70 Id., p. 256. Vgl. 1 Kor. 6:16, en dáároor: J.P. Versteeg: Christus en de Geest, pp. 191, 192.

en wat Hy is, en wat Hy as Verlosser gedoen het as die Een uit wie se dood die kerk te voorskyn tree soos Eva uit die slapende Adam. Christus is dus as Middelaar wel in 'n organiese eenheid met sy kerk verbind, sodat Hoof en liggaam in een organiese beeld tuis te bring is.

Ridderbos gaan met die gedagte van representasie egter verder as Roberts. Teenoor die "gnostische interpretasie" [71] gee Ridderbos[72] voorkeur aan die verklaring wat "de hoofd-lichaamterminologie en het daarin tot uitdrukking gebrachte gedachten-complex uit Paulus' joodse achtergrond tracht toe te lichten". Hierby word van Christus as die tweede Adam en die daarmee gegewe representasie-gedagte uitgegaan. In die Joodse gedagtewêreld beteken "hoof" die stamvader of aanvoerder eerder as die fisiese orgaan van die liggaam soos in die Griekse gedagtewêreld. Stamvader of aanvoerder ag Ridderbos dan in noue verwantskap met Begin en Eersgeborene in Kol. 1:15—18 "waarin niet alleen de eerste in tijdsorde, maar ook in rangorde wordt aangeduid. Op deze wijze zou ook het begrip 'hoofd' terminologisch de gedachte van de personificatie en representatie van die velen-in-Eén tot uitdrukking brengen... Vast staat, naar onze mening, dat de gedachte van het allen-in-Eén ten grondslag ligt aan Paulus' spreken van de gemeente als het lichaam van Christus ... Terwijl daarbij in Rom. en 1 Kor. alle aandacht geconcentreerd wordt op de openbaring van de gemeente als één lichaam, treedt in Kol. en Eph. de band tussen Christus en de zijnen zélf meer in het blikveld, speciaal in zijn voortgaande, pneumatische en alomvattende betekenis". Die gedagtegang van Ridderbos moet verder deurgetrek word deur daarop te let dat die vader-gedagte nou verbonde is aan "stamvader" en vader as hoof van sy huis. Christus word ook in die Ou Testament, Jes.9:5, genoem: Ewige Vader, Vredevors.

Floor[73] voer wel die gedagte van representasie verder deur terug te gaan op Ef. 1:5. "Waarop de eenheid tussen de velen en de Ene

---

71 H. Ridderbos: Paulus, op. cit, pp. 428, 429. Vgl. vir die gnostiese interpretasie: E. Lohse: op. cit., p. 93; H. Schlier: op. cit., p. 90 e.v.

72 H. Ridderbos: Paulus, op. cit., p. 429 e.v. Vgl. vir "voorkeur", p. 431.

73 L. Floor: De Nieuwe Exodus, p. 147.

berust, wat de band is, die de Ene met de velen verbindt, is niet zo eenvoudig om vast te stellen ... Het is echter misleidend om hier te spreken van een korporatieve band tussen de velen en de Ene, en om op deze korporatieve verbondenheid de representatie te laten rusten. Het komt ons voor dat wij hier terug moeten gaan tot op de raad van God. God heeft dit zo bepaald, dat wat de Een verricht heeft, aan de velen toegerekend wordt... God rekent het werk van de Ene niet aan de velen toe krachtens een z.g. korporatieve verbondenheid, maar deze toerekening gaat terug op het welbehagen van Gods wil (Eph. 1:5)”.

Die standpunt van Floor kan onderskryf word nl. dat wat Christus verrig aan sy kerk nie toekom *kragtens,* berustende op, 'n korporatiewe verbondenheid tussen Hoof en liggaam nie. Die verlossende werk van Christus geskied kragtens, berus op, die welbehae van God, d.i. die raad van God. Maar hierdie gedagtegang moet verder deurgetrek word. Ons kan nie volstaan met aanname van die feit dat dit God se raad is nie. Ons moet ook nagaan hoe God sy raad in vervulling bring.

Christus is Hoof van sy kerk op grond van die kerk se uitverkiesing in Hom (Ef. 1 : 4 ). Dit bring die eenheid tussen Hom en die kerk tot stand, só dat wat met Hom gebeur, met die kerk gebeur. Hierdie eenheid is verbondmatig.[74] Maar die eenheid is ook reëel. Die verbondmatige en organiese verbintenis tussen Christus en die kerk sluit mekaar in en nie uit nie. Christus het Hom nie maar net met sy kerk vereenselwig nie maar inderdaad reëel tot 'n eenheid verbind.

Met sy geboorte is Christus in die organisme van die mensheid, wat in die kerk behou bly, geïnkorporeer as Hoof. Christus sterf, staan op uit die dood en gaan sit aan die regterhand van God “niet als een vreemde of als een, die uit een groter kring daartoe was aangewezen”,[75] maar as Hoof van sy kerk wat Hom met die kerk organies verenig het deur sy vleeswording. “De incarnatie was een voorwaarde zonder welke Christus niet plaasvervangend kon

---

[74] W.J. Snyman: Die prediking, op. cit, p. 15.

[75] H. Ridderbos: Paulus, op. cit., p. 182.

sterven en opstaan voor de zijnen".[76] Christus is reële Hoof van die kerk as organisme. Die kerk is nie 'n nuwe liggaam wat uit die liggaam van die mensheid uitgehaal is en tot 'n "saamgesluite, geïnkorporeerde grootheid" [77] gevorm word nie. Die kerk is "een nuwe mens ... een liggaam" in Christus, Ef. 2:15, 16, "want Hy is die Seun van die Mens, die tweede Adam, wat volgens die belofte uit die saad van die vrou verwag is (Rom. 5:12, 15; 1 Kor. 15:45)".[78] Sy versoening hef die natuurlike bande van die mensheid nie op nie, maar in Hom is "alle nasies in hulle gelowiges, in een liggaam versoen".[79] Christus is die geïnkorporeerde Hoof van die uitverkore mensheid, die "een nuwe mens", wat in die kerk tot openbaring kom as die "heiliges ... die gelowiges in Christus Jesus" (Ef. 1:1), die lede van sy liggaam. Die ongelowiges is die takke wat van die boom afgebreek word (Rom. 11:11 e.v.; vgl. ook Joh. 3:17, 18).[80]

Die metafoor "Hoof-liggaam" wil dus nie identiteit[81] tussen Christus en sy kerk openbaar nie, maar eenheid. Dit sluit alle gedagtes aan 'n meganiese eenheid uit. Dit is 'n eenheid wat uit die Hoof en tot die Hoof groei. Dit is 'n lewenseenheid wat meer is as die somtotaal van die samestellende dele.

Die Hoof-liggaam eenheid van Christus en die kerk geld nie alleen vir die onsigbare sy van die kerk nie. Dit geld ook vir die sigbare sy van die kerk en moet daarin belewe word. Liggaam dui 'n sigbare wyse van bestaan aan wat "een zichtbare, naar buiten optredende eenheidsopenbaring als lichaam"[82] noodsaak.

Die onsigbare word sigbaar in die geloof en die liefde van die

---

76 L. Floor: op. cit., p. 160. *Vgl.* J. Calvijn: Institutie. Die werk word aangehaal as: Inst.: boek, hoofstuk, paragraaf. Inst. II,. XVII, 5.

77 J.H. Roberts: op. cit., p. 104.

78 W.J. Snyman: Die prediking, op. cit., p. 15.

79 Id. Vgl. ook: J.C. Coetzee: Volk en Godsvolk in die Nuwe Testament, p. 164.

80 Vgl. J.C Coetzee: op. cit, p. 101. P.S. Minear: op. cit, p. 251.

81 Vgl Dietrich Bonhoeffer: Het wegen van de Kerk, p 39: "De kerk is zelf de presente Christus"; p. 40: "De identiteit Christus-gemeente wordt tot absolute identificatie". Vgl. ook J.F. Torrance: The foundation of the Church, p. 127.

82 H. Ridderbos: Paulus, op. cit., p. 440.

gelowiges wat deur die Heilige Gees in hulle gewerk word.[83] Daarom spreek Paulus van die liggaam van Christus as lewende mense: “ons almal” (Rom. 12:5) en “julle” (1 Kor. 12:27). En die begrip “liggaam van Christus” word aan die sakramente, die nagmaal (1 Kor. 10:16, 17) en die doop (1 Kor. 12:13) verbind. Daar is dus geen teenstelling[84] tussen die sigbare kerk en die kerk as liggaam van Christus nie. Die kerk as liggaam is lewende mense wat in die *ἐκκλησία* saamgeroep is. Hierdie sigbare sy van die kerk is geheel en al afhanklik van 'n onsigbare, maar reële, verbondenheid aan Christus. Die ware kerk is dus die wat deur die Heilige Gees met die Woord saamgeroep en georganiseer is. Hierdie sigbare kerk het sy grens in die eenheid in Christus (1 Kor. 6:16; 10:16—22), want die lig het geen gemeenskap met die duisternis nie (1 Kor. 6:16).

Die organiese eenheid van die kerk as liggaam, waarvan Christus die Hoof is, beteken dat daar in die kerk nie ’n verstarde eendersheid is nie. Daar is verskeidenheid in die eenheid, “want ook die liggaam is nie een lid nie maar baie” (1 Kor. 12:14). Die verskeidenheid in die eenheid is die wonderlike eiesoortigheid van 'n liggaam: die liggaam het geen selfstandigheid buite die lede nie, en die lede het buite die eenheid van die liggaam geen bestaan of funksionering nie. Daarom kan die lede mekaar nie opsy skuif nie. In die kerk is elke lid noodsaaklik, omdat God elkeen van die lede gestel het soos Hy gewil het (1 Kor. 12:18). Ridderbos vat dit mooi saam: “Het lichaam bestaat en leeft in zijn leden, gelijk omgekeerd de leden alleen leven als ledematen van het lichaam en anders naar hun aard niet kunnen zijn”.[85]

Die kerk as liggaam van Christus is die algemene kerk. Daar is een uitsondering op hierdie reël, wanneer die kerk in Korinthe genoem word *σῶμα Χριστοῦ* (1 Kor. 12:27). Die lidwoord ontbreek hier. Alleen die kerk in universele sin as die volle getal van die gelowiges is *τὸ σῶμα* (1 Kor. 12:12; Ef. 1:23; Kol. 1:18), uitgedruk met

---

[83] L. Floor; op. cit., p. 269.

[84] Vgl. vir dié teenstelling: Hans Ausmussen: Die Kirche und das Amt, p. 30—1.

[85] H. Ridderbos: Organisch Opbouw, artikel in Gereformeerd Weekblad.

die lidwoord by die predikaat.[86] Dit beteken die universele kerk tree in die plaaslike kerk te voorskyn; dit is nie 'n deel (kwantitatief) van die algemene kerk nie, maar 'n openbaring (kwalitatief) daarvan.[87] Daarom word vir die plaaslike en die universele kerk dieselfde naam, *ἐκκλησία* gebruik. Hieruit volg die imperatief tot die vorming van kerkverband, want elke plaaslike kerk is ter plaatse openbaring van dieselfde liggaam van Christus, die enige Hoof. Plaaslike kerke is dan wel selfstandig, maar nie onafhanklik nie. Net soos die gelowiges verplig is om hulle in een gemeente te verenig, so is die gemeentes verplig om hulle in kerkverband met mekaar te verenig. Dit is erkenning van die één Hoof van die kerk.

Kerkverband is nie die universele kerk nie en geen derde kerkbegrip nie. Dit is die sigbare openbaring van die eenheid van die kerke in Christus. Hy is nie Hoof van 'n aantal los van mekaar staande (independente) liggame nie. Maar omdat Hy Hoof is van die een liggaam, sy een kerk, is Hy ook Hoof waar dié kerk hier en daar plaaslik tot openbaring kom. Die Hoof van die universele kerk is ook Hoof van elke plaaslike kerk, en van elke lid van die plaaslike kerk. Dit sluit ten nouste aan by Ef. 5:23 en Kol. 1:18, asook by die nadere aanduiding van Hoof as Begin en Eersgeborene. Hy is die Redder, die Oorsprong en die Regeerder van die Kerk. Hy is vir sy kerk soos 'n vader vir sy gesin. Hoof van die kerk dui op die "aanvangs-relatie, die voor heel het bestaan bepalend is".[88]

*Samevattend:*

Die metafoor "Hoof van die liggaam" dui die lewende eenheid aan tussen Christus en die kerk, sonder om die een aan die ander gelyk te stel of die een in die ander op te los. Hoof en liggaam bly onvermengd en ongeskeie. "The name 'the Head' asserts His inseparability from the Church, but excludes His identity with it".[89]

---

86 W.J. Snyman: Die gebruik van die woord "Kerk" in die Nuwe Testament, p. 7.

87 F.W. Grosheide: Aan Korinthe, op. cit., p. 425, voetnoot 1.

88 H. Ridderbos: Paulus, op. cit, p. 426.

89 V. Taylor, aangehaal deur C.F.D. Moule: op. cit., p. 68. Vgl. ook G.C. Berkouwer: Dogmatische Studiën, De Kerk I, p. 106.

### *2.2.2. Christus is die Gesagshoof van die kerk*

Deur die naam "Hoof van die kerk" word Christus ook aangedui as Gesagshoof. As Middelaar is Hy nie net die organiese Hoof uit wie die kerk ontstaan en lewe nie. Soos reeds geblyk het uit 1 Kor. 11:3 en Kol. 2:10 dui "hoof" ook 'n superieure posisie van gesag en mag aan. Wanneer Christus Hoof van die kerk genoem word, dan behou "Hoof" die konnotasie van Gesagshoof. Die Hoof beheer en bestuur alles. Dit is dus nie 'n blote ereposisie wat aan Hom toegewys word nie. Christus aanvaar die naam Hoof omdat Hy werklik die diens van 'n Hoof in die liggaam van die kerk verrig. En dié plek van Christus kan in die kerk aan geen sterflike mens toegeken word nie.[90] Paulus noem ook nêrens 'n mens hoof van die kerk nie.[91] Maar Christus alleen het die posisie van heerskappy en seggenskap in die kerk. Almal is van Hom afhanklik, aan Hom onderhorig en moet aan Hom gehoorsaamheid betoon. Daar is naas of benewens Hom selfs nie mindere hoofde in die kerk nie. Hy is nie die *summum caput* nie, maar eenvoudig *ἡ κεφαλή,* die Hoof, die enigste.[92]

In Ef. 1:22 word van Christus gesê dat Hy aan die kerk *gegee* is as "Hoof bo alle dinge". Dit word op twee maniere verstaan. Foulkes[93] sê dit beteken "there is given to the Church, and for the Church's benefit, a Head who is also Head over all things". Keulers weer sê Christus is bo alles, en nie oor alles nie, gestel. Dit wil volgens Keulers[94] sê "Christus is het hoofd der kerk op een wijze, als geen enkele ander hoofd dit voor een lichaam zijn kan; de vergelijking wordt derhalve als gebrekkig gekenmerkt". Die feit is dat ons

---

90 J. Calvyn: op. cit., kommentaar op Kol. 1:18.

91 Die Roomse teoloog H. Paradis sê (op. cit., p. 95): "Ainsi, pas un mot du Primat de Pierre et de son infaillibilite". Volgens hom het Paulus geen woord gesê oor die primaat van Petrus nie.

92 H. Ridderbos: Paulus, op. cit., p. 426. Vgl. ook: Christus und die Kirche, Vierte Weltkonferens für Glauben und Kirchenverfassung, p. 29: "Als sein Leib bleibt sie (d'e Kirche) dem untergeordnet, der des Haupt ist; sie ist jedoch sein Leib unertasslich zur Erfüllung seiner Absichten in der Weise, in der es für richtig und passend halt".

93 F. Foulkes: Ephesians, p. 65.

94 Vgl. die Roomse Jos Keulers, op. cit., p. 71.

hier met 'n ineengedronge formulering te doen het. Schlier ontrafel die knoop: "Der Satz ist sehr knapp formuliert. Denn zunachst wird wiederholt, dass Christus Haupt 'über alles' ist.

Das *ὑπὲρ πάντα* ist soviel wie *ὑπὲρ τὰ πάντα,* Vgl. Hebr. 2:8. Dann aber wird auch gesagt, dass er der Kirche als ihr Haupt gegeben ist. Mit anderen Worten: die im Kolosserbrief getrennten Vorstellungen von Christus als *κεφαλὴ πάσης ἀρχῆς καὶ ἐξουσία,* 2:10, Vgl. 1:15 f., Und er der*, κεφαλὴ τοῦ σώματος, τῆς ἐκκλησίας,* 1:18 (In die gedrukte boek word Kol. 1:18 verkeerd aangehaal as: *κεφαλὴ* ***πάσης*** *σώματος, τῆς ἐκκλησίας - WJS*), sind hier in einer Formulierung vereinigt. Das schlieszt nicht aus, dass das Hauptsein Christi gegenüber den Mächten der Art seins Erweises ein anderes ist als sein Hauptsein in bezug auf die Kirche".[95]

As Hoof van die kerk gee Christus aan die kerk lewe deur sy regering. Dat Hy die lewe van die liggaam is, berus mede daarop dat Hy "er oor te beschikken (heeft), zodat het lichaam en al zijn leden hem onderdanig moeten zijn".[96] Sy heerskappy geskied in elke lid maar só dat Hy al die lede verenig in 'n harmonieuse eenheid met Hom en met mekaar tot die eenheid van 'n Hoof en liggaam. Aan Hom is almal onderworpe, en aan Hom moet almal gehoorsaamheid betoon om te lewe.

Christus is die Hoof van sy kerk soos dit op aarde lewe. Daar is met betrekking tot sy Hoofskap geen onderskeid te trek tussen die kerk as instituut en die kerk as organisme nie. Teenoor die Roomse leer[97] dat die kerk op aarde sonder Hoof sal wees, tensy die pous daarin heerskappy uitoefen, stel Calvyn[98] dat Christus die amp uitoefen wat Hy in die naam "Hoof" aanneem.

In die kerkregering is Christus reëel die Regeerder. As Hoof van die kerk het Hy alle mag in die hemel en op aarde (Matt. 28:18 e.v.;

---

95 H. Schlier: op. cit., p. 89. Vgl. W. Hendriksen: Colossians, op. cit., p. 77: "As Head He also exercises authority over the Church; in fact over all things in the interest of the Church (Eph. 1:20—23); P. S. Minear: op. cit., p. 251.

96 F.J. Pop: op. cit., p. 383.

97 Jos Keuler: op. cit, p. 19; W.D. Jonker: Mistieke Liggaam en Kerk in die Nuwe Rooms-Katolieke Teologie, pp. 149—55.

98 J. Calvyn: Zendbrieven, op. cit, kommentaar by Kol. 1:18.

Ef. 1:20 e.v.). Hierdie mag en gesag oefen Hy uit deur Self in sy kerk teenwoordig te wees, lewend en aktief. Christus is in sy kerk teenwoordig as die Middelaar, en nie alleen as die Tweede Persoon in die Goddelike Drie-eenheid nie. Hy vervul sy belofte: "En kyk, Ek is met julle tot aan die voleinding van die wêreld" (Matt. 28:20). Dieselfde Persoon aan Wie alle mag in hemel en op aarde gegee is, belowe sy altyddurende teenwoordigheid[99] in hulle midde.[100]

Sy teenwoordigheid in die midde van sy kerk lê ook vas in sy belofte dat Hy teenwoordig sal wees waar twee of drie in sy Naam vergader (Matt. 18:20). Sy onmiddellike Persoonlike optrede, na sy hemelvaart, in die lewe van Paulus (1 Kor. 9:1, 15:8; 2 Kor. 4:6; Hand. 9:4, 5; 22:17—21) bevestig dat Hy sy belofte gestand doen, al sien ons dit nie altyd met ons vleeslike oë nie. God het dit aan Johannes op Patmos gegee om vir ons te sien dat Christus staan "tussen die sewe kandelare" (Openb. 1:13), dit wil sê in die midde van sy kerk. En daar is Hy met koninklike[101] dus gesagvoerende, en hoëpriesterlike waardigheid. Sy aktiewe uitoefening van sy mag, as Hoof van sy kerk met alle mag in die hemel en op aarde, word bevestig in Openb. 5. Daar ontvang Christus, as Middelaar, die uitvoering van God se raadsplan, wat die verlossing en regering van sy kerk inhou. Dit doen Hy met "bevoegde heerschappij"[102] in die teenswoordige wêreld.[103] Die regering van die kerk deur Christus geskied dus in *praesentia realis Christi ipsius.* Die lewende teenwoordigheid van die Hoof in die midde van sy kerk, hier en nou, moet nie verswak word tot blote verteenwoordiging deur die Heilige Gees nie. Sonder

---

99 F.W. Grosheide: Mattheus, p. 379: "de nabijheid houdt niet op". *εἰμι* verbind met *αἰῶνος*. Vgl. Heidelbergse Kategismus Sondag XVIII.

100 Vgl. W. Bauer: op. cit., p. 509; A. Kuyper: Tractaat van de Reformatie der Kerken, p. 15.

101 Vgl. Hellmuth Frey: Das Ziel Allerdinge, p. 20: Gleich den Kandelaren, die vor dem Bilde des römischen Kaisers brannten, erinneren sie die Welt an ihren wahren Kaiser, den Christus". Vgl. ook R.H. Charles: The Revelation of St. John, Vol. I, p. 28; Ernst Lohmeyer: Die Offenbarung des Johannes, p. 17; S. Greijdanus: De Openbaring des Heeren aan Johannes, p. 33.

102 S. Greijdanus: De Openbaring, op. cit., 137. Vgl. E. Lohmeyer: op. cit., p. 55; H. Frey: op. cit., p. 71.

103 Vgl. S. Greijdanus: De Openbaring, op. cit., p. 141.

om af te doen aan die feit van die Christusregering deur die Heilige Gees met die Woord van God, is Christus ook Self in sy kerk teenwoordig. Wanneer Hy sê: “Ek is met julle” (Matt. 28:20), dan staan “Ek” met klem voorop.[104] “Ek” bedoel “His person indivisibly ... as the personal I”.[105] As Middelaar, in die eenheid van sy Persoon, is Hy in sy kerk teenwoordig na sy Godheid, majesteit, genade en Gees.[106]

As Hoof regeer Christus sy kerk ook deur die Gees met sy Woord. Saam met die Vader stuur (Joh. 15:26; 16:7) Hy die Heilige Gees om in die kerk te bly en die kerk “in die hele waarheid” te lei (Joh. 16:13). Die werk van die Gees in die kerk is om van Christus te getuig (Joh. 16:13—15). Die Gees tree dus nie in Christus se plek[107] as Hoof van die kerk nie. Die verhouding tussen Christus en die Heilige Gees is wel ’n allerinnigste eenheid (Matt. 1:18; 3:16), maar deur die eenheid word nog Christus nog die Heilige Gees sy eie identiteit ontneem. Die Gees word nie uitgestort “als plaatsvervanger ... als vertegenwoordiger”[108] van Christus in sy kerk nie. Die Heilige Gees is ’n “ander” Trooster as Christus (Joh. 14:16). “Ander” dui die Gees nie slegs aan as ’n ander Persoon nie, maar wys Hom aan as ’n ander soort[109] Parakletos as Christus Self (1 Joh. 2:21). Die

---

104 *ἐγώ* saam met *εἰμι*. Vgl. F. W. Grosheide, Ibid.

105 R. Stier: The Words of the Lord Jesus, vol. VIII, pp. 350—1. Stier gaan te ver wanneer hy beweer die menslike natuur van Christus deel in die alomteenwoordigheid van Christus.

106 Vgl. H. Hoeksema: The Lord of Glory, p. 73.

107 Vgl. Heinrich Döring: Kirchen — Unterwegs zur Einheit, p. 107. Döring beweer dat vir die Gereformeerde Teologie “nur durch ihn (d.w.s. die Heilige Gees — skrywer) ist Christus, das Haupt, real bei seiner Gemeinde auf Erden anwesend”. J.P. Versteeg: op. cit., p. 381 e.v. toon daarenteen aan dat elke vorm van “identiteitsuitspraak” om die verhouding van Christus en die uitgestorte Gees te verklaar in “trinitarische”, “animistische”, “ontologische”, “gnostische”, “ruimtelijke”, “existentiële”, “aktualistische” of “dynamische kategorieën”, nie ooreenkomstig die uitsprake van Paulus is nie.

108 B. Wielenga: Onze Cathechismus I, p. 438.

109 Vgl. W. Bauer: op. cit, p. 39; J. Behm: s.v. *παράκλητος,* T.D.N.T., p. 800 e.v.

Heilige Gees rig sy voorligting as Helper[110] op die gelowiges,[111] terwyl Christus sy voorspraak ten behoewe van die gelowiges rig tot die Vader.[112] Die Gees tree nie in die plek van Christus nie, maar bring die gelowiges na Christus toe, maak hulle gehoorsaam aan hulle Hoof. As Gees van die waarheid herinner Hy die kerk aan Christus se Woorde (Joh. 14:26). Hy verklaar aan die kerk Wie die Hoof van die kerk is, en wat sy werk is. So leer Hy die kerk om aan sy Hoof vas te hou. Hierby moet gedink word aan die werk van die Gees in die wedergeboorte (Rom. 8:9, 15, 16), die gebed (Rom. 8:26) en aan die vrugte van die Gees (Gal. 5:22). Die eenheid in arbeid van Christus en die Gees "ligt in het éne, zelfde leven, dat door Christus in zijn opstanding is aangebracht en door de Geest aan de gelovigen word geschonken".[113]

Onsigbaar, geheimnisvol, is Christus en die Heilige Gees, ongeskeie en onvermeng, in die midde van die kerk. Die heerlike waarheid is vir die kerk herkenbaar aan die werke van Christus en die Gees in kerk en wêreld. Dit is vir die kerk ook kenbaar deur die geloof waardeur hy alles vir waaragtig hou wat God in sy Woord geopenbaar het, met 'n vaste vertroue wat die Heilige Gees deur die Evangelie in die harte van die gelowiges werk.

Die Gees werk deur die Woord. Gees en Hoof spreek tot die kerk deur één Woord.[114] Daarom is daar geen geopenbaarde, objektiewe kerkwet buite die Woord om nie. In die regering van die kerk is Hoof en Gees verbonde aan die Woord: die Woord waarin die Gees die wil van God bekend maak; die wil of raad van God waarvolgens Christus as Hoof van die kerk alle mag in die hemel en op aarde uitoefen. Christus regeer sy kerk deur sy Gees en Woord vir sover dit die bewuste gehoorsaamheid van die kerk betref. Hoof, Gees en Woord is dus in die kerkregering 'n onlosmaakbare eenheid.[115] Wie een van die drie in die kerkregering opsyskuif, skuif

---

[110] J. Behm, ibid.

[111] Joh. 16:7 *ὁ παράκλητος … πρὸς ὑμᾶς.*

[112] 1 Joh. 2:1 *παράκλητον … πρὸς τὸν πατέρα.*

[113] J.P. Versteeg: op. cit., p. 383.

[114] Joh. 16:13 en 14. Vgl. C. Schüle: op. cit., pp. 62—3.

[115] Vgl. A.D.R. Polman: Onze Nederlandsche Geloofsbelijdenis, deel I, p. 216 e.v.;

aldrie opsy. In die Heilige Skrif ontmoet die kerk objektief die wil van sy Hoof, Christus, in sy volle soewereiniteit.[116]

Die heerskappy van Christus in die instituut het 'n organiese karakter want "die kerk word enersyds deur Hom geregeer en moet andersyds saam met Hom in die wêreld regeer ... die kerk is ... nie alleen vrug van Christus se diens nie maar ook middel waardeur Hy sy diens voortsit en voltooi. Dit is produk en produsent tegelyk".[117] In die kerk het God in Christus geopenbaar "that he will reign and be 'all in all'. At the moment, God's sovereignty is not accepted anywhere; it is however to be observed in the church".[118]

God regeer in Christus oor die kerk. Christus is as Hoof ook die Begin (*ἀρχή,* Kol. 1:18) van die kerk. *Ἀρχή* dui Hom aan as die Koning van sy volk. "Hoof-liggaam wil hier sê: volksverband onder 'n Heerser".[119]

Die lewenseenheid tussen Hoof en kerk laat die kerk deel in wat met die Hoof gebeur. Dit verduidelik Paulus nader in Ef. 4:15 e.v. en Kol. 2:19. Wat die gemeente in Christus is, moet dit in die praktiese lewe steeds in ryker mate word. In die kerkregering gaan dit om die "waarheid", "vrede" en "liefde". Die wet van die Hoof van die liggaam is vir die kerk lewenswet. Wie die bevel van die Hoof gehoorsaam, lewe, groei op in Hom wat die Hoof is. Dit word duidelik saamgevat deur Ridderbos: Die kerk is "het lichaam, dat als een welsluitend geheel en bijeengehouden door de dienst van al zijn geledingen aan Christus zijn wasdom ontleent om zichzelf op te bouwen in de liefde, Eph. 4:16; of, zoals er in soortgelijke woorden in Kol. 2:19 staat: het lichaam, dat door pezen en banden ondersteund en samengebonden uit Christus, het Hoofd, zijn goddelijke wasdom ontvangt. Wij hebben hier in zekere zin met dezelfde gedachten te doen als in Rom. 12 en 1 Kor. 12: de gemeente moet,

---

deel IV, pp. 8—9.

[116] Vgl. J. Calvyn: Inst. I, xiii, 9 en IV, 8, 1. Ook Calvyn aan Sadoletus, by C. Schüle: op. cit., p. 64.

[117] G.P.L. van der Linde: Die Koninkryk van God en die Kerkreg, p. 220.

[118] G.H.P. Thompson: op. cit., p. 43.

[119] W.J. Snyman: "Kerk" in die Nuwe Testament, op. cit., p. 9.

als lichaam van Christus zich ook als een echt lichaam, in eenheid en verscheidenheid, openbaren. Slechts treedt hier, sterker dan in Rom. en 1 Kor., het geestelijk verband tussen de gemeente en de verheerlijkte Christus naar voren, die dan telkens het Hoofd genoemd wordt niet alleen van alle dingen, maar ook van de gemeente, die zijn lichaam is".[120] In die kerkregering bly die kerk voortdurend van die Hoof afhanklik, veral vir die handhawing van gesonde onderlinge verhoudinge. Abbott[121] wys daarop dat dit in Ef. 4:16 hoofsaaklik gaan om die "vital cohesion and union" van die lidmate, terwyl dit in Kol. 2:19 gaan oor "dependence on the Head". In beide gevalle geld dit dat "the present participles are to be noted; the process is a continuing one". Wie hom as Hoof loslaat, verval uit die kerk van Christus, "since it is from Christ as their head that all members of the body acquire their capacity to function aright in harmony with one another".[122] Dit staan teenoor alle individualisme in die kerk. Wie alléén wil groei, dwaal. Die kerkregering is alleen Christusregering as dit die hele liggaam laat groei, "in conformity to Christ".[123] Die onderskeidingsvraag in die kerkregering is: word aan die Hoof vasgehou (Kol. 2:19)?

Die feit dat Christus die Gesagshoof van die kerk is, bring mee dat die liefde die modus quo van die kerkregering bepaal. Die waarheid moet in liefde betrag word. Waar van die waarheid afgewyk word, of die kerkregering in 'n koue regsproses ontaard, is die Hoof losgelaat. Dieselfde geld vir sluheid en listigheid (Ef. 4:14), wanneer in die kerkregering oor 'n teenparty 'n oorwinning behaal word met onheilige sette of geknoei.[124]

*Samevattend:*

---

[120] H. Ridderbos: Paulus, op. cit., pp. 422—3: Ridderbos erken hiermee dan tog die lewenseenheid, die organiese eenheid., tussen "Hoof" en "liggaam". Vgl. P.S. Minear: op. cit., p. 251.

[121] Op. cit., p. 271. Vgl. P.S. Minear: op. cit., p. 253.

[122] F.F. Bruce: op. cit., p. 251.

[123] C. Hodge: op. cit., p. 240.

[124] Vgl. W. Hendriksen: Ephesians: op. cit., p. 202: "deceitful scheming". *κυβείᾳ* kom van *κυβος,* 'n spel met dobbelstene waarin allerlei listighede ("tricks") gebruik is om te wen.

Christus is die Hoof van die kerk. Hy alleen het gesag. Die kerk is slegs dáár waar sy gesag eerbiedig word. En sy heerskappy is Persoonlik: dit sluit mense uit. Naas sy Persoonlike heerskappy, oefen Hy sy gesag in die kerk ook uit deur die Heilige Gees met die Woord van God.

***2.2.3. Die kerk as Liggaam van Christus***

Christus word Hoof van die kerk genoem terwyl die kerk in een asem sy liggaam genoem word. Van hierdie tipies Pauliniese karakterisering van die kerk bestaan daar 'n veelvuldige rykdom van verklaringe, waarop hier nie ingegaan kan word nie.[125] Soos reeds in die voorgaande aangetoon is, dui die metafoor "Hoof-liggaam" 'n lewenseenheid aan tussen Christus en sy kerk. Die kerk ontvang sy lewe uit Christus en word deur Hom regeer.

"Liggaam" bedoel nie die "vlees" wat die Woord geword het (Joh. 1:14), die historiese liggaam[126] van Christus nie. Dit dui alleen oordragtelik die lewenseenheid van die gelowiges met mekaar en met Christus aan, want die gelowiges is nie die werklike hande, oë, voete (1 Kor. 12) van Christus nie. Aan die ander kant is die kerk nie 'n blote pneumatiese eenheid nie. Die eenheid van die kerk is realisties en organies. Die kerk is die mensheid wat in Christus behoue is.

Die eerste nadruk val op die eenheid van die kerk in Christus. Dit sluit alle gedagtes aan 'n meganiese[127] eenheid uit, want 'n liggaam bestaan nie uit 'n aantal ledemate wat aanmekaar gevoeg is nie. In 'n organisme is die eenheid juis oorspronklik. Dit is 'n

---

[125] Vgl. hier J.J. Meuzelaar: op. cit., pp. 1—19; W.D. Jonker: Mistieke liggaam en kerk in die Nuwe Rooms-Katolieke Teologie, p. 109 e.v.; H. Ridderbos: Paulus, op. cit., pp. 404—12; C. van der Woude: Het Beginsel van de Collegialiteit, p. 13; H.M. Matter: De Kerk als lichaam van Christus, pp. 7—11; H. Paradis: op. cit., p. 96; T.F. Torrance: op. cit., p. 127.

[126] Ernst Percy: op. cit., p. 44: "Dieser mit der Gemeinde identische Leib Christi ist deshalb im Grunde kein anderer als jener, der am Kreuze starb um am dritten Tage auferstand".

[127] H. Paradis: op. cit., p. 115: "Pour Paul, front partie du corps du Christ ceux qui sont unis physiquement du corps mort et ressuscité du Christ par le moyen des sacrements". Vgl. ook pp. 104—7.

lewenseenheid wat meer is as die somtotaal van die samestellende dele. Die oorspronklike eenheid bepaal die bestaan en werking van die verskillende dele. “Liggaam van Christus” wil dus sê: die gelowiges is nie elkeen met sy eie verhouding eers afsonderlik aan die Hoof verbind, om dan later met mekaar as ’n eenheid saamgevoeg te word nie. Die eenheid van die kerk bestaan in Christus, “want net soos die liggaam een is en baie lede het, en al die lede van die een liggaam, al is hulle baie, een liggaam is, so ook Christus” (1 Kor. 12:12). Die kerk is “’n organisme met die geheel voor die dele”.[128] In die kerk word die organisme van die mensheid behou soos blyk uit Rom. 11:11 e.v., want “dit gaan in die versoeningswerk van Christus om die wêreld, om nasies, en nie bloot om enkelinge nie”.[129] Israel is hier voorbeeld van elke volk. “Liggaam van Christus” bring tot uitdrukking die eenheid van die mensheid wat uit elke volk “ingeënt” word op die “mak olyfboom” (Rom. 11:24). Aan die organiese eenheid van die volk van God word ’n universele strekking gegee, nie alleen deur die nasies in hulle gelowiges saam te reken tot die “saad van Abraham” (Gal. 3:16, 27—29) nie, maar ook deur selfs agter Abraham op Adam terug te gaan en Christus as die tweede Adam en die gemeente as die “nuwe mens” (Ef. 2:15) te omskryf. Die kerk is dus nie ’n eie en aparte organisme, los van die mensheidsorganisme, nie. Die “liggaam van Christus” is die behoue mensheidsorganisme wat in Christus uitverkies is, en uit sy Middelaarswerk lewe en groei. Van die organiese eenheid, die kerk, is Christus die Begin. Dit is nie ’n geestelike beginsel nie, maar Christus as Begin word nader beskryf deur “Eersteling uit die dode”. Christus se posisie as Hoof, Begin, Eersteling, *Soter* berus op die feit van sy opstanding uit die dode. So is Christus die “oorsaak van die kerk wat as groeiende organisme histories verwesenlik word”.[130]

---

128 W.J. Snyman: “Kerk” in die Nuwe Testament, op. cit., p. 7.

129 Id. Kommentaar by Rom. 11:15, in: Bybel met Verklarende aantekeninge, Verenigde Protestantse Uitgewers, Kaapstad, 1959. J.C. Coetzee: op. cit., vir uitvoerige behandeling van die saak.

130 W.J. Snyman: “Kerk” in die Nuwe Testament, op. cit., pp. 7—8.

## 2.3. Die aanverwante beelde in die Nuwe Testament

In sy omvattende studie wys Minear[131] op die rykdom van beelde waarmee die kerk in die Nuwe Testament omskryf word. Eén beeld bepaal nie alleen grondleggend die ekklesiologiese openbaring nie, want "die neutestamentlichen Schriftsteller denken nicht von einem Bild her, über dem sie ein umfassendes Gebände von Vorstellungen errichten, sondern sie gehen offenbar von einer Wirklichkeit aus, die hinter allen Bildern steht".[132] Omdat geen beeld die voorrang het nie, wen "alle Bilder, die zum Gesamtpanorama gehören, an Bedeutung"[133] deur hulle in hul samehang met mekaar te besien. Die "hoffnungslose Bemühen"[134] moet nagelaat word om één beeld tot sleutel te maak. Wanneer so baie beelde ons oë op dieselfde werklikheid rig, word die grootsheid van dié werklikheid immer duideliker. Die één werklikheid wat agter al die beelde staan, is die verklaring waarom die beelde soms so "paradoksaal" vermeng kan word, terwyl dieselfde beeld, andersins, weer toegepas word op die enkele gelowige, die plaaslike kerk of die ganse kerk, bv. tempel en liggaam. "Das erklärt sich aus dem gemeinsamen Wissen um eiene Wirklichkeit, die alle Bilder umgriff. Der Schreiber konnte bei seiner Lesern die Erfahrung *eines* Kräftfeldes voraussetzen, die eine mathematische genaue Beschreibung dieses Feldes überflüssig machte. Die Leser würde sich durch krasse logische Widersprüche oder Stilbrüche nicht storen lassen. Die Wirklichkeit, auf die alle Analogien sich bezogen, war eine so gewaltiges Geheimnis, dass sie wie ein Magnet das Bild unter ihre Herrschaft zwang".[135] Die "Vielfalt und Elastizität" [136] van Paulus se denke in die beelde kan ook nie volledig saamgevat word nie. Dit is "fast unmöglich, ein so komplexes Idiom wie das Bild von Haupt,

131 Op. cit.

132 Id., p. 229.

133 Ibid.

134 Ibid.

135 Id., p. 232. Vgl. p. 250: "Das Denken bewegt sich von der geschauten Wirklichkeit zu Bild".

136 Id., p. 235.

Leib und Gliedern ganz getreu zu übersetzen".[137] Minear onderskei ses en negentig beelde in die Nuwe Testament waardeur die kerk omskryf word. Veral drie van die beelde is aanverwant aan die Hoof-liggaam beeld, omdat dit die verhouding tussen Christus en die kerk omskryf. Dit is: wynstok en lote, Joh. 15; hoeksteen en gebou, Ef. 2:19—22 en 1 Petr. 2:1—10; Herder en kudde, Joh. 10:1—21. *Sonder* Hoof is daar geen liggaam, sonder wynstok geen lote, sonder Herder geen kudde, sonder hoeksteen geen gebou nie.[138]

*Wynstok en lote, Joh. 15:1—10*

Jesus vereenselwig Hom met die wynstok;[139] Hy is die egte wynstok, wat op die naam geregtig is,[140] en nie die voorbeeld van die wynstok by uitnemendheid nie. Tussen die wynstok en die lote is daar lewensgemeenskap, want die lote lewe uit die krag wat van die wynstok uitgaan, en dra uit die krag ook vrugte. Die eenheid tussen Christus en die gelowiges is die voorvereiste vir lewe in die kerk (vs. 4, 5). Die eenheid tussen wynstok en lote is ’n onskeibare eenheid: geskei van die wynstok is die lote dood (vs. 6).[141] Tog is in die eenheid wynstok en lote duidelik onderskei in vs. 5: "Ek is die wynstok, julle die lote". Christus en sy kerk is ook in hierdie beeld ongeskeie en onvermeng,[142] so verbind dat die kerk uit Hom lewe en vrugte dra. Daarby is dit opmerklik dat Jesus dit in sy afskeidsrede beklemtoon. Hy gaan weg, maar die lewenseenheid tussen Hom en die kerk bly bestaan.

’n Soortgelyke beeld is die van wortel en takke in Rom. 11:16—24.[143] Ook hier gaan dit om lewenseenheid. Die heidene moet "ingeënt" (vs. 17) word om deel te hê aan die wortel, en daarmee aan

---

137 Ibid.

138 *Vgl.* Gemeentevormen en Gemeenteopbouw, p. 30.

139 F.W. Grosheide: Het Heilig Evangelie volgens Johannes, p. 332: Hy noem dit ’n allegorie, omdat geen trek genoem word wat nie oorgedra word nie.

140 F.W. Grosheide: Johannes, op. cit., p. 332. Vgl. H. Alford: op. cit, I, p. 857: "The Vine and branches... answers to the Head and members... linked together by a common organization, and informed by one and the same life".

141 Vgl. Kol. 2:19.

142 Vgl. J. Calvyn: Kommentaar by vs. 9.

143 Die beeld sien wel op Abraham en Israel, maar dui die organiese samehang aan.

die ryke lewenskrag vanuit die wortel.

*Die kerk as lewende gebou*

Petrus sluit in 1 Petr. 2:1—10 aan by Jes. 28:16; Ps. 118:22 en Jes. 8:14. Al hierdie Skrifgedeeltes spreek oor ’n “steen” of “hoeksteen”, wat Petrus as ’n verwysing na Christus verklaar. Die verskillende konnotasies waarmee hier oor steen en hoeksteen gespreek word, maak die beeldspraak gekompliseerd. Tog kan Petrus se bedoeling duidelik verstaan word. Die lewenseenheid tussen Christus (“die lewende steen”, vs. 4) en die kerk (huis van lewende stene, vs. 5) word deur Petrus na vore gebring om die volkome afhanklikheid van die kerk uit te beeld. God volbring sy plan ook daardeur dat mense Christus verwerp en kruisig, terwyl Hy as Gekruisigde die Lewensbron van sy kerk as organiese eenheid word, sodat “wie Christus zegt, zegt kerk. Individualistisch Christendom is aan de brief van Petrus onbekend, omdat het onbestaanbaar is”.[144]

Die kerk word as geestelike huis op ’n lewende steen opgebou uit lewende stene, in ’n volkome gemeenskap.[145] Buite hierdie lewende gemeenskap maak geen mens deel van die lewende gebou op die lewende steen uit nie (vs. 7).[146] Petrus stel met sy oproep in vs. 4 dus ’n onmisbare vereiste. “Lewende steen” sê meer as dat Hy lewe. Hy is lewe, en deel lewe mee, daarom staan by *λίθον ζῶντα* geen *ὡς* maar by *λίθοι ζῶντες* (die gelowiges, vs. 5) wél *ὡς*. Hulle word deur die geloof, deur na Hom te kom, lewende stene in hulle gemeenskap met Hom. Hy hou hulle byeen as ’n *οἶκος πνευματικὸς.*

Hierby sluit die beeld van Paulus in Ef. 2:19—22 baie nou aan. Op die hoeksteen, Jesus Christus (vs. 20) “groei” [147] die gebou van die kerk. Die beeld is een van ’n lewende eenheid, en nie van ’n

[144] M.H. Bolkeristein: De Kerk in de Wereld, p. 49. Vgl. ook C. Hodge: op. cit, p. 151. Die hele gebou van die kerk rus op die hoeksteen Christus, en nie elke gebou, soos T.K. Abbott: op. cit., p. 69 verklaar nie.

[145] S. Greijdanus: De Brieven van de Apostel Petrus en Johannes en de Brief van Judas, p. 91. Hy wys op die dubbele *πρὸς*, vs. 4.

[146] C. Hodge: op. cit., p. 151.

[147] αὔξει, vs. 21

statiese gebou nie. As hoeksteen van die groeiende gebou is Christus "the principle of the church's stability, direction and growth ... finalizes its shape . .. it determines the lay of the walls and the crosswalls throughout".[148] Eenheid met Christus is die "sole essential condition"[149] wat deelgenootskap aan die kerk bepaal. Dit word uitgedruk deur "in wie" en "in die Here" (vs. 21).

*"Eén Herder, één kudde"*

Die eenheid van Christus en sy kerk word ook bevestig in die bekende uitspraak van die Here in Joh. 10:16: "en dit sal wees een kudde een herder". "Een kudde" is die hegte eenheid van die universele kerk. Die plaaslike kerk is eweneens 'n eenheid. Daarom noem Paulus die kerk in Efese in Hand. 20:28 die "hele kudde". Losgemaak van die kudde, is 'n skaap ook los van die herder en "verlore" (Luk. 15:4).

Die een Herder bind die verskeidenheid skape saam tot een kudde.[150] En dit gebeur deurdat Hy sy lewe vir die skape gee (vs. 15). Die werklikheid is hier véél groter as die beeld, want wat sou 'n gestorwe herder vir die skape kon beteken? Hoewel die organiese eenheid hier nie ten volle tot uitdrukking kom nie, word die eenheid van Herder en kudde tog gefundeer in die één lewe van die Herder: die skape lewe uit die lewe van die Herder; Hy is die Goeie Herder omdat Hy sy lewe aflê vir die skape, en: Hy neem die lewe weer vir die skape.[151] Opsommend kan gekonkludeer word dat die beelde waarmee die Nuwe Testament die verhouding tussen Christus en sy kerk omskryf, nou saamhang, sodat die beeldspraak meermale ineenvloei.[152] Gemeenskaplik in al die beelde bly die saambin-

---

148 W. Hendriksen: Ephesians, op. cit., p. 147; T.K. Abbott: op. cit., p. 69: Hoeksteen dui nie die primus inter pares aan nie, maar "as connecting and concentrating on itself the weight of the building" is dit van groter betekenis selfs as die fondament.

149 C. Hodge: op. cit., p. 152.

150 F.W. Grosheide: Johannes II, op. cit., p. 117: Die een Herder is die grond van die eenheid van die kudde. Vgl. Eseg. 34:23; 37:24.

151 Vgl. J. Jeremias: s.v. *ποιμην,* T.D.N.T. VI, p. 496.

152 H. Ridderbos: Paulus, op. cit., pp. 481—2.

dende, lewegewende en beheersende plek van Christus: in Hom alleen het die kerk sy eenheid, lewe en gesag.

## 2.4. Christus as Hoof en die ampte in die kerk

Die gemeente groei uit (Kol. 1:19) en groei op in (Ef. 4:15) sy Hoof. Die kerk lewe, en moet steeds meer bewustelik lewe, uit sy Hoof. Die groei is 'n groei na volkomenheid. Om die rede is die kerk blywend voorwerp van die sorg van sy Here. Hierdie sorg van die Here spreek ook uit die beeld van die opbou van die kerk (Ef. 2:19) wat tegelykertyd "groei" (Ef. 2:21) in Hom is. Die sorg van die Here vir sy kerk is die versorging deur die Goeie Herder (Joh. 10), en die groei is die vrugdra van die lote uit die krag van die wynstok (Joh. 15). In al die beelde domineer die openbaring van die feit dat die kerk sy lewe put uit die lewe van Christus. Daarom vloei die beelde van groei en opbou meermale ineen — en kan hulle maar ineen vloei — om die kerk se afhanklikheid van, en sy lewenseenheid met, Christus uit te druk.

### *2.4.1. Hoof en amp*

As Hoof van die kerk skenk Christus lewe en groei en opbou in die kerk ook deur die gawes en kragte wat Hy in die gemeente diensbaar stel. Maar dan staan steeds voorop dat Hy alleen die Christus is wat in sy enige amp as Middelaar verlos én laat lewe én regeer. Hy gee Homself aan die kerk; en Hy Self regeer die kerk.

Tog is dit sy welbehae om die kerk ook deur mense te versorg en deur hulle diens te laat groei. Met hierdie diens moet sy Persoonlike en lewende teenwoordigheid nie vereenselwig word nie.[153] Maar Hy gee die toerusting in die kerk "tot opbouing van die liggaam van Christus" (Ef. 4:12).

In die opbou van die gemeente word elke individuele gelowige versorg, maar dan as lid van die liggaam, want juis die liggaam, die organiese eenheid van die kerk, moet tot volkomenheid kom. Die

---

[153] A.A. van Ruler: Bijzonder en Algemeen Ambt, p. 75. Hy haal in voetnoot 9 met instemming vir P.H.J. Hoedemaker aan wat "het kerkelijk ambt" vereenselwig met "de levende tegenwoordigheid van den levenden Christus in zijne gemeente".

volkomenheid kom deurdat die kerk openbaar en bewaar wat in Christus ontvang is. Die kerk ontvang van Christus sy eenheid in die geloof, kennis en betragting van die waarheid, en liefde tot God en mekaar (Ef. 4:13—16).

Die toerusting wat Christus aan die gemeente gee “vir sy eie opbou in die liefde”, kan onder twee hoofde saamgevat[154] word: gawes[155] en dienste.[156] Onder *gawes* kan saamgevat word alles wat die Hoof deur die Heilige Gees aan die gelowiges skenk, om te gebruik in die toerusting en opbou van die gemeente. Daaronder is die belangrikste die gawes van lering en vermaning, doeltreffende regering van die gemeente en onderlinge diensvaardigheid. Onder *dienste* kan saamgevat word die bepaalde bedieningswyses wat God deur Christus ingestel[157] het en wat berus op roeping[158] of aanstelling[159] deur die Heilige Gees (Hand. 20:28). Hierdie roeping bevestig die Heilige Gees met die verkiesing van ampsdraers deur die kerk. Dit is die institutêre of formele karakter van die amp. Hierdie bedieningswyses bewerk die “regte funksionering van die kerk as liggaam van Christus”.[160] Gewoonweg word dit “amp” of “diens” in die kerk genoem.

Tussen gawes en dienste bestaan daar geen teëstelling nie.[161] Die gesag van die dienste in die kerk vloei uit die roeping voort en

---

154 *χαρίσματα* (Rom. 12:6) en *δόματα* (Ef. 4:8).

155 Vir volledige besonderhede, vgl. P.A.E. Sillevis Smitt: op. cit, pp. 116—129; E. Schweizer: The Church Order in the New Testament, p. 164 e.v.; H. Ridderbos: Paulus, p. 492 e.v.; B. Gassmann: Ecclesia Reformata Band IV. Die Kirche in dem Reformierten Bekenntnissschriften, p. 408.

156 *διακονίᾳ* (Rom. 12:7; Ef. 4:12; Kol. 4:17).

157 *ἔθετο*, 1 Kor. 12:28; *ἔδωκεν*, Ef. 4:11. Vgl. A.A. van Ruler: Bijzonder en Algemeen Ambt, op. cit., p. 61 e.v.

158 P.A.E. Sillevis Smitt: op. cit., p. 119.

159 H. Ridderbos: Paulus, op. cit., p. 497. Hy spreek van “institutionaliteit, geordendheid”.

160 Id., p. 514.

161 P.A.E. Sillevis Smitt: op. cit., p. 122; vgl. Konrad Kaiser (Herausgeber). Löwen 1971, p. 232 e.v.; H. Ridderbos: Paulus, op. cit., pp. 496, 497; J. Calvyn: Zendbrieven, op. cit., kommentaar by Ef. 4:11: wanneer ’n mens deur God geroep is, gaan die gawe noodwendig saam met die amp.

nie uit die gawes van die ampsdraer nie. Bekwaamheid in die ampswerk is egter 'n saak van gawes.[162] Bepaalde gawes is vir die gemeente gegee as vaste ordening van sy bestaan. Paulus beskrywe dit ook onder die beeld van Hoof en liggaam, in Ef. 4:11—16. Selfs in die pastorale briewe is die gawes ten nouste verbonde met die dienste (1 Tim. 1:18; 3:1 e.v.; 4:14; 2 Tim. 1:6; 2:24; Tit. 1:6 e.v.).

Die dienste is nie 'n amptenary wat buite en teenoor die gemeente staan om namens 'n hoër gesag op te tree nie. Die dienste is organe in sy liggaam waardeur Christus as Hoof die gemeente bedien. Die "dienste" is self "gawes" waarmee die Hoof sy kerk toerus "so: dat ons dienaars van die Evangelie het, is sy gawe, dat hulle uitnemend is, is sy gawe, dat hulle die amp, wat hulle beveel is, bedien, dit is sy gawe".[163]

Christus, met nadruk in Ef. 4:11, gee[164] die ampte. Dit kom nie uit die kerk self op nie. Dit is die wyse waarop Hy die kerk tot sy doel bring, nl. "opbouing van die liggaam" (Ef. 4:12); dit is: "opgroei in Hom wat die Hoof is, naamlik Christus" (Ef. 4:15).

### *2.4.2. Amp en gemeente*

Die plek van die kerklike ampte is in,[165] as deel van, die gemeente. As organe bedien die ampte in die liggaam van die kerk die gawes waarmee Christus die ampsdraers toerus. Met hierdie gawes moet die ampsdraers weer die gemeente toerus. Dit is 'n verkeerde voorstelling deur Roberts[166] wanneer hy die "teenoorstelling" van die ampte ten opsigte van die gemeente verskerp tot "hul teenoorstelling teenoor die liggaam as geheel" en die ampte dan boonop kwalifiseer as "draers van die outoriteit van Christus". Christus dra sy outoriteit *nooit* oor aan 'n mens nie. 'n Ampsdraer is nie 'n tussenganger tussen Hoof en liggaam nie. Om die rede is alle

---

162 P.A.E. Sillevis Smitt: op. cit., p. 123.

163 J. Calvyn: Zendbrieven, op. cit., Ef. 4:11; H. Ridderbos: Paulus, op. cit., p. 493.

164 Ef. 4:11: *καὶ αὐτὸς* verwys na vs. 11. Vgl. F.W. Grosheide: Efeziërs, op. cit., p. 66; Weltkonferenz, op. cit., p. 69; H. Ridderbos: Paulus, op. cit., p. 166.

165 P.A.E. Sillevis Smitt: op. cit., p. 199. J.H. Roberts: op. cit., p. 143. Vgl. Hand. 20:28 en hooi. (hooi ??? -WJS)

166 Op. cit., p. 143.

ampsbediening in die kerk altyd voorwaardelik, dit wil sê altyd toetsbaar aan die Woord van God. Die bedienaars in die ampte is "lede" in die "liggaam" (1 Kor. 12). Die "gedagte van hiërargie" [167] bly onvermydelik kleef aan ampsdraers wat in 'n posisie "teenoor die liggaam as geheel" gestel word. Duideliker, en korrek volgens die dienskarakter van die ampte, stel Roberts[168] die posisie van die ampte as *αφαι.* (vgl. Kol. 2:19; Ef. 4:16), dit wil sê verbindinge, of gewrigte. Die liggaamlike bindweefsel of gewrigte behoort self tot die liggaam en is, in die organiese geheel van die liggaam, betrokke in die self-opbou van die liggaam. Dit kan dus nie teenoor of buite of bo-oor die liggaam gestel word nie. Dit is in die liggaam en bedien die liggaam as organe.

As gawe van Christus het die dienste blywende betekenis in die kerk. Daarsonder disintegreer die kerk as liggaam. Die liggaam is egter primêr, want die ampte is gegee ter wille van die kerk, en nie omgekeerd nie. Deur die ampte tree die kerk as liggaam sigbaar in die geskiedenis op.[169] Die liggaam funksioneer dus, as liggaam, deur die ampte as organe.

Die amp staan nie teenoor die gemeente nie, maar is deel van die gemeente. Dit is opmerklik dat Paulus, juis wanneer hy oor die ampte in die gemeente praat, die kerk "hele liggaam" (Ef. 4:16) noem. Tegelykertyd omskryf hy die kerk as "goed saamgevoeg en saamverbind deur die ondersteuning wat elke lid gee volgens die werking van elke afsonderlike deel in sy mate" (Ef. 4:11—16). En juis uit die Hoof ontvang die welgeordende geheel van die kerk sy wasdom[170] deur die gewrigte en verbindinge wat dit ondersteun en

---

[167] Id., p. 144.

[168] Id., pp. 140, 144. Vgl. Ef. 4:16. *αφαι* kom van *ἅπτω,* vasbind, en het die mediestegniese betekenis van band of ligament. Vgl. W. Bauer: op. cit., p. 124. Vlg. ook C. Hodge: op. cit., p. 241; F. Bruce: op. cit., p. 251 e.v.; H. Ridderbos: Koloszensen, op. cit., pp. 194, 195; A.A. van Ruler: Is er een ambt van Geloovigen, p. 18.

[169] H. Ridderbos: Gezag en Ambt, p. 164; Weltkonferenz, op. cit., p. 63; J. H. Roberts: op. cit., p. 145.

[170] Kol. 2:19: "so met goddelike groei groot word". Vgl. hier: E. Lohse: op. cit., p. 179.

saambind (Kol. 1:19). Dit dui die plek en werk van die ampte aan "en misschien is er geen schonere kwalificatie van de ambten dan: geledingen van het lichaam".[171] Die ampte het die funksie om die gemeente se eenheid as verlostes van Christus te bevorder en te bewaar. Daarom kry hulle die opdrag om die gemeente toe te rus vir die dienswerk waardeur die "liggaam van Christus" (Ef. 4:11, 12) deur die gelowiges opgebou word. En die opbou van die liggaam geskied wanneer hulle hul roeping as gelowiges vervul in liefde, in die eenheid van die Gees en in vrede (Ef. 4:1—6). "Die self-opbou waarin die hele liggaam en al die lede betrokke is, kan slegs plaasvind *διὰ πάσης ἁφῆς τῆς ἐπιχορηγίας*.[172]

Sonder die ampte bestaan die gemeente wel as geroepe gelowiges, maar in ongeordendheid sodat dit nie organies kan funksioneer nie.

Opsommend kan vasgestel word dat die amp dus 'n bediening is wat Christus in die gemeente gegee het, waardeur Hy in die gemeente as sy liggaam werk. Maar die gemeente het die ampte ook as sy organe waardeur hy na buite werk as geordende geheel. As organiese Hoof is Christus die lewe van sy kerk; as Gesagshoof regeer Hy sy liggaam tot in elke vesel. Die tweërlei betekenis van Hoof is ook met betrekking tot die ampte nie van mekaar te skei in Christus se verhouding tot sy kerk nie.[173]

### *2.4.3. Gesag en amp*

Christus dra sy gesag nie oor aan 'n mens nie. Daar is geen mens aan wie die naam "hoof van die kerk" toekom nie, selfs nie in die sin van "onderhoof" nie, want Hy alleen is Hoof. Tussen Christus en die gelowiges is daar geen tussenpersone nie.

En tog is aan die amp in die kerk gesag verbind.[174] Die Apostel

---

[171] H. Ridderbos: Gezag en Ambt, op. cit., p. 165.

[172] J.H. Roberts: op. cit., p. 140.

[173] W. Hendriksen: Ephesians, op. cit., p. 203.

[174] Vgl. B. Gassmann: op. cit., p. 223: "Das Verhältnis von Kirche und Christus bewegt sich auf der Ebene van *Gehorsam und Autorität*... Das Haupinteresse richtet sich nicht auf die Autorität der Kirche als ganzer, sondern auf die Autorität in der Kirche durch die Amtsträger".

vermaan die gemeente tot onderworpenheid (1 Kor. 16:16), en tot erkenning of hoogagting (1 Thess. 5:12; 1 Kor. 16:18; Fil. 2:29). In die amp tree die bediening van die gesag en mag van Christus na vore. Die optrede van die ampte in die gemeente is dus nie ŉ blote onderlinge diens tussen gelowiges nie. Die ampte staan onder opdragte van Christus om gesag en mag in die kerk te bedien. En so moet die gemeente dit erken en gehoorsaam.

Tegelykertyd gee Christus die verskeidenheid van dienste in die eenheid van die kerk (1 Kor. 12:28; Ef. 4:11 e.v.; Rom. 12:7, 8). Daar is in die verskeidenheid nie ŉ hiërargiese rangorde nie, want elke diens bly maar net lid in die liggaam (1 Kor. 12:12). En omdat Christus alleen heerskappy het, bly die outoriteit van die amp maar net *bediening* van die gesag van Christus, die Hoof van die liggaam.

Die bedienende gesag van die amp in die kerk berus op die woorde van Christus: "Julle sal My getuies wees" (Hand. 1:8). Die ampsgesag berus dus op roeping en bestaan in die inhoud wat bedien word. Die inhoud moet, om gesagvol te wees, die gesag van Christus bedien. Christus gee aan sy dissipels volmag om in sy Naam te spreek wanneer Hy sê: "Wie na julle luister, luister na My; wie julle verwerp, verwerp My; en wie My verwerp, verwerp Hom wat My gestuur het" (Luk. 10:16). Maar in die volmag lê ook ŉ eis opgesluit: "dan wil *Hij* ook metterdaad in zijn discipelen, zijn ambtsdragers, zijn kerk gehoord worden".[175] Dit hou in dat sy gesag bedien moet word in die volle omvang daarvan, en nie na eie goeddunke nie. Want Sy leer was "met gesag" — in teenstelling met die van die wettiese Skrifgeleerdes — omdat Hy die wil van sy Vader kom doen het. Daarom het Hy die guns van mense nie gesoek nie (Joh. 6:66, 67), maar was tog vol medelyde met die herderlose skare (Matt. 9:36; Mark. 6:34). Die volmag wat Christus aan die ampte gee, vereis bowenal dat in die ampsbediening die Evangelie gehoor moet word "dat Hij zelf die weg, die waarheid en het leven is en dat niemand tot de Vader komt dan door Hem".[176] Die gesag van die amp in die kerk moet dus die waarheid tot inhoud hê. Die

---

175 H. Ridderbos: Gezag en Ambt, op. cit., p. 168.

176 Ibid.

herderlike bewoënheid oor die skape, én oor die verlore skape, van die Opperherder moet onverdag wees. Die gestalte en die optrede van die ampsgesag moet dienend en nie heersend wees, of wil wees nie. Dit moet die versoeking tot heerskappy afwys. Maar bowenal ontvang die amp in die kerk sy gesag daaruit dat dit in al sy ywer en liefde vir die waarheid, in al sy herderlike bewoënheid, in sy dienskneg-ootmoedigheid *"van zichzelf afwijst"*[177] en na Christus heenwys, die Gekruisigde en Opgestane Hoof van sy kerk.

Hier is die kruispad vir die ampsgesag. Om met gesag te kan spreek en optree, tot die lewe of tot die dood, moet die ampsbediening Christusgetuienis wees. Alleen deur die mens in "confrontatie" [178] met Christus, die Hoof, te stel, besit die ampsbediening waarlik die gesag en mag wat Christus daaraan verleen. Die amp kan hom op sy formele beginsel van bevoegdheid tydelik selfs met groot mag en sukses handhaaf. Maar vir gesagsuitoefening, wat die goedkeuring van die Hoof wegdra, kan die ampsdraer hom nooit daarop beroep dat hy "draer van die outoriteit van Christus" [179] is nie. As dienskneg van Christus beroep die ampsdraer hom op die formele beginsel van sy gesag, dat hy geroep en bevestig is, alleen ter wille van die inhoudelike van sy gesagsuitoefening, nl. op die bediening van die Woord. "The truth takes precedence over apostleship. While Paul may often have felt he could not defend his gospel without meeting attacks on his office, he nowhere makes the latter a primary argument for the former.[180]

Die weg volg die apostels ook in Hand. 15. Dit blyk duidelik uit Hand. 15:7—21. Petrus beroep hom in die bespreking nie op sy amp as apostel nie, maar sluit aan by die openbaring wat bekend is (vs. 7) en verklaar (*ἐξηγήσατο,* vs. 14) op grond daarvan wat die wil van God is. Dan spreek Jakobus. Hy bevestig die beginsel: God het uit die nasies (*ἐξ ἐθνῶν,* vs. 14) vir Hom 'n volk (*λαός*, vs. 14)

---

[177] Ibid. Vgl. ook A. A. van Ruler: Bijzonder en Algemeen Ambt, op. cit., p. 76.

[178] Ibid.

[179] J.H. Roberts: op. cit., p. 143.

[180] D.M. Hay: Paul's Indifference to Authority, p. 44. Vgl. H. Ridder-bos: Gezag en ambt, p. 171.

aangeneem, “en hiermee stem die woorde van die profete ooreen” (vs. 15). Petrus het die Nieu-Testamentiese openbaring van God uitgelê; Jakobus lê die Ou-Testamentiese openbaring uit. Daar loop één openbarings-historiese lyn deur God se werke en woorde.[181] Dit is God wat deurlopend sy wil openbaar deur sy profete en sy werke. In hierdie motivering van die besluit (vs. 28) wat uiteindelik val, staan dus nie die ampsgesag sentraal nie, maar God se openbaring. Daarom kan die besluit ook lui: “die Heilige Gees en ons het besluit...” Agter hierdie besluit lê die *ἐξηγήσατο* wat gelei het tot die belydenis: “... ons glo dat ons deur die genade van die Here Jesus Christus gered word op dieselfde manier as hulle ook” (vs. 11).

Die ampsbediening konfronteer die gemeente, tot sy groei en opbou, met die Woord, toegepas op die onderhawige situasie. Dit spreek weer eens duidelik uit Hand. 15. Na die uitleg van Petrus “swyg” (vs. 12, 13) die vergadering. Die swye sê: ons weet wat die Openbaring is, maar ons weet nog nie raad met die praktiese situasie, en “die gebruik van Moses” (vs. 1) nie. Daarom volg daar *ἀλλὰ* (vs. 20) teenoor die *μὴ παρενοχλεῖν* (vs. 19): die beginsel moet toegepas word in die praktiese situasie van ’n plaaslike kerk; die Joodse Christene en die “heiden”-Christene moet één wees in één gemeente.

Die amptelike diens in die gemeente proklameer nie slegs die Woord nie, maar is in die bediening daarvan besig om te leer, “het is ook pastoraal, wegwijzend, het is niet tijdloos, maar met de boodschap in de tijd en bij de mensen. En in dat wijzen en zoeken van de weg heeft het niet altijd een uitgedrukt woord van haar Heer, moet het soms met Paulus, 1 Kor. 7:6: *kata sungnomen, oe kat’ epitagèn [κατὰ συγγνώμην, οὐ κατ' ἐπιταγήν.]* spreken, d.w.z. bij wijze van advies, niet bij wijze van bevel. Want bekleed zijn met het ambt van Christus wil niet zeggen een antwoord, noch veel minder een onfeilbaar antwoord te hebben op alle vragen. Maar ook dan als het ambt helpend, zoekend, pastoraal op weg is met degenen, die aan haar zorgen zijn toevertrouwd, heeft het gezag en is het

[181] Part. praes. *ποιῶν,* vs. 18. (Vs. 17?? – WJS)

geloofwaardig, wanneer het met al de vragen van de mensen op weg is naar Hem, die de weg is, *de* waarheid en het leven".[182]

*Samevatting:*

Die ampsgesag is te alle tye diakonia, bediening van die gesag van die Hoof in die bediening van sy Woord.

### *2.4.4. Ampsgesag en mondige gemeente*

Die mondigheid[183] van die Nieu-Testamentiese gelowige[184] is 'n voorreg wat hy alleen in Christus besit. In 1 Joh. 2:20 skrywe die apostel aan die gelowiges,[185] en dus nie aan 'n bepaalde ampstand binne die gemeente nie: " . . . julle het die salwing van die Heilige en weet alles". "Die salwing" is die salwing met die Heilige Gees. Die "Heilige" van wie hulle die salwing ontvang het, is, blykens vs. 27—29, Hy in wie hulle moet bly, Hy uit wie hulle gebore is, Hy wat weer kom. Dit is onmiskenbaar die Here Jesus Christus.[186] God skenk die Gees deur Christus (Hand. 2:33). En die Gees verbind die gelowiges aan Christus. "Vandaar, dat het bezitten van de Geest als hét kenmerk van het toebehoren aan Christus kan gelden".[187] En Johannes sê: "En die salwing wat julle van Hom ontvang het, bly in julle, en julle het nie nodig dat iemand julle leer nie; maar soos

---

182 H. Ridderbos: Gezag en Ambt, p. 169.

183 Mondigheid bedoel hier nie outonomie, selfbepaling, demokrasie in die sin van volkssoewereiniteit nie. "Keine unmittelbare, herrschaftfreie und amtlose Demokratie, sondern nur eine repräsentative Demokratie", H. Stoodt: op. cit., p. 210. Vgl. ook: Alois Muller en Egbert Höflich: Hiërarchie oder Volkssouveranität, p. 1.

184 L.H. Wagenaar: Het ambt aller geloovigen, p. 29: Hy wys op die onmondigheid van die Ou Testamentiese gelowiges na die goue kalf: "Wel lag ook oorspronklijk op het uitgeleide volk als zoodanig het gezag en de bevoegdheid tot den drievoudig dienst des Heeren, doch na de bondsbreuk door de oprichting van het gouden kalf, ontnam Jehova aan het volk Zijn koninklijke en priesterlijke rechten en stelde Hij een stand in van profeten, priesters en koningen, die tusschen God en het onmondige volk kwamen in te staan".

185 S. Greijdanus: I, II, III Johannes, pp. 9—11: "Johannes spreekt hen allen zonder onderscheid telkens aan als 'mijne kinderkens', geliefden', 2:1, 7, 12 e.a.".

186 Id., p. 63. Vgl. Hand. 2:33.

187 J.P. Versteeg: op. cit., p. 361.

hierdie salwing julle aangaande alles leer, so is dit ook waar en geen leuen nie; en soos dié julle geleer het, so moet julle in Hom bly" (1 Joh. 2:27). Dit is die mondigheid van die Nieu-Testamentiese gelowige. "Deze mondigheid wordt hem toegekend als een lid van het lichaam van Christus en zij wordt omschreven als een vervuld zijn van inzicht, een kennis van Christus, in wie alle schatten van wijsheid en kennis verborgen zijn, Kol. 2:2 e.v., als een komen tot volwassenheid, op grond van de volheid van Christus, zodat wij niet langer onmondig zijn en ons laten voortjagen en omvoeren door allerlei wind van leer, Eph. 4:18 e.v., maar in Christus de bron vinden van inzicht en van een opgeskerpt en fijn aanvoelen van de dingen, zodat wij in staat zijn te onderkennen waarop het aankomt, d.w.z. het belangrijke van het niet belangrijke kunnen onderscheiden, Phil. 1:11".[188]

Christus het Self[189] in die Nieu-Testamentiese kerk die amp van die apostels ingestel, en Hy het hulle gestel as fondament van die kerk, in rangorde die eerste (Ef. 2:20; 4:11; 1 Kor. 12:27, 28). As grondleggers van die kerk het hulle die Heilige Gees reeds voor Pinkster ontvang (Joh. 20:22). Maar selfs hulle kom nie te staan bó of buite die kerk sodat die mondigheid van die gelowiges tot niet gemaak word nie. Die apostel sê self aan die gelowiges: " ... oordeel self wat ek sê" (1 Kor. 10:15). 'n Hoër gesag as die van die grondleggers van die kerk, die apostels, kan mense nie in die kerk besit nie. Daarom vind elke amp die grens van sy gesag in wat die apostels geleer het (Hand. 4:42).[190] Meer as wat die apostels ontvang het, ontvang geen amp nie. Die ampsgesag in die kerk moet gevolglik, soos die apostels, aanspraak maak op die mondigheid van die gelowiges. Die mondigheid van die gelowiges is dus nie slegs 'n ideaal waartoe hulle deur die ampsbediening opgebou moet word nie; dit lê nie as 'n sluimerende vermoë in die kerk om alleen tot ontwaking en aksie te kom wanneer die ampte dwaal nie. Die apostels — en so moet elke ampsdraer doen — behandel die

---

188 H. Ridderbos: Gezag en Ambt, op. cit., p. 170.

189 W.J. Snyman: Die Woord "Kerk" in die N.T., p. 10.

190 Weltkonferenz, op cit., p. 66 e.v.

mondigheid van die gemeente as “een zich realiserende werkelijkheid”.[191]

In hulle mondigheid is die gelowiges geroep as “’n koninklike priesterdom... om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het” (1 Petr. 2:9). In die vervulling van hierdie roeping staan die gelowiges ook in ’n amp. Dit noem ons die amp van die gelowiges. Die gelowiges het ook opdragte wat in die Naam van Jesus Christus — dus met bedienende gesag — volbring moet word in die kerk. Die opdragte is duidelik in die Woord omskryf en word aan die gelowiges gegee “qua lidmaten der kerk”.[192] Dit bestaan in kerkregerende funksies en word met gesag uitgeoefen. Die lidmate moet, in die organiese geheel van die gemeente, persone tot die ampte kies. Behalwe die onderlinge vermaning (Matt. 18:15 e.v.; Lev. 19:17; Hebr. 10:24; Jak. 5:19, 20) moet die lidmate ook deel neem in die magsuitoefening van die kerk deur die tug. Dit is ’n

---

[191] H. Ridderbos: Gezag en Ambt, op. cit., p. 170. Hy beskryf aan die hand van Rom. 15:14 die harmonieuse verbondenheid tussen gesag en mondigheid in die gemeente: “Ik ken uit dit oogpunt geen schoner voorbeeld van functionering van kerkelijk gezag, dan wat de apostel Paulus op een gegeven ogenblik aan de gemeente te Rome schrijft. Hij heeft haar eerst vermaand vanwege haar nu juist niet zo volwassen gedrag inzake haar onderlinge geschillen over wat wel en wat niet mocht. Hij heeft de angstvalligen, de ‘verontrusten’, vermaand vanwege hun zwakheid en hij heeft de sterken — wij zouden misschien zeggen: de progressieven — vermaand vanwege hun gebrek aan begrip voor de anderen. Maar tegelijk wil hij alle schijn vermijden als zou hij, van boven af, alles voor hen beslissen en als zouden zij zelf niet weten, althans niet moeten weten, wat hun als leden van het lichaam van Christus te doen stond. En daarom eindigt hij zijn uitvoerige paraenese met het in pastorale zin zo superieure woord, waarin misschien een lichte ironische toets niet te miskennen valt: ‘Maar ik ben er van overtuigd broeders, dat ook gij zelf vol zijt van goedheid, vervuld van alle kennis en in staat ook zelf elkander te vermanen. Maar ik heb u ten dele nogal vrijmoedig geschreven, bij wijze van opfrissing van wat gij zelf ook wel wist, vanwege het mij door God verleende ambt’, Rom. 15:14 e.v. Kan het bewustzijn van met ambtelijk, ja met goddelijk gezag te spreken én de eerbiediging van en het appèl op de mondigheid van de gemeente harmonieuzer verbonden worden?”

[192] L.H. Wagenaar: op. cit., p. 11. Vgl. K.G. Steck: Recht und Grenzen Kirchlicher Vollmacht, p. 24.

optrede met "kerkrechtelijke betekenis"[193] (2 Thess. 3:6 en 14; 1 Kor. 5:5). Die amp van die gelowige is die "oorspronklijke, eigenlijke en blijvende ambt (dat aan de) speciale ambten voorafgaat".[194] Die gelowiges moet deur die besondere ampte vir hierdie dienswerk toegerus word (Ef. 4:11, 12).

Teenoor die mondigheid van die gelowiges moet die ampsgesag homself met die Evangelie aanvaarbaar maak.[195] Alleen met die Woord van God mag die ampsgesag onwrikbaar staan in die gemeente. Dan word die mondige gelowige gestel voor die gesag van die Hoof wat deur die amp bedien word.

Dit geld eweso vir die lidmate in die uitoefening van hulle mondigheid. Dit is gebonde en begrens deur God se Woord. Alleen met die gebondenheid aan God se Woord as absolute voorwaarde kan saam met Bavinck[196] verklaar word dat die kerklike mag "finaliter" by die gemeente berus. En dan ook nog met die onontbeerlike voorveronderstelling van die organiese eenheid van die gemeente as liggaam van Christus.

Die verhouding tussen die gemeentelede wat in die besondere ampte dien, en die gemeentelede wat in die amp van die gelowige dien, is nie een van owerheid en onderdaan nie.[197] In 1 Petr. 5:3

---

193 H. Ridderbos: Paulus, op. cit., p. 526.

194 Joh. Jansen: De Kerkenordening van de Gereformeerde Kerken in Nederland, p. 654. Vgl. A. A. van Ruler: op. cit., p. 184 e.v.

195 H.F. von Campenhausen: Ambt und geistliches Vollmacht in den ersten drei Jahrhunderten, op. cit., p. 7.

196 H. Bavinck: Gereformeerde Dogmatiek, deel IV, p. 413.

197 W. Heyns: Het Ouderlingschap, pp. 29, 30: "Een ambt is een dienst of bediening die in een opdracht van een meerdere, een machthebbende, vervuld wordt, en waartoe behoort het... toegerust zijn met een macht, welke evenzeer de macht is van die meerdere, zodat een ambtsdrager zowel in de taak die hij verricht als in de macht die hij gebruikt en het gezag dat hij gelden laat, dien meerdere vertegenwoordigt en zijn plek inneemt... En dan staat het overigens met de kerklijke ambtsdragers juist zoo als het staat met de burgerlijke ambtsdragers, dat hun door Christus een taak is toevertrouwd die Zijn taak is, en dat zij tot het vervullen van dié taak bekleed zijn met gezag dat Zijn gezag is". Vgl. ook G.P.L. van der Linde: Grondbeginsels, op. cit., p. 92; Hans Küng: Was ist Kirche, p. 167 e.v.; A.J. Bronkhorst: Het Ambt, p. 143; W. Michaelis: Das Altestenamt, pp. 88—9.

word dit juis afgewys.[198] Sowel die misbruik van heerskappy (1 Petr. 5:3) as heerskappy self (Luk. 11:25, 26) word 'n dienskneg van Christus, as ampsdraer in sy kerk, ontsê. Christus is die enigste Here oor sy kerk, en Hy alleen heers daarin. Die kerk word nie alleen teen *misbruik* van ampsbevoegdheid beskerm nie, maar teen "een rechtsbetrekking, en wel bepaaldelijk de betrekking tusschen een overheid en een onderdaan".[199] In die kerk rus die "heerskappy" uitsluitlik op die skouers van die Middelaar.[200] Dit volg dus "rechtstreeks, dat er in de kerk *geen* plaats is voor een ambt, dat door menschen bediend, een heerschappij over de kinderen Gods zou oprichten".[201] Die ampte in die kerk het dus nie 'n plek tussen die Hoof en sy liggaam nie. Insubordinasie van 'n lidmaat aan die ampsgesag bestaan wanneer die lidmaat die bediening van die Gesagswoord van Christus verwerp, of wanneer hy die eenheid van die gemeente versteur en verbreek sonder dat Hy daartoe gedwing word deur die eis om aan God meer gehoorsaam te wees as aan die mense. Teen formele bepalinge van die orde in die kerk, deur die kerkraad, kan 'n lidmaat beswaar maak op deugdelike gronde, maar hy mag hom nie in 'n rewolusionêre gees verset of die bevoegdheid van die kerkraad afwys deur 'n optrede van staking nie.

Die amp is 'n orgaan in die liggaam van die Hoof. Hy oefen sy gesag deur die organe uit. Maar die amp van die gelowige is ook orgaan van die Hoof waardeur Hy gesag in sy liggaam uitoefen. Die "teëspraak" word opgehef deur die openbaring van Christus as Hoof van die liggaam, naamlik die kerk (Kol. 1:18), terwyl die kerk dan 'n organiese eenheid, 'n lewenseenheid is van besondere ampte en van die amp van die gelowiges, met Christus as lewegewende en regerende Hoof. "De kerk is geen republiek, waarin

---

198 Charles Bigg: Epistles of St. Peter and St. Jude, p. 189, kommentaar by 1 Petr. 5:2: "In κατακυριεύοντες the preposition gives the notion of hostility or oppression, but *κυριεύω* by itself denotes behaviour forbidden to a Christian pastor, Luke 11:25, 26. Vgl. W. Michaelis: op. cit., p. 25.

199 A. Kuyper: Van het Kerkelijk Ambt, p. 21. Vgl. C. van der Woude: op. cit., p. 15. Hy spreek van "ontrouwen pastoraat".

200 A. Kuyper: Kerkelijk Ambt, op. cit., p. 25. Vgl. Jes. 9:5.

201 A. Kuyper: Kerkelijk Ambt, op. cit., p. 19.

tusschen de regenten en het volk over het gezag kan gestreden worden, maar zij is een koninkrijk, zelfs eene monarchie die zoo absoluut mogelijk is, met ene grondregeling die niet kan veranderd worden, en met Christus zelven als Koning. Wie dat koninklijk gezag niet erkent, en zich aan de Schrift dus niet gebonden acht, die hoort in de kerk niet thuis".[202] Die stryd om gesag tussen gemeentelede in die amp van die gelowiges en gemeentelede in die besondere ampte ontstaan[203] uit 'n soort hiërargiese strewe by ampsdraers. Die oorsaak kan ook lê in 'n valse vryheids-strewe by die gemeentelede. Dan voer die tirannie van 'n vryheidsleuse[204] tot 'n soort rewolusionêre individualisme. In 'n botsingsituasie tussen gemeentelede en ampsdraers sal die *gesag* wesentlik berus by wie inderdaad aan die Hoof vashou (Kol. 2:19), selfs al lê die *mag* prakties by die ander party. Die oordeel sal finaal gevel word deur Christus in die dag van sy Regspraak.

Die ware ampsgesag beroep hom in die ampsbediening steeds op die mondigheid van die gemeente. Die mondige gemeente doen weer sy appèl op die ampsgesag. Die een sluit die ander nie uit nie. Die organiese eenheid van Hoof en gemeente sluit juis albei, ampsgesag en mondige gemeente, in. Want die hele liggaam, die hele organiese gemeente, buig saam voor die één Gesagshoof, Jesus Christus. Die teenoor-mekaar-stelling van amp en gemeente kan alleen bestaan wanneer daar deur een van die twee stelling ingeneem word teenoor die Woord. Andersins staan hulle saam, met die gesag van die Woord teenoor hulle almal. Ook die vraag "of de gemeente subject is dan wel object van de volmachten, die in haar midden door bepaalde personen worden bekleed, valt eigenlijk weg, zodra men de gemeente als het corpus Christi in het oog vat".[205]

In die pastorale briewe tree die institutêre karakter van die kerk met bepaalde ampte duideliker op die voorgrond as elders in die

---

[202] F.L. Rutgers: De beteekenis der gemeenteleden als zoodanig, p. 26.

[203] Ibid.

[204] J.P.A. Mekkes: Gezag en Vrijheid, p. 351: "In de plaats van vrijheids*gezag* treedt de tirannie der vrijheids*leuze*".

[205] H. Ridderbos: Paulus, op. cit., p. 525.

Nuwe Testament. Tegelykertyd word die voorwaardes vir die amp duideliker en met groter aandrang aangewys. Hieraan moet die ampsdraers hulleself beoordeel (vgl. Hand. 20:28). Dit dien meteen ook as voorskrif vir die gemeente by die verkiesing tot die amp. Die amp is deur Christus in die gemeente ingestel, nie om homself daarna deur 'n ononderbroke amptelike suksessie buite die gemeente om voort te plant nie, maar met medewerking van die gemeente deur verkiesing, dra die Heilige Gees telkens aan ander persone die ampte op. Juis hierdie verkiesingsreg van die gemeente, as voorwaarde vir die uitoefening van ampsgesag in die gemeente, stel die ampsbediening onder toesig[206] van die mondige gemeente. Die uitwendige roeping tot die amp in die kerk het Christus as 'n kiesreg gelê "in handen van de kerk, en diensvolgens het volk gemeen met de ouderlingen".[207] Die verkiesingsreg van die gemeente volg uit Hand. 1:15, 23; 6:1; 14:26; 20:28; 1 Tim. 4:4 (vgl. 1:18). Wanneer Paulus aan Titus opdrag gee (Tit. 1:5) om van stad tot stad ouderlinge aan te stel, gee hy nie aan Titus 'n reg om na eie goedvinde aan die gemeentes persone op te dring nie — 'n reg wat die apostel nie eers vir homself aangematig het nie (Hand. 14:23; 2 Kor. 8:19). Sy opdrag aan Titus beteken niks meer as dat hy die leiding moet neem en die vereistes vir die ouderlingskap moet stel (Tit. 1:6—9) nie. Om te weet wie aan die vereistes voldoen, sou hy die medewerking van die gemeentes nie kon ontbeer nie.[208] Van 'n beginnende hiërargiese orde of "boven-lokale ambtsdragers ... ter wille van de Christusrepresentatie tegenover de meerdere

[206] Vgl. B. Gassmann: op. cit., p. 410; K.G. Steck: op. cit, p. 26.

[207] Johannes Polyander e.a.: Synopsis of overzicht van de zuiverste theologie, deel III, pp. 117—22.

[208] Vir die verkiesingsreg van die gemeente, vgl. H. Ridderbos: Paulus: op. cit., p. 531 e.v.; Johannes Calvijn: Uitlegging van de Pastorale Brieven, pp. 249, 250: "hij beveelt slechts dat hij de leiding hebbe... Deze spreekwijze is zeer gebruikelijk..."; C. Bouma: De Brieven van den Apostel Paulus aan Timotheus en Titus, p. 383: *"Καταστήσῃς* wijst op autoriteit en gezag... maar sluit niet uit de medewerking van de gemeente, gelijk blijkt uit Hand. 6:3 waar hetzelfde verbum wordt gebruikt.. ." F.W. Grosheide: De Handelingen der Apostelen I, pp. 196—7 en 470—1.

vergadering"[209] of van "zeer episcopaal doorredeneren"[210] vanuit die Pastorale Briewe, veral Titus 1:5—7, of van 'n "Petrusdienst"[211] ontbreek hier "iedere spoor"[212] en 'n "Christusrepresentatie"[213] ken die Nuwe Testament alleen onder die roeping: "in de naam van Christus".[214]

[209] C.P. van Andel: op. cit., p. 17.

[210] Wat is er aan de hand met het ambt?, op. cit., p. 28.

[211] Hans Küng: op. cit., p. 183 e.v. Vgl. vir kritiek: G.P. van Itterzon: Naar een Petrusdienst?, pp. 49—56.

[212] H. Ridderbos: Paulus, op. cit., p. 533.

[213] Vgl. Wat is aan de hand met het ambt?, op. cit., p. 32; A.F.N. Lekkerkerker: op. cit., pp. 159—164; A.J. Bronkhorst: Het Ambt, op. cit, pp. 120,121.

[214] G.P. van Itterzon: op. cit., p. 55.

*Samevatting:*

Die organiese eenheid tussen Christus die Hoof en die kerk as sy liggaam sny aan die een kant alle ampstand tussen Christus en die gelowiges af, en aan die ander kant verhoed dit eensydige verlegging van die gesag in die kerk in 'n volk-soewereiniteit van die lidmate. Die Hoof werk juis deur die hele liggaam. Die ampte moet dus nie eensydig net as orgaan van die Hoof, oor en teenoor die gemeente gestel, gesien word nie; dit moet ook nie eensydig net as orgaan van die gemeente gesien word waardeur die gemeente funksioneer nie. Die eersgenoemde eensydigheid lei tot hiërargiese ampsgesag oor die gelowiges, en die laasgenoemde eensydigheid lei tot independentistiese ontkragting van die ampsgesag in die kerk. Die ampte of dienste is organe in die liggaam waarvan Christus die enigste Hoof is. Sy Woord is die gesagswoord wat bedien, geken en gehoorsaam moet word in die kerk.

## 2.5. Christus as Hoof van die kerk en die ouderling

### *2.5.1. Die ouderling as bedienaar van die regering in die kerk*

In die Nieu-Testamentiese kerke, soos hulle deur die apostels gestig is, kom 'n verskeidenheid van amptelike en nie-amptelike gawes en dienste na vore. Gevolglik was daar na die verdwyning van die eenmalige en algemene amp van die apostels geen lugleegte in die amptelike regering van die kerk nie.[215] Onder hierdie dienste, waardeur die Hoof sy kerk versorg, voed en opbou, moet ook gereken word die "herders en leraars" (Ef. 4:11, 16). Hoewel die een lidwoord[216] nie noodwendig identiteit[217] tussen "herders" en "leraars" bewys nie, dui dit wel noue verwantskap aan tussen die werk van 'n herder en die werk van 'n leraar. In die praktyk is die dienste dus tog nou verbonde. "Leraar" wys meer spesiaal op die diens om te onderrig en "herder" op die algemene leiding van die gemeente (1 Tim. 5:17). Hierdie saamverbondenheid van "herder en leraar"

---

[215] H.N. Ridderbos: De Apostoliciteit van de Kerk volgens het N.T.; artikel in: De Apostolische Kerk, p. 92.

[216] *τοὺς δὲ ποιμένας καὶ διδασκάλους*. [In die gedrukte boek staan daar: *τοὺς δὲ* ***ηοιμένας*** *καὶ διδασκάλους* – WJS]

[217] H. Schlier: op. cit., p. 197. Vgl. Wat is er aan de hand met het ambt?, p. 27.

spreek ook uit Joh. 21:15 e.v. Daar word aan Petrus beveel om die lammers en skape van die Here te "laat wei" en hulle "op te pas". Die twee woorde wat hier gebruik word om die herderlike werk te omskryf, verskil nouliks van mekaar.[218] Die een dui meer op voeding en die ander meer op leiding. Maar dit is duidelik: voeding en leiding van die "skape" moet albei deur die Woord van die Evangelie (Hand. 1:8) geskied. Dieselfde ineengestrengeldheid van "herder" en "leraar" tree na vore wanneer Petrus homself 'n "mede-ouderling" noem (1 Petr. 5:1) van die "herders" (vs. 2) terwyl hy "'n getuie van die lyde van Christus is" (vs. 1). En dit gaan in hierdie uitsprake van Petrus om "ambtshoedanigheid".[219]

Eweso staan "herder" en "opsiener" in die nouste verband met mekaar. Christus Self, die Goeie Herder, word in 1 Petr. 2:25 "Herder en Opsiener" genoem. In Hand. 20:28 vermaan Paulus die "opsieners" van Efese om die kerk "as herders te versorg". Tegelykertyd word "ouderling" en "opsiener" afwisselend met mekaar gebruik (Hand. 20:17, 28).

Hierdie wisseling van naam vir dieselfde dienaars kom nog voor in 1 Tim. 3:1, 2; 4:14; 5:17—19; Tit. 1:1—7. En Bouwman[220] verwys na die eerste brief van Clemens aan die Korinthiërs waarin verklaar word dat aan die presbiters (of ouderlinge) die amp van episkopos (opsiener) nie ontneem mag word nie.

Die sinonieme gebruik van ouderling *(ἐπίσκοπος)* en opsiener (*πρεσβύτερος*) word deur Koole[221] nie aanvaar nie. Hy verklaar dat "ouderling" elkeen van die drie ampte — predikant, ouderling en diaken — aandui. "Oudsten" is vir hom gelyk aan "het gehele plaatselijk bestuurskollege" (p. 93) en "de brede kerkeraad" (p. 95). Die standpunt van Koole word weerspreek deur die volgende feite:

1. Hand. 20:28 en 1 Petr. 5:2—4 gee aan ouderling en opsiener gelykluidende opdragte.

---

218 F.W. Grosheide: Johannes, op. cit., p. 562.

219 S. Greijdanus: Petrus, op. cit., pp. 179, 180. Vgl. J. Jeremias: s.v. *ποιμήν,* T.D.N.T. VI, p. 498.

220 H. Bouwman: op. cit., I, p. 100.

221 J.L. Koole: Liturgie en Ambt in de Apostolische Kerk, p. 90 e.v.

2. In Hand. 20:28 rig Paulus hom nog steeds tot *dieselfde groep persone* ("julle") wat hy vanaf die begin (vs. 17) tot die einde (vs. 35) toegespreek het. Dit is 'n kunsgreep om "opsieners" in vs. 28 te skei van die deurlopende "julle".
3. Die oortuigende en oorvloedige getuienis dat ouderling en opsiener sinoniem is.[222]

Die sinonieme gebruik[223] van episkopos en presbuteros in die Nuwe Testament dui op dieselfde amp. Episkopos is as ampsnaam veral gebruik in die sendinggebiede van die apostel Paulus[224] en was onder die Jode in die Diaspora ook goed bekend uit die Septuagint.[225] "Daar het grootste gedeelte van de eerste Christenen geen Hebreeuwsch, maar wel Grieksch kende, maakte zij voor het Oude Testament van de Septuaginta gebruik".[226]

Presbuteros[227] was as ampsnaam binne die Joodse religieus-nasionale lewe goed bekend, en word telkens saam met die owerpriesters en die skrifgeleerdes genoem (Matt. 16:21; Mark. 11:27). Uit die tweërlei agtergrond moet die sinonieme gebruik van presbuteros en episkopos in die Nuwe Testament verklaar word, en nie

---

222 Vgl. in verband met die konklusie: J. Calvijn: Institusie, Boek IV, II, 8; H. Bouwman: Gereformeerde Kerkrecht, I, pp. 100—1; A.J. Bronkhorst: op. cit., pp. 99—100; W. Michaelis: op. cit, pp. 52—3. Vir 'n duidelike uiteensetting oor die identiteit van presbuteros en episkopos vgl. P.A.E. Sillevis Smit: op. cit., pp. 164—178. Die teendeel word beweer deur Eric Wolf: Ordnung der Kirche, p. 168: "Meist erscheinen sie in den biblischen Texten als Mitarbeiter *(συνεργοί)* der 'Bischöfe', die mit ihnen gemeinsam die Gemeinde leiten (weiden) ... diese Amter nur *funktionell,* aber nicht *substantiell* unterscheiden wurden".

223 Vir 'n duidelike uiteensetting van wat *ἐπίσκοπος* beteken, vgl. H. Ridderbos: De Pastorale Brieven, pp. 88—90; H.W. Beyers: s.v. *ἐπίσκοπος,* T.D.NT. II, pp. 615—7. Vir ouderling, vgl. G. Bornkamm: s.v. *πρεσβύτερος,* T.D.N.T. VI, p. 667.

224 H.F. von Campenhausen: Kirchliches Amt und Geistliches Vollmacht in den ersten drei Jahrhunderten, p. 88.

225 P.A.E. Sillevis Smitt: op. cit., p. 164.

226 G.Ch. Aalders: s.v. Septuaginta, in: Christelijke Encyclopaedie.

227 W.C. Unnik: s.v. Presbyter in: Christelijke Encyclopaedie, 2e druk, 1960. Hy gee 'n duidelike samevatting van die betekenis van die woord. A.J. Bronkhorst: op. cit., p. 105.

uit “grundsätzlich andersartigen kirchlichen Denkens” [228] nie. Maar hoewel die kerk die name ontleen het aan die geestelike wêreld van Grieke en Jode “worden ze door hun nieuwe plaats en nieuwe omgewing gestempeld” [229] in die Christelike kerk. In die Nuwe Testament is die twee name “wisselende uitdrukkingen voor dezelfde categorie van personen, die in de eene kring by voorkeur als episkopoi, dus naar hun ampstaak, in het andere geval als presbuteroi, naar hun rang in de gemeente worden aangeduid”,[230] terwyl albei die amp[231] van ouderling aandui.

Samevattend kan gekonkludeer word dat die diens of amp van herder en leraar, wat Christus in die gemeente gegee het, aan die ouderlinge as opsieners opgedra word.

### *2.5.2. Presbiteriaal-episkopaal*

In die Pastorale Briewe is ouderling (*πρεσβύτερος*) steeds in die meervoud en opsiener (*ἐπίσκοπος*) in die enkelvoud.[232] Hieruit lei sommige af dat opsiener verstaan moet word as die voorganger of leier[233] van die ouderlinge. Aan dieselfde gedagtegang het Plomp uitdrukking gegee in die term “Presbyteriaal-Episcopaal”.[234] Dit gaan veral om twee Skrifgedeeltes in die pastorale briewe: Titus 1:5—7 en 1 Tim. 3:1, 2 saam met 1 Tim. 5:17.[235] Die Skrifgedeeltes het ’n bepalende rol gehad in die vorming van die ampsbeskouing van ’n groot aantal kerke. Desondanks word tot op die huidige die

---

[228] H.F. von Campenhausen: op. cit., p. 82.

[229] S.G. Hun: Presbyter in volle rechten, p. 117. Vgl. W. Michaelis: op. cit., p. 93.

[230] A.J. Bronkhorst: Schrift en Kerkorde, op. cit., p. 100. H. Ridderbos: De Pastorale Brieven, op. cit., p. 259.

[231] Titus 1:5 *καταστήσῃς*.

[232] In Fil. 1:1 kom die meervoud *ἐπισκόποις* wel voor.

[233] G. Bornkamm: s.v. *πρέσβυς*, T.D.N.T. VI, p. 668. “... the bishops are to be seen as *πρεσβύτεροι προεστῶτες* (or *ἐπισκοποῦντες*).

[234] J. Plomp: Presbyteriaal-Episkopaal? Vgl. ook: Wat is er aan de hand met het ambt?, p. 28; H. Küng: op. cit., p. 169; P.A.E. Sillevis Smitt, op. cit., p. 171 e.v.; H.F. von Campenhausen: op. cit., p. 117; A.J. Bronkhorst: Schrift en Kerkorde, p. 270 e.v.

[235] Vir die egtheid van die Skrifgedeeltes, vgl. A.J. Bronkhorst: op. cit., pp. 91—94.

Skrifgedeeltes “allerminst duidelijk” [236] gevind, sodat verklaar word “men kan vanuit deze teksten zeer presbyteriaal of zeer episcopaal doorredeneren”.[237]

Dat *πρεσβύτερος* en *ἐπίσκοπος* sinonieme is, het ons reeds in die voorgaande vasgestel. Om die rede al kan die enkelvoud *ἐπίσκοπος* nie geld as die primus inter pares van die *πρεσβύτεροι* nie, want die naam *πρεσβύτεροι* kom alle *πρεσβύτεροι* toe. Daarom is dit 'n “beroving van de anderen, ... zowel onrechtvaardig als ongerijmd” [238] om die naam aan een alleen te verbind. Van hiërargiese ordening is hier dus geen sprake nie. Ridderbos gee 'n duidelike en eenvoudige[239] verklaring van opsiener in die enkelvoud: “Het enkelvoud (met het lidwoord) ... spreekt van het genus ... Ook het enkelvoudige lidwoord behoeft niet op een enkele man te wijzen, maar duidt de opziener in het algemeen aan, vgl. ook bij 1 Tim. 3:2 ...” ook die herhaling van *ἀνέγκλητος* “wordt volkomen gemotiveerd door de volgende woorden *ὡς θεοῦ οἰκονόμον*”[240] en is dus nie “op zichzelf gezien ... zeer vreemd” [241] te ag nie.

1 Tim. 3:1, 2; 5:17 is in volle ooreenstemming met bostaande verklaring van Titus 1:7. In 1 Tim. 3:2 begin Paulus om op te som hoe 'n opsiener behoort (*δεῖ*) te wees. *Τὸν ἐπίσκοπον* (die lidwoord en die enkelvoud) beteken nie dat in elke gemeente net een opsiener was nie (Fil. 1:1), maar dat van die genus sprake is.[242] Ook hier moet die sinonieme gebruik van episkopos en presbuteros deurslaggewend wees, want “wären ‘Älteste’ und ‘Bischöfe’ nicht Bezeichnungen derselber Personen, dann müsste man notwendig

---

236 Wat is er aan die hand met het ambt?, p. 28.

237 Ibid.

238 J. Calvyn: Uitlegging van de Pastorale Brieven, p. 252. Calvyn het nie beswaar teen “wat terstond vanaf het eerste begin der kerk aanvaard is, dat de colleges van opzieners elk afzonderlijk de een of ander as leider hebben”.

239 Vgl. C. Bouma: De Brieven van den Apostel Paulus aan Timotheus en Titus, pp. 385—6. Bouma meen dat ons hier met 'n “brokstuk” van 'n “reeds stereotiep geworden regel” te doen het.

240 H. Ridderbos: Pastorale Brieven, op. cit., p. 259—61.

241 C. Bouma: op. cit., pp. 385—6.

242 H. Ridderbos: Pastorale Brieven, op. cit., p. 91.

entsprechende Anweisungen über die Ältesten erwarten, und zwar müssten diese in der Nähe der Anweisungen über die Bischöfe (und Diakone) stehen. Daher kann der Abschnitt 5, 17ff., der erst an viel späterer Stelle folgt und sogar erst nach den Anweisungen über die Witwen 5, 3—16, auch in keiner Weise als Ersatz für solche Anweisungen gelten".[243]

Die meervoud "ouderlinge" waarmee die ampsdraers aangedui word (Hand. 14:23; Fil. 1:1; Tit. 1:5; Hand. 20:17; 15:2 e.v.; 21:18; 1 Tim. 5:17; 1 Petr. 5:1, 2) wys onteenseglik op 'n "ouderlingecorps, een presbyterium of kerkraad",[244] en dit word in 1 Tim. 4:14 ook uitdruklik so genoem. In elke gemeente was 'n meervoud van ouderlinge, terwyl in geen geval 'n enkeling as ouderling in 'n gemeente voorgekom het nie. Daaruit blyk dat 'n ouderling verplig was om in gemeenskap met ander ouderlinge saam te werk. Op die wyse is alle strewe na alleenheerskappy afgewys en ook alle individualisme by die ouderlinge weerstaan. Om die rede is Diótrefes, die klassieke voorbeeld van 'n ouderling wat "onder hulle die eerste wil wees" (3 Joh. vs. 9) skerp afgewys (3 Joh. vs. 11) as 'n slegte voorbeeld. Elke ouderling is persoonlik 'n geroepene van die Here en moet met persoonlike verantwoordelikheid sy diens volbring, maar altyd onder kontrole en beslissing van die raad van ouderlinge, die kerkraad. Dit beteken dat elke ouderling direk 'n geroepene van Christus is, maar altyd geplaas in die eenheid van die kerk as liggaam waarvan Christus die enigste Hoof is; altyd *in* die kudde waarvan Christus alleen die Opperherder is. Elke ouderling dra persoonlike verantwoordelikheid teenoor sy Hoof wat hom geroep en aangestel het. Wanneer hy sy taak individueel uitvoer, doen hy dit egter altyd onder toesig en kontrole van die kerkraad. Die regering in enger sin geskied in gemeenskap met die ander ouderlinge binne dieselfde gemeente, sodat daar gemeenskaplike toesig en gesag uitgeoefen word oor die gemeente, *en oor mekaar* (Hand. 20:28). Op die wyse bly die ouderlinge mekaar se gelykes, word die

[243] W. Michaelis: op. cit., p. 53.

[244] H. Ridderbos: Pastorale Brieven, op. cit., p. 258. Vgl. vir dieselfde konklusie; W. Michaelis: op. cit., pp. 45—6.

strewe van ’n Diótrefes weerstaan en veroordeel, sodat Christus alleen as Eerste erken sal wees en bly.

“Kerk” beteken in die Nuwe Testament of die universele kerk of die plaaslike kerk.[245] In die universele kerk het Christus alleenlik die amp van die apostels, as fondament van die kerk, ingestel.[246] Die amp van ouderling is ’n diens in die plaaslike kerk. Konsekwent is die ouderlinge in die Nuwe Testament aan die plaaslike kerk verbind.

Dit geskied in Hand. 11:30, waar hulle die gawes van die gemeente te Antiochië in ontvangs geneem het namens die gemeente in Jerusalem; in Hand. 20:17 is hulle verbonde aan die gemeente in Efese; in Hand. 14:23 is sprake van ouderlinge wat “in elke gemeente” gekies is; Paulus dra aan Titus op om “van stad tot stad” (Tit. 1:5) ouderlinge aan te stel. Dit kenmerk hierdie amp in die Nieu-Testamentiese kerk as ’n amp in die plaaslike kerk, in teenstelling met die Joodse ouderlinge wat “die oudstes van die volk” (Luk. 22:26; vgl. Hand. 22:5; Matt. 28:12) genoem is.

Die plaaslikheid van die ouderlingamp vloei daaruit voort dat Christus Hoof is van die kerk, van die universele kerk en dus van elke plaaslike openbaring daarvan. Omdat elke plaaslike kerk volledige openbaring van die universele kerk is, het die kerke nie bolokale ampte nie. Vir hulle onderlinge eenheid het die kerke bo-lokale ampte ook nie “nodig”[247] nie. Die kerke het hulle eenheid in Christus, hulle gemeenskaplike Hoof. Dit word, na die voorbeeld van die Nieu-Testamentiese kerk (Hand. 15), erken en belewe en bewaar deur gesamentlike gehoorsaamheid aan sy Woord in vergaderinge van kerke deur middel van afgevaardigdes[248] wat in die regeeramp (ouderlinge en apostels) dien.

---

245 W.J. Snyman het dit voldoende aangetoon in sy werk: Die gebruik van die woord “kerk” in die Nuwe Testament. Vgl. veral p. 7.

246 Id., p. 10.

247 Wat is er aan de hand met het ambt?, pp. 44—5: “De ambten kunnen dus *niet alleen plaatselijk zijn*... In elk geval wordt het tijd, dat we in onze protestantse kerken onbevangen gaan nadenken over de zin van een *personaal universeel ambt”*.

248 *ἔταξαν* — Hand. 15:2.

### *2.5.3. Die opdragte aan die ouderling*

Die plek van die ouderlinge in die kerk kragtens hulle verhouding met Christus is die duidelikste af te lei uit die *opdragte* wat hulle ontvang van die Here wat hulle roep en aanstel. Daarby sal gelet moet word op die voorwaardes en die gawes tot die amp.[249] Die plek van die ouderlinge in die kerk sal ook blyk uit hulle handelinge in die Nieu-Testamentiese kerk. Christus, die Opperherder (1 Petr. 5:4; vgl. 2:25; Joh. 10:11, 14; Hebr. 13:20; Eseg. 34:23) het deur die Heilige Gees (Hand. 20:28) ouderlinge as herders gegee[250] (Hand. 20:28, Ef. 4:11) in die midde[251] van die plaaslike kerke. Onregstreeks is verskeie opdragte aan die ouderlinge uit die Nuwe Testament af te lei op grond van die voorwaardes vir, en die gawes tot, hierdie amp. Regstreeks, as imperatief, ontvang die ouderlinge drie opdragte: "gee ag" (Hand. 20:28), "waak" (Hand. 20:31) en "wees 'n herder" (1 Petr. 5:2). Dit is duidelik dat "wees 'n herder" die primêre[252] opdrag is, want dit omvat die ander twee. Hierdie opdrag stempel in sy duidelikheid en sy omvattendheid die diens van die ouderling in die kerk. Die opdrag kom van die Opperherder deur sy apostels tot die ouderlinge, en Hy sal oor die uitvoering van die opdrag oordeel (1 Petr. 5:4).

Die opdrag *ποιμάνατε* ("wees 'n herder") is nie met één woord in Afrikaans vertaalbaar nie. Dit beteken meer as "laat wei". Die woord vir "laat wei" is *βόσκειν* (Matt. 8:30, 33). "Herder wees" is ook meer as net "op die weiveld lei". Die wisseling van die woorde in Joh. 21:15—17 toon dat die onderskeid nie al te absoluut

---

249 H. Ridderbos sluit veral by die gawes en voorwaardes aan om die karakter van die amp vas te stel, vgl. Paulus, op. cit., pp. 510—3; P.A.E. Sillevis Smitt: op. cit., p. 178 spreek van die "Bevoegdheden"; W. Michaelis: op. cit., p. 92: "Die Aufgaben".

250 J.H. Roberts: op. cit, p. 155.

251 *ἐν,* Hand. 20:28. Vgl. F.W. Grosheide: Handelinge, op. cit, p. 244; S. Greijdanus: I Petrus, op. cit., p. 182.

252 1 Petr. 5:2: *ποιμάνατε,* "wees 'n herder", *γρηγορεῖτε,* waak, Hand. 20:31, is 'n onderdeel van *ποιμαίνω*. *Ποιμαινειν* na die imperatief *προσέχετε*, in Hand. 20:28, kan ook inhoudelik geneem word as 'n imperatief. Volgens Bauer: op. cit., p. 721, beteken *προσέχετε* "to be concerned about, to care for".

geneem kan word nie. *Ποιμαινειν* kan dus in die algemeen verstaan word as: op die weiveld lei om te wei.[253] Maar dan moet onder "lei" die volle versorging van, en sorg vir, die kudde verstaan word. Dit omvat al die werk van 'n herder.[254]

Wat dit alles inhou om herder te wees word in die Heilige Skrif deur voorbeelde en beelde aangedui. Dit is simpatieke leiding en versorging (Ps. 23; Jes. 40:11); beskerming (Jer. 31:10; Eseg. 34:5; Miga 5:4); regering (Jes. 63:11). In die Nuwe Testament word die herder onverminderd hoog geag.[255] Sy offervaardige getrouheid aan sy roeping word met liefde en simpatie beskryf in skilderinge van die werklike lewe: hy ken elke skaap by name (Joh. 10:3, 14, 27); soek die verlorene en is bly wanneer hy dit vind (Luk. 15:4—6); het sy lewe veil vir die skape (Joh. 10:11—13). "Herder wees" dui dus die omvattende versorging deur 'n goeie herder aan. En as metafoor vir die diens van die ouderling in die kerk beskryf "wees herder" 'n ewe omvattende opdrag tot leiding, versorging en beskerming.

Daar is ook ander woorde en beelde waarmee die Nuwe Testament die karakter en inhoud van 'n ouderling se diens, die gawes wat hy moet besit en die take wat hy moet volbring, omskryf. Daar is *ἐπιμελήσεται* (1 Tim. 3:5) wat beteken versorg; *ἐπισκοποῦντεσ* (1 Petr. 5:2) beteken ook versorg.[256] In 1 Tim. 3:4; 5:17 is sprake van - *προϊστάμενον,* wat beteken om aan die hoof te staan, leiding te neem, om te regeer, met die newe betekenis: besorg wees oor, sorg vir, help.[257] Reicke[258] verklaar die Nuwe Testament "contain only intransitive forms of the verb ... In most cases *προΐστημι* seems to have sense (a) to lead ... In Tim. again, where the verb and especially the participle occurs repeatedly, the ideas of guiding and caring are both present.. . the authority of the head of the household. . . but his attention is primarily directed not to the exercise

253 W. Michaelis: op. cit., p. 97.

254 W. Bauer: op. c:t., p. 690: "tend a flock, protect, care for, nurture".

255 J. Jeremias: s.v. *ποιμαίνω,* in: T.D.N.T. VI, p. 490.

256 W. Bauer: op. cit, p. 299.

257 W. Bauer: op. cit., pp. 713, 714.

258 B. Reicke: *s.v.* *προΐστημι* in: T.D.N.T., p. 700 e.v.

of power, but to the discretion and care to be shown therein. . . the verb has in the NT the primary senses of both “to lead” and “to care for”, and this agrees with the distinctive nature of office in the NT, since according to Lk. 22:26 the one who is chief (*ὁ ἡγούμενος*) is to be as he who serves”. Selfs wanneer die ouderling “rentmeester van God” (Tit. 1:7) genoem word, beteken *ὡς θεοῦ οἰκονόμον* ’n huiskelner,[259] ’n bedienaar in God se huis.

Uit die voorgaande is dit duidelik: die opdrag aan ’n ouderling is om te sorg en te lei. Teen die agtergrond is dit te verstaan waarom Petrus met soveel klem, téén die natuurlike bose neiging van die mens in, die ouderlinge as herders vermaan om nie te heers nie (1 Petr. 5:3). En daarmee verbied die Heilige Skrif nie slegs gesagsmisbruik nie, maar alle heerskappy (Mark. 10:41—45; Matt. 20:25—28). “Hirte sind die Ältesten demnach, wenn sie der Gemeinde vorangehen. Sie sind nicht der Hund,[260] der die Herde bellend umkreist und sie zusammenhält. Sie gleichen dem Hirten der die Herde zu den Zielen flirt, die er ausersehen hat (Joh. 10:4)”.[261]

Die ouderlinge moet voor die kudde uitgaan. Hulle moet voorbeelde (1 Petr. 5:3) vir die kudde wees. Dit is ook die rede waarom meermale die vereiste gestel word dat die ouderling onberispelik moet wees (1 Tim. 3:2—7; Tit. 1:6, 7). Die ganse lewenswandel, ook in teenwoordigheid van buitestaanders, word opgekommandeer met “wees ’n herder”.

Om herder te wees sluit in om oor die kudde te “waak” (Hand. 20:31). Die ouderlinge moet vooruitgaan, wagters op die mure wees, om die geeste te beproef, sodat die kudde teen die dwaalleraars, die wrede wolwe (Hand. 20:29) beskerm kan word, soos Dawid die kleinvee van sy vader beskerm het teen die leeu en die beer

---

259 W. Bauer: op. cit., p. 562: “house-steward”. Vgl. ook: Greijdanus: I Petrus, op. cit., p. 166. In I Petr. 4:10 sien die woord op “gelowiges” en beteken “bedienaars”.

260 Vgl. A.A. van Ruler: Is er een ambt van de Geloovigen, op. cit., p. 182: “Het mysterie van de kerk is, dat de ambten en het volk, God en de mensen bij elkaar zijn. De kerk is minimaal een kudde en een kudde bestaat uit schapen én een herder (met z’n hond)”.

261 W. Michaelis: op. cit, p. 98.

(1 Sam. 17:34). Die “waak” kan lewensgevaarlik wees, maar na die voorbeeld van die Goeie Herder moet selfs sy eie lewe vir ’n ouderling nie te ’n hoë prys wees as dit gaan om die kudde wat die Goeie Herder aan hom toevertrou het nie.

As toerusting vir sy taak ontvang die ouderlinge primêr die Woord van God se genade wat magtig is om hulle op te bou (Hand. 20:32). Blykens Hand. 14:3 moet onder “die Woord van sy genade” die Evangelie van God se genade in Jesus Christus verstaan word. Dit is die Woord wat deur God se genade gegee is, en wat sy genade tot inhoud het. Die Woord het gesag en mag (Rom. 1:16; 1 Thess. 2:13). Christus werk deur die Woord (Hebr. 4:12). Dit is dus nie die ouderlinge wat magtig is nie, maar die Woord van God (Rom. 16:25—27; Judas vs. 17—25) waarmee hulle toegerus word as die swaard van die Gees (Ef. 6:17). Met die Woord moet hulle die dwaalleer bestry. Met die Woord moet hulle die kudde voed. Uit die Woord moet hulle soos uit ’n skat nuwe en ou dinge te voorskyn haal. Met die Woord moet hulle die geeste beproef. Hulle moet daarmee die ou goud van die Belydenisskrifte beproef, en nuwe geloofsinsigte daaruit put om as kinders van hul tyd die gemeente voor te gaan in die problematiek van die tyd. Alleen wanneer hulle met die Woord spreek, sal die ware gelowiges in hulle herdersroep die stem van die Goeie Herder hoor en sy stem volg.

Die ouderlinge moet herders wees deur die hongerige siele van die kudde van Christus met sy Woord te voed. Daarom moet die ouderlinge bekwaam wees om te onderrig.[262] Dit wil sê: “een wat vashou aan die betroubare woord wat volgens die leer is, sodat hy in staat kan wees om met die gesonde leer te vermaan sowel as om die teësprekers te weerlê” (Tit. 1:9). Daar bestaan dus nie ’n skerp skeiding tussen “leer-en regeer ouderlinge” nie. Die ouderlinge is verbind met die “herder en leraar” van Ef. 4:11, en hulle is organe in die liggaam waardeur die Hoof die groei van die liggaam bevorder.[263]

---

262 *διδακτικόν* (1 Tim. 3:2). Vgl. H. Ridderbos: Pastorale Brieven, op. cit., pp. 90, 139—40; J. Calvyn: Pastorale Brieven, op. cit., p. 119; W. Michaelis: op. cit., pp. 96, 158 e.v.

263 *Vgl.* H. Ridderbos: Pastorale Brieven, op. cit., p. 90.

Die regering deur die ouderlinge *κυβερνήσεις,* 1 Kor. 12:28; *ὁ προϊστάμενος,* Rom. 12:8) is van onderrig in die Woord ook nie los te maak nie. Calvyn[264] sê die regering van die ouderlinge kan van die onderrig in die Woord net so min los gemaak word as wat elkeen van ons van sy eie siel losgemaak kan word, want die kerk kan nie anders geregeer word as deur die Woord nie.[265] 1 Tim. 5:17 ontneem met die onderskeiding van ouderling "wat arbei in woord en leer" nie aan 'n meerderheid van die ouderlinge die taak om die gemeente in die Woord te wei nie. Die onderskeid is alleen dat alle ouderlinge die gemeente met die Woord moet regeer, terwyl sommige ouderlinge besonderlik in die prediking van die Woord, in die leer, arbei. Die ouderlinge tree dus op met gesag. Daarom eis 1 Tim. 3:4, 5, 12 dat hy as 'n goeie voorganger "sy kinders met alle waardigheid in onderdanigheid hou". Hy moet dus die gawe hê om gesag uit te oefen. Maar vir die ouderling is die gesag wat hy uitoefen altyd die gesag wat vloei uit die Woord waarmee hy die lidmate onderrig en vermaan.

Die wat "arbei in woord en leer" is as ouderlinge onlosmaaklik verbonde binne die eenheid van die ouderlingskap (1 Tim. 4:14). Die begin[266] van die differensiëring van die eie amp van die bedienaar van die Woord, wat daar lê in die onderskeiding van "die ouderlinge... wat arbei in woord en leer" (1 Tim. 5:17), hou die bedienaar van die Woord verbonde aan die ouderlingskap. Trouens, elke ouderling moet bekwaam wees om in God se Woord te onderrig.

Hoewel die gesagsuitoefening van die ouderlinge 'n bediening, en hulle taak "leiding en sorg" in die gemeente is, word die gemeente in die Nuwe Testament uitdruklik vermaan tot "onderdanig wees" (Hebr. 13:17; vgl. 1 Petr. 5:5; Ef. 5:21), tot "onderworpenheid" (1 Kor. 16:16) en om hulle te "erken" (1 Thess. 5:12). Die

---

264 J. Calvyn: Pastorale Brieven, op. cit., p. 70.

265 Id., pp. 253—5. Vgl. ook *νουθετοῦντας,* 1 Thess. 5:12.

266 W. Michaelis: op. cit., p. 159. Vgl. p. 160: "Eine biblische Rechtfertigung für die Unterscheidung von Pfarramt und 'Ältestenamt' ist damit gerade nicht gegeben und noch weniger eine Rechtfertigung des 'Einmannsystems' ... Daher ergibt sich auch hier keine Rechtfertigung unseres Einmannsystems beim Pfarramt".

motivering tot die vermaninge is dat hulle "julle voorgangers in die Here is" (1 Thess. 5:12).[267] Dit beteken: wie die ouderling eer, erken, gehoorsaam — in die diens wat hy volbring — eer, erken, gehoorsaam Hom wat as Hoof van die kerk die ouderlinge stuur, aanstel en met gawes begenadig.

*Samevatting:*

Die regering van die kerk deur die ouderlinge (d.i. die Presbiteriale kerkregering) word in sy mag en gesag begrens deur die opdrag aan die ouderlinge: wees 'n herder. Méér as dit lê nie in die bevoegdheid van die regeeramp nie; minder as dit, is ongehoorsaamheid.

---

[267] Vgl. W. Michaelis: op. cit., p. 103 vir breedvoerige verklaring.

# 3. Histories — Prinsipieel

## 3.1. Inleiding

Uit die gegewens oor die eerste eeue van die na-apostoliese kerk is ’n helder omlynde kerklike organisasie nie maklik te rekonstrueer nie.[1] Daar is inderdaad ’n kerklike veelstaltigheid[2] wat meebring dat beide hiërargiese en anti-hiërargiese standpunte gestaaf word met ’n beroep op die ou kerk. Dit is nie die gevolg van “onduidelike Nieu-Testamentiese riglyne” [3] oor die kerkregering nie. Al skryf die Nuwe Testament nie ’n kerkorde in omlynde vorm voor nie, laat dit geen twyfel oor die grondliggende beginsels waarvolgens die kerk ingerig moet wees, sodat Christus die Hoof, die daadwerklike Regeerder is nie.[4]

As hoofbeginsels kan uit die Nuwe Testament onderskei word: die enige heerskappy van Christus as Hoof; die uitoefening van sy heerskappy deur sy Woord en Gees; die gemeente as subjek en objek van sy volmagte; die presbuteroi as bedienaars van sy regering.

Die veelstaltigheid van die kerk in die eerste na-apostoliese eeue moet dus ’n ander oorsaak hê as onduidelikheid in die Nuwe Testament. Die oorsake is moeilik om te bepaal.[5]

Daar was wel van die begin af deformerende kragte werksaam, soos duidelik tot openbaring kom in die persoon van Diotrefes (3 Joh. 1:9), en in die vermaning van Petrus teen heerskappyvoering deur ouderlinge (1 Petr. 5:3). In die stryd teen dwaalleer, heidense kultuur en staatsmag het spoedig geblyk dat kerke nie “vashou aan die Hoof” nie, maar dat hulle gepoog het om hulself “sterk te

---

1 Vgl. H. Bouwman: op. cit., I, p. 114.

2 R. Seeberg: Textbook of the History of Doctrines, Deel I, p. 372: hy praat van “a malformation without parallel”.

3 Vgl. vir dié bewering: Wat is er aan de hand met het ambt?, p. 32.

4 P.A.E. Sillevis Smitt: op. cit., p. 10: “de kiemen eener vaste organisatie” lê van die begin af “in die forma, waarin die Nieuw-Testamentische Kerk aanstonds tot aanzijn kwam. Gelijk uit een bloemzaad maar één bepaalde bloemsoort opkomen kan, zoo droeg het oorspronkelijke, dat God gaf, datgene in den schoot, wat Hij er in gelegd had, en iets anders kan er niet uit voortkomen”.

5 H. Bavinck: Dogmatiek IV, p. 329—30: “Hoe dat toegegaan is, weten wij niet: voor gissingen en onderstellingen is hier dus een ruim veld”.

maken door het scheppen van een formatie, waarbij het zwartepunt uit de gemeente wordt verlegd naar een machtigen clerus, die al meer met de gemeente een tegenstelling vormen ging; een formatie, die uitwendig een hechte band sloeg, en naar haar geestelijke en materieele zijde de wereldmacht imponeerde, maar zelve de gelijkvormigheid der wereld in zich droeg".[6]

Aanvanklik het die gemeente 'n volle mondige aandeel gehad in die kerkregering. Gedurende die eerste helfte van die tweede eeu was die plaaslike kerke nog selfstandig: die gemeente het self geoordeel oor die leer, orde en tug; en die opsieners is deur die gemeente gekies.[7] Volgens die eerste brief van Clemens aan die Korinthiërs, teen die einde van die eerste eeu, het die gemeente selfs die mag besit om onwaardige ampsdraers te ontslaan.[8] Hierdie gesagsposisie van die gelowiges word bevestig deur die brief van Barnabas, geskryf teen ongeveer die einde van die eerste of die begin van die tweede eeu.[9] Die komplete kerklike organisasie wat in die *canones apostolici* (± 140—180 n.C.) beskryf word bepaal die kiesreg van die gemeente. Teen die einde van die tweede eeu het Irenaeus steeds die priesterskap van die gelowiges en die selfstandigheid van die plaaslike kerk erken terwyl sy tydgenoot, Tertullianus, die gemeente besitter van die sleutelmag[10] geag het.

In die gewone gang van sake is die gemeente deur die presbiterium verteenwoordig, wat die gemeente in gewigtige sake geraadpleeg het. By die verkiesing van 'n biskop het die presbiterium die leiding geneem en sorg gedra vir die verkiesing deur die volk.[11] Maar namate die gemeentes groter geword het, het die presbuteroi meer beslissend besluit en die goedkeuring van hul besluite deur die gemeente het mettertyd slegs 'n formele saak geword,[12] beperk tot die verkiesing.[13]

## 3.2. Die Roomse stelsel: die verplasing van Christus as Hoof,

---

6 P.A.E. Sillevis Smitt: op. cit., p. 200.

7 Vgl. H. Bouwman: op. cit., I, p. 114; R. Sohm: op. cit., pp. 247—296; P.A.E. Sillevis Smitt: op. cit., p. 192.

8 H. Bouwman: op. cit., I, p. 115.

9 Id., p. 116; P.A.E. Sillevis Smitt: op. cit., p. 194.

10 H. Bouwman: op. cit., p. 124.

11 Id., p. 133.

12 Id., p. 129.

13 R. Sohm: op. cit., p. 234; H. Bouwman: op. cit, p. 141.

## 'n deformasie

Terwyl die gelowiges steeds meer en meer ontmondig is, het die ampshoogheid steeds meer ingeskuif tussen Christus en Christen, en het die oorheersende gesagsuitoefening deur die ampsdraers tegelykertyd toegeneem; terselfdertyd het binne die ampskring 'n hiërargie ontwikkel waardeur uiteindelik die pous in die Roomse kerk as "hoof" van die sigbare kerk nie net *plaasvervanger* van Christus, die Hoof, geword het nie, maar *verplaser*. In één proses[14] is die kerkbegrip gewysig, die gelowiges ontmondig en die ampsgesag verskerp tot 'n heerskappy oor die gemeente.

### *3.2.1. Die opkoms van die pouslike heerskappy*

Die apostoliese vaders het die kerk beskryf as die *communio sanctorum*. Die opkoms van dwaalleer en sektes het tot 'n nadere omskrywing gelei. In die Ooste het *Ignatius* verklaar: die ware kerk is daar waar aan die *catholic ecclesia* vasgehou word, en dié is daar waar die biskop is. Daarmee is die biskop uitgelig uit die plaaslike kerk en geplaas in 'n posisie tussen Christus en die kerk.[15] Ignatius het nog die biskop gesien as omring deur die raad van presbuters en diakens, soos Christus deur sy apostels, en dat hy sy amp slegs in die plaaslike kerk uitoefen en daarbuite geen gesag het nie. Tog het by hom duidelike afwykinge van die Nuwe Testament na vore getree: hy het die naam *episcopos* uitsluitlik vir die *primus inter pares* van die presbiterium gebruik en hom ver bo die presbuteroi en diakonoi verhef, terwyl hy die *episcopos* telkens met God of Christus vergelyk het om vir hom 'n byna onbeperkte gehoorsaamheid te eis van die gemeentelede.

In die Weste het ook 'n ampshoogheid tussen Christus en die gelowiges ontwikkel. Die verandering het aanvanklik rondom die kwessie van berou[16] gekonsentreer. In die verband het *Calixtus,*[17]

---

[14] Vgl. H. Berkhof: Geschiedenis der Kerk, p. 25; R. Seeberg: op. cit, p. 174 e.v.; H. Bavinck: op. cit., p. 230 e.v.; L. Berkhof: The History of Christian Doctrines, p. 233 e.v.; D. Jacobs: De Verhouding tusschen de Plaatselijke en de Algemeene Kerk in de eerste drie eeuwen, p. 135.

[15] Vgl. H. Echternach: Kerkvaders, ketters en concilies, p. 17—9; H. Bavinck: op. cit., p. 331 e.v.; D. Jacobs: De Verhouding, p. 136.

[16] Vgl. R. Seeberg: op. cit., I, p. 175—6; vgl. D. Jacobs: De Verhouding, p. 198. Hiermee het die opkoms van die "Wettische richting" verband.

[17] Besonderhede oor Calixtus word verder van R. Seeberg: op. cit., I, p. 176 ev. ontleen.

biskop van Rome (217—222 n.C.) sy besondere rol gespeel. Hy het ineens die kerkbegrip radikaal gewysig, die gelowiges ontmondig en die ampshiërargie gevestig. In aansluiting by die leer van die apostoliese vader, Hermas,[18] verklaar hy dat die kerk, by name die biskoppe, die outoriteit het om sondes te vergewe. Hy beroep hom op Matt. 16:18, en ken blykbaar aan homself, as die opvolger van Petrus, besondere outoriteit toe. Dit spreek onder andere uit die titels wat hy homself toegeëien het: *pontifex maximus* en *episcopus episcoporum*. Hy het die biskop onttrek aan die kontrole van die mondige gemeente. Omdat Calixtus gemeen het dat die biskop kragtens goddelike reg handel, het hy hom nie onderworpe aan die oordeel van die gemeente geag nie. Selfs as hy 'n "doodsonde" sou begaan, sou die biskop nie afsitbaar wees nie. En eweso: as hy sondaars in die kerk sou verdra, kon geen beswaar daarteen gemaak word nie; hy het die onkruid toegelaat om tussen die koring te staan, soos die ark ook baie soorte diere gehuisves het. Ondanks die Evangeliese klank van sy uitsprake is sy wysiging van die praktyk van berou gegrond op 'n nuwe kerkbegrip waardeur sy hele gedagtegang bepaal is. Die kerk was vir hom nie meer die heilige volk van God wat verenig is in die leer van die apostels (verteenwoordig deur die biskop) nie. Die kerk was vir hom 'n vereniging van mense, ondergeskik aan die gesag van die biskop, afhanklik van wie hy in die kerk toegelaat het op grond van die outoriteit wat hy van God ontvang het om sondes te hou of te vergewe. Die biskop het by Calixtus 'n absolute hoof geword oor die gelowiges, oor hulle geloof en hulle lewe. Seeberg noem hom die "author of the Roman Catholic conception of the church" [19] en "the first conscious hiërarch".[20] Calixtus het die kloof tussen leke en clerus oopgespalk.[21]

---

18 Vgl. R. Seeberg: op. cit., I, p. 61 e.v.

19 Id., p. 178.

20 Id., p. 117.

21 H. Bavinck: op. cit., pp. 333, 341, 367, 368. "Clerus, *κλῆρος*, lot, erfdeel, eigendom, duidde oorspronkelijk de gemeente van Christus aan als erfdeel of eigendom Gods, Deut. 4:20, 9:29, I Petr. 2:5. Maar langzamerhand werd het gebruik van dit woord beperkt, en eerst alleen toegepast op presbyters, dan ook op de diakenen, en eindelijk nog op al de ordines minores (acoluthi, exorcistae, lectores, ostiarri), die in het begin der derde eeuw opkwamen. Al deze dienaren der kerk werden toch langzamerhand meer en meer van de gemeente onafhankelijk en tot beampten van den bisschop gemaakt en dan met dezen als clerus, als ecclesia docens, gesteld tegenover de leeken, de

En hoe wyer die kloof gerek het, hoe meer het die regte van die gelowiges buite rekening geraak, met hul plig tot gehoorsaamheid op die voorgrond. Hierdie onmondigmaking beteken dat hulle buite direkte gemeenskap met hulle Hoof, Christus, gestel is, afhanklik van die biskop.

Die hiërargie van die biskop in die gemeente het gelei tot die hiërargie van die monargiese-episkopaat binne die clerus. Aan die ontwikkeling van die monargiese-episkopaat het *Cyprianus* (200—255 n.C.) in belangrike opsigte momentum gegee. As egte Romein het hy hom met doelgerigtheid en fyn diplomatieke aanvoeling[22] in die stryd oor die toelating van die renegate *(lapsi)* in Carthago aan die kant van die biskoplike outoriteit geskaar. Die standpunt is sedert die tyd van Calixtus getrou deur die biskoppe van Rome gehandhaaf.[23] Cyprianus het aan die gedagtes van Ignatius nuwe aksent gegee: die eenheid van die kerk is gewaarborg in die eenheid van die biskoppe. Hulle het 'n kollege, genoem die episkopaat, wat die eenheid van die kerk verteenwoordig gekonstitueer. In dié episkopaat het alle biskoppe saam as 't ware één biskop gevorm. Die episkopaat het aan die hoof van die kerk gestaan en moes "onderling *caritas animi, collegi honor, vinculum fidei et concordia sacerdotii* bewaren".[24]

Hy het dus tegelyk die biskop as hoof van die kerk én die onderlinge gelykheid van die biskoppe gehandhaaf. Hy het die monargiese gesag van die biskoppe op die apostoliese suksessie gegrond. Hierin het hy aan die gedagtes van Irenaeus[25] nuwe aksent gegee. Irenaeus het in die leer van die apostoliese suksessie die waarborg gesien dat die leer van die apostels suiwer oorgelewer is,

---

ecclesia audiens, die niets meer te zeggen maar alleen nog te luisteren en te gehoorzamen had. Zoo ontstond het episcopale stelsel van kerkregering, dat in den bisschop den wettigen opvolger der apostelen en den geestelijken vorst der geloovigen ziet".

22 H.F. von Campenhausen: Kirchliches Amt und geistliches Vollmacht in der ersten drei Jahrhunderten, p. 303 "überlegener Staatsman der Kirche". H. Echternach: op. cit., p. 43; D. Jacobs: De Verhouding, pp. 136, 142.

23 Vgl. R. Seeberg: op. cit., I, p. 179; H. Bouwman: op. cit., I, p. 129; H. Bavinck: op. cit., pp. 333, 335.

24 H. Bavinck: op. cit., p. 335; D. Jacobs: De Verhouding, p. 182; H.F. von Campenhausen: op. cit., pp. 297, 299.

25 D. Jacobs: De Verhouding, op. cit, p. 137; J.N. Bakhuizen van den Brink e.a.: Handboek der Kerkgeschiedenis I, p. 103.

in teenstelling met die oorleweringsleer van die Gnostieke. Die waarborg het Irenaeus gevind in die aanstelling van die biskoppe deur die apostels, om daarna in reëlmatige suksessie mekaar op te volg as draers van die *charisma veritatis certum.* Cyprianus het hierdie leer uitgebou: Christus het self die biskoppe aangestel as die ware opvolgers van die apostels, sodat hy op grond van Matt. 16:18 verklaar het dat die kerk op die biskoppe gebou is. Ongehoorsaamheid aan die biskop is gevolglik ongehoorsaamheid aan God. En buite hierdie kerk as moeder, is God vir niemand Vader nie.[26] So het Cyprianus die eenheid van die kerk geleer, saamgebind deur 'n sigbare uiterlike band: die episkopaat. En deur sy begrip van die apostoliese suksessie het hy die kontrovers oorbrug wat in dié tyd die kerk verdeel het, nl. tussen Novatianus en die biskop van Rome. Deur sy begrip van apostoliese suksessie het hy die gawe van die Heilige Gees en die hiërargie verbind: Christus kies die biskoppe en die Heilige Gees verlig hulle.[27] Intussen het hy die biskoppe gelyk geag en in die *cathedra Petri* te Rome niks meer as 'n simboliese eenheid gesien nie.[28] Die belangrikheid van Cyprianus in die ontwikkeling van die pous as hoof van die kerk, lê veral daarin dat hy al die kerklike gesag verlê het in die biskop, sodat die biskop die gesag verkry het “welke gegeven was aan de organische gemeente”.[29]

Hierdie biskoplike organisasie van die kerk is verder verstewig deurdat die hoofstede van die provinsies in die Romeinse Ryk die vaste setels geword het van die provinsiale sinodes. Gevolglik is die biskoppe van dié metropole 'n trap hoër geag as die stedelike biskoppe,[30] wat op hulle beurt weer hoër geag is as die biskoppe van die platteland. Die konsilie van Nicea het die naam Metropoliet verbind aan die biskoppe van die metropole. Dié sinode stel nog in canon 6 die metropoliete van Rome, Alexandrië en Antiochië gelyk, met almal dieselfde mag (eksousia) as wat die biskop van Rome in Italië besit. Die Konsilie van Nicea het ook die verhouding van die

---

26 H.F. von Campenhausen: op. cit., p. 296.

27 H. Echternach: op. cit., p. 50.

28 H. Bavinck: op. cit., p. 336.

29 H. Bouwman: op. cit., p. 129; H.F. von Campenhausen: op. cit., p. 301: “Sie bleibt die ‘Herde’,... ‘Kirchenvolk’ das vor seinem Leitern zurücktritt”.

30 D. Jacobs: De Verhouding, op. cit., p. 176.

provinsiale sinodes en die Metropoliete gereël:[31] hulle moet twee maal per jaar vergader; alleen die biskoppe was stemgeregtig, en hulle is verplig om die sinodes by te woon; slegs as die biskop verhinder sou word, kon hy vervang word deur 'n presbuter of diaken. Die dissiplinêre arbeid van die sinode het op die voorgrond getree ten koste van sy voorskrywende mag. Dit het steeds meer 'n hof van appèl geword. Binne hierdie raamwerk was die mag van die metropoliete groot. Die keuse van 'n biskop was van die toestemming van die metropoliet afhanklik. Spoedig is die invloed van die gemeente daardeur geheel en al genivelleer, want die Sinode van Laodicea (± 360 n.C.) het bepaal dat 'n biskop deur die metropoliet en die omwonende biskoppe in die amp gestel moes word, terwyl die volk die reg van beswaar ontsê is. (In die Westerse kerk het die gelowiges langer die kiesreg behou, maar sedert die elfde eeu is selfs die medebiskoppe uitgesluit by die keuse van 'n biskop en is die verkiesing alleen in die hande van die clerus van 'n katedraalkerk gelaat.)[32] Die sentralisasie van die kerk is verstewig, die hiërargie sterker uitgebou, die regte van die gemeente as gelowiges het verlore gegaan in 'n kerk waar Christus, die enigste Hoof, uit die oog verloor is en meer gelet is op krag van die organisasie as op die openbaring van die Nuwe Testament. In die vierde eeu het die biskop van Rome algemene erkenning gekry, en niemand het meer getwyfel dat gemeenskap met en onderwerping aan Rome noodsaaklik is nie.[33] Verdere bevordering van die primaat van Rome en die oppergesag van die metropoliet aldaar, kom uit die dogmatiek van *Augustinus*.[34] Sy kontrovers met die Donatiste[35] het hom geforseer

---

31 Vgl. vir besonderhede: P. Hinchius: System des Katholischen Kirchenrechts IV, p. 714; H. Bouwman: op. cit, I, p. 144.

32 Die Konsilie van Trente (1545—1563) het nog die anathema uitgespreek oor elkeen wat sê dat die ampte deur die biskoppe verleen sonder toestemming of roeping deur die volk, geen waarde het nie, en dat almal wat slegs deur die gemeente gekies en in die amp gestel is en die amp aanvaar, nie vir dienare van die kerk maar vir diewe en rowers gehou moet word (Sessio XXIII, 15 Julie 1563). Aangehaal deur J. Hovius: Notities betreffende de Synode te Emden, 1571, p. 18.

33 H. Bavinck: op. cit., p. 337.

34 L. Berkhof: op. cit., p. 235—8.

35 Vgl. W.H.C. Freud: The Donatist Church, pp. 227 e.v. F.D. Moorrees: De Organisatie van de Christelijke Kerk van Noord-Afrika in het Licht van de Brieven van Augustinus, pp. 99 e.v.

om dieper as Cyprianus oor die wese van die kerk na te dink. Hy verval daarby in 'n dualisme. Hy het die kerk verstaan as die *communio sanctorum* wat die Gees van God het en gekarakteriseer word deur egte liefde. Van die *communio sanctorum* moet 'n gelowige lid wees en nie slegs aan die uitwendige kerk behoort met deelname aan die sakramente nie. Die ware eenheid van die kerk is dus onsigbaar. Maar die eenheid bestaan alleen in die Katolieke Kerk.[36] Die Katolieke Kerk is die ware kerk, waarin die apostoliese outoriteit voortgesit word deur die suksessie van die biskoppe. Buite dié kerk is daar geen saligheid nie, en alleen daarbinne word die Heilige Gees ontvang. In die huidige wêreld is gelowiges en goddeloses in die kerk vermeng, maar die kerk is bestem vir volkome reinheid. Teenoor die beswaar van die Donatiste dat hy die kerk in twee "kerke" verdeel, die gemengde kerk van die huidige en die suiwer kerk van die toekoms, het Augustinus die suiwerheid van die een Katolieke Kerk gehandhaaf.

Augustinus het die suiwerheid gesoek in die sigbare instituut met sy ampte, sakramente en bedieninge. Van dié kerk is die goddelose nie lid nie, hoogstens uitwendig lid; hulle is die dooie ranke wat afgesny word. "Thus Augustine effected in thought the purity which the Donatists sought to realize in actual life".[37] Vir hom was die *externa societas sacramentorum* en die *communio fidelium et sanctorum* een en dieselfde kerk as die *numerus praedestinatorum,*[38] naamlik die Katolieke Kerk.[39] Die dualisme tussen sigbare en onsigbare kerk kon Augustinus nie oorwin nie. Hy het uiteindelik die vraag onbeantwoord gelaat: "which is the true Church, the external communion of the baptized, or the spiritual communion of the elect and the saints, or both, since there is no salvation outside of either?" [40]

Dir Roomse Kerkt in sy verdere ontwikkeling gedurende die

---

36 W.M. Plöchl: Geschichte des Kirchenrechts, pp. 120—6.

37 L. Berkhof: op. cit., p. 236.

38 J.N. Bakhuizen van den Brink ea., op. cit., I, p. 259.

39 J. Wytzes: Augustinus: "De Staat Gods", p. 13.

40 L. Berkhof: op. cit., p. 237. Vgl. R. Seeberg: op. cit., p. 328: "Not only could Rome appeal to Augustine, but the Evangelical theory of the church finds in him as well a Champion". J.N. Bakhuizen van den Brink e.a.: op. cit, I, p. 266. Ernst Troeltsch: Augustine, pp. 29, 31 e.v.

Middeleeue voortgebou op Augustinus en Cyprianus, met weinig verdere verdieping in die dogmatiese verstaan van die kerk. Wat die organisasie van die kerk aanbetref, was daar wel ontwikkeling tot "a close-knit, compactly organized and absolute hierarchy",[41] gegrond op die kerkbegrip van Cyprianus en Augustinus met betrekking tot die sigbare kerk as instituut van biskoppe. Die oorspronklike kerkbegrip — *communio sanctorum* — wat Augustinus ook na vore gebring het, "was entirely disregarded and thus remained dormant".[42] Augustinus het in die tyd van die Romeinse Ryk se verval geleef. Daarteenoor het hy in sy *De Civitate Dei* die heerlikheid van die kerk besing hoog bó die Staat. Die kerk is die koninkryk van God. En omdat daar maar één kerk is, geld alles wat die Heilige Skrif van die kerk sê vir die empiriese Katolieke Kerk, die hemelse gemeenskap van die heiliges, teenoor die Staat. Christus regeer alles deur die kerk. Gevolglik het Augustinus die weg vir die hiërargie gebaan. Want hy het in die kerk die sleutelmag toegeken aan die voorgangers wat saam met Christus regeer; en in die wêreldheerskappy van dié kerk, regeer Christus op aarde.[43]

Naas die identifisering van die Roomse Kerk met die koninkryk van God het 'n tweede idee gedurende die Middeleeue sterk op die voorgrond getree, naamlik die primaat van Rome. Die vyandskap van die wêreld het die noodsaaklikheid van die eenheid van die kerk beklemtoon. Die verwesenliking van dié eenheid is met steeds groter krag gesoek in die kerklike organisasie "aan het hoofd waarvan die metropolieten stonden".[44] Hierdie voorrang van die metropoliete het daarop berus dat die gemeentes van die metropole uit die apostoliese tyd sou dateer, wat aan die metropoliet aanspraak sou gee op apostoliese suksessie. Met die biskoplyste is dié aansprake "bewys". Die Metropoliete van Rome, Antiochië en Alexandrië sou dan aldrie teruggaan op die apostel Petrus en sy leerling Markus. Rome se aanspraak op voorrang is bevorder deur 'n aantal

---

41 L. Berkhof: op. cit., p. 238.

42 Ibid.

43 H. Bouwman: op. cit., I, pp. 153—4; Ernst Troeltsch: op. cit., p. 35 e.v.; A. Sizoo: Augustinus over den Staat, pp. 14, 20—3.

44 H. Bouwman: op. cit., I, p. 146.

sterk persoonlikhede wat as biskoppe goeie beslissings gegee het, en deur die goeie organisasie van die kerk aldaar. Geen ander gemeente kon onder die martelare soveel van sy biskoppe tel nie.

Deurslag vir die primaat van Rome sou egter deur leerstellige argumente gegee word.

*Leo I* (440—461) het dit duidelik geformuleer.[45] In 'n aantal briewe het hy 'n afgeronde teorie van die Roomse primaat gegee en dit verhef tot die rang en waarde van 'n godsdienstige dogma op grond van Matt. 16:18. Volgens Leo is Petrus, die rots, onmiddellik verbonde aan die hoeksteen Christus. Elkeen wat homself van Petrus losmaak, of wat sy vastheid en waardigheid bestry, verloor alle deel-hê aan die goddelike misterie en stoot homself in die verderf. Leo ag Matt. 16 as die instelling van die hoë amp van Petrus tot poortwagter van die hemel; in Joh. 20:15 sou hy die opsig en bestuur van die kerk ontvang het en in Luk. 22:31, met die versekering van 'n onwankelbare geloof, die hoogste leeramp. Die ander apostels sou alleen deur Petrus deel gehad het aan Christus. Petrus is beskou as die vors van die apostels, die middelaar van die heil, net soos Christus dit vir hóm was. Sy verloëning van Christus sou slegs ten doel gehad het dat aan hom verootmoediging, die *remedium humilitatis* bevestig kon word. So is hy beskou as die hoof van die hele kerk *(princeps totius ecclesia)*. Die kerk sou deur Christus principaliter, deur Petrus proprie geregeer wees. Rome se voorrang word dan bevestig deur die bewering dat Petrus aldaar 25 jaar biskop was.[46] Daarom besit die biskop van Rome, as opvolger van Petrus, die volkome regeermag oor die kerk, in die sin waarin Petrus dit besit het, die *primatum ordinis*.

Eers teen die einde van die sesde eeu het die primaat van Rome weer 'n belangrike stoot na vore gekry. Daarvoor was *Gregorius die Grote* (590—604), genoem die laaste kerkvader, en die eerste pous,[47] verantwoordelik. In sy persoon is die gedagte beliggaam: die kerk van Rome is die erfgenaam van die Romeinse Ryk; Rome, die heilige Stad, se biskop is die magtige en onfeilbare vader van die kerk. Deur sy persoonlike aansien het die pouslike gesag uitgebrei na Brittanje en Duitsland. Hoewel hy self nog die titel van

---

[45] Vgl. H. Bouwman: op. cit., I, p. 160; H. Bavinck: op. cit., pp. 337, 339; J.H. Landwehr: Handboek der Kerkgeschiedenis, deel I, p. 151.

[46] Vir 'n beoordeling van die bewering vgl. G.P. van Itterzon: Naar een Petrusdienst, p. 34 e.v.: elke historiese bewys ontbreek.

[47] H. Bouwman: op. cit., I, p. 160.

"universele Biskop" afgewys het,[48] het sy opvolger, *Bonifatius III,* dit in 607 aanvaar. In die weste is die pous byna algemeen erken as die sigbare hoof van die kerk en die plaasvervanger van Christus.[49]

#### *3.2.2. Die Pous verplaas Christus as Hoof van die kerk*

Die ontwikkeling van die leerstuk van die onfeilbaarheid van die pous het Christus in nog meerdere mate as Hoof van die kerk verdring. Aanvanklik is die klem gelê op die kerk te Rome, wat nie van die waarheid kan afdwaal nie omdat dit deur Petrus en Paulus gestig is en deur hulle wettige opvolgers kragtens apostoliese suksessie gelei is. In die loop van die geskiedenis sou egter blyk dat die apostoliese suksessie nie genoegsame waarborg is nie, veral toe verskeie kerke, ondanks hulle stigting deur apostels, met biskoppe en al, afvallig geword en verdwyn het. Gevolglik is die klem vir die onfeilbaarheid van Rome verlê van die primaat van die kerk na die primaat van sy hoof, die pous. Hy sou die opvolger wees van Petrus wat 'n besondere gawe van die Heilige Gees deelagtig was.[50]

Hoewel die *Pseudo-Isodoris*[51] bedoel was om die emansipasie van die episkopaat te bevorder,[52] het pous *Nicolaas I* (858— 867) dit aangegryp om die pouslike mag te bevorder.[53] Hy het geleer dat die pous die onbeperkte heerser oor die hele kerk is. Wat die pous sê, is God se Woord; wat die pous doen, is God se daad. Hy is die plaasvervanger van Christus, die orgaan van die Heilige Gees, en aan geen menslike wet onderworpe nie. Die nuwe in sy gedagtes is: die onfeilbaarheid van die pous. Christus is dus nie langer die enigste onfeilbare Hoof van die kerk nie.

In aansluiting by die reformatoriese program van Cluny[54] het *Gregorius VII* die pouslike gesag verder uitgebou. In die sewe-en-twintig artikels van die *Dictatus* het hy die bekende aansprake van die pous met presiesheid weergegee.[55] Die belangrikste van die artikels bepaal: Die Roomse Kerk het nooit gedwaal en sal nooit

48 L. Berkhof: op. cit, p. 239.

49 H. Bouwman: op. cit, p. 161; L. Berkhof: op. cit, p. 239.

50 Vgl. H. Bavinck: op. cit., IV, p. 339 vir die verskillende uitsprake in die verband.

51 W.M. Plöchl: op. cit., p. 447.

52 H. Bouwman: op. cit., p. 168.

53 W.M. Plöchl: op. cit., p. 305 e.v.; H. Bouwman: op. cit., I, p. 169.

54 J.N. Bakhuizen van den Brink e.a.: op. cit., Deel II, p. 58 e.v.; R. Seeberg: op. cit., II, p. 49.

55 H. Bavinck: op. cit, IV, p. 339; R. Seeberg: op. cit., II, p. 50—1.

dwaal nie. Daarom is alleen die biskop van Rome *universalis* en het hy outoriteit oor al die ander biskoppe, wat deur hom benoem en afgesit word. Die ander biskoppe is slegs sy verteenwoordigers. Hy alleen mag nuwe wette neerlê na die nood van die tyd. Geen wet of boek het kanonieke gesag sonder sy outorisering nie. Die kanonieke ordening gee aan hom onfeilbaarheid. Deur sy verdienste is Petrus onfeilbaar gemaak. Hy is nie alleen hoof van die kerk nie, maar *universale regimen* is aan hom geskenk en hy is princeps van die koninkryke van die aarde. “Thus Gregory had given currency to an ideal of the papacy whose assump-tions could not be surpassed. The infallible pope has authority over body and soul, the world and the church, time and eternity. To this extreme was the Augustinian idea of the *civitas dei* carried”.[56] Die *plentitudo potestatis* van die pous het inderdaad geword die absolute heerskappy oor kerk en wêreld.

*Innocentius III,* een van die bekwaamste pouse, het die tradisie van Gregorius VII voortgesit en 'n stap verder gevoer deurdat hy homself nie net *Vicarius Petri,* maar *Vicarius Dei* genoem het.[57] Hy was dus eerstens heerser en nie priester nie.[58] Hy was “The vicar *(vicarius)* of Christ, placed midway between God and man, beneath God and beyond man, less than God and greater than man, who judges concerning all and is judged by none”.[59]

*Bonifatius VIII* sou in sy *Unam Sanctum* (1302) saamvat wat baie pouse geleer het.[60] Hy het verklaar: *Unam Sanctum Ecclesiam catholicam et ipsam apostolicam urgente fide credere cogimur et tenere, nosque hanc firmiter credimum et simpliciter confitemur, extra quam nee remissio peccatum, sponso in Canticis proclamante: Una est columba mea, perfecta mea. Una est matri suae, electa genitrici suae* (Ct. 6:8); *quae unum corpus mysticum repraesentat, cuius caput Christus, Christi vero Deus. In qua unus Dominus, una fides, unun baptisma'* (Eph. 4, 5) ... *Igitur Ecclesiae unius et unicae unum corpus, unum caput, non duo capita quasi monstrum, Christus videlicet et Christi vicarious PETRUS, Petrique successor,*

56 R. Seeberg: op. cit., II, p. 51.

57 P. Rossouw: Die Roomse Gesagsbegrip van Lumen Gentium in Kerkhistoriese perspektief, Band I, p. 142.

58 H. Bouwman: op. cit., I, p. 179.

59 R. Seeberg: op. cit., II, p. 87.

60 J.N. Bakhuizen van den Brink ea.: op. cit., II, p. 59; H. Bouwman: op. cit., p. 179.

*dicente Domino ipsi PETRO: 'Pasce ore meas'* (Io. 20, 17) ... *Porro subesse Romano Pontifici omni humanae creaturea declaramus, dicimus, definimus et pronontiamus omnio de necessitate salutis.*[61]

Hiermee het die dogma van die pous as hoof van die kerk sy toppunt bereik. Die één kerk het maar één hoof.

Die kerk van Christus het kerk van die pous geword. Hy is die onfeilbare bron van alle dogmata, die onweerspreekbare wetgewer, die eienaar van die kerklike goedere, die hoof van die clerus, met die ander biskoppe tot sy onderhorige helpers wat hy met mag beklee. Hy is die middelaar tussen God en die mense, sonder wie se priesterlike bediening van die offer geen mens tot God kan gaan nie.[62] Die pous het die ganse menslike bestaan onder sy beheer betrek. “Van het oogenblik, dat iemand geboren werd, tot zijn laatsten snik ... Ja, ook dan nog liet de kerk den mensch niet los, want zij geleidde hem door haar sacrament achter den dood door het vagevuur heen naar de plaats der eeuwige gelukzaligheid, of zij liet onboetvaardigen over aan de kwelling van de machten der duisternis”.[63] Die Christen het sy vryheid aan die heerskappy van die pous prysgegee. En die kerk het sy wese kwytgeraak. Dit is onder heerskappy van die pous nie meer 'n vergadering van gelowiges in Christus wat vashou aan hul Hoof nie, maar 'n aardse ryk onder 'n hiërargiese gesagstruktuur met 'n menslike hoof beklee met absolute superioriteit. Die Woord van God, die Stem van die Goeie Herder, het sy gesag voor die onfeilbare pous verloor. Die Vleesgeworde Woord, die Hoof van die kerk, is veraards in die getranssubstansieerde offerande deur die pous (of sy verteenwoordigers). Die hemelse Hoof wat sy kerk as sy liggaam op die aarde deur sy Woord en Gees regeer, is deur sy “plaasvervanger”, die pous, as hoof van

---

61 Vir die volle Unam Sanctum vgl. by Rossouw: op. cit, I, pp. 55—7.

62 Vgl. die transsubstansiasieleer van 1215 — R. Seeberg: op. cit., II, p. 78: “The doctrine thus elaborated by the theologians was exalted to the position of a fixed dogma by Pope Innocent III at the Fourth Lateran council (A.D. 1215: ‘The body and the blood are truly contained in the sacrament of the altar under the forms (speciebus) of bread and wine, the bread transsubstansiated into the body and the wine into the blood by divine power... And this sacrament no one can in any case administer except a priest who has been properly ordained’”. Vgl. Edward Schillenbeeckx: World and Church, pp. 35—43.

63 H. Bouwman: op. cit., I, p. 183.

die Roomse Kerk, verplaas[64] tot die onwerklikheid, die misterie, die onsigbare. Op sigbare wyse en in die gewone gang van sake bestuur Christus sy mistieke liggaam deur middel van sy plaasbekleder op aarde.[65] Die sigbare hoof wat Christus aan sy kerk nagelaat het, was Petrus, sy plaasbekleder, *Apostolurum Principi*[66] wat met Christus één hoof van die kerk vorm.[67] Die opvolger van die "Apostel Prins" is die volle erfgenaam van hierdie hoofskap: saam met Christus één Hoof van die kerk. Dit is die "Primaat"[68] van die pous as die *"Organe"*[69] van Christus. Aan hierdie verplasing van Christus as Hoof uit die sigbare kerk op aarde kon selfs Vaticanum II geen verandering bring nie.[70] Pous *Paulus VI* verklaar in sy toespraak van 20 Nov. 1963 dat die biskoppe van die wêreld na Rome gekom het (soos Paulus indertyd, Gal. 1:18) *"per videre Petrum,* om Petrus te zien, de Prins der Apostelen, de grondslag van Gods kerk, haar zichtbaar Hoofd, de Plaatsbekleder van Christus, in de nederige en bescheiden persoon van zijn opvolger".[71] Tot op die huidige bly dus in die Roomse Kerk die pous die sigbare hoof van die kerk, één hoof met die Hoof, Christus. Hy het Christus uit die sigbare kerk verplaas tot die onsigbare. En daarmee het die Roomse Kerk geword 'n mistieke liggaam sonder sy werklike Hoof.

---

64 Ibid, "Christus was onttroond door zijn stedehouer op aarde". Vir 'n kritiese *weerlegging* van die aansprake van die Roomse pous, vgl. H. Bavinck: op. cit., IV, pp. 340—50; H. Bouwman: op. cit, I, pp. 189, 527. Vgl. ook: J. Faber: Het mysterie der kerk by Vaticanum II, p. 6: Die kerk is deur die pous in Christus en Christus is deur die pous in die kerk.

65 Ecclesia Docens: Mystici Corporis Christi: op. cit., pp. 44: *Divinus Redempto per suum in terris vicarium Corpus suum mysticum gubernet"*.

66 Id., p. 45.

67 Id.: *"Unum solummodo Caput constituere Christum eiusque Vicarum"*.

68 Paul Hinschius: op. cit., p. 195 e.v.

69 Georg Phillips: Kirchenrecht I, p. 74 e.v.

70 Vgl. C. van der Woude: op. cit, pp. 10—11, 21; F.F. Haarsma: op. cit., p. 366.

71 Vgl. by P. Rossouw: op. cit., Band II, p. 356: Katholieke Archief, 19e jrg., no. 4, 24 Januarie 1964. Vgl. ook p. $442_2$ vir die sluitingsrede van pous Paulus VI op 21 Nov. 1964: "Het beste commentaar, dat men op deze uitvaardiging kan geven, is te kunnen zeggen dat zij op geen enkele wijze de traditionele leer verandert. Wat Christus heeft gewild, willen wij ook. Wat was, blijft. Wat de Kerk in de loop der eeuwen heeft geleerd, leren wij ook".

## 3.3. Onvoltooide reformasie van die kerk met Christus as Hoof

### *3.3.1. Inleiding: Voorlopers van die Reformasie*

Reeds voor die optrede van Luther het verskeie voorlopers van die Reformasie die aansprake van die pous teëgespreek op grond daarvan dat Christus die Hoof van die Kerk is. Die pouslike onfeilbaarheid was 'n idealistiese dogma wat in die realiteit nie tot verwesenliking gekom het nie, want die pouse was van nature onbekwaam tot enige goed en geneig tot alle kwaad.[72] Dit het gelei tot kritiese denke oor die hiërargiese kerkinrigting van die Roomse Kerk.

Die helderste formulering van nuwe insigte word, voor Luther, gevind by *Marsilius van Padua*[73] en *Willem van Occam.*[74] Veral Occam het hom duidelik uitgespreek oor Christus as Hoof van die kerk: al mag die monargie die beste staatsvorm wees, in die kerk is geen menslike monargie nie; in die kerk regeer Christus as die enigste Hoof. Daarmee het Occam die heersersposisie van die pous dogmaties weerspreek. Vir hom is die pous 'n blote administrateur van kerklike dienste, feilbaar soos alle mense en gebonde aan die positiewe opdragte van die Nuwe Testament. Regsinnigheid in die leer is nie van die pous se goedkeuring afhanklik nie, maar word bepaal deur die vraag of die geloofsleer uit die Skrif kom en met die Skrif ooreenstem. Occam het, vir die eerste keer, die onfeilbaarheid van die Heilige Skrif teenoor die "onfeilbaarheid" van die pous geplaas. Die Heilige Skrif kan nie dwaal nie *(errare non potest).* Sy leerstellinge is gebaseer op "a strict theory of inspiration".[75] Occam se uitgangspunt in die kerkregering van Christus, as Hoof, deur sy Woord het tot sy opheffing van die skerp skeiding van *clerici* en *laici* gelei. God het sy belofte om die kerk in alle waarheid te lei nie aan die pous of die kollege van kardinale, selfs nie aan die Roomse Kerk, gegee nie. Hy het dit hoogs moontlik geag dat God op 'n bepaalde tydstip dit so mag verorden dat die waarheid bewaar bly alleen in die *laici*. God is in staat om die arme, eenvoudige,

---

72 R. Seeberg: op. cit, II, p. 165: "The moral delinquencies of many members of the hierarchy were well known, but above all, the avarice of the Roman Curia". H. Bouwman: op. cit., I, p. 184: "sommige pausen... vervielen in schandelijke zonden".

73 J.N. Bakhuizen van den Brink e.a.: op. cit., II, p. 194.

74 R. Seeberg: op. cit., II, pp. 167—172; H. Bouwman: op. cit., p. 184—192.

75 R. Seeberg: op. cit., II, p. 169.

ongeletterde en boerse te gebruik tot opbouing van die ortodokse kerk. God se diens kan nie gereserveer word vir die geestelikes nie. Die geestelikes het dus in die *canones* die naam *ecclesia* eensydig vereng tot die *clerici,* terwyl die Skrif daaronder verstaan die volle getal *(congregatio)* van gelowiges. "Leke" is *personae ecclesiasticae* omdat hulle net so die *ecclesia* is as die geestelikes. Selfs die eenvoudigste kan die Skrif verstaan en het nie, tussen hom en Christus, die pouslike goedkeuring nodig om te mag glo wat uit die Skrif vir hom duidelik is nie.

Volgens Seeberg[76] se opsomming van Occam se standpunt, lê sy betekenis veral in die volgende gedagtes:

1. "The sphere of the spiritual (clerical) office is not lordship, but doctrine and administration of the sacraments".
2. "Not the Pope, but Scripture, is the infallible authority in the church".

Die leerstellinge van Occam het egter nie die nodige reformasie in die kerk gerealiseer nie, ondanks die pogings op die konsilies van Pisa (1409), Constanz (1414—1418) en Basel (1441—1443). Die hervormingspogings het vasgeloop teen die verskanste posisie van die pous as "hoof" van die Roomse Kerk, en sy diplomasie.[77]

### *3.3.2. Die Lutherse stelsel*

Luther het die eerste deurbraak gemaak om die formasie van die kerk terug te bring na dié van die Nuwe Testament. Sy arbeid het nie 'n reformasie van die Roomse Kerk bewerk nie, maar 'n herformasie van die kerk van Christus waarvan Hy alleen Hoof is.

In die kontrovers oor die aflaat is Luther spoedig gekonfronteer met die vraag na die gesag in die kerk. Van die begin af het hy aan die Heilige Skrif 'n sentrale plek gegee. Die Evangelie is die *"verus thesaurus ecclesiae"*.[78] Alreeds met die Leipzig-disputasie het hy tot die oortuiging geraak dat die pous en die sinodes kan dwaal en dat die Heilige Skrif die enigste gesaghebbende outoriteit in die

---

76 R. Seeberg: op. cit., II, p. 169; J.N. Bakhuizen van den Brink e.a.: op. cit., II, pp. 199, 200.

77 H. Bouwman: op. cit., I, pp. 191, 192.

78 Stelling 62 van sy 95 stellinge lui: *Verus thesaurus ecclesiae est sacrasanctum Evangeliae gloriae et gratiae Dei.* Vgl. Remigius Baumer: Martin Luther und der Papst, p. 15 e.v. Hy wys veral op die reaksie van Roomse sy op Luther se verwerping van die pous in sy 95 stellinge. Konrad Wortelkerker: Evangelisches Kirchenrecht... Recht?, pp. 62—3.

kerk het.[79] As die skat van die kerk bestaan in die Evangelie van God se glorie en genade, “dan komt het op verkondiging van dit evangelie aan. Let wel: op de verkondiging, niét op de verkondiger. Wie dat is — pous, bisschop, pastoor, — maakt tenslotte niets uit”.[80] In die plek van die pous het Luther die “Wortkönig”,[81] dit is “the sole authority of the Holy Scriptures” geplaas.[82] Die kerk, die liggaam waarvan Christus die Hoof is, word nie deur uitwendige dwang byeen gehou nie, maar alleen deur geloofsgehoorsaamheid. Omdat geloofsgehoorsaamheid afhanklik is van die woordverkondiging, is uiterlike organisasie van die kerk en die amp van die prediker nodig. Hy het in sy “Schriften zur Neuorganisation der Kirche” gesê; “Denn die Seele des Menschen ist ein ewiges Ding, über alles, was zeitlich ist; darum muss sie nur mit ewigen Wort regiert und gefaszt sein. Denn es ist gar schimpflich, mit Menschen Recht und langer Gewohnheit die Gewissen vor Gott zu regieren. Darum muss man hierinnen handeln nach der Schrift und Gottes Wort. Denn Gottes Wort und Menschenlehre, wenn es die Seele regieren will, so kanns nimmer fehlen, sie streiben widereinander”.[83] Hy het dit gevolglik die plig geag van elke gemeente wat die Evangelie het om “sich zu entziehen von der Obrigkeit, so die jetzigen Bischöfe, Äbte, Klöster, Stifte und ihrer gleichen treiben; weil man offentlich siehet, dass sie wider Gott und sein Wort lehren und regieren”.[84] Aan die ander kant het hy verklaar dat 'n Christelike gemeente sonder God se Woord nie kan bestaan nie. Daarom is daar in die kerk “Prediger” nodig. Terwyl die bestaande geestelikes van sy tyd — in die Roomse Kerk — nie sulke leraars is nie, nog wil wees, en “Gott nicht zu versuchen ist, dass er von Himmel neue Prediger sende”, moet ooreenkomstig die Heilige Skrif gehandel word en moet “aus unter uns selbst berufen und setzen diejenigen, so man geschickt dazu findet, und die Gott mit Verstand erleuchtet und mit Gaben dazu geziert hat”.[85] Hierdie voorskrif het Luther daarop gegrond dat

---

79 Vgl. R. Seeberg: op. cit, II, pp. 226, 279—82; H. Bouwman: op. cit, I, pp. 199—206; Hans F.R.H.R. von Campenhausen und Heinrich Bornkamm: Bindung und Freiheit in der Ordnung der Kirche, pp. 29, 38.

80 J. Plomp: Beginselen, op. cit., p. 8.

81 Id., p. 9, aangehaal van H. Bornkamm.

82 R. Seeberg: op. cit., II, p. 290.

83 Martin Luther: Ausgewählte Werk V, op. cit., p. 290.

84 Id., p. 293.

85 Ibid.

elke gelowige God se Woord het, “und von Gott gelehrt, und gesalbet ist zum Priester; wie Christus spricht Joh. 6:45; Ps. 45:8; 1 Petr. 2:9”.[86] Uit die koninklike priesterskap van die gelowiges vloei die reg en die mag voort om bedienaars van die Woord te beroep. Daarom is dit 'n beroep wat “die Schrift für sich hat”, terwyl die amp van die pous “ein lauter Menschentat ist, ohne Schrift”.[87] Die predikant is dus vir Luther die “allerhöchste Amt... an dem alle andere hangen und volgen ... wo Predigtamt nicht ist, der andern keins folget”.[88] Luther het gevolglik uitvoerig aandag gegee aan die liturgie, vgl. die “Schmalkaldische Artikel”,[89] terwyl die kerkregtelike organisasie van die kerk weinig aandag geniet het.[90]

Enkele kere het Luther tog wel positief uitdrukking gegee aan die regering van Christus as Hoof; dat Hy Self regeer en nie slegs middellik as “Wortkönig” nie. Hy verklaar: “Darum kann die Kirche nimmermehr bass regiert und erhalten werden, denn dass wir alle unter Einem Haupt, Christo, leben, und die Bischöfe alle gleich nach dem Amt (ob sie wohl ungleich nach dem Gaben) fleissig zusammenhalten in einträchtiger Lehre, Glauben, Sakramenten, Gebeten und Werken der Liebe ...” [91] Op ontroerende wyse gee Luther uitdrukking aan sy geloof in die persoonlike en direkte regering van die kerk deur Christus wanneer hy sy voorrede tot die Schmalkaldische Artikels afsluit met: “Ah, lieber Herr Jesu Christi, halt du selber Konzillium, und erlöse die Deinen durch deine herrliche Zukunft! Es ist mit dem Papst und den Seinen verloren. Sie wollen dein nicht. So hilf du uns Armen und Elenden, die wir zu dir seufzen und dich suchen mit Ernst, nach der Gnade, die du uns gegeben hast durch deinen heiligen Geist, der mit dir und dem Vater lebet und regiert, ewiglich gelobt, Amen”.[92]

---

86 Ibid.

87 Id., p. 297. Vgl. R. Bäumer: op. cit, p. 91 e.v.

88 M. Luther: op. cit., p. 298. Vgl. ook die Augsburgse Konfessie, art. 14: “Kirchenregiment” is dat daar gepreek word. J. Plomp: Beginselen, op. cit., p. 9: “Wij hebben hier als het ware te doen met een vicieuse cirkel: het gaat in de kerk om de continuïteit van de rechte prediking, maar feitlik is het enige middel daartoe... de rechte prediking”.

89 M. Luther: op. cit., p. 325 e.v.

90 Vgl. H. Bouwman: op. cit., I, p. 203; G. V. Lecher: Geschichte der Presbyterial- und Synodalverfassung seit der Reformation, p. 9.

91 M. Luther: op. cit., p. 365.

92 Id., p. 355.

Desondanks het die reformasie van Luther kerkregtelik onvoltooid gebly en nie gekom tot 'n kerkregeringstelsel waarin die regering van Christus as Hoof deurwerk in die geïnstitueerde kerk nie. Met die stelling dat Christus die Hoof van die kerk is, het Luther kerkregtelik nie verder gevorder as die negatiewe ontsegging aan die pous van enige reg op die benaming "hoof" van die kerk nie: "dass der Papst nicht sei *jure divino,* oder aus Gottes Wort, das Haupt der ganzen Christenheit (denn das gehört Einem allein zu, der heisst Jesus Christus)".[93]

In die Lutherse Kerk het die kerkreg dus aanvanklik nie veel aandag ontvang nie, ondanks die feit dat die grondbeginsel van die kerkreg — Christus se Hoofskap — daaraan nie vreemd was nie.[94] Dit het egter betrekking gehad op die onsigbare kerk.[95] In die sigbare kerk regeer Christus nie onmiddellik nie,[96] en 'n menslike hoofskap hef daarin die Hoofskap van Christus nie op nie, solank dit nie met die "Wortkönig" in stryd is nie.[97] Die Christusregering gaan in die sigbare kerk geheel en al op in die Woordverkondiging met "das ministerium verbi als einziges 'Amt' gottlichen Rechts".[98] Christus is Hoof van sy kerk, "ausschliesslich und hochstpersönlich",[99] maar geestelik, "weil die *ecclesia spiritualis* als *corpus Christi* ganz vom Haupt Christus und seinem lebenspendenden Geist lebt".[100] Gevolglik "geistlich ist ihr Haupt, ihr Regiment, ihr staatsvolk; geistlich ist auch ihr Recht. Und alles was geistlich ist, gehort ihr zu eigen".[101] Die onderskeiding tussen sigbare en onsigbare kerk het in die Lutherse teologie gelei tot verwaarlosing[102] van die sigbare kerk, die instituut, en die kerkreg, behalwe vir sover dit die liturgie raak.[103]

---

93 Id.: Schmalkaldische Artikel: die vierde artikel, p. 363.

94 K. Rieker: op. cit, p. 108; R. Seeberg: op. cit., II, p. 332 e.v.

95 H. Bouwman: op. cit., I, pp. 28, 199—225.

96 K. Rieker: op. cit., p. 108: "... wie der luthersche Dogmatiker Johannes Gerhard ebenzo kurz wie treffend sich ausdrückt, *Christus ecclesiam suam non regit immediate"*.

97 J. Plomp: Beginselen, op. cit., p. 12.

98 W. Steinmüller: op. cit., p. 180.

99 Id., p. 39.

100 Id., p. 128.

101 Ibid.

102 Vgl. K. Rieker: op. cit, pp. 67—8; H. Bouwman: op. cit., I, pp. 202—3.

103 Vgl. P.A.E. Sillevis Smitt: op. cit., p. 4.

Hierdie onvoltooidheid van die kerkregtelike reformasie van die kerk het weer daartoe gelei dat die Christelike owerheid die vakuum in die organisasie van die kerk moes vul.[104] Aanvanklik het dit daarop berus dat God die owerheid ingestel het tot handhawing van reg en vrede,[105] en was daar by Luther geen gedagte om aan hulle heerskappy in die kerk toe te ken nie. Hulle moes optree as "Mitchristen und Mitgeistliche".[106] Wat Luther self betref, "nichts lag ihm damals ferner, als die päpstliche Autorität in evangelischen Territorien durch eine landesfürstliche zu ersetzen".[107] Desnieteenstaande het die mag van die owerheid in die Lutherse Kerk die ontwikkeling van 'n gesonde Christelike kerkregeringstelsel verder verlam. Die landsheer het prakties die plek van die Roomse biskoppe mettertyd gevul;[108] 'n gesagsposisie wat deur middel van die konsistories gehandhaaf is. Dié konsistories is saamgestel uit teoloë en juriste en was "geen kerkelijke maar lands-heerlijke lichamen".[109] Uit die voorgaande is dit duidelik dat die Lutherse Kerkreg Christus as Hoof van die onsigbare kerk erken, "maar zij huldigt voor de uitwendige regering, voor de Kirchenleitung in die zichtbare kerk, een menschelijk hoofd".[110] Hierdie menslike hoof is egter, anders as die pous van Rome, onderhorig aan die "Wortkönig".

## 3.4. Die Kollegialisme:[111] 'n deformasie uit die Lutheranisme

### *3.4.1. Die Kollegialisme afkomstig uit die Lutheranisme*

Die Kollegialisme het uit die wortel van die Lutheranisme

---

104 H. von Campenhausen en H. Bornkamm: op. cit, p. 43: "Die Unabgeschlossenheit der lutherischen Kirchenverfassung hat es den Kräften, die aus dem politischen Raum kamen erleichert, die Kirche auf einem ihrem Wesen widersprechende weg zu drägen, in die Formen der staatlichen Bürokratie".

105 Herman Barge, in: Einleitung zu den Schriften zur Neuorganisation der Kirche, p. XLII en XLIII, in: Martin Luther: op. cit., V.

106 Ibid.

107 Ibid.

108 Vgl. K. Schlaich: op. cit., p. 17; K.B. Hundeshagen: Beitrage zur Kirchenverfassungsgeschichtc, pp. 78—9.

109 H. Bouwman: op. cit., I, p. 208.

110 P.A.E. Sillevis Smitt: op. cit., p. 4.

111 Literatuur, veral vanuit gereformeerde standpunt, hieroor is skaars.

gegroei, en nie — soos Rieker beweer[112] — uit die Calvinistiese predestinasieleer nie. Hierdie bewering is reeds weerlê deur C.J.H. de Wet[113] en H. Bouwman.[114] In aansluiting by die onvoltooide Lutherse reformasie, het die humanisme van die 17e eeu en die leer van die natuurreg uitgeloop op die Kollegialisme. "Kind seiner Zeit"[115] het die Kollegialisme die kerk beskou as 'n vereniging, "eine freie und gleiche Gesellschaft; in ihr vereinigen sich Menschen aus freier Entschliessung, um nach der Vorschrift Christi sowie nach gewissen vereinbarten Lehrbegriffen und Regeln Gott gemeinsam zu verehren".[116] Die Kollegialisme het die Lutherse territorialisme bestry,[117] maar in dieselfde proses die leer van Luther in sake die algemene priesterskap van die gelowiges eensydig[118] uitgewerk. Daarin het dit vir die gedagte van die "gemeente-soewereiniteit" [119] juridiese grond[120] gevind. So ontstaan die kerkbegrip van die

---

112 K. Rieker: op. cit., p. 71 e.v.

113 C.J.H. de Wet: op. cit., p. 22.

114 H. Bouwman: op. cit., I, p. 341; Vgl. K. Schlaich: op. cit., p. 44—5.

115 Klaus Schlaich: Id., p. 13 e.v. Die naam "Kollegialisme" is afkomstig van die "grossen Meister des evangelischen Kirchenrechts, Just Henning Boehmer (1736)" wat gespreek het van *"systema collegiale"*. Hy het saaklik die "Kollegial-system in erster Linie" van die belangrike teoloë van dieselfde eeu gekry: Christoph Matthaus Pfaff (1686—1760) en Johann Lorenz von Mosheim (1694—1755). "In den rechtlichen Grundlage waren diese Theologen aufs stärkste durch Samuel von Pafendorfs Denken und seine dogmatischen Auzätse geprägt". Vgl. ook p. 17 e.v. Hierdie name toon die kollegialisme aan as "Kind seiner Zeit: Das vernunftrecht, das am Ausgang des 17 Jahrhunderts in der schliesslichen Verbindung mit der Aufklärungsphilosophie das Feld beherrscht. und eine zwischen Ortodoxie, Pietismus und Aufklärung schwankende und vermittelnde Theologie mischen sich im Kollegialismus. Diese offenheit lässt ihm bald zur nahezu unbestrittenen Theorie des evangelischen Kirchenrechts im 18 Jahrhundert werden".

116 Id., p. 14.

117 Id., pp. 16—8, 121—3.

118 Id., pp. 103,210 e.v.

119 C.J.H. de Wet: op. cit., p. 25.

120 R. Sohm: op. cit., p. 676: "Das Territorialsystem trägt bereits dem kollegialistischen Gedanken in sich, insofern ja auch hier die Kirche als Kollegium, Gesellschaft innerhalb des Staates gedacht ist. Die genootskaplike kerkbegrip is tans nie meer skering en inslag van die Lutherse kerkreg nie. Hoewel Schlaich: op. cit., p. 28, die Kollegialistiese begrip van die kerk en die kerkreg tans oorwonne ag, wys hy op die "Gefahr des genossenschaftlichen Abwegs" wat

*societas aequalis et libera.* In die gemeenskap dra die gemeente die regering aan die ampsdraers op[121] ter wille van die uitwendige orde. Die kerk het dus 'n "vereenigingsrecht".[122] Die amp is *ecclesia mandatarius,* want "das Predigtamt hat Autorität nur und insofern als sie ihm von der Gemeinde übertragen ist; ein Mandat Gottes kennt das Vernunftrecht nicht".[123] Hieruit volg die bepalende grondbeginsel[124] van die Kollegialisme, die "Gewissensfreiheit des einzelnen",[125] logies.

### *3.4.2. Gewetensvryheid verdring Christus as Hoof van die Kerk*

Die karakter van die kerk as *societas aequalis et libera* — die "ursprünglichen Gestalt zur Zeit der Apostelen"[126] van die kerk — waarborg die gewetensvryheid van die enkeling, want die vryheid bestaan daarin dat die individu die keuse het om uit die een geloofsgenootskap ("Religionsgesellschaft") na 'n ander oor te gaan soos dit hom geval.

Hierin word hy nie deur hoër gesag, deur "vashou aan die Hoof" (Kol. 2:19), beheers nie. Want binne die *societas* kan hy nie gebind word deur "Religionsmeinungen und Gebrauchen" waarmee hy nie instem nie. Hierdie instemming is louter willekeurig[127] en word nie deur die gesag en Woord van die Hoof bepaal nie. Die

---

steeds aanwesig is, soos blyk uit die bevinding van die "General-synode der Vereinigten Evangelisch-Lutherischen Kirche Deutschlands (1950): 'Wir verwerf en die falsche Meinung, es gründe sich die Kirche auf den zusammenschluss der Gläubigen und nicht auf das Handeln des Herrn in Wort und Sakrament'".

121 K. Schlaich: op. cit., pp. 15, 16, 71, 99, 197. "All dies kann die Kirchengesellschaft nach ihrer Willkür einrichten" (p. 15).

122 H. Bouwman: op. cit., I, p. 213.

123 K. Schlaich: op. cit., p. 100.

124 124 Id., p. 15: "Schutz vor der fremden Meinung der Lehrer"; p. 93: "Das individualistische Grundrecht der Gewissensfreiheit..."; p. 94, voetnoot 29: haal van Wiese, Handbuch, aan: "die Gewissensfreiheit macht 'die Basis unserer ganzen kirchlichen Verbindung' aus"; p. 162: "ein Grund-Gesetz des Kirchen-Rechts".

125 K. Schlaich: Id., p. 15. Vir die verdere uiteensetting van die plek wat die gewetensvryheid in die stelsel van die Kollegialisme inneem, maak ek hoofsaaklik gebruik van gegewens in die werk van Schlaich.

126 Ibid.

127 Id., p. 96. Dit is onverskillig of die consensus inhou die diens van "dem wahrhaftigen Gotte" of "eine falsche Religion".

gewetensvryheid vereis immers die reg en vryheid om “Lehrer anzunehmen und deren Lehrvortrag nach dem Willen der Gemeinde durch die besonderen Lehrbegriffe zu bestimmen” as skut teen die moontlike vreemde standpunt van die leraar. Die amp bedien dus nie die woord of gesag of regering van die Hoof nie, maar die standpunt en wil van die gemeente, die consensus[128] van die lede se gewetensvrye geloofstandpunt. Gevolglik is dit moontlik dat die “vreemde” standpunt van die ampsdraer die ware geloof (Heidelbergse Kategismus Sondag 7) kan wees, want vir die Kollegialistiese begrip van die kerk is dit onverskillig “ob sie dem wahrhaftigen Gotte dienen, oder ob sie sich, nach ihrem Gutdüncken, eine falsche Religion, die sie gleichwohl in ihren Gedanken für wahr halten... Beidens ist Kirchen, und in beiden haben die Mitglieder gleiche Rechte”.[129] Soos in alle genootskaplike verhoudinge moet verdraagsaamheid en gewetensvryheid — “rechtliche Formen der Relativität und Subjectivität der Wahrheit” [130] — die denkwyse in die kerkgenootskap beheers. Dit bring mee dat daar geen ampsgesag in die kerk is nie; die ampte is “nur Gesellschaftsbeamte” [131] wat deur die kerk kragtens die reg van gesagsopdrag beroep is. Die dienswerk van die ampte word dus nie bepaal deur wat die Hoof daaraan ter bediening opgedra het nie, maar “was sich die Gemeinde will vortragen lassen ... Nicht die Gemeinde unterwirft sich dem Lehrer und seinem Vortrag, sondern umgekehrt hat sich der Lehrer nach dem Wünschen der Gemeinde zu richten”.[132] En, verdeel die gemeente in verskillende partye — 'n modaliteitekerk — kan die gemeente meer predikers aanstel, of die prediker moet oor die punte van verskil swyg, of hy kan aangesê word om vir die verskillende partye in verskillende standpunte (“Vortragen”) te preek. Die amp het dus nie 'n *character sacerdotii* nog 'n *character*

---

[128] Id., pp. 94, 95: “Indem die Kirche das Bekenntnis bei dessen Abfassung der menschlichen Verfügung und Willkür aussetzt, muss sie im selben Atemzuge auch die Gewissens- und Bekenntnisfreiheit gegen dieses Bekenntnis gewähren. Indem sie alles in der Kirche aus der Ubereinkunft (consensus) und der Verpflichtung der Einzelwillen herleitet, wird ihre Wirksamkeit und Legitimität vom fortwährenden Konsensus der Mitglieder abhängig”.

[129] Id., p. 96.

[130] Ibid.

[131] Id., p. 211.

[132] Id., p. 100.

*superioritatis,*[133] “sie importieren keine eigentliche Herrschaft noch Unterthänigkeit, sondern stabilieren vielmehr die gleiche Bruderschaft”.[134] In die Kollegialisme word die Hoofskap van Christus dus nie bedreig deur ampshoogheid nie. Hier is selfs nie eers sprake van 'n “Wortkönig” nie, want “die Gemeinde handelt nicht mehr in der christlichen Freiheit, um zu dem im Predigtamt verkündigten Wort Gottes Ja zu sagen, sondern lässt sich in der Versammlung ihrer eigenen Willen und ihr eigenes Bild van Gott mitteilen, um sich an sich selbst zu erbauen. Die Freiheit der Gemeinde wird zur weltlich verselbständigten Verfügungsmacht und Souveranität, das Wort normativ festzulegen”.[135] Die outoriteit van die Woord weerspreek die gewetensvryheid en die “Autonomie der Vernunft”.[136] Die gewetensvryheid laat hom nie “in ein vorgegebenes Geistgefüge verstricken”[137] nie, en 'n “kirchlichen Vorbestimmtheid in Glaubensdingen”[138] word nie erken nie. Daarom word die objektiewe gesag van die Belydenisskrifte in die kerk afgewys.[139] Die kerkgenootskap kan dit “nach ihrer Willkür einrichten”,[140] terwyl dit “immer unter dem Vorbehalt der Gewissensfreiheit steht”.[141] Die gewetensvryheid in die kerk staan dus ook in opposisie met die kerk — “das ist der Preis, den die Kirche für den Kollegialistischen Religionsbegriff bezahlen muss”.[142] Die gesag in die kerk berus dus nie by die Woord nie, want in die kerk bestaan selfs die reg van dwaling.[143] Ongebonde, bandelose gewetensvryheid wat 'n volslae verabsolutering van die mens inhou, het die gesag in die Kollegialistiese kerkgenootskap oorgeneem sodat die kerk 'n blote menslike genootskap van vrye individue geword het en opgehou het om liggaam van Christus te wees.

---

133 Id., p. 210.
134 Id., p. 215.
135 Id., pp. 100, 101.
136 Id., p. 92.
137 Ibid.
138 Id., p. 93.
139 Ibid.
140 Id., p. 15.
141 Ibid.
142 Id., p. 94.
143 Id., p. 98: “Recht zum Abfall”.

Dit geld egter nie vir die onsigbare kerk nie.[144] Ook die Kollegialisme skei die sigbare en onsigbare kerk.[145] Daarom vind ons dat selfs die grootmeesters van die Kollegialistiese kerkreg nie die grondbeginsel van alle kerkreg in die Christelike kerk ignoreer nie. C.M. Pfaff[146] gaan uit van die gedagte dat Christus Hoof is van die kerk, al verdring hy die soewereine gesag van Christus met volksoewereiniteit uit die sigbare kerk so dat "das Regimen Christocratium ist spirituale". Sover dit die sigbare kerk aangaan, is Christus hoogstens Hoof van die *ecclesia vocatorum*. Want Hy roep die sondaars na Hom toe, maar Hy heers nie oor hulle nie, en hulle lewe nie uit Hom nie. Die *ecclesia vocatorum* as kerk van die Kollegialistiese kerkreg het sy wettigheid daarin dat die lidmate daarvan met die Woord van God geroep en tot terugkeer na God gebring word.

*Samevattend:*

In die kerk van die Kollegialisme, die *societas aequalis et libere* kan die Skrifgelowige Christus dus kragtens gewetensvryheid wel as Hoof erken. Maar dan as Hoof van 'n aantal individuele lede wat nie 'n organiese eenheid met Hom en met mekaar vorm nie.

Dus is Hy 'n Hoof met lede, maar sonder 'n "liggaam".

### *3.4.3. Toepassing van die Kollegialisme*

Die Kollegialistiese genootskaplike kerkbegrip, en gevolglike kerkreg pas gerieflik in die struktuur van die staatsreg en daarom lê dit voor die hand dat die "Staatskirchenrecht" [147] byna algemeen tans "die Kirchen als Religionsgesellschaften" [148] beskou en aan hulle "die Rechtsform der Körperschaft" [149] toeskryf. In Nederland is die Kollegialisme in 1816 via staatswet in die kerk ingedra. Die gebeurtenis het ook vir die kerke in Suid-Afrika bepalende betekenis gehad deur middel van die "Algemeen Reglement voor het

---

[144] Id., p. 65.

[145] Hierteen het J.F. Stahl sy skerp reformatoriese kritiek in 1840 gerig met sy werk: "Die Kirchenverfassung nach Lehre und Recht der Protestanten".

[146] C.J.H. de Wet: op. cit., p. 31 haal Pfaff aan: die grondgedagte vir die gelyke seggenskap van alle kerklidmate is daarin geleë dat Christus Hoof is, maar "das Regimen christocratium ist spirituale". Vgl. K. Schlaich: op. cit., pp. 65 en p. 278, voetnoot 227.

[147] Id., p. 27.

[148] Ibid.

[149] Ibid.

Bestuur der Hervormde Kerk in het Koninkrijk der Nederlanden" [150] van Koning Willem I.

Onder invloed van die Franse Rewolusie[151] het sedert 1796 die proses van kollegialisering van die kerk deur staatsinisiatief hom in 1816 voltooi met die koninklike besluit van 7 Januarie. Met "den meesten spoed"[152] is dit in werking gebring en die eerste Sinode as "uitvoering" [153] van die Reglement het reeds in Julie 1816 vergader om die bykomende reglemente te aanvaar, soos deur die staatsdepartement voorberei. Met die sinode het die kerk die Reglement, ondanks besware,[154] *rebus ipsis et factis*[155] aanvaar. In die besware teen die Reglement is die hoofskap[156] van Christus wel sterk op die voorgrond gebring, maar aan die Hoof is nie ten alle koste vasgehou nie.[157]

Wat was die "nuwe kerkreg" [158] van 1816?

Die Reglement het één kerkgenootskap tot stand gebring wat soos 'n staatsdepartement landswyd al die lede van die kerk saamvat, onderverdeel in afdelings met 'n mate van eie beheer. Dit blyk duidelik uit art. 1 van die Reglement: "Tot het Hervormd Kerkgenootschap behoren allen, die, op belijdenis des geloofs, tot

---

150 Vir die Reglement van 1816 vgl. C. Hooijer: Kerkelijke Wetten voor de Hervormden in het Koninkrijk der Nederlanden, p. 24; Th.L. Haitjema: Nederlands Hervormd Kerkrecht, p. 45; C.J.H. de Wet: op. cit, p. 70 e.v.

151 C. Hooijer: op. cit., pp. 14—5; Th.L. Haitjema: op. cit., p. 33 e.v., vir die geskiedenis.

152 C. Hooijer: op. cit., p. 21.

153 Th.L. Haitjema: op. cit., p. 45: die bedoeling was nie om op die sinode die Reglement te aanvaar nie.

154 J.A.C. van Loon: Het Algemeen Reglement van 1816, p. 222.

155 C. Hooijer: op. cit., p. 24; A.M. Lindeboom: Gereformeerd en Hervormd, pp. 9—13.

156 Die Klassisse Delft en Utrecht het hulle beroep op: Een is uw Meester, vgl. J.A.C. van Loon: op. cit., p. 156.

157 A.F. de Savornin Lohman en F.L. Rutgers: De Rechtsbevoegdheid onzer plaatselijke Kerken, pp. 100—4: Hulle wys op die onmoontlikheid van protes onder die heersende omstandighede. Die "Herstelde Kerk van Christus" te Axel het in 1822 afgeskei van die Hervormde Kerk, en het van die begin af duidelik gestel dat hulle die Drie Formuliere van Eenheid "in derzelver onvervalsten zin... begeerden uit te oefenen". Vgl. F.L. Bos: Archiefstukken I, p. 16.

158 Vgl. F.L. Rutgers e.a.: Gereformeerd Kerkelijk Congres. Het juk der tweede Hiërarchie; C.J.H. de Wet: op. cit., pp. 70—82.

ledematen zijn aangenomen". Voeg by art. 1 ook art. 3 ("Het bestuur der Hervormde Kerk wordt synodaal, provinciaal, classikaal en gemeentelijk uitgeoefend"), en dit is duidelik: tussen die algemene kerk, die una sancta,[159] en die Hervormde Kerk het 'n gelykaanteken gekom sodat 'n gelowige sy lidmaatskap nie langer in die plaaslike kerk het nie maar in die sinodale kerk. Hiermee is die Nieu-Testamentiese kerkbegrip ingeruil vir die Kollegialistiese.

Terselfdertyd is die Presbiteriale kerkregering van die Nuwe Testament omvorm tot 'n Presbiteriaanse kerkregering. Dit wil sê: daar is ouderlinge, nie as geroepenes van Christus die Hoof nie, en nie as bedienaars van sy regering nie, maar as kerkamptenare.[160] Hierdie ouderlinge is ondergeskik aan die sinodalegenootskapsorganisasie en kom gevolglik in die Reglement letterlik en figuurlik agteraan[161] (arts. 84 en 87). Gevolglik word die kerk gedomineer deur besture waarin die lede stem en besluite neem sonder om enigsins gebonde te wees aan lasbriewe van kerke of kerklike vergaderings namens wie hulle geag word om te verskyn. Die deurlopende tendens is dus dat die kerk soos 'n maatskappy ingerig word waarin die hoofbestuur die onderbesture mandateer.

Die gesagsbegrip, wat uitgaan van die grondbeginsel dat Christus die Hoof is van die kerk, sy liggaam, wat Hy regeer met sy Woord en Gees deur die bediening van die ampte en kerklike vergaderinge, is in die Reglement ingeruil vir 'n stelsel van oligargie en staatsusurpasie in 'n genootskaplike organisasie. In die Reglement word telkens die "bestuur" van die kerk gelê in die hande van 'n klein groepie manne,[162] sodat die sinode sou bestaan uit tien "afgevaardigdes" van onder-besture, terwyl die sekretaris van die provinsiale kerkbestuur, 'n benoemde van die koning, ook afvaardigbaar is. Die presbiterium is dus nie die basis van kerklike gesagsbediening nie en die "sinode" is losgemaak uit die organiese struktuur van die kerk. Gevolglik verbaas dit nie dat die "bestuur" losgemaak is van die Hoof van die kerk nie. Die besture, belas met 'n

---

159 Vgl. K. Schlaich: op. cit., p. 65.

160 Id., p. 211; C.J.H. de Wet: op. cit., pp. 99—100; K. Rieker: op. cit., pp. 80, 135, 156, voetnoot 138; P.A.E. Sillevis Smitt: op. cit., pp. 5, 6.

161 Ds. R. Posthumus, aangehaal deur J.A.C. van Loon: op. cit., p. 194, het in 1830 gesê dat die kerklike organisasie in die Reglement 'n "allesverslindende draaikolk der centralisatie" is, waarby die gemeente (= plaaslike kerk) eers agteraan kom.

162 Vgl. art. 17.

onafgebroke en tot in die kleinste besonderhede deurdringende heerskappy, handhaaf gesag deur 'n sensuur wat alle weerstand en mondigheid van die gelowiges vernietig.

Die "hoogste kerkelijk Bestuur is opgedragen aan de Synode",[163] en die sinode, onbelemmerd, "ontwerpt algemene kerkelijke reglementen en verordeningen" (art. 23) terwyl by die sinode in die laaste instansie die regspraak berus (art. 22). Die mag van die sinode is dus volstrek en willekeurig, kragtens "übertragenes Recht" [164] *rebus ipsis et faciis,* op inisiatief van die owerheid, daaraan oorgedra deur die *societas eaqualis et libera*. Langs dié omweg het die gewetensvryheid oorgegaan in gewetensbinding *nie* deur die Hoof nie, maar deur die kerkbesture. Die heerskappyvoerende besture het die Hoof verplaas. Want die Reglement maak geen voorsiening vir toetsing van die kerkbestuur aan die Woord van God nie, ten spyte van art. 9, waarin neergelê word "de handhaving harer leer" as doel van die kerkregering. "Leer" is hier so onbepaald en willekeurig dat dit niemand bind nie.[165]

Waar die eenhoofdige gesag van die pous voortgekom het "uit die samenwerking van hiërarchie en staatsbemoeiing",[166] het in 1816 die Kollegialisme deur samewerking tussen hiërargie en koning 'n meerhoofdige pouslike gesag oor die kerk tot stand gekom in 'n serie kerkbesture wat gesag vanaf die sinode laat neerdaal. Die hoofdoel van die "kerkelijk bestuur" is nie die ere van God of gehoorsaamheid aan, en lewe uit, die Hoof, Jesus Christus, nie — dit bly ongenoem! — maar wél "liefde voor Koning (d.i. die staatsowerheid) en Vaderland". In die Reglement is dit nie die eenheid in Christus wat die kerke in kerkverband saambind nie, maar dit is die landsvors wat hulle "onder hetzelfde gemeenschappelijk bestuur plaatst" (art. 13). Trouens, die hele kerkorganisasie en kerklike gesag gaan uit van die owerheid, "alleen op haren wil berustende".[167] Die Woord van Christus, die Hoof, is vervang deur die Reglement

---

163 Art. 16, 21, 55, 56, 60, 64 en 88.

164 K. Schlaich: op. cit, p. 211.

165 Vgl. W. Volger: De Leer der Nederlands Hervormde Kerk, o.a. p. 36: "door de leer in het reglement op te nemen, is de leer onder de reglementen weggereglementeerd"; p. 62: "leertucht is uitgesloten, als de leer niet duidelijk aangewezen is".

166 Lohman-Rutgers: op. cit., p. 11.

167 Lohman-Rutgers: op. cit., p. 90. Vgl. arts. 12, 15, 20, 23, 42, 92, 93 van die Reglement.

van Koning Willem I.[168]

Dieselfde Kollegialistiese kerkreg is deur J.A. de Mist,[169] ook deur staatsursurpasie,[170] in Suid-Afrika ingevoer in 1804 met sy "Provisionele Kerkenorde".[171] Op dié weg het die kerk self in die sinode van 1824 voortgebou[172] en sy "Algemeene Bepalinge" ook "grootendeels ontleend" [173] aan die Reglement van 1816. In 1842 is getrag om die Reglement van 1816 "op den voet te volgen".[174] Daarom was die reformasie van 1859, waaruit die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika tot stand gekom het, ten diepste ook 'n kerkregtelike stryd,[175] 'n reformasie teenoor die "verwerping van die absolute gesag van Christus en sy Woord oor sy kerk".[176]

---

168 Vgl. arts. 7 en 10. Volgens art. 10 moet "alle Kerkbesturen" hulle gedra "overeenkomstig de voorschriften van dit reglement"; volgens art. 7 word die reg van appèl afgesny by "ter tweede instantie beslist zijnde" — alles sonder enige binding aan die Heilige Skrif. Vgl. ook W. Volger: op. cit., pp. 66/67: "de Synode was bestuur, moest werken met reglementen en bepalingen: had zich te bewegen in den cirkel van de officieele wetten om die, en die alleen te kennen, te hanteeren, te handhaven en in practijk te brengen. Als het wetboek maar sprak, dan was de zaak helder en uitgemaakt; sprak het wetboek niet, dan was er ook geen antwoord. Der Synode had dan ook te besturen, vooral niet meer te doen. En besturen kan men alleen met een wetboek in de hand". Gevolglik was daar in die stryd van die Afskeiding (1934) wel tipiese Kollegialistiese verdraagsaamheid en gewetensvryheid met betrekking tot die leer en belydenis, maar gestrenge handhawing van die kerklike wette en reglemente. Vgl. W. Volger: op. cit., p. 101, en H. de Cock: Hendrik de Cock, p. 168 e.v.

169 F.J.M. Potgieter: Ons kerk in Kaapland, in: Ons Nederduitse Gereformeerde Kerk, p. 66 e.v.; T.N. Hanekom: Die Liberale Rigting in Suid-Afrika, p. 116 e.v.; J.P. Jooste: Die Verhouding tussen Kerk en Staat aan die Kaap, p. 81 e.v.

170 J.P. Jooste: op. cit., p. 90; C.J.H. de Wet: op. cit., pp. 88—101.

171 A. Dreyer: Boustowwe vir die Geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Deel III (1804—1836), p. 8.

172 J.H. Eybers: Die Kerkinrigting van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika, pp. 26, 147 e.v.; J.A.S. Oberholster: Die Gereformeerde Kerke onder die Kruis in Suid-Afrika, pp. 97—9; F.E. O'B. Geldenhuys: Die Regsposisie van Kerkraad, Ring en Sinode, p. 42—3; C.J.H. de Wet: op. cit., p. 94; A. Dreyer: op. cit., p. 215.

173 J.P. Jooste: op. cit., p. 141. Hy haal H. Rooyaards aan.

174 J.P. Jooste: op. cit., p. 141. Hy haal dit aan uit die verslag van die betrokke kommissie op die sinode van 1842. Vgl. C.J.H. de Wet: op. cit., pp. 98, 99.

175 Vgl. vir beredenering: G.C.P. van der Vyver: op. cit., pp. 231, 233, 487.

176 Id., p. 240.

## 3.5. Die Independentisme

Die Independentisme is ten opsigte van sekere uitgangspunte nou verwant aan die Kollegialisme. Vir albei is die kerk gelyk aan die somtotaal[177] van die lidmate en nie 'n organiese eenheid soos die Nuwe Testament dit openbaar nie. Die Independentisme handhaaf ook 'n vorm van volksoewereiniteit,[178] maar nie met die konsekwente willekeur van die Kollegialisme nie; die Independentisme is sterker gebonde deur die Woord[179] en gevolglik onderworpe aan Christus as Hoof.[180] Dit is die konsekwente uitgangspunt van die Independentisme dat die individuele gelowige slegs lidmaat is van die onafhanklike gemeente,[181] terwyl die Kollegialisme die individuele gelowige 'n lidmaat ag van die algemene kerk[182] wat in gemeentes vir plaaslike organisasie verdeel word.[183]

### *3.5.1. Deformasie teenoor die Presbiteriale kerkregering*

Die oorsprong van die Independentisme moet nie gesoek word in die geledere van die Calvinisme nie,[184] al wek die betrokkenheid van Jean Morely[185] die indruk. Morely het hom teen die aristokratiese kerkregering van Beza[186] in die Gereformeerde Kerk in

---

177 H. Bouwman: op. cit., I, p. 72. Vgl. ook Th.L. Haitjema: op. cit, p. 114, vir kollegialistiese standpunt.

178 Charles Schüle: op. cit., p. 107. Hy stel dit te sterk: “Souveranität ... neben der Schrift”.

179 Vgl. H. Bouwman: op. cit., I, p. 268; J.R. de Witt: Jus Divinum, p. 148—9: “the Independent party desired an assertion at the very outset that ‘there is a platform of Church-Government for the Church, laid down in Scripture’”.

180 H.M. Dexter: op. cit., pp. 108, 109.

181 Id., p. 108.

182 Th.L. Haitjema: op. cit., p. 124.

183 J.C. van Dongen: De Nieuwe Kerkorde, p. 85: Die “Kerk” is die “overkoepelende... Hervormde Gemeente in geheel Nederland” wat “bestaat uit al de Hervormde gemeenten”. Vgl.: Kerkorde der Nederlandse Hervormde Kerk, artikel I.

184 Vgl. H. Bouwman: op. cit., I, p. 267; C. Schüle: op. cit., p. 110.

185 Vir die geskiedenis van Jean Morely vgl.: Robert M. Kingdon: Geneva and the Consolidation of the French Protestant Movement 1564—1572, p. 50 e.v.; G.V. Lecher: op. cit., p. 78 e.v.

186 R.M. Kingdon: op. cit., p. 212; D. Nauta: Dr. A. Kuyper over het Synodale Systeem der Franse Kerken, p. 39: “de invloed van de gemeenteleden op het kerkbestuur was uitgesloten”.

Frankryk verset.

Morely het hom tot die Heilige Skrif gewend vir 'n antwoord op die vraag na die gesag in die kerk.[187] Hy verklaar dat die outoriteit om die kerk te regeer by die kerk as geheel, “the entire body of believers in Christ”, berus. Om die outoriteit te delegeer aan 'n minder omvattende instelling is verraad teenoor die opdrag van Christus aan die kerk. ’n Stelsel wat die regeermag in biskoppe of 'n pous laat berus het hy verwerp as duidelik 'n verdraaiing van die Heilige Skrif en as die werk van die Antichris. Om die kerkregering by 'n liggaam van geestelikes te laat berus, het Morely as aristokraties of oligargies verwerp. En dit is die kern van sy aanval op die Calvinistiese sinodale kerkregering.[188] Hy het geglo in “the establishment of popular church government on the model of the Apostolic Church”.[189] Morely het die beskuldiging dat dit tot anargie in die kerk sou lei, verwerp want die kerk het instellings wat in staat is om anargie te elimineer: in Jesus Christus besit die kerk 'n enige monarg; in sy Woord “a code of law”; in die rade van behoorlik verkose herders en ouderlinge (*seniors*) besit die kerk reeds tydelike instellings wat, volgens hom, in staat is om die wet te administreer. Maar dié instellings moet nie die kerkregering oorneem nie. Met sondes moet gehandel word deur die hele plaaslike kerk, slegs vroue, kinders onder 15 jaar, en handelaars in voedselware uitgesluit. Al het hy gesê dat die voorsitter van dié vergadering 'n herder, goed in die Skrif onderlê, moet wees, word alle tug deur hierdie vergadering en nie deur herders alleen, en deur geen liggaam van verteenwoordigers, uitgeoefen nie.

Die verkiesing van predikante, ouderlinge en diakens deur approbasie[190] het Morely beskou as 'n prosedure wat van die

---

187 Vir die standpunt van Morely volg ek die uiteensetting van R.M. Kingdon: op. cit.

188 Die Franse Geref. Kerk het, onder leiding van Beza, die mag van 'n sinode oorskry, vgl. die tug op Morely deur die sinode van Orleans, G.V. Lecher: op. cit., p. 79: daar Morely hom die veroordeling van sy boek nie laat welgeval het nie, is hy deur “der Synode zu Orleans vom H. Abendmahl ausgeschlossen”.

189 R.M. Kingdon: op. cit., p 51.

190 Vgl. die brief van Beza aan Bullinger, 13 Nov. 1571, Appendix II by R.M. Kingdon: op. cit., p. 212. Beza het geskryf dat die Franse kerke *“habent in genere*

gemeentelede blote rubberstempels maak, terwyl dit gelyk staan aan ko-opsie. Daarom het hy verkiesing deur die hele kerk[191] gevra. Nominasies kan deur die herders en ouderlinge gemaak word, maar elke lidmaat het ook die reg. Die finale verkiesing berus egter by die hele gemeente, biddend en altyd bewus van die kwalifikasies vir die ampte wat die Skrif voorskryf. Soos die gemeente kies, het hy ook die reg tot ontslag. Die verkose ouderlinge vorm 'n kerkraad saam met die predikante wat altyd gesamentlik vergader.[192] Morely het ook meerdere vergaderings tot op provinsiale vlak voorgestaan. Maar hy het die Skriftuurlike gronde vir vergaderings van wyer omvang betwyfel. En, bo alles, aan vergaderings van dié omvang moet geen wetgewende gesag vir die kerk toegeken word nie, het Morely verklaar. Hulle mag alleen in die algemeen kerklike sake bespreek, en hulle mag mekaar onderrig en vermaan.[193]

---

*artistocratiam Consistorii nobiscum communem"*. Hy het aan Bullinger uiteengesit hoe die verkiesing van 'n leraar geskied in die kerk van Genève. Daar is die persoon, wat deur die kollege van leraars en die senaat goedgekeur is, se naam in al dié kerkgeboue afgekondig aan die gewone volk op die dag van die Here, terwyl elkeen wat van enigiets bewus is teen die lewe of leer van die man waardeur dié voortgang van sy verkiesing verhinder word, binne agt dae by die owerheid of die leraars beswaar kan indien sonder laster, in die vrees van die Here ... Hy wat verkies is deur die kollege van leraars, goedgekeur deur die owerheid, ontvang deur die lidmate, bevestig voor God na ernstige gebede, na agt dae, in 'n erediens weer eens in volle teenwoordigheid van die lidmate, hy word geplaas in besit van sy eie predikants-plek. So gewigtig is die verkiesing.

191 Vgl. G.V. Lecher: op. cit, p. 78: "Moreli wolte aber, soviel man sicht, der Gemeinde eine unbeschranktes, ausschliessliches und entscheidenes Wahlrecht... mit andern Worten, er wollte anstatt des in der Kirchen ordnung herschenden aristokratischen Prinzips, das rein democratische in die Kirche einführen".

192 Dus nie 'n aparte kollege van predikante soos te Genève nie. Vgl. P. Jacobs: Reformierte Bekenntnisschriften und Kirchenordnungen, p. 73 vir art. 4 van die Geneefse Kerkorde 1561.

193 Hoewel Kingdon: op. cit., p. 56, van oordeel is dat dit die eintlike rede vir die weerstand teen Morely was, en hy die gewone verklaring dat Morely saaklik verwant is aan die Duitse Anabaptiste en Engelse Independentiste weerspreek, kom Morely se standpunt byna volledig ooreen met dié van die Kongregasionalisme, soos uiteengesit deur Douglas Horton: "Moderator of the International Congregational Council and Minister of the General Council of Congregational Christian Churches in the United States of America". Vgl.

Hoewel Morely eerste kerkregtelik 'n pleitbesorger[194] was vir die grondbeginsels van die Independentisme, was dit Robert Browne[195] wat met sy optrede en geskrifte die kerkregeringstelsel in wyer kringe laat posvat het. Vanuit Middelburg in Nederland het hy tussen 1581 en 1584 sy traktate geskryf, waarin hy die beginsels van die Independentisme en die konsekwensies daarvan duideliker uitgewerk het as Morely.

### *3.5.2. Christus as Hoof, sonder liggaam in die Independentistiese kerkregering*

Die grondbeginsel van die independentistiese kerkreg is dat Christus die Hoof is van die gemeente. Daarom word binne die gemeentes die onderskeid tussen die regeerders en die lede van die gemeente geheel en al opgehef: die kerkraad regeer nie, maar voer die wil van die gemeente uit, aangesien die individuele lede van Christus die gesag in die gemeente ontvang het[196] op grond daarvan dat alle gelowiges profete, priesters en konings is.[197] Hierdie atomistiese verindividualisering van die lidmate van die kerk in hulle verhouding tot Christus bepaal weer die kerkbegrip van die Independentisme. Die Gemeentes is nie territoriaal afgegrens nie, maar bestaan uit groepe van gelowiges, kongregasies.[198] Christus is dus 'n Hoof met individuele lede, en nie “Hoof van die liggaam, die kerk” (Kol. 1:18) nie.

Die individualisme word deurgetrek op die terrein van die kerkverband. Hoewel Douglas Horton hom sterk uitspreek teen die “unreasonableness of the Separation”,[199] soos deur die Browniste of Independentiste voorgestaan, is daar saaklik weinig verskil tussen Kongregasionaliste en Independentiste.[200] Albei se standpunt

---

Douglas Horton: Congregationalism: op. cit., p. 36 e.v.

194 In sy werk: Traite de la discipline et police Chrétienne (Lyon 1562).

195 Vgl. Willisten Walker: The Creeds, op. cit, p. 17. C. Schüle: op. cit., p. 107.

196 H.M. Dexter: op. cit., p. 106. Vgl. H. Bouwman: op. cit., I, p. 268.

197 H. Bouwman: id., p. 267.

198 H.M. Dexter: op. cit., p. 105.

199 Op. cit., p. 52 e.v. Vgl. p. 69: “the loathsome title of Independency”.

200 H.M. Dexter: op. cit., p. 108: Ten opsigte van die verhouding tussen die gemeentes onderling “Brownism has been misunderstood and misrepresented

draai om twee begrippe — "as an ellipse rather than a circle" [201] — naamlik die van onafhanklikheid ("self-completeness")[202] van die plaaslike gemeente en die plig tot gemeenskap ("duty of fellowship")[203] tussen alle plaaslike gemeentes. Soos tussen die gelowiges in die plaaslike gemeente, is die verhouding tussen die gemeentes onderling atomisties, sodat Christus gemeenskaplike Hoof is van 'n aantal onafhanklike kerke. Dexter sê: "Every such church sustains a relation to the Headship of Christ identical with that of every other, so that being one in Him they must be one with each other. As to Him making together one family, their mutual relation must be a sisterly one; admitting no control of one over another, but alway(s) inviting kind offices, and, when needful,[204] friendly advice and aid from all to any".[205]

Horton[206] druk dieselfde beginsel so uit: "a council is superior to a local church in that its judgement is likely to be less local and better oriented to the larger impersonal principles of truth, but inferior in respect of its ability to make its judgement binding upon the people of that church". Die mag ("power") van die sinode ("council") is sedelik ("moral"); "its legal powers halt at the threshold of every local church and of the other councils which may send delegates to it"

Kongregasionalisme en Independentisme verhef die plaaslike kerk tot "the highest Ecclesiastical Tribunal, under Christ in its own matters"[207] en staan vir die "Apostolic Succession of Congregations"[208] met 'n beroep op Matt. 18:17.[209] Die superieure gesag, bó

---

by the great mass of Congregationalists ..". Vgl. J.R. de Witt: op. cit., p. 170.

201 H.M. Dexter: op cit., p. 108.

202 Ibid.

203 Ibid.

204 D. Horton: op. cit., p. 18: "... a council ad hoc, meeting not regularly but only as occasion required".

205 H.M. Dexter: op. cit., p. 108.

206 Id., p. 37.

207 Op. cit., p. 40.

208 Id., p. 10.

209 H.M. Dexter: op. cit., p. 77.

apostels en profete en evangeliste, behoort aan die gemeente as 'n geheel.[210]

Christus is die Hoof van elke gemeente. Dit beteken, volgens Horton[211] dat die gelowiges deur verbond ("covenant") so één is met Hom dat die optrede van so 'n kerk, "though those of human agents", in lewende realiteit ("in vital reality") die Hoof se dade is. Dit geld, sê hy, vir die toelating van lede tot die kerk, die keuse van ampsdraers, en die uitoefening van tug. Hierdie teenwoordigheid van Christus in die gelowiges, wat van Hom geskei word slegs deur sonde, onkunde en blindheid, is "the profoundest belief of Congregationalists".[212] Dit kom daarop neer dat, hoewel Christus nie met die kongregasie van gelowiges geïdentifiseer word nie,[213] hulle leerstelling kerkregtelik tog baie naby daaraan kom om die gemeente van atomisties-verbonde individue één hoof met Christus te ag. Waar die Roomse Kerk een mens, die pous, één hoof met Christus ag, sien hulle die hele gemeente één met Christus in die kerkregering.

*Samevattend:*

Wat die Hoofskap van Christus aangaan, kom die Independentisme kortliks daarop neer dat die gemeente (kongregasie) van willekeurig saamgegroepeerde gelowiges[214] kerkregtelik die gesag in die kerk uitoefen, só dat wat hulle in die regering van die kerk doen 'n daad van Christus is. Christus word dus as reële Hoof bely, maar Hy het net lede, gelowiges, wat in die atomistiese samevoeging van 'n kongregasie, en in breër verband tussen die gemeentes, nooit 'n "liggaam" word nie.

---

210 Ibid. Vgl. D. Horton: op. cit., p. 77.

211 D. Horton: op. cit., p. 78.

212 Ibid.

213 Ibid.

214 D. Nauta: De Nederlandsche Gereformeerden en het Independentisme in de Zeventiende eeuw, p. 22: "Tussen de leden der kerk word op plechtige wijze een verbond aangegaan om God te vrezen en te dienen... er een wezenlijk kenmerk der kerk in te zoeken, en het aldus voorstellen als zouden pas door het sluiten van zulk een verbond bepaalde rechten in de kerk worden verkregen, dat is een verwerpelijke beschouwing". Die kerk as liggaam van Christus gaan aan die dele (lede) vooraf.

## 3.6. Die Presbiteriale kerkregeringstelsel: Die Calvinisme 'n reformasie

Calvyn kan nie los van sy tyd en tydgenote gesien word nie,[215] want die Reformasie was al 'n historiese proses toe hy op die toneel verskyn het. Luther het die pous deur die "Wortkönig" vervang, met 'n minimum kerkregtelike bepalinge. Hierdie "te grote beduchtheid voor (verkeerd) kerkrecht"[216] het by die aanvang van die Hervorming in die kontrovers met Rome iets van 'n lugleegte gelaat.

### *3.6.1. Calvyn en Martin Bucer*

Uit Staatsburg het daar mettertyd 'n verdere reformatoriese aanvulling gekom. Daar het, na die aanvanklike reformasie onder leiding van Matthias Zeil, die leierskap sedert 1523 oorgegaan na Martin Bucer.[217] Hy het die reformasie kerkregtelik veel verder gevoer as Luther. Sy kerkregtelike betekenis bestaan veral daarin dat hy 'n onmiskenbare invloed uitgeoefen het op die prinsipiële ontplooiing van die Calvinistiese of Presbiteriale kerkregering.[218]

Bucer[219] was die eerste Reformator wat die openbaring van Christus as Hoof van sy Kerk deurgetrek het in die kerkregering. Op grond daarvan het hy enersyds elke hiërargies getinte vikariaat afgewys, en andersyds die onverbreekbare relasie tussen Christus en sy dienaars (die ampsdraers) benadruk. In dié relasie skuil die geheim van Bucer se ampsopvatting. Christus word nie gerepresenteer deur die ampsdraers nie; Hy is Self "reëel present" in die ministerium Ecclesiae. Bucer trek dié konsekwensies van die filioque vir sy ampsopvatting. Christus regeer deur sy Gees in sy kerk wat sy liggaam is. *Corpus Christi mysticum* het vir Bucer méér as oordragtelike betekenis. Dit is die omskrywing van die organiese

---

215 Vgl. Otto Weber: Die Treue Gottes in der Geschichte der Kirche, p. 6: "Calvin ist als Denker wie auch als Reformator der Kirche in erster Linie Gestalter, man möchte fast sagen Organisator. Originalität ist sein Leitbild nicht".

216 J. Plomp: Beginselen, op. cit., p. 12.

217 W. van 't Spijker: De Ambten bij Martin Bucer, p. 14.

218 Gustav Anrich: Strassburg und die Calvinische Kirchenverfassung.

219 Bucer se standpunt word verder weergegee ooreenkomstig die indringende studie van W. van 't Spijker: op. cit., veral pp. 432—9.

verbondenheid tussen Christus en sy gemeente, en tussen die gelowiges in die gemeente onderling. Die ampte werk in organiese verbondenheid in die liggaam, "daarin ... niet daarnaast of daarbuiten of daarboven".

Die gedagte van die Christokrasie deur die Gees in die kerk, vorm die konstante agtergrond van Bucer se visie op die amp, met die resultaat dat by hom, anders as by Luther, geen bipolariteit tussen die amp as goddelike instelling en die priesterskap van die gelowige is nie. Op die wyse het Bucer ook 'n einde gemaak aan die opsplitsing van die gemeente in geestelikes en leke, geïllustreer in die afskaffing van die ampsgewaad. Elke Christen het deel aan die salwing van Christus. En elke ampsdraer staan saam in die hele gemeente onder die één gesaghebbende en lewendmakende Woord van God. Hierbenewens het Bucer aan die charismata sentrale betekenis toegeken wat hy op so 'n wyse met die amp verbind het dat daar geen ruimte was vir 'n teenstelling tussen die twee nie. Dit het die gevolg gehad dat hy die amp op 'n organiese wyse in die gemeente gestel het, waar die charisma van die amp nie beter, hoër of waardiger is as die van die ander lede van die liggaam nie.

Die gesagsverhouding tussen gemeente en amp het gevolglik vir Bucer te staan gekom op 'n ootmoedige neerbuiging van amp en gemeente onder die één Hoof, Christus. Die absolute binding aan die Woord waarborg die gesag van die ampsdraer: sy gesag is die gesag van die Woord wat hy bedien. Aan die Woord mag die gemeente sy ampsdraers toets. Die opdrag van die ampsdraer is om die gesag van die Woord tot heerskappy te bring oor die hele gemeente. Vir Bucer was die presbiteriaat die fundamentele kerklike amp waaromheen die ander dienste gegroepeer is. Hy het egter van die Nuwe Testament afgewyk waar hy één van die presbiters as episcopos beskou het, naamlik die bedienaar van die Woord.[220] Op grond daarvan dat Bucer die kerklike tug noodsaaklik geag[221] het, kan verklaar word dat vir hom die voortgang van die Reformasie "zou vallen of staan met de figuur van de ouderling, of met het

---

[220] Vgl. W. van 't Spijker: Bucer, p. 363.

[221] Vgl. id., pp. 419—424.

instituut, waarin de bisschop de primus inter pares was, t.w. het presbyterium".[222]

Hoewel Bucer onder die groot leiers van die Reformasie die vader van die Presbiteriale kerkregering genoem sou kan word,[223] sal 'n mens "hier van een tragiek kunnen spreken: eigen ideaal bij anderen verwezenlijkt te zien".[224]

### *3.6.2. Calvyn as kerkregtelike*

Calvyn was die man wat prinsipieel en prakties die Reformasie op kerkregtelike gebied konsekwent deurgevoer het. In die ontwikkeling van die Presbiteriale kerkreg was sy werk bestem om die dominant[225] te wees, wat alle kerke van die Hervorming beïnvloed het.[226] Hoewel Calvyn kerkregtelik op baie skouers gestaan het,[227] en al was hy meer 'n organiserende as 'n skeppende gees,[228] "he possessed the wonderful talent of comprehending ... and giving appropriate expression to the results of his investigations".[229] Hy het gekom tot die implementering van die Presbiteriale kerkregeringstelsel. Sy "Consistoire"[230] in Genève "was a council which has no parallel in the history of Protestantism".[231] Daarmee het hy nie

---

222 Id., p. 402.

223 G. Anrich: op. cit., p. 27.

224 W. van 't Spijker: Bucer, p. 527. Vgl. R. Seeberg: op. cit., III, p. 393: "Bucer became but the steppingstone to Calvinism". Vgl. G. Anrich: op. cit., pp. 27/28.

225 R. Seeberg: op. cit., II, p. 294; vgl. G. Anrich: op. cit., p. 12.

226 P. Schaff: History of the Christian Church I, p. 257.

227 Hy verwys dikwels na die "ou kerk", veral na Cyprianus en Hieronymus. Vgl. ook F. Wendel: Calvin, Ursprung und Entwicklung seiner Theologie, pp. 257—74; R. Seeberg: op. cit., II, pp. 290—3; H. Bouwman: op. cit., I, p. 232 e.v.; G. Anrich: op. cit., pp. 26—30; R. Boon: Apostolisch ambt en reformatie, pp. 158, 163, 165, 190; S.G. Huh: op. cit., pp. 121—124.

228 H. Bouwman: op. cit., I, p. 232.

229 R. Seeberg: op. cit., II, p. 394.

230 Vgl. arts 48—55 van Les ordonnances ecclesiastiques de L'Église de Genève by: Wilhelm Niesel: Bekenntnisschriften und Kirchenordnungen, pp. 48—9.

231 R. Seeberg: op. cit., II, p. 422. Vgl. G. Anrich: op. cit., p. 27: "Das neue bei Calvin ist ein Doppeltes. Das Neue ist vor allen die neue Zentralbehörde, das aus sämtlichen Pfarren und Aeltesten gebildete Consistoire". P. Jacobs: Theologie Reformierter Bekenntnisschriften in Grundzüngen, p. 122.

net aan die pous van Rome die hoofskap van die kerk ontsê nie, maar het hy ook 'n kerkregering ingestel waardeur Christus onbelemmerd as Hoof van sy kerk regeer.[232]

#### 3.6.2.1. Hoof en kerk by Calvyn

In ooreenstemming met Bucer[233] het Calvyn[234] geleer dat die kerk 'n organiese eenheid is. Elke gelowige moet in die organisme ingeplant wees, persoonlik daarby betrokke wees, want indien alle lidmate nie onder Christus as Hoof met Hom verenig is nie, bestaan daar vir die kerk geen hoop op die toekomende erfdeel nie.[235] Die erfdeel is nie bloot 'n verwagting nie, maar is besit van die kerk deur vereniging met sy Hoof, Christus, wat in sy hemelse heerlikheid is.[236]

Die eenheidsverbintenis tussen Christus as Hoof en die kerk as sy liggaam het betrekking op sowel die sigbare as die onsigbare sy van die kerk.[237] Calvyn het onder die onsigbare kerk verstaan die volle getal van die uitverkorenes wat almal in Christus is. En terwyl hulle almal in Hom verbonde is, is hulle ook onderling verbonde. Soos die ledemate met die Hoof saamhang, hang die lidmate onderling ook saam soos lede van een liggaam in die eenheid van één geloof, hoop en liefde. Hierdie lewenseenheid, tussen die Hoof en die lidmate, en die lidmate onderling, maak die kerk onvernietigbaar.[238] Die uitverkorenes wat aldus in Christus verbonde is, is alleen sigbaar voor God, maar vir die mens onsigbaar. Intussen het kerk en verbond vir Calvyn nou saamgehang. Die genadeverbond is met Christus gesluit, maar met Hom as Hoof van die kerk wat sy

---

232 Otto Weber: op. cit., p. 15: "Die reine Gemeinde wollte er nicht finden; er überliess das Urteil dem Herrn selber und war für seine Person der Ansicht, es müsse das iudicum caritas genügen".

233 W. van 't Spijker: Bucer, op. cit., p. 432.

234 F. Wendel: op. cit., p. 261.

235 J. Calvyn: Institutie; word aangehaal as Inst., met boek, hoofstuk en paragraaf. Inst. IV, 1, 2.

236 Inst. II, XVI, 16.

237 Vgl. H. Bouwman: op. cit., I, p. 237.

238 Inst. IV, I, 1.

liggaam is.[239] Die kerk van uitverkorenes wat so in Christus verbind is, word sigbaar in die menigte wat oor die aarde versprei en deur die doop in die verbond ingelyf is.[240] Op hierdie wyse het Calvyn die eenheid van die sigbare en onsigbare kerk onder één Hoof, Christus, behou. Tegelykertyd bly die kerk ook in sy sigbare verskyning *corpus ac societas fidelium*[241] en word nie 'n heilsinstituut nie, soos by Rome, waar die hiërargiese priesterdom die kerk is wat die skat van die genade uitdeel.

Vir die eenheid van alle gelowiges in die kerk onder één Hoof, het Calvyn hom beroep op Ef. 4:15 en 16: Christus, die Hoof, “uit wie die hele liggaam — goed saamgevoeg en saamverbind deur die ondersteuning wat elke lid gee volgens die werking van elke afsonderlike deel in sy mate — die groei bevorder vir sy eie opbouing in die liefde”. “Sien u” sê Calvyn “hoe die apostel alle mense[242] sonder uitsondering in die liggaam stel, en die eer en naam van Hoof alleen aan Christus laat?”[243] As Hoof is Christus in sy kerk teenwoordig, nou en altyd.[244] Die gemeente kan nie anders bestaan as om alle dinge uit Christus te ontvang nie, soos die liggaam sy sterkte uit die hoof ontvang waaruit sy volle samebinding[245] is, want die eenheid van die liggaam hang aan Hom alleen.[246]

Calvyn het dus gehandhaaf dat Christus sowel organiese Hoof as Gesagshoof van sy kerk is. Dit kom veral in sy kommentaar op Ef. 4:15 en 16 sterk na vore: Die gelowiges is slegs sterk en groot as lede van die liggaam van Christus. Al die wasdom van die

---

239 Inst. II, X, 2 en IV, XV, 16, 17, 19, 20.

240 Inst. IV, I, 7.

241 Inst. IV, I, 3.

242 In die konnotasie van “alle gelowige mense”.

243 Inst. IV, IV, 9. In dieselfde paragraaf beroep Calvyn hom verder op Ef. 1:22; 5:23; Kol. 1:18; 2:10 om te bewys dat Christus alleen die Hoof is van sy kerk. In sy kommentaar by Ef. 1:22 stel hy dit duidelik dat Christus alleen Hoof genoem word waardeur sowel mense as engele gestel word in die orde van lede. Selfs die alleruitnemendste in die kerk is nogtans een van die lede onder die algemene Hoof ... die eenheid van die gemeente hang aan Hom alleen.

244 Inst. IV, IV, 10.

245 J. Calvyn: Zendbrieven, op. cit., kommentaar op Kol. 2:19.

246 Id., kommentaar op Ef. 1:22.

gelowiges moet dien tot verheerliking van Christus uit wie hulle alles ontvang. Dit beteken, volgens Calvyn, drie dinge: dat die geloof in Christus lewe en gesondheid in die lede versprei — die lede is dus afhanklik van wat aan hulle toegedeel word. Verder: Christus skenk sy gawes in die kerk só dat die gelowiges dit aan mekaar moet bedien, omdat elkeen slegs 'n beperkte deel ontvang. Ten derde, dat die liggaam nie gesond kan wees sonder onderlinge liefde nie. Die gelowiges is dus soos "kanale" [247] waardeur die Hoof die ganse liggaam bedien. Om in die liggaam van Christus te wees, moet elke gelowige die ander dien en nie sy eie belang soek nie. Dit geskied deur die liefde: waar die liefde nie regeer nie, daar word die gemeente nie gestig nie maar enkel verwoes.

### 3.6.2.2. Hoof en kerkregering by Calvyn

Calvyn het die feit dat Paulus Christus Hoof van die kerk noem betrek op die kerkregering.[248] Hiermee het hy dan konsekwent die primaat van die pous bestry, om daarmee te getuig dat die pous nie bo die gemeente kan staan nie, maar alleen as lid in die gemeente. Hy noem dit "skandelike heiligskennis"[249] om die gemeente, as dit sonder pous is, onvolkome te ag, aangesien alleen Christus die eer het om Hoof te wees. Die "gansche evenredigheid" [250] van die gemeente word geskend as die pous nie saam met die lidmate getel wil wees nie, maar hom mét die Hoof teenoor die lidmate tel. Die Roomse verweer dat die pous alleen bedienende hoof is, het Calvyn 'n "beuzeling" [251] genoem, want die "tirannie van hun afgod" [252] is geheel en al teen die orde wat Paulus beskryf. Die kerk het die pous as aardse hoof nie nodig nie "want soos Christus die naam vir

[247] Id., kommentaar op Ef. 4:16.

[248] Id., kommentaar op Ef. 1:22 en Kol. 1:18: "Hier spreekt hij naar mijn oordeel, voornamelijk van de regering. Zoo leert hij dan, dat Christus alleen die is, die macht heeft om de gemeente te regeeren, op wien alleen de geloovigen moeten zien, aan wien de eenheid van het lichaam hangt".

[249] Id., kommentaar op Ef. 1:22.

[250] Id., kommentaar op Ef. 4:15, 16.

[251] Ibid. Ook in kommentaar op Kol. 1:18.

[252] Ibid.

Homself aanneem, so verrig Hy ook werklik die amp van 'n Hoof".[253] Christus is nie net die hemelse Hoof van die onsigbare kerk nie, maar ook daadwerklik die Hoof wat die kerk in sy sigbare georganiseerde verskyning regeer.

Ten onregte beskuldig Ganoczy[254] Calvyn van dialektiek in sy bestryding van die primaat van die pous met die Hoofskap van Christus in die sigbare kerk. Hierdie primaat van die pous, aldus Calvyn, kan nie gegrond word op die voorbeeld van die Ou-Testamentiese hoëpriesterskap nie. Dit is in die Nuwe Testament nie op 'n mens nie, maar op Christus oorgedra wat sonder opvolger of stedehouer die amp Self waarneem en die eer aan niemand anders oordra nie.[255]

Die aanspraak deur die pous op apostoliese suksessie het Calvyn beantwoord met die vraag: Wat het die pous met die apostel in gemeen? Want dit gaan nie oor een of ander erflike eer nie, iets wat ook aan slapendes verleen kon word, maar oor die predikamp, wat die pous juis so naarstiglik ontvlug.[256]

Die aanspraak dat Petrus deur Christus tot hoof van die ganse kerk gestel is toe Hy beloof het om aan hom die sleutels van die hemelryk te gee, het hy verwerp op grond daarvan dat Christus dit aan al die apostels ook gegee het — waarin gaan Petrus dan sy ampsgenote te bowe?[257]

Terwyl die Roomse hulle op Cyprianus en Augustinus beroep het Calvyn hulle beantwoord ook met Cyprianus en Augustinus![258] Rome sê Petrus staan uit bo almal omdat hy sowel afsonderlik as gesamentlik met die ander die sleutels ontvang het. Maar, sê Calvyn, hulle eie Cyprianus sê: Daarmee het Christus Petrus nie

---

253 Id., kommentaar op Kol. 1:18.

254 A. Ganoczy: Ecclesia Ministrans, p. 213 e.v.: "Calvins Vorstellung hierzu stehen im Zeichen eines dialektischen Nebeneinanders: die Gleichheit der Apostel einerseits, und dem gegenüber ein bestimmter, genau festgelegter Vorrang des Apostels Petrus".

255 Inst. IV, VI, 2.

256 Inst. IV, V, 13.

257 Inst. IV, V, 13.

258 Inst. IV, V, 13.

verhef bo sy ampsgenote nie, maar dit dien om die eenheid van die kerk aan te dui. Calvyn gaan in sy argumentasie so ver as om te sê: "Laat die Roomse hulle sin kry".[259] Laat Petrus inderdaad die eerste wees in rangorde, maar dan is hy nog altyd *in* die gebou van die kerk, nog steeds 'n lid van die liggaam en nie die hoof nie.[260] Dus: eerste in rangorde wil nog geensins sê eerste in mag nie.[261] Argumentshalwe gee Calvyn dus toe wat die Roomse begeer:[262] dat Petrus owerste van die apostels was, maar die enkele voorbeeld maak nie 'n algemene reël nie; en 'n geïsoleerde geval skep nie 'n onafgebroke voortgang nie. Die geval van die apostels is uniek[263] omdat hulle weinig in getal was. Dat een mens aan die hoof van twaalf mense kan staan beteken nog nie dat een mens ook aan die hoof van honderdduisend mense gestel moet word nie. Tussen twaalf mense, sê Calvyn, sou dit natuurlik wees dat een die leiding neem, soos byvoorbeeld die burgemeester in 'n raad, die voorsitter van 'n regbank. 'n Dergelike primaat aan Petrus onder die twaalf sou niks vreemds wees nie. Maar as een oor weiniges regeer, kan hy nog nie die hele wêreld regeer nie — dit volg nie logies nie, aldus Calvyn. Al sou hy toegee dat die wêreld wel onder 'n alleenheerskappy staan — Calvyn ag dit intussen ongerymd — dan geld 'n menslike alleenheerskappy nog nie op grond daarvan in die kerk nie.

So 'n alleenheerskappy is ook nie, soos Rome beweer, natuurlik nie. Dit is wel natuurlik dat 'n swerm bye 'n leier het, maar dan 'n koningin in elke korf en nie al die bye van die wêreld saam één koningin nie. Op hierdie argument van natuurmatigheid sou Rome alleen 'n beroep kon doen dat elke plaaslike kerk 'n eie biskop moet hê, verweer Calvyn.

Één ryk kan nie twee konings hê nie, want mag verdra nie 'n

---

259 Dit is juis in die argumentshalwe-redenasie wat Ganoczy Calvyn nie verstaan nie, vgl. op. cit., p. 216.

260 Vgl. J. Calvyn: Zendbrieven, op. cit., kommentaar op Ef. 1:22, Kol. 1:18.

261 Inst. IV, VI, 5.

262 Id., IV, VI, 8.

263 Ibid.

deelgenoot nie.[264] Die kerk het reeds 'n Hoof, Christus, wat kragtens sy mag en gesag die regeringsinrigting van die kerk voorgeskryf het.[265] Terwyl Christus al die eer as Hoof vir Homself opeis, mag die eer van stedehouer alleen toegeken word aan wie Hyself daartoe aanstel. Maar so 'n aanstelling doen Christus nêrens nie. Inteendeel, Ef. 1:22; 4:15; 5:23; Kol. 1:18 en 2:10 weerspreek so 'n aanstelling.[266] Selfs Jesus se hemelvaart skei Hom nie van sy kerk nie, want Hy het opgevaar om die kerk tot volheid te bring (Ef. 4:10), terwyl Hy na sy hemelvaart in die kerk gedien word deur die bediening van 'n verskeidenheid[267] ampte. Op die gronde verwerp Calvyn die aanspraak dat die pous bedienende hoof[268] genoem word.

**3.6.2.3. Hoof en ampte by Calvyn**

Calvyn se ampsopvatting het 'n duidelike ontwikkelingsgang[269] gehad. In die eerste uitgawe van sy Institusie (1536) staan Calvyn nog baie naby aan Luther as hy daarin slegs oor die amp van die bedienaar van die Woord spreek en aan dié amp die Nieu-Testamentiese benaminge episkopos en presbuteros verbind.[270] Eers na sy terugkeer uit Straatsburg in 1541 het Calvyn die ampte in die kerk duideliker onderskei.[271] In die *Ordonnances Ecclesiastiques,* wat hy saam met sy kollegas aan die Raad van Genève voorgelê het, word vier ampte onderskei wat die Here vir die leiding van sy kerk geïnstitueer het: predikante, doktore, ouderlinge en diakens.[272] Calvyn het hom hier reeds beroep op instelling deur die

---

264 Inst. IV, VI, 8.

265 Inst. IV, VI, 9.

266 Ibid.

267 Inst. IV, VI, 10.

268 Inst. IV, VI, 9, 10. Calvyn het alreeds geantwoord op die "moderne" gedagte van H. Küng oor 'n "Petrusdienst", vgl. H. Küng: Was ist Kirche, op. cit., p. 183 e.v.

269 Vgl. S.G. Huh: op. cit., p. 121 e.v. vir 'n kompakte weergawe van die ontwikkelingsgang.

270 Id., p. 122.

271 Die invloed van Bucer is hier duidelik merkbaar. Vgl. vir Bucer se opvatting W. van 't Spijker: Bucer, pp. 360—5.

272 Vgl. by W. Niesel: Bekenntnissschriften, p. 43: *Ordonnances Ecclesiastiques,* art. 2: *"Premierement il y a quatre ordres ou especes d'offices, què nostre*

Here, maar hy het eers in die 1543-edisie van die Institusie die prinsipiële grondslag van sy ampsopvatting gegee.[273] Hy grond sy ampsopvatting op Ef. 4:4 e.v., en sien in die dienste van mense in die kerk nie alleen die vernaamste senuwee wat die gelowiges in een liggaam saambind nie, maar die dienste is ook die wyse waarop Christus alles in sy kerk vervul: deur die dienste word sy gawes in die kerk uitgedeel en verdeel. So groei die kerk op in Hom wat die Hoof is.[274]

Calvyn onderskei verder tussen die buitengewone en gewone ampte.[275] Die gewone ampte kan die kerk nie ontbeer nie. En onder die gewone ampte tel hy die herderlike amp wat die diens van die leraar insluit. Die diens omvat uitleg van die Skrif, leiding van die gemeente, tug en bediening van die sakramente.[276] Die amp is dus vir Calvyn nie 'n waardigheid sonder arbeid[277] nie. Die herders ag Calvyn aan die plaaslike kerk verbonde. Sonder onderskeid noem hy hulle wat die kerk regeer: opsieners, ouderlinge, herders en dienaars. Hy ag dit volgens gebruik van die Skrif wat die name deurmekaar besig.[278]

Van die herders, d.i. die bedienaars van die Woord of leraars, onderskei hy op grond van Rom. 12:7 en 1 Kor. 12:28: magte, gawe van gesondmaking, uitlegging, regering en versorging van die armes. Hiervan is regering en versorging van die armes voortdurend en blywend. Hy onderskei die ouderlinge-amp dus veral op grond van *κυβερνήσεις* (1 Kor. 12:28) en *ὁ προϊστάμενος*; (Rom. 12:8).[279] Dié "regeerders", verklaar hy, is uit die volk gekies[280] om saam met

*Seigneur* o *institué pour le gouvernement de son Eglise: assamoir les Pasteurs, puis les Docteurs, apres les Anciens, quatrement les Diacres"*.

273 Inst. IV, III.

274 Inst. IV, III, 2.

275 Inst. IV, III, 4: Apostels, profete en evangeliste ag hy buitengewone ampte, omdat hulle besonderlik betrokke was by die lê van die fondament van die kerk, en omdat die ampte in behoorlik ingerigte kerke geen plek het nie.

276 Ibid.

277 Inst. IV, III, 6.

278 Inst. IV, III, 8.

279 Ibid.

280 Inst. IV, III, 14, 15.

die opsieners[281] toesig te hou oor die handel en wandel en om die tug uit te oefen. Van die begin af het elke kerk dus sy raad gehad, verkies uit vrome en heilige manne, by wie die regspraak tot verbetering van die gebreke berus het. Die ervaring bewys dat dit 'n verordening, noodsaaklik vir alle tye, is.

Op deugdelike gronde wys Huh daarop “dat Calvyn er niet toe gekomen is scherp de schriftuurlijke oorsprong van het ambt van de ‘regeerouderling’ te bepalen. Terecht heeft hij de identiteit tussen de episkopos en de presbyter gesteld. Toch rijst soms de vraag, of hij deze identiteit handhaaft. De episkopos wordt gezien als de man, die het leerambt bekleedt. Ook wordt soms zo over de presbyter gesproken. Dan weer horen wij over twee soorten presbyters”.[282]

In die geheel gesien is die ouderling vir Calvyn nie gemoeid met die leer nie maar met die regspraak[283] waaronder hy veral die tug verstaan.[284] Dié mag van regspraak is in hoofsaak niks anders as 'n orde wat ingestel is tot bewaring van die geestelike regering nie. Vir die doel ag Calvyn die kerkrade van die begin af in die kerk ingestel om sensuur uit te oefen, oor die sedes te waak en die sleutelmag van die tug te bedien.[285]

Calvyn het die ouderling nog nie gesien as die persoon wat die Nieu-Testamentiese diens van presbuter en episkopos vervul nie. Dié plek neem, volgens Calvyn, die predikant in. Hy het Christus ook by voorkeur[286] Biskop genoem. Aan die predikant of biskop word in sy beskouing die ouderling toegevoeg[287] vir die kerklike regspraak, om sodoende in die kerk die plek te vul wat die Raad in die stad vervul.[288] Hierdie beperkte siening van die ouderling deur

---

[281] Calvyn sien die predikant dus as episkopos in die midde van die ouderlinge. Vgl. A.F.N. Lekkerkerker: op. cit., p. 148.

[282] S.G. Huh: op. cit, pp. 128/129.

[283] Inst. IV, XI, 1, 4, 5; Ordon. Eccl. arts. 52—54. Vgl. by W. Niesel: op. cit., p. 49.

[284] Inst. IV, XI, I en IV, XII, 1.

[285] Inst. IV, XI, 1.

[286] Vgl. A.G. Ganoczy: op. cit., p. 135.

[287] P. Schaff: op. cit., p. 470.

[288] Inst. IV, XII, 6.

Calvyn vloei voort uit die feit dat hy die ouderling nog nie helder gesien het as die presbuteros én episkopos[289] van die Nuwe Testament nie. Tog skemer die verband enkele male by Calvyn deur in sy Institusie,[290] maar nie in sy *Ordonnances Ecclesiastiques* te Genève nie. In dié kerkorde is die taak van die ouderlinge uitsluitlik die regspraak oor die sedes. Die kerkraad is dus 'n regbank.[291] Maar die kerklike tug het hy sonder enige kompromie vir die kerkraad opgeëis en alle tugreg deur die owerheid met beslistheid afgewys.[292] Die hele tughandeling moet so geskied dat dit duidelik bemerk word dat Christus as Hoof teenwoordig is en die oppergesag het.[293]

Calvyn gee in sy ampsopvatting nooit die beginsel dat Christus Self alleen in die kerk regeer prys nie.[294] Hy moet heers, die leiding hê en die hoogste gesag beklee.[295] Omdat Christus nie meer sigbaar in die midde van die kerk woon, sodat Hy sy wil mondeling kan meedeel nie, daarom gebruik Hy mense in as 't ware 'n plaasvervangende werksaamheid.[296] Hy noem die diens ook "'n gesantskap waarneem".[297] Die sterkste spreek hy hom uit as hy die ampsdiens karakteriseer: om Christus se Persoon te verteenwoordig. Calvyn moet hier egter goed begryp word![298] Calvyn wil hiermee uitdrukking gee aan die betekenis van Luk. 10:16: "wie na julle luister, luister na My". Dit gaan om die noodsaaklikheid van die dienste, die hoogagting daarvan en die handhawing vir alle tye.[299] Calvyn betrek

---

289 S.G. Huh: op. cit., pp. 121—131.

290 Inst. IV, XI, 6.

291 Vgl. Ordon. Eccl. art. 48; W. Niesel: op. cit., pp. 48/49; K. Rieker: op. cit., pp. 115, 116.

292 Vgl. sy optrede teen die ampstaf van die burgemeester in die vergadering van die kerkraad, P. Jacobs: Reformierte Bekenntsnissschriften und Kirchenordnungen, p. 104. Vgl. H. Bouwman: op. cit, p. 245.

293 Vgl. H. Bouwman: op. cit., I, p. 243.

294 A.G. Ganoczy: op. cit., p. 384, gee dit volmondig toe.

295 Inst. IV, III, 1.

296 Ibid.

297 Ibid.

298 W.D. Jonker: Als een Riet in de Wind, p. 6, lei té veel hiervan af. Vgl. ook A.G. Ganoczy: op. cit., pp. 209—210; Otto Weber: op. cit., p. 32.

299 Vgl. L. Goumaz: Het ambt bij Calvyn, pp. 25, 47, 49. Inst. IV, III, 3.

hierby nie die persoon van die "ampsdraer" [300] nie, maar steeds sy diens: die heerskappy van Christus moet bedien[301] word; in die diens van mense wend die Here as 't ware 'n plaasvervangende werksaamheid aan, nie deur op persone sy reg en eer oor te dra nie, "maar alleen om deur hulle mond" [302] sy werk te volbring. Die Here gebruik dus hul mond soos 'n werksman sy gereedskap.[303] Sy teenwoordigheid is nie in die ampsdraers nie, maar in "die gawes" wat hulle in die kerk uitdeel.[304] Calvyn het hom verset teen die verbinding van kerklike gesag aan persone in plaas van aan die leer,[305] en het dit 'n leuen genoem dat die Christusregering in persone bestaan.[306] Onomwonde het Calvyn hom uitgespreek:[307] Die enigste manier om die kerk te bou is dat die dienaars self hulle bes doen om vir Christus sy gesag te bewaar. Dit bly alleen ongeskonde as vir Christus die gesag gelaat word wat Hy van die Vader ontvang het, naamlik dat Hy die enige Meester van die kerk is. Want van niemand anders as van Hom alleen is geskrywe: Luister na Hom (Matt. 17:5).

Die gesag in die kerk, so gaan Calvyn voort, is geheel en al nie aan die mense self gegee nie, maar aan die diens waarin hulle gestel is; of (om duideliker te spreek) aan die Woord waarvan die bediening aan hulle toevertrou is. Die ampsdraers is met geen ander gesag, om te leer of te antwoord, beklee nie, as in die Naam en deur die Woord van die Here. Die roeping tot die amp is tegelykertyd, sê Calvyn, 'n bevel dat hulle niks mag voortbring uit hulself nie, maar hulle moet spreek uit die mond van die Here.[308] Die gesag van die

---

300 W.D. Jonker: Als een Riet, p. 6.

301 Inst. IV, III, 1.

302 Inst. IV, I, 1.

303 Ibid.

304 Inst. IV, III, 2.

305 Inst. IV, II, 3.

306 Inst. IV, III, 4. Ook IV, XI, 1: Want Christus het hierdie mag, nl. van die regspraak, eintlik nie aan mense gegee nie maar aan sy Woord, tot wie se dienare Hy die mense gemaak het.

307 Inst. IV, VIII, 1 en 2.

308 Vgl. ter bevestiging van Calvyn se uitsprake Inst. IX, X, 1, 3, 4, 11 insake vryheid van gewete wat alleen deur één Wet, naamlik die Heilige Woord van die

ampsdraer lê dus in die "boodskap van die Here".[309] En kragtens dié boodskap word gehoorsaamheid aan die ampsdraers geëis. So word die ampsdraers deur Calvyn tegelykertyd met gesag beklee en in hulle mag beperk. Hy word inderdaad nie moeg om oor en oor te beklemtoon nie, dat die gesag in die kerk die Woord is; Christus is in die kerk teenwoordig in sy Woord deur die diens van die ampte.[310]

Die Skrif, die Woord, die Bybel, het gesag[311] omdat die Gees van Christus die Bybelskrywers voorgegaan het en vir hulle gedikteer[312] het. Calvyn beroep hom op Joh. 14:26; 16:13: die Heilige Gees het die apostels in die volle waarheid gelei. En in dié lig verstaan hy 1 Petr. 4:11: "As iemand spreek, laat dit wees soos woorde van God". Die bediening van God se Woord is die gesag van die ampsdraer. "Daar is" sê hy "die baie hoë mag waarmee die herders in die kerk, met watter naam hulle ook al genoem word, toegerus behoort te wees, naamlik dat hulle deur God se Woord alles vrymoediglik durf doen, en alle krag, roem, wysheid en hoogheid van die wêreld kan dwing om te wyk voor die majesteit van die Woord en daaraan te gehoorsaam; gesteun deur die krag van die Woord gebied hy oor almal, van die hoogste tot die laagste toe".[313] Tegelykertyd word elke gelowige[314] deur die Gees gelei met die Woord, en nie, soos deur Rome beweer, alleen die kerk as geheel in die ampsdraers nie. So maak Calvyn volle erns met die filioque[315] en bou daarop sy tese dat Christus sy kerk regeer deur sy Gees deur middel van sy Woord. Dit geld ook vir die algemene kerk soos verteenwoordig in die konsilie. Die konsilie mag aan Christus geen regte ontneem nie. "En dit is die reg van Christus dat Hy voorsitter is van alle konsilies

---

Evangelie, geregeer word.

309 Inst. IV, VIII, 2.

310 Vgl. Inst. IV, VIII, 7 en IV, X, 7.

311 Inst. IV, VIII, 6.

312 Inst. IV, VIII, 8, 9. Hy noem die apostels outentieke sekretarisse van die Heilige Gees, daarom is hulle geskrifte uitsprake van God.

313 Inst. IV, VIII, 9.

314 Inst. IV, VIII, 11.

315 Inst. IV, IX, 1.

en geen mens in die waardigheid tot metgesel het nie. En ek sê dat Hy eers dan voorsitter is, wanneer Hy die ganse vergadering deur sy Woord en Gees bestuur".[316]

Daarom is besluite van konsilies wel gewigtig en moet as voorlopige oordeel aanvaar word, maar dit is onderworpe aan toetsing aan die Skrif.[317] Op die wyse, meen Calvyn, het die konsilies die gesag wat hulle moet hê, terwyl die Skrif die hoogste gesag behou. Die taak van die konsilies is dus om die Heilige Skrif uit te lê sodat eenheid in die ganse kerk bewaar kan word. 'n Konsilie kan egter dwaal, sodat die waarheid by die minderheid of by die gelowige volk bewaar word om weer op die regte tyd na vore te kom en te oorwin.[318]

Deur die gesag van die Woord nougeset te handhaaf, bely Calvyn Christus as die enigste Gesagshoof, die enige Wetgewer, van sy kerk.[319] Daarom verwerp hy alle menslike insettinge wat die gewete bind sonder die Woord. Die *Ordonnances Ecclesiastiques* dien hy aan as ontleen aan die Evangelie van Jesus Christus.[320] Hy wil nie die ampsdraers belet om orde en reël te stel nie,[321] maar stel die eis van Skriftuurlikheid en die grondbeginsel van die alleenheerskappy van Christus in sy kerk.[322] Daarom mag die ampsdraers nie vasstel wat deur God vrygestel is nie.[323] Om nie "nutteloos, selfs dwaas" [324] te wees nie, maar werklik die goeie orde te dien, moet die bepalinge van orde en reël so min as moontlik wees en nie "deur hulle onmeetlike hoeveelheid die vrome gewetes onderdruk ... so dat hulle tot Christus nie kan kom nie ... deurdat die een so op die ander gehoop word, tot so 'n aantal toeneem, dat die

---

316 Ibid.

317 Inst. IV, IX, 1.

318 Inst. IV, IX, 2 en 13.

319 Inst. IV, X, 1.

320 Vgl. art. 1, by W. Niesel: op. cit, p. 43.

321 Inst. IV, X, 27 tot 32. Vgl. ook F. Wendel: op. cit., pp. 266—7; D. Nauta: Verklaring K.O., p. 10 e.v.

322 Inst. IV, Vul, 7. Vgl. ook H. Bouwman: op. cit., I, p. *240*.

323 Inst. IV, X, 5.

324 Inst. IV, X, 11.

Christelike kerk dit geensins kan verdra nie".[325]

Deurdat Calvyn die tug so nou aan die Woord bind,[326] word gehoorsaamheid aan die tug 'n buiging "voor Christus".[327] Calvyn noem nie uitdruklik saam met die bediening van die Woord en van die sakramente die bediening van die tug as kenmerk waardeur die ware kerk geken kan word nie.[328] Maar hy kwalifiseer[329] die bediening van Woord en sakramente met "ware" en stel dat die gesag van die kerk nie "ongestraf" verag, verwerp, weerstaan of bespot mag word nie. Immers, op grond van 1 Tim. 3:15 erken hy die kerk as die "getroue bewaakster" van die waarheid van God, omdat God deur die diens en werksaamheid van die kerk die suiwer prediking van sy Woord wil bewaar. Om uit so 'n kerk weg te gaan is om God en Christus te verloën. Dit gaan in die *notae* van die kerk dus nie

---

[325] Ibid. en 13, 16.

[326] Inst. IV, XI, 2, 5; vgl. Ordon. Eccl. arts. 20—30.

[327] Inst. IV, XII, 7 en IV, VIII, 4.

[328] F. Wendel: op. cit., pp. 265, 266 vestig die aandag op 'n "wichtigen Punkt, in dem er Bucer nicht gefolgt ist", nl. dat Calvyn dit vermy om die tug as 'n merkteken van die kerk uitdruklik te noem. Dit wil nie sê dat Calvyn die tug minder gewigtig ag as Bucer nie, "aber sie gehört nicht zum eigentlichen Wesen des Kirchenbegriffs". Die tug is vir Calvyn "einfach eine Schutzmassnahme und ein Heiligungsmittel, und gehört als solche zum Aufbau und nicht zum Begriff der Kirche". Vgl. ook vir dié standpunt: J. Plomp: De Kerkelijke Tucht bij Calvijn, pp. 122—8. R.N. Caswell: Calvins view of ecclesiastical discipline, het daarenteen gewys op die noue verband tussen verkondiging en handhawing van die suiwere Woord by Calvyn: "This close link with the Word, discipline being that activity that mediates between the Ecclesia docens and the Ecclesia discens, explains why Calvin did not need to point discipline as a mark of the church, as did Bucer and Knox". Die onderskeiding tussen die *incolumitas* van die kerk, wat Calvyn teenoor Sadoletus handhaaf in die suiwerheid van die leer, tug en sakramente, en die *notae ecclesiae* wat hy in die Institusie as suiwer bediening van Woord en sakramente aandui, is uiters subtiel. Vgl. hierby nog wat hy as kenmerke van die ware ampsbediening in die kerk aangee: om die volk deur die leer van Christus tot die ware vroomheid te onderwys, die heilige sakramente te bedien en die regte tug uit te oefen (Institusie, IV, III, 6). Die ongeskondenheid *(incolumitas)* van die kerk en die suiwerheid of waarheid *(notae)* van die kerk kan nie teen mekaar uitgebalanseer word nie. Vgl. J. Plomp: Tucht bij Calvijn, p. 127. Vgl. vir Calvyn aan Sadoletus, P. Schaff: op. cit., p. 404 e.v.

[329] Inst. IV, I, 9, 10.

om Woord en sakramente sonder meer nie, maar om *ware* en *suiwer* bediening daarvan. Die bediening van die Woord en die tug is 'n onskeibare eenheid.[330] Op grond van 2 Kor. 10:4 verklaar Calvyn dat die bediening van die Woord nie bespot mag word nie. Daarom is met die diens van die Woord die reg verbonde om persone wat skerper bestraf moet word, daarvoor op te roep, en ook die reg om hulle van die nagmaal af te hou.[331] Teenoor die dwaling van die Anabaptiste moet egter begryp word dat die heiligmaking in die sigbare kerk nie voltooi is nie.[332]

**3.6.2.4. Samevatting:**

Die leer van Calvyn oor Christus as Hoof van die kerk en die Presbiteriale kerkregering kan soos volg saamgevat word: Teenoor die eensydige dwaalleer dat Christus alleen Hoof is van die onsigbare kerk, het hy geleer dat Christus die altyd teenwoordige Hoof is van die sigbare kerk sodat die geïnstitueerde kerk geen menslike hoof kan hê nie.

Teenoor die pous as "bedienende hoof" het Calvyn die bedienende diensknegte van die Hoof gestel. En teenoor die onfeilbaarheid van die pous het hy die onfeilbare Skrifgeworde Woord van die Hoof, Jesus Christus, gestel. Die Roomse aanspraak dat Christus in die kerk teenwoordig is in sy stedehouer, die pous, het Calvyn weerspreek deur die teenwoordigheid van Christus in sy Woord wat bedien word, te leer, sodat Christus Self in sy kerk regeer deur die Heilige Gees deur middel van die bediening van sy Woord.[333] Calvyn het die pous nie met die ouderling "skaakmat"[334] gesit nie,

---

330 Die verband tussen suiwer leer en Woordbediening en tug by Calvyn word nader gedemonstreer deur die Tugordening vir die herders *(pasteurs)* in die Ordon. Eccl. arts. 20—30. Vgl. W. Niesel: op. cit., pp. 46—7. In art. 25 word kettery as eerste van die onduldbare sondes genoem.

331 Inst. IV, XI, 5.

332 Inst. IV, I, 13—17.

333 Vgl. die brief aan Sadoletus, P. Schaff: op. cit., II, pp. 404—10.

334 Vgl. die dikwels met instemming aangehaalde uitspraak van Noordmans: "Toen Calvyn op die bord de pion van den ouderling trok, zette hij daarmee den pous schaakmat", o.a. by A.J. Bronkhorst: op. cit, p. 154; S.G. Huh: op. cit., p. 131.

maar met Christus die enigste Hoof wat Self teenwoordig is deur sy Woord.[335] Vir Calvyn is Christus die Alleenheerser "middellik en onmiddellik",[336] want die Gees werk deur die Woord in die gelowiges en Hy stel bedienaars van die Woord aan in die kerklike ampte. Aangesien die ampsdraers nie in persoon heersers is nie, maar bedienaars van die Regeringswoord van Christus die Hoof, is in die leer van Calvyn die gemeente weer in die regte van sy mondigheid herstel waarvan Rome hom ontroof het: kiesreg,[337] toetsreg,[338] vrye gewete,[339] mede-oordeel in die tuguitoefening.[340]

### *3.6.3. Calvyn en die ontwikkeling van die Presbiteriale kerkorde*

#### 3.6.3.1. *Genève*

Die *Les Ordonnances Ecclesiastiques de l'Eglise de Genève*[341] van 1541 was na twintig jaar van stryd tussen Calvyn en die stadsowerheid van Genève in 1561 met goedkeuring van Calvyn afgerond,[342] al het hy nog nie alles bereik wat hy in sy Institusie (1559) as ideaal gestel het nie. In die *Ordonnances Ecclesiastiques* is die volgende kerkregtelike beginsels wel beliggaam:

1. Die kerkorde is opgestel volgens voorskrif van die Hoof van die kerk.[343]
2. Die kerklike ampte is volgens die Woord bepaal *"que nostre Seigneur a institué pour le gouvernement de son Eglise"*.[344]
3. Die tugreg van die kerk, deur die kerkraad bestaande uit

---

335 Inst. IV, II, 2 en 3. Vgl. H. Bouwman: op. cit., I, p. 337; R. Seeberg: op. cit., II, p. 411.

336 A.J. Bronkhost: op. cit., p. 203; H. Bouwman: op. cit., p. 240. Vgl. Inst. IV, I, 6.

337 Inst. IV, III, 14 en 15.

338 Inst. IV, VIII, 9; IV, IX, 5 en 8; IV, XI, 2.

339 Inst. IV, X, 3 en 4; IV, I, 26.

340 Inst. IV, XI, 2 en 6.

341 Vgl. by W. Niesel: op. cit., p. 42 e.v.; P. Jacobs: op. cit., p. 72 e.v.

342 J. Plomp: Tucht bij Calvijn, p. 208.

343 Vgl. art. 1: *A-ceste cause il nous a semblé bon que le gouvernement spirituel, tel que nostre Seigneur a demonstré et institué par sa Parole, fust reduict en bonne forme, pour avoir lieu et estre observé entre nous"*.

344 Art. 2.

predikante en ouderlinge, is vasgestel.[345]

4. Die regte van die gemeente is bevestig sodat die ampte Christus as Hoof nie verdring en heerskappy voer nie.[346]
4. Die ampsdraers is onderworpe aan die tug en dus saam met die hele gemeente onder gesag van die Woord.[347]
5. Alle geskikte manslidmate was verkiesbaar tot die amp van ouderling.[348]

**3.6.3.2. *Frankryk***

Die ontwikkeling van die Presbiteriale kerkregering in Frankryk is ten sterkste beïnvloed uit Genève.[349] Met die aanvang was Calvyn persoonlik ten nouste betrokke veral deur die ontwerp-belydenis, van hom afkomstig,[350] wat met enkele redaksionele wysiginge op die eerste sinode te Parys (1559) aangeneem is. In die *Confession de foy*[351] (1559) vind ons 'n afgeronde weergawe van Calvyn se kerkregtelike beginsels.

In artikel 25 word bely dat die gesag *(l'ordre)* in die kerk berus op die volmag *(authorité)* van Christus. Hiervoor word verwys na Matt. 18:20 en Ef. 1:22 e.v. Die grondbeginsel van die gesag in die kerk is dus dat Christus die Hoof van die kerk is. Daaruit vloei verder voort dat, om Hom te erken die kerkorde volgens die Evangelie *(par l'Évangile)* opgestel moet wees. Om daaraan heilig en ongeskonde *(sacré et inviolable)* te beantwoord moet daar herders wees wat die leraarsamp beklee, waarsonder die kerk nie kan bestaan nie. Slegs die herders wat ordelik beroep *(deuement apples)* is, moet geëer

---

345 Art. 48. Vgl. ook arts. 154—9, 171, by P. Jacobs: op. cit., pp. 100—5; vgl. Calvyn aan Sadoletus, by P. Schaff: op. cit., p. 405.

346 Arts. 11 en 12 handhaaf die kiesreg deur approbasie, met die reg van beswaar. Vgl. J. Plomp: Tucht bij Calvijn, p. 191.

347 Arts. 23—30.

348 Vgl. art. 170, by P. Jacobs: op. cit., p. 105. Voorheen is die ouderlinge gekies slegs uit die Raad van 200, vgl. J. Plomp: Tucht bij Calvijn, pp. 196—7.

349 Vgl. R.M. Kingdom: op. cit., p. 38: "Behind the French Reformed Church, however, as all parties to the controversies recognized, lay the church of Geneva".

350 H. Bouwman: op. cit., I, p. 253.

351 Vgl. W. Niesel: op. cit., p. 67 e.v. en P. Jacobs: op. cit., p. 111 e.v.

en gehoorsaam word, want dit behaag God om ons onder hulle beheersing *(telle bride)* te stel.

Art. 26 bely die roeping van alle gelowiges om met mekaar die eenheid van die kerk te bewaar, onderworpe aan die algemene onderrig en onder die juk van Jesus Christus *(se soumettans a l'instruction commune et au ioug de Jesus Christ),* waar dit God ook al behaag om die ware kerkordening *(vray ordre d'Église)* op te rig.

Toegang tot die leiding in die kerk kan, volgens art. 31, alleen deur verkiesing geskied.[352] Uitsondering op dié reël kan daar wel wees, daarom word bygevoeg: *"entant qu'il est possible, et que Dieu le perment"*. Dit hou rekening met die werklikhede wat in die hervormingstyd belewe is dat God op buitengewone wyse manne moes roep om van nuuts af orde in die kerk te stel. Die geldende orde wat die Skrif neerlê (Gal. 1:15; 1 Tim. 3:7, 10, 15) bly egter beroeping deur verkiesing, sodat elke ampsdraer getuienis van sy beroeping sal hê *(ayent tes moignage d'estre appeles à leur office)*.

Art. 32[353] bied 'n duidelike progressie op die *Ordonnances Ecclesiastiques* van Genève. In die artikel word aandag gegee aan die kerkverband *(le régime de tout le corps)* met verwysing na Hand. 15. Die wat tot leiding in die kerk verkies is, moet onder mekaar die regte middele vasstel tot regering van die hele kerk. Dit moet geskied sonder om in iets af te wyk van wat Jesus Christus beveel het, omdat doelmatigheid dit vereis *(selon que la commodité le requerra* — 1 Cor. 14, 40).

Anders as in die *Ordonnances Ecclesiastiques* van Genève, word in art. 29 slegs drie ampte genoem as regeringsvorm wat Jesus Christus ingestel het: predikante, ouderlinge[354] en diakens.

---

352 Vgl. arts. 6, 7, 11, by W. Niesel: op. cit., p. 76.

353 Art. 32 mag nie so geïnterpreteer word dat na eie goeddunke gehandel kan word nie. Art. 33 sluit alle menslike vindinge *(toutes inventiones humaines),* en alle binding van die gewete daardeur, uit. Alleen dit wat eenheid en gehoorsaamheid aan God bevorder, is toelaatbaar. Daarin moet die voorskrif van Christus met betrekking tot die ban (Matt. 18:17) nagevolg word. Vgl. B. Gassmann: op. cit., p. 182.

354 *des Surveillans*. P. Jacobs: op. cit., p. 118, vertaal "Vorsteher". Vgl. B. Gassmann: op. cit., p. 178.

Met hierdie instelling, word bely, sorg Christus dat die ware leer sy loop kan hê, die foute verbeter en onderdruk *(corriges et primés)* word, en die armes en beproefdes in hulle nood ondersteun word. Die beginsel van gelykheid tussen die predikante[355] word in art. 30 gestel. Hulle het oral dieselfde aansien en gelyke magte, almal onder één Hoof, die enige Here en enige Biskop, Jesus Christus. Om dieselfde rede het geen gemeente oor 'n ander een aanspraak op gesag of heerskappy nie.[356] In die *Discipline Ecclesiastique* (1559)[357] staan in die eerste artikel primêr *(premierement):* daar mag geen voorrang of heerskappy van een kerk oor 'n ander wees nie. En art. 2 verwerp die heerskappy van een predikant oor 'n ander; ook word bepaal dat die voorsitter van 'n sinode se opdrag met die einde van die vergadering eindig. Die gelykheidsbeginsel word verder deurgevoer in art. 3 met die bepaling dat na sinodes naas predikante ook onderlinge en diakens uit elke gemeente afgevaardig moet word, terwyl hulle onder mekaar vriendelik en broederlik sensuur moet uitoefen (art. 4). Tug oor ampsdraers betrek hulle leer en lewe (art. 15) en ouderlinge of diakens sal op dieselfde gronde as die bedienaar van die Woord uit hulle hoedanighede *(qualité)* afgesit word (art. 25). Selfs in dié aristokratiese kerkregering het die gemeentelede mede-oordeel in die tughandeling.[358] Die eenheid van die kerke, as plaaslike openbaringe van die liggaam van Christus, word in art. 39 gehandhaaf deur die bepaling dat geen gemeente iets mag doen van groter draagwydte, waarby nut of skade van ander gemeentes betrokke kan wees, sonder medewete van die provinsiale sinode nie. Hoewel die artikels van die kerkorde gewysig mag word, mag dit alleen deur die algemene sinode gedoen word omdat al die kerke daarby betrokke is.

---

355 Die pous word in art. 28 verwerp.

356 *Nous croyons tous vrais Pasteurs en quelque lieu qu'ils soyent, avoir mesme authorité et egale puissance sous un seul chef, seul souverain et seul universel Evesque Jesus Christ (Matth. 20, 26, 27; et 18, 2.3.4.): et pour ceste cause que nulle Eglise ne doit pretendre aucune domination ou seigneurie sur l'autre.*

357 Vgl. W. Niesel: op. cit., p. 75 e.v.; P. Jacobs: op. cit., p. 122 e.v.

358 Vgl. arts. 27—30.

### 3.6.3.3. *Nederland*

Na die grondleggende beslag van die Presbiteriale kerkreg in Frankryk, volg 'n verdere ontplooiing[359] wat vir die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika ook van bepalende belang is, in die werk van die Konvent van Wezel en die Sinode van Emden.[360] Die invloed van die *Ordonnances Ecclesiastique* vanuit Genève en van die *Forma ac Ratio* vanuit Londen, is by Wezel sterk merkbaar. Die invloed van die *Discipline Ecclesiastique* vanuit Frankryk het weer duidelike spore gelaat in die kerkregtelike werk van Emden. Histories en saaklik is Wezel en Emden vir die Presbiteriale kerkreg in Nederland van die eerste belang.[361]

In watter opsigte was daar ontplooiing?

*Daar het 'n duidelike kerkregtelike binding aan die Belydenisskrifte van die kerk gekom.* Wezel[362] vereis van die bedienaar van die Woord dat hy in alles ooreenstem met die leer wat openlik in die kerk onderhou word volgens wat in die Belydenis[363] vervat is. Hierdie binding aan die Belydenis is by Emden[364] nog sterker waar die eenheid van die kerke (onderlingher eendrachtigheyt) berus op

---

359 Dit gaan ons veral om die voortgang in die ontwikkeling van die Presbiteriale kerkreg.

360 Vir die ontwikkelingsgang van die Presbiteriale kerkreg moet hierdie twee vergaderings in noue verband met mekaar gesien word, want “beide vergaderingen hebben in elkanders verlengde gelegen en hebben elkander aangevuld. Emden zou zonder het werk van Wezel en zonder de fundering van dat werk in de respektieve gemeenten niet denkbaar zijn geweest. Emden heeft op Wezel kunnen voortbouwen”. D. Nauta: Opera Minora, p. 55. Vgl. ook Th. L. Haitjema: Calvijn en de oorsprongen van de Nederlandse Kerkrecht, in: Christendom en Historie; W. van 't Spijker: Stromingen onder de reformatorisch gezinden te Emden, pp. 58—61; in dieselfde bundel: J. Plomp: De Kerkorde van Emden, pp. 107—110; H. Bouwman: op. cit., I, p. 291; Jan de Jong: De Voorbereiding en Constituering van het Kerkverband der Nederlandsche Gereformeerde Kerken in de zestiende eeuw, p. 193 e.v.

361 Vgl. F.L. Rutgers: Die Geldigheid van de Oude Kerkenordening der Nederlandsche Gereformeerde Kerken, p. 11; J. Plomp: De Kerkorde, p. 121.

362 Hfst. 2, para. 8.

363 Bedoel word die *Confession de foy* (1559), die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Heidelbergse Kategismus, vgl. hfst. 2, para. 8.

364 Vgl. arts. 2—5.

die gemeenskaplike Belydenis en bewys word deur die onderskrywing daarvan.[365] Daarmee is die heerskappy van Christus deur die Woord as fondament van die kerkregering gelê, en op grond daarvan die eenheid van die kerke erken en deur die kerkorde as kerkverband geïnstitueer.[366] Daarom is dit 'n skewe voorstelling van sake as Knetsch[367] beweer dat Emden “wat snel omheen gelopen is aan eenheid en oecumene” deur “waarheid tegenover” eenheid te stel. Eenheid is *in* die waarheid gestel.

*Die gelykheid, met uitskakeling van enige sweem van hiërargie, tussen die ampte en die ampsdraers,* spreek nog duideliker by Wezel en Emden.[368] Daarmee word kerkregtelik uitdrukking gegee aan die enige Hoofskap van Christus. Die bedienaars van die Woord, ouderlinge en diakens het elk 'n volledige amp[369] sonder enige hiërargiese orde. Geheel ten onregte verklaar Knetsch[370] dat primatus en dominatio by Emden belas was met die betekenis “onuitroeibaar machtsmisbruik”, sodat daar tog wel opening by Emden is tot onderskikking van ampsdraers aan mekaar in 'n vorm van Episkopalisme.

Twee feite weerspreek die suggestie van Knetsch.

Ten eerste die voortgang van Wezel-Emden na die *Discipline Ecclesiastique* (1559), en dit in die aangesig van die superintendente van A'Lasco en Oos-Friesland, om die amp van die bedienaar van die Woord gelyk te stel met die ouderling en diaken. Art. 1

365 Vgl. H. Schokking: De leertucht in de Gereformeerde Kerk van Nederland, pp. 183—4: “De confessie werd als formulier voor de kerkelijke eenheid erkend, omdat zij de uitdrukking van het gemeenschappelijk geloof was”.

366 Vgl. F.L. Rutgers: Het Kerkverband, p. 55: “De Gereformeerde kerken hier te lande hebben van den aanvang af juist zóó gesproken .. .: gemeenschappelijke onderwerping aan de belijdenis is voor ons gehele kerkverband het ééne onmisbare; en éénheid van kerkelijke vormen is dan wenschelijk, maar het kan toch ook wel als die ontbreekt”.

367 F.R.J. Knetsch: Het getuigenis van Emden in de situatie van heden, pp. 133—4.

368 Vgl. Wezel IV, 7 en Emden art. 1, by F.L. Rutgers: Acta van de Nederlandsche Synoden der zestiende eeuw, pp. 23 en 55.

369 Vgl. J. Plomp: De Kerkorde, p. 95.

370 Op. cit, p. 126.

en 2 van die *Discipline Ecclesiastique* spreek as primêre beginsel alleen uit dat die een kerk, en die een predikant, nie oor die ander moet heers nie, maar Emden brei dit in art. 1 uit tot bedienaars van die Woord, ouderlinge en diakens; hulle sal die een oor die ander geen heerskappy voer nie, "maar een yeghelijck sal hen voor alle suspicien, ende aenlockinge om te heerschappen wachten".[371]

Ten tweede word die suggestie van Knetsch weerspreek deur die noue samehang van Emden met Wezel. Wezel is sterk uitgesproke[372] oor die kollegialiteit van die ampsgesag. Dit blyk hier ook dat heerskappy nie bloot sien op misbruik, dit wil sê wette maak buite die Skrif om, nie. Wezel (VIII, 14) kwalifiseer heerskappy en die jag daarna as "geensins te duld" nie, en spreek daarnaas (VIII, 15) van misbruik deur die maak van eie wette. Die heerskappy wat die ampsdraers ontsê word, sal nie anders te verstaan wees nie as konform die Skrif in 1 Petr. 5:3 en Luk. 11:25, 26.[373] Emden laat geen opening tot Episkopalisme nie. Die bepaling dat die bedienaar van die Woord voorsitter van die kerkraad moet wees, berus op die gesag van die Woord. Teen elke sweem van Episkopalisme pleit die uitdruklike bepaling dat die voorsitterskap van 'n vergadering eindig met die sluiting van die vergadering.[374]

*Selfs ten opsigte van die diens van die ouderling was daar ontplooiing.* Die Roomse Kerk het die Nieu-Testamentiese begrip van die amp van die ouderling vermink deur die skeiding van presbuteros en episkopos; hulle het daarvan 'n hiërargie gemaak. Calvyn het aangetoon dat die twee benaminge dieselfde amp aandui. Maar hy het dit betrek op die herder, die bedienaar van die Woord.

---

[371] F.L. Rutgers: op. cit., p. 55; P. Biesterveld en dr. H.H. Kuyper: Kerkelijk Handboekje, p. 35. Vgl. Beza oor die episkopaat by W. Nijenhuis: Ecclesia Reformata, p. 130 e.v.

[372] Vgl. Wezel IV, 7, 9—11; VIII, 14, 15 by F.L. Rutgers, Acta, pp. 23—24, 33, 34; J. Plomp: De Kerkorde, p. 115.

[373] F.L. Bos: De Orde der Kerk, p. 337: Die vergadering van Antwerpen 1564 het bepaal: Geen kerk zal zich voorrang of een dominerende positie kunnen aanmatigen..." W. van 't Spijker: Stromingen, pp. 64—5; J. Plomp: De Kerkorde, p. 89; H. Bouwman: op. cit., I, p. 605; K. Rieker: op. cit., p. 114, voetnoot 2.

[374] Vgl. Discipline Ecclesiastique, art. 2, en Emden III, 6.

Op voetspoor van Calvyn fundeer Wezel[375] die amp van die ouderling op die Skriftuurlike gebruik van *κυβερνήσεων* en *προϊστάμενον* wat saam met die bedienaars van die Woord die kerklike senaat of kerkraad vorm. Wezel gee aan die ouderlinge egter 'n veel wyer opdrag as wat bogenoemde Skriftuurlike fundering regverdig: “naarstig de wacht houden en de hun toevertrouwde (gemeenteleden) van huis tot huis ... bezoeken”, terwyl hulle die lidmate moet vermaan, opwek, troos en bestraf.

*Die kerkverband word deur Emden ook duideliker gereël* as deur die Discipline Ecclesiastiques (arts. 1—3). Veral die klassis[376] word in sy werksaamhede nader omskryf[377] en in sy samestelling bepaal. “Men kan de coetus van de londense vluchtelingenkerken en de franse ‘colloque’ als prototypen van haar beskouwen, maar toch slechts tot op zekere hoogte. Want in de coetus en de ‘colloque’ kwamen alleen de predikanten bijeen, in de classis alle drie soorten ambtsdragers.[378] Pas in 1572, dus na Emden, kreeg de franse ‘colloque’ het karakter van de nederlandse classis”.[379] Emden (art. 7) bepaal dat ’n klassis gehou word deur *kerke* wat in mekaar se nabyheid geleë is. Deurgaans word van *kerke* gespreek wat 'n “Classum sal maken”, en nie van ampsdraers[380] of kerkrade wat vergader nie.

Die meerdere vergaderings word saamgestel deur afvaardiging.[381] Die afgevaardigdes word kontroleerbaar gestel[382] met “Getuigenissen en Brieven en Beveelen aantreffende de Leere, het kerkregiment en bijzondere Zaaken”.

---

375 Wezel IV, 1. Vgl. F.L. Rutgers: Acta, p. 21.

376 Vgl. ook J. Plomp: De Kerkorde, p. 110.

377 Vgl. Emden, arts. 13, 18, 33, 34, 40 en hoofstuk II, by F.L. Rutgers: Acta, pp. 61—77, 105 e.v.

378 Die Franse het wel aldrie ampte na die sinode afgevaardig, vgl. Discipline Ecclesiastique art. 3.

379 J. Plomp: De Kerkorde, p. 110.

380 Vgl. Discipline Ecclesiastique art. 3.

381 Wezel IV, 11, 12; Emden hoofstuk II, 7, hoofstuk IV. Vgl. F.L. Rutgers: Acta, pp. 24, 108, 116.

382 Emden hoofstuk III, 1, 3; hoofstuk IV. Vgl. F.L. Rutgers: Acta, pp. 114, 116.

Volgens Emden is 'n klassis 'n vergadering van kerke, 'n provinsiale sinode 'n vergadering van klassisse en 'n generale sinode 'n vergadering van provinsiale sinodes. Meerdere vergaderings is dus vergaderings van kerke wat deur afgevaardigdes verteenwoordig word. 'n Meerdere vergadering is nie 'n super-kerkraad nie, maar 'n vergadering waarin die kerke hulle eenheid in Christus betoon en bewaar. Dat die klassis na die partikuliere sinode afvaardig en dié weer na die sinode maak van 'n sinode nie iets anders as 'n vergadering van kerke nie. “Klassis” en “partikuliere sinode” dui nie slegs 'n bepaalde verbygaande vergadering aan nie, maar ook die *blywende kerke* van 'n bepaalde gebied[383] wat in die klassis of sinode byeenkom.

Bouwman[384] beweer dat dit daarop berus dat “de plaatselijke kerken hare macht hebben samengebracht door wettelijke afvaardiging naar de meerdere vergaderingen”. Volgens Emden[385] bestaan die meerdere vergaderings uit afgevaardigdes kragtens hulle amp van regering. Juis hierin kom die presbiteriale karakter van die Gereformeerde kerkregering ook in meerdere vergaderings uit.[386]

Met die meerdere vergaderings wou Emden geen menslike heerskappy vestig nie, “doch integendeel doorgang heeft willen verschaffen aan het Woord van God alleen”.[387] Calvyn[388] het verklaar dat daar oor die gesag van die konsilies geen duideliker uitspraak is as die woorde van Christus: “Waar twee of drie in My Naam vergader, daar is Ek in hul midde” (Matt. 18:20). In die ontplooiing van die kerkverband en die meerdere vergaderings het die Gereformeerdes van die 16e eeu dus anti-hiërargies, anti-Independentisties en anti-Kollegialisties gearbei. Dit vloei voort uit die

---

383 Vgl. Emden art. 41: “Die Dienaren des Classis sullen in de plaetsen...” art. 42: “De Dienaren ende Ouderlingen der Classen die onder 't Cruys zijn, sullen in alle steden en Dorpen onder haren Classe...” Vgl. Biesterveld en Kuyper: op. cit., p. 44.

384 Op. cit., p. 191.

385 Emden, hoofstuk IV.

386 Vgl. J. Plomp: De Kerkorde, pp. 90, 94.

387 W. van 't Spijker: Stromingen, p. 65.

388 J. Calvyn: Institutie, op. cit., IV, IX, 2.

enige Hoofskap van Christus met gesag deur sy Woord. Daarom geen heerskappy deur stemming nie,[389] maar *mutuo consensu*. Die kerklike vergaderings regeer nie van bo af nie. Kerklike mag is nie dwingend nie maar oorredend. *Mutuo consensu* is “met wedersydse instemming” en nie *consensus omnium* nie.[390] Dit verwys na die gewoonte om twee keer te stem. Die eerste keer om die gevoel van die meerderheid te ken, en die tweede keer word die besluit geneem met bewilliging van almal.

Só word verkry dat die hele vergadering saam agter 'n beslissing staan en saam om die seën van die Here daaroor bid. Hierdie eksplisiete belewing van die eenheid in Christus ook in die kerkregering laat Hovius uitroep, met iets van 'n versugting: “Men wist het vroeger wel!” [391]

Die verdere ontplooiing van die Presbiteriale kerkreg het die grondstruktuur van Wezel-Emden behou,[392] terwyl wat reeds aanwesig was deur latere sinodes slegs beter en duideliker gereël is. Die belangrikste vernuwing wat gevolg het, is die instelling van visitatore as 'n wyse van onderlinge toesig tussen die kerke.

Die ontplooiing het 'n voltooiing, 'n afsluitingspunt bereik met die Sinode van Dordrecht 1618, 1619. Hierdie Sinode het aan die Gereformeerde kerke oor die wêreld 'n kerkorde nagelaat wat hulle tot vandag toe, in meerdere of mindere mate gewysig, as vrye kerke gebruik onder Christus as enigste Hoof.

Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika het die Dordtse kerkorde aanvaar,[393] aanvanklik in 'n gewysigde vorm soos deur ds. D. Postma opgestel. Maar spoedig het die Sinode van Reddersburg (1862)[394] die Dordtse Kerkorde vir die regering van die kerk

---

[389] Vgl. Emden art. 53, hoofstuk III, 3, 9. Vgl. F.L. Rutgers: Acta, pp. 87, 110, 112; J. Plomp: De Kerkorde, pp. 90—1.

[390] Vgl. J. Hovius: Notities betreffende de Synode te Emden, 1571, p. 12.

[391] Id.

[392] F.L. Rutgers: De Geldigheid van de Oude Kerkordening, pp. 10, 11; J. Plomp: De Kerkorde, pp. 112—9.

[393] Vgl. vir besonderhede: G.C. P. van der Vyver: op. cit., p. 240 e.v.; J.P. Jooste: Die Geskiedenis van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, p. 84 e.v.

[394] Acta Sinode 1862, arts. 14, 19.

vasgestel. Verskillende sinodes het dit in formele sake gewysig ooreenkomstig art. 86. Die jongste hersiening was die van 1964[395] en 1967.[396] Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika handhaaf tot vandag toe die Dordtse kerkorde.

---

395 Handelinge van die Vyf-en-dertigste Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, p. 52 e.v.

396 Handelinge van die ses-en-dertigste sinodale vergadering van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, pp. 64, 66, 476.

# 4. Prakties Die Kerkorde getoets

## 4.1. Inleiding

In hierdie hoofstuk word die Dordtse Kerkorde getoets aan die beginsel dat die Hoofskap van Christus aan die kerkregering ten grondslag lê. Vir die doel gebruik ons die Dordtse Kerkorde soos dit met formele wysiginge in gebruik is in die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.

Die Dordtse Kerkorde is, soos in die vorige hoofstukke aangedui is, prinsipieel en histories gegrond op die Skriftuurlike belydenis dat Christus die organiese Hoof is van sy kerk. Dit stel die onontwykbare verpligting dat die Kerkorde in alle bepalinge die organiese Hoofskap van Christus moet handhaaf. Die beginsel dat die kerk steeds reformerend moet optree vereis 'n voortdurende toets van die Kerkorde aan die Skrif. Die kardinale punt in die toetsing is of voluit, in letter en gees,[1] erns gemaak word met die belydenis dat Christus "die enigste algemene Opsiener en die enigste Hoof van die kerk" is.[2]

Alleen die Heilige Gees kan in die daaglikse praktyk van die kerkregering waarborg dat Christus as Hoof gehoorsaam word. Dit doen die Heilige Gees deurdat Hy die wedergeboorte werk deur die saad van die Woord (1 Petr. 1:23). Die Gees bring as vrug van die wedergeboorte die daadwerklike gehoorsaamheid en die daaglikse bekering in die lidmate van die kerk voort. Sonder hierdie werking van die Heilige Gees is selfs die allersuiwerste kerkorde tot geen nut om die belydenis van Christus se Hoofskap in die kerkregering tot realiteit te bring nie. Maar "de functie van de Kerkorde is in wesen niet anders dan om deze Christocratie... voorzover het aan de kerk zelve ligt, te verwerkelijken en te bewaren, te realiseren

---

1 Vgl. W.D. Jonker: Die Regering van Christus in sy kerk, p. 4: Dit is asof dit vir die kerk te geweldig is om dit uit te hou met die werklikheid van Christus se lewende teenwoordigheid in sy midde... Teoreties mag die heerskappy van Christus in die kerk dan nog erken word, maar in die praktyk word daarmee geen rekening meer gehou nie".

2 Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 31.

en te conserveren".[3] 'n Kerkorde alleen kan nie ware lewe met Christus in die kerk verwek of behou nie. Maar 'n onskriftuurlike kerkorde kan tog die ware lewe in die kerk versmoor. Daarom is die kerkorde van lewensbelang vir die kerk.

Om die toets aan te lê by elke afsonderlike artikel van die Kerkorde bring, vanweë die organiese eenheid van die Kerkorde, 'n herhaling van dieselfde bevinding mee. Ons moet dus vra na die sentrale beginsels waaraan die Kerkorde moet beantwoord om die enige regering van die lewende Hoof te handhaaf.

### 4.2. Die grondbeginsels wat deur die Hoofskap van Christus in die kerkorde vereis word

Uit die voorgaande hoofstukke kan die grondbeginsels kortliks soos volg saamgevat[4] word:

1. Christus het die enige en organiese heerskappy as Hoof in die kerk wat sy liggaam is.
2. Hierdie heerskappy oefen Christus onmiddellik uit deur sy absolute mag in die hemel en op aarde.
3. Christus oefen sy heerskappy in sy kerk ook onmiddellik uit deur die Heilige Gees met die Woord van God.
4. In sy middellike kerkregering laat Christus die Heilige Gees mense roep en gebruik om, deur bediening van die gesag van sy Woord, as ouderlinge persoonlik, as 'n raad van die kerk gesamentlik en as afgevaardigdes van die kerke in meerdere

---

3 J. Hovius: Het verband tussen onze Belijdenis en onze Kerkorde, p. 20.

4 Vgl. vir 'n soortgelyke samevatting van die grondbeginsels: K. Rieker: op. cit., pp. 112—129; G.P.L. van der Linde: op. cit., pp. 77—109 en A. Kuyper e.a.: Gereformeerde Kerkelijk Congres, pp. 7 en 8: "Hier in onze kerken is Christus alleen het Hoofd en de Koning; hier dus geene andere overheid in de kerken, en ook geene andere heerschappij dan van Hem en zijn Woord; hier dus de dienaars niet anders dan dienaars van Hem, als zoodanig allen elkander gelijk; en hier ook de gemeente erkend als de vergadering der geloovigen, zonder twijfel werkende door de bediening die de Heere als organen aan zijn lichaam gegeven heeft, maar juist daarom niet van de dienaren af te scheiden, te zamen met hen aan den Heere onderworpen, en desnoods gerechtigd, ja geroepen, tegenover alle kerkbestuur zelve op te treden om de zaak des Heeren te handhaven".

vergaderings sy regering in die kerk te bedien.

5. In die organiese eenheid van Hoof en kerk staan die gelowiges, in die mondigheid van hulle geloof, sonder tussenkoms van die bediening van die ouderlingamp, onder die regering van Christus deur sy Gees en Woord en ontvang in wese dieselfde regeeropdragte as die ouderlinge. Die sentrale eis waaraan die Kerkorde dus moet beantwoord om die enige regering van die lewende organiese Hoof van die kerk te handhaaf, is gevolglik dat die kerkorde die *praesentia realis Christi ipsius*[5] én sy onmiddellike regering deur sy Gees met sy Woord moet erken.

Daarvoor moet die Kerkorde aan sekere vereistes voldoen wat konsekwent elke artikel moet beheers. Vir sover dit van die kerk self afhang om die Christusregering onbelemmerd te erken en te handhaaf, kan die vereistes waaraan die Kerkorde moet voldoen, tot drie gereduseer word:

1. Daar moet gelykheid wees tussen die bedienaars van die besondere dienste in die kerk.
2. Die direkte verbondenheid aan Christus van die gelowiges as mondige lidmate moet gehandhaaf word.
3. Die mag en gesag van die ouderlinge, as bedienaars van Christus se regering in die kerk, moet die Woord van God as absolute grens hê.

## 4.3. Die Dordtse Kerkorde, soos in gebruik in die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, getoets aan die organiese Hoofskap van Christus

### *4.3.1. Die gelykheid tussen die dienste in die Kerkorde*

Die kerk is as liggaam van Christus nie 'n hooflose romp nie. Dit is ook nie 'n liggaam met 'n eie hoof buite Christus nie.[6] Omdat Christus die enigste Hoof van die kerk is, is daar in die kerk geen

---

5 Vgl. A.A. van Ruler: Bijzondere en Algemeen Ambt, p. 74.

6 Vgl. L.S. Kruger e.a.: Handleiding by die Kerkorde van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, p. 238: “Tussen kerkraad en gemeente moet 'n harmoniese verhouding wees soos tussen die hoof en die liggaam van dieselfde organisme”.

plek vir 'n menslike hoof nie: nie as 'n individu nie, nog as 'n raad van ampsdraers, nog as 'n — enige — vorm van volksoewereiniteit.

Wys die Kerkorde enige sweem van 'n menslike Hoof af?

Beoefenaars en kenners van die Presbiteriale kerkreg, soos in die Dordtse Kerkorde vervat, het die gelykheid van die kerke, en van die dienste in die kerke, die *canon aureus*[7] van dié kerkorde genoem. Die gelykheid van kerke en dienste word bepaal in art. 84[8] wat lui: "Geen kerk mag oor ander kerke, geen bedienaar van die Woord oor ander bedienaars van die Woord, geen ouderling oor ander ouderlinge en geen diaken oor ander diakens enige heerskappy voer nie". Hiermee word elke vorm van hiërargie afgeweer.

Die artikel gee ook geen grond[9] tot Independentisme nie, want die Kerkorde vorm 'n organiese geheel sodat een artikel daarvan nie 'n ander artikel kan uitrangeer nie. Gevolglik moet hierdie artikel verstaan word in sy samehang met ander artikels. Art. 84 bepaal uitdruklik gelykheid tussen die bedienaars van elk van die onderskeie dienste. Maar die Kerkorde bepaal ook gelykheid tussen die dienste. Dit word in art. 2[10] bepaal deurdat al die ampte in die kerk onder een noemer, naamlik dienste, saamgevat word. Die gelykheid van die dienste word in art. 81 bevestig:[11] "Die bedienaars van die Woord, die ouderlinge en diakens moet onder mekaar die Christelike sensuur uitoefen en mekaar oor die bediening van hulle amp vriendelik vermaan". Gesamentlik het arts. 2, 81 en 84 dus die

---

7 Vgl. M. Bouwman: Voetius over het gezag der Synoden, p. 369; E. Conring: op. cit., p. 121.

8 Vir die prinsipieel-historiese agtergrond van die artikel, vgl. J. Plomp: De Kerkorde, op. cit., pp. 89—91; W. van 't Spijker: Stromingen, op. cit., p. 65; I. van Dellen en M. Monsma: The Revised Church Order Commentary, pp. 334—7; Joh. Jansen: Korte Verklaring van de Kerkorde der Gereformeerde Kerken, p. 364 e.v.; S.G. Huh: op. cit., pp. 140—53; E. Conring: op. cit., pp. 120—2 en B. Gassmann: op. cit., pp. 181—3.

9 Gisberti Voetii, P.E. IV, pp. 184, 228.

10 "Daar is vier soorte dienste: dié van die bedienaars van die Woord, dié van die professore van die Teologiese Skool, dié van die ouderlinge en dié van die diakens".

11 Art. 17 bepaal besonderlik dat daar gelykheid moet wees onder die predikante.

volle krag van gelykheid van dienste en bedienaars. Hierdie gelykheid sluit hiërargie uit, maar neem nie onderskeid in dienspligte weg nie. Die onderskeid in dienspligte word nader bepaal in arts. 16, 23 en 25. Maar in die onderskeie dienste staan die bedienaars met mekaar in dieselfde verhouding as organe in dieselfde liggaam, onderskei in werking, maar lede van mekaar.

Die Kerkorde onderskei in art. 2 vier dienste, omdat naas die diens van bedienaar van die Woord ook die diens van professor aan die Teologiese skool erken word. Sedert die hersiening van die Kerkorde in 1964 word daar, in samehang met die vier dienste in art. 2, tussen "amp" en "diens" onderskei. Dit geskied deurdat arts. 16, 23 en 25 van die "amp" van bedienaars van die Woord, ouderlinge en diakens onderskeidelik praat, maar art. 18 van die "dienspligte"[12] van die professor. Gedagtig aan die gevaar dat 'n soortgelyke onderskeiding tussen presbuteros en episkopos die geboorte van die Roomse pous was, moet die onnodige onderskeiding in die Kerkorde vermy word, en moet "amp" en "diens" as sinonieme[13] gebruik word. In die Kerkorde moet dus drie dienste en drie ampte bepaal word. Die karakter van die kerklike amp is bediening, en sy taak is dienswerk onder opdrag van Christus aan sy kerk. Die Kerkorde behoort dus gewysig[14] te word om uitdrukking te gee aan die beginsel dat die professore aan die Teologiese skole van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika bedienaars van die Woord is wat 'n

---

12 Handelinge Sinode 1964, op. cit, pp. 67, 68. Die "motivering" by die sinode, dat *munus* in art. 18 met "dienspligte" vertaal word en *officium* met "amp", terwyl *functio* in art. 2 "'n ruimer betekenis van diens" het, is verwarrend. Vgl. L.S. Kruger e.a.: op. cit., p. 221. *Munus* beteken juis in die eerste plek taak, die vervulling van 'n diens, *officium* dui eweneens 'n diensverrigting, taak, aan, en *function* 'n diensbetrekking, die waarneming van 'n *munus*. Vgl. H. Bouwman: op. cit., I, p. 366, 503, 504; G. Doekes: Het kerkelijk Doctorenambt, pp. 14—18.

13 Vgl. Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 31; H. Bouwman: op. cit., I, p. 328; D. Nauta: op. cit., pp. 47, 48; I. van Dellen en M. Monsma: op. cit., p. 23; P. Jacobs: Theologie, p. 120 e.v.

14 Dit sal in ooreenstemming wees met die besluit van die Nasionale Sinode 1973, vgl. Handelinge van die Agt-en-dertigste Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, p. 315.

bepaalde aspek van die diens van 'n bedienaar van die Woord volbring. Gevolglik moet in art. 2 slegs drie dienste genoem word, met weglating van die van 'n professor.[15] Art. 18 moet gevolglik die “amp” van 'n “bedienaar van die Woord wat tot professor aan die Teologiese Skool afgesonder word”, omskryf.

In die noemer “dienste” vir die kerklike ampswerk word die enige Hoofskap van Christus in die Kerkorde eerbiedig.[16] Christus word nie deur waardigheidsbekleërs met “status” gedien nie, maar deur dienaars in nederige ootmoed.[17] Die kerklike ampsdraers het alleen bedienende mag. Hulle amp is alleen *ministerium* en geen *magisterium* nie. Dit blyk duidelik uit die ampspligte wat in arts. 16, 18, 23, 25 omskryf word. Dit blyk ook nog verder uit die blokkering deur die Kerkorde van alle eiewilligheid om tot die amp toe te tree (arts. 3 tot 9 en 15), of om uit die amp uit te tree (arts. 10 tot 14). Daarnaas, as 'n verrassende erkenning van die soewereine Hoof[18] wat roep en met gawes toerus tot die amp, staan art. 8: Iemand wat nie gestudeer het nie, kan wél tot die amp van bedienaar van die Woord toegelaat word as daar sekerheid is “van sy buitengewone gawes, godsaligheid, ootmoedigheid en ingetoënheid, goeie verstand en onderskeidingsvermoë, sowel as gawes van welsprekendheid”.

Dat die bepaling in art. 84 — dat geen kerk oor ander kerke mag heers nie — *geen* grond tot Independentisme gee nie,[19] blyk ook nog verder uit arts. 30 en 36,[20] wat met art. 84 saamgelees moet

---

15 Vgl. I. van Dellen en M. Monsma: op. cit., pp. 23—5, 85; D. Nauta: Kerkorde, pp. 47, 48; J. Calvyn: Inst. IV, III, 4; F.L. Bos: De Orde der Kerk, p. 78.

16 K. Rieken op. cit., pp. 108—113. Hy noem dit as die eerste van sy “fünffache Schutzmauer” van die alleenheerskappy van Christus in die Gereformeerde Kerkreg; E. Conring: op. cit, pp. 93—4.

17 Vgl. B. Gassmann: op. cit., p. 407.

18 F.L. Bos: op. cit., p. 41. Utrecht 1888 spreek van “een eerbiediging van Gods vrijmachtige genade” en van “zijn soeverein bestel”.

19 Vgl. H. Meulink en I. de Wolff: Korte verklaring van de Kerkenordening, pp. 84, 126.

20 Art. 30: “... Op meerdere vergaderings moet alleen sake behandel word wat nie in mindere vergaderings afgehandel kan word nie of sake wat by die meerdere vergaderings tuishoort”.

word. Voetius[21] het reeds aangedui dat in elke raad of verbond die afsonderlike lede aan mekaar gelyk is, "maar toch moet elk lid in zaken die op de eenheid en de confoederatie betrekking hebben aan de beslissing van het geheele college en van alle leden gesubordineerd zijn".[22] Trouens, alle lidmate in die geïnstitueerde plaaslike kerk is gelyk, maar hulle pas gesamentlik die ban toe op een lidmaat wat die eenheid verbreek.[23] Die kerkverband[24] is 'n *unio ecclesiarum,* wat op 'n *confoederatio,* op 'n *correspondentia* van plaaslike kerke berus.

In die organiese eenheid van die Kerkorde open art. 36 weer hoegenaamd nie die weg tot die Kollegialisme nie. Die kerke gee nie hulle selfstandigheid prys om plaaslike takke van 'n oorkoepelende super-kerk te word nie.[25] Die vorming van kerkverband is egter geen saak van willekeur nie, want "selbstandig is nicht selbgenügsam... Ist aber der Herr nur einer, ist auch die Kirche nur eine".[26]

Die individuele kerklike ampsdraer of die enkele plaaslike kerk word dus vir die kerkregering verbind in gesamentlike vergaderings,[27] onderskeidelik kerkrade en meerdere vergaderings van kerke. Vir die kerke geld dit in sake van gemeenskaplike belang wat die eenheid van die kerke in Christus raak (art. 30). Vir die ouderlinge — waarby die bedienaars van die Woord ingesluit is — geld dit in alle beslissinge waardeur in die plaaslike kerk die regering van Christus bedien word. Gevolglik bepaal arts. 29 en 37 dat daar in die plaaslike kerk 'n kerkraad moet wees, terwyl die regering in die plaaslike kerk aan die kerkraad opgedra word in arts. 4, 5, 10 tot 14,

---

Art. 36: "Dieselfde seggenskap het die klassis oor die kerkraad wat die partikuliere sinode oor die klassis en die algemene sinode oor die partikuliere sinode het".

21 Vgl. M. Bouwman: op. cit., pp. 374—5; E. Conring: op. cit., pp. 72—91.

22 M. Bouwman: op. cit., p. 374.

23 Gisberti Voetii: P.E. IV, pp. 228—9.

24 Id., p. 119. *Vgl.* P. Jacobs: Theologie, p. 124.

25 Vgl. I. van Dellen en M. Monsma: op. cit, pp. 336, 337.

26 B. Gassmann: op. cit., p. 181.

27 Vgl. J. Calvyn: Inst. IV, VI, 6, 10; D. Nauta: Kerkorde, pp. 70, 104.

17, 21 tot 23, 25, 27, 30, 64, 70, 74 tot 82. Dit is 'n duidelike getuienis van 'n Presbiteriale kerkregering sonder hiërargie.

Die bepaling dat 'n bedienaar van die Woord in die kerkraad,[28] en in meerdere vergaderings,[29] as voorsitter moet optree, stel sy persoon nie in 'n posisie van heerskappy oor die ander lede van die vergadering of die kerk(e) nie. Die "werk" van die voorsitter word daarvoor te noukeurig omskryf met uitskakeling van alle heerskappy en beperking tot reëling en handhawing van goeie vergaderprosedure.[30] Die keuse van die bedienaar(s) van die Woord vir die werk berus op die gesag van die Woord wat hulle bedien en nie daarop dat hy "voorrang heeft" [31] nie. Weer eens handhaaf die Kerkorde met noukeurige bepalinge gelykheid tussen die bedienaars van die Woord deur die voorskrif dat die voorsitterskap in die kerkraad en klassis "om die beurt" [32] deur die onderskeie predikante aldaar, waargeneem moet word. Die uitdruklike bepaling dat die voorsitter van 'n meerdere vergadering se "amp"[33] saam met die sluiting van die vergadering eindig[34] sluit alle Kollegialistiese voortsetting van bestuursmagtigheid deur die voorsitter as "moderator" [35] uit. Die

---

28 Art. 37: " ... 'n Kerkraad ... wat gereeld vergader onder voorsitterskap van die bedienaar van die Woord of die bedienaars om die beurt as daar meer as een is".

29 Art. 35: "Op meerdere vergaderings presideer 'n bedienaar van die Woord en die werk van die praesis is om voor te dra en te verduidelik wat behandel moet word, toe te sien dat elkeen op sy beurt spreek, om die wat redetwis en alte heftig spreek, die swye op te lê, en as hulle geen gehoor gee nie, die gepaste sensuur oor hulle uit te oefen. Sy amp hou op as die vergadering beëindig is".

30 I. van Dellen en M. Monsma: op. cit., p. 137: "It is his privilege and duty to guide and direct, not his right to pull and compel".

31 D. Nauta: Kerkorde, p. 162. Vgl. p. 163: "... op grond van ... opleiding". Vgl. vir die verklaring dat dit berus op die gesag van die Woord waarvan hy die bedienaar is: L.S. Kruger e.a.: op. cit, pp. 222, 233.

32 Arts. 37 en 41. Vgl. F.L. Bos: De Orde, p. 150: " ... opdat niemand sich verheffe boven zijn mededienaren" (Antwerpen, 1564).

33 Vgl. L.S. Kruger e.a.: op. cit., p. 221. "... dat die waardigheid of bevoegdheid aan die einde van die vergadering verval, ongeag of die werk voltooi is of nie".

34 Vgl. F.L. Bos: Orde, p. 143.

35 J.D. Vorster: Wat sê die Kerkorde? Die Term Moderator in: Die Kerkbode, Deel CXII, jrg. 125, no. 3, 19 Julie 1973: Vorster toon aan dat die term "Moderator"

bepaling dat die voorsitterskap van 'n meerdere vergadering saam met die sluiting van die vergadering eindig berus op 'n beginsel van die Gereformeerde kerkreg, wat van die begin af[36] gehandhaaf is, en nie op praktiese tydsomstandighede nie. Die beginsel[37] wat hierin tot uitdrukking kom, is dat die kerkverband nie 'n derde "kerk" is naas die plaaslike en die universele kerk nie, en dus kan 'n meerdere vergadering nie gelykgestel word soos J.D. Vorster wil, met 'n kerkraad nie.[38] Verder weer die bepaling alle toeëiening af van hoër gesag deur een dienaar oor ander dienaars of oor die kerk, want die kerke regeer hulself Presbiteriaal onder één Hoof, sodat die moderamen as permanente bestuur onnodig is en die ontbreking daarvan in 'n konsekwente Presbiteriale kerkregering geensins "belemmerend en vertragend"[39] werk nie.

Die kerklike meerdere vergaderings se gesag en mag bly, soos die van die ouderlinge uit wie hulle saamgestel word deur afvaardiging (arts. 33, 41, 47, 50), altyd bedienend. Daarom is hulle besluite steeds toetsbaar aan die Heilige Skrif. Die reg van toetsing word in arts. 31 en 46 neergelê.[40] Nog sterker blyk die bedienende karakter

---

en sy durende bevoegdheid afkomstig is van die Sinode 1824 wat ten volle berus het op, en bepaal is deur, die Reglement van 1816.

36 Emden, 1571, hfst. III, 6; P. Biesterveld en H.H. Kuyper: op. cit., p. 59.

37 J.D. Vorster: op. cit., verklaar: "Hier is daar 'n geval waar praktyk deur sommige as beginsel aangedui word".

38 J.D. Vorster: op. cit., verklaar: "Dit word beweer dat die sinode nie 'n staande vergadering soos die kerkraad is nie". Hy beroep hom op art. 29 van die Dordtse kerkorde, en verklaar dat die artikel "geen verskil" maak tussen dié vergaderings nie. Vorster openbaar hiermee 'n wanbegrip van die artikel in die Dordtse kerkorde en van die Presbiteriale kerkregeringstelsel. Hy verklaar die artikel in 'n Kollegialistiese sin.

39 J.D. Vorster: op. cit. Vgl. vir die Gereformeerde beginsel: I. van Dellen en M. Monsma: op. cit., pp. 138, 139; W.D. Jonker: Regering, pp. 10—4.

40 Art. 31: "Wat op 'n kerklike vergadering met meerderheid van stemme besluit is, moet as vas en bindend beskou word tensy bewys word dat dit in stryd is met Gods Woord of die artikels van die kerkorde. As iemand egter 'n klagte het dat hy deur die uitspraak van die mindere vergadering verongelyk is, kan hy hom op 'n meerdere vergadering beroep".
Art. 46. "Sake ... wat eenmaal afgehandel is (moet) nie weer voorgestel word nie tensy dit noodsaaklik geag word om iets te verander".

van die kerklike vergaderings uit die bepaling van art. 32: "Alle vergaderings moet met aanroeping van die Naam van God geopen en met danksegging gesluit word". Hiermee word voluit die regering van die kerk deur Christus self erken.[41] Alleen in sy Naam, as sy diensknegte, durf die ouderlinge die kerk regeer.

#### *4.3.2. Die mondigheid van die gelowiges in die Kerkorde*

Die waarheid dat die kerk die liggaam van Christus is, vereis dat kerkraad en gemeente as 'n organiese geheel in die Kerkorde gehandhaaf moet wees. "Kerkraad en gemeente" mag nie 'n skeiding aandui tussen deel en geheel nie, slegs 'n onderskeiding. 'n Skeiding van kerkraad en gemeente waardeur die "gemeente" die ondergeskiktes geag word van die regerende kerkraad,[42] bring 'n hiërargiese tendens in die Presbiteriale kerkregering na vore. Indien die kerkraad andersyds teenoor die gemeente in 'n posisie van uitvoerende ondergeskiktheid geplaas word, tree 'n Independentistiese tendens na vore. In albei gevalle word die enige Hoofskap van Christus bedreig. Gevolglik word die toets aangelê of die organiese eenheid van die kerkraad, as regeerorgaan in die liggaam, en die gemeente in die Kerkorde gehandhaaf word.[43]

Die eerste toets lê in die vraag: hoe kom 'n persoon in die besondere posisie van gesags- en magsbediening van die amp in die kerk?

Art. 3 vereis dat iemand daartoe "wettig beroep" moet wees. Dit gaan dus om roeping. Roeping[44] is 'n saak van opdrag en

---

[41] K. Rieker: op. cit., p. 128: "Das Motiv... finden wir in der reformierten Vorstellung, dass Christus nur dann darin als König und Herr gegenwärtig ist... wenn sie in seinem, nicht in ihrem eigenen Namen tagen, beraten und beschliessen. Dazu soll Gebet... dienen". Joh. Jansen: op. cit., p. 153: "... het besef te wekken, dat de kerkelijke samenkomsten in de tegenwoordigheid des Heren gehouden moeten worden".

[42] Vgl. G.P.L. van der Linde: op. cit, p. 92.

[43] Vgl. vir die aktualiteit van die probleem: Martin Monsma: The Congregational Meeting, veral p. 9.

[44] E. Conring: op. cit, p. 116: Hy noem "Das Berufungsrecht... ein Kernstück der Kirchlichen Ordnung". G.P. L. van der Linde: op. cit., pp. 43—5; H. Bouwman: op. cit., I, pp. 368—9.

gehoorsaamheid. Dit is Christus wat as Hoof van die kerk die roeping gee en beslag lê op die beroepene. Hierdie absolute voorwaarde[45] vir die amp is ten eerste onmiddellik en inwendig, 'n werk wat die Heilige Gees in die regering van die kerk doen. Maar “een gezant van Christus moet zijn lastbrief kunnen vertoonen en deze lastbrief is in den gewonen weg de hem onder Gods voorziening bestuur ten deel gevallen wettige kerkelijke roeping”.[46] Hierdie uitwendige roeping skenk Christus “met tussenkomst van de bediening van andere mensen, zoals die van Aäron geweest is”.[47] Met die roeping van die ampsdraer deur Christus om in sy Naam sy gesag en mag in die gemeente te bedien, kom die ampte nie te staan teenoor die gelowiges nie en is hulle nie “eene hiërarchie, die staat boven de kerk”,[48] maar die ampte is deel van die organiese gemeente en die ampsdraers word deur die gemeente gekies. Die gemeente “bezit” [49] die ampte as organe.

Die Kerkorde handhaaf die organiese Hoofskap van Christus deur enersyds elke sweem van 'n ampstand tussen Christus en die gelowiges af te sny,[50] en andersyds die deelname van die gemeente in die vorm van volksoewereiniteit uit te skakel. Die roeping tot die amp word in die Kerkorde bepaal in arts. 4, 5, 22, 24. Die gemeente, as organiese eenheid, roep. Dit geskied deur die verkiesing tot die amp deur die gemeente onder leiding van die kerkraad.[51] Die lede van die kerkraad stem in die gemeentevergadering as lede van die gemeente.[52] Twee handelinge is hier onontbeerlik, nl. verkiesing

---

45 Vgl. Hebr. 5:4.

46 Vgl. vir “wettige roeping”: H. Bouwman: op. cit., I, p. 367; Meulink en De Wolff: op. cit., p. 26.

47 J. Polyander e.a.: Synopsis of overzicht van de zuiverste theologie III, p. 117.

48 H. Bouwman: op. cit., I, p. 78.

49 Ibid.

50 Vgl. G. Voettii: P.E. I, p. 122—3. Die kerklike gesag is 'n *potestas inferior,* nie 'n *potestas superior aut suprema* nie, want *Sola... enim suprema Potestas Christo reservata est... Efficiens superius illic est Christus mediator qua talis, unicus Rex et Caput Ecclesiae ...*

51 Vgl. vir 'n kort samevatting van die historiese agtergrond Meulink en De Wolff: op. cit., p. 65 e.v.

52 Vgl. J. Polyander e.a.: op. cit., II, p. 122; H. Bouwman: op. cit., II, p. 387.

wat die gemeente uitoefen deur stemming en leiding van die kerkraad. Onder die leiding van die kerkraad word ook verstaan dat hulle die inisiatief neem. By die verkiesing moet hulle die vereistes vir die ampte, soos die Hoof dit deur sy apostels in sy Woord stel, aan die gemeente voorhou. Die kerkraad stel ook 'n dubbeltal, en mag daarby nie sake so maneuvreer dat 'n sekere gang van die verkiesing geforseer word nie, bv. deur 'n opsigtelike ongelyke tweetal. Dit is slinkse oorheersing van die gemeente.

Die verkiesing deur die gemeente as organiese eenheid is nie 'n advies aan die kerkraad nie. Dit is 'n kerkregtelike handeling wat as kerklike regeerdaad regskrag het. Om dit te ontken en die verkiesing finaal by die kerkraad te laat berus, tree in die vaarwater van die Roomse beginsel dat die amp homself voortplant.

Die verkiesing kan ook nie vervang word deur approbasie nie. Onder approbasie verstaan ons hier die toetsing deur die lidmate van die leer en lewe van die verkosene[53] met die reg om “wettige beswaar” (art. 4) in te dien. In art. 22 word aan die kerkraad die reg verleen om die verkiesing uit te skakel en met approbasie te volstaan wanneer ouderlinge en diakens verkies word. Indien alleen “die nodige aantal” (art. 22) ouderlinge of diakens aan die gemeente voorgedra word deur die kerkraad, behoort die kiesreg van die gemeente nog uitgeoefen te word deur ten minste 'n geleentheid vir teëstem, of deur 'n stemming van konformering. Daarna moet dan die approbasie van leer en lewe volg. Die gelowiges mag nie uit Christus se koninklike daad van roeping uitgeskakel word nie.[54] Dit is nie “unwesentlich” [55] of die kerkraad alleen kies met

---

53 Vgl. F.L. Bos: op. cit., pp. 89, 97.

54 Vgl. B.B. Keet: Orde in die Kerk, p. 43. “In die Ned. Geref. Kerk kies die gekombineerde kerkraadsvergadering, wat uit die dienende en oudkerkraadslede saamgestel is — hulle verteenwoordig die gemeente”. Hier word die gemeente met “oudkerkraadslede” vervang. Dit is willekeurig en hou groot gevaar van oligargiese ampshiërargie in. I. van Dellen en M. Monsma: op. cit., p. 32: “Nevertheless, calling to office is a cooperative undertaking between consistory and congregation; and back of booth stands Christ, the Head and King of His Church, who in the final analysis calls and appoints all officebearers of His Church”.

55 E. Conring: op. cit., p. 117.

stilswyende toestemming van die gemeente nie, en of die gemeente daadwerklik kies nie.

Die eerste vraag van die Gereformeerde bevestigingsformuliere[56] veronderstel hierdie organiese verhouding tussen Hoof en liggaam in die roeping: “Is u in u hart daarvan oortuig dat u wettig deur die gemeente van God en daarom deur God self tot hierdie heilige diens/dienste (elkeen sy eie) geroep is?” Die enigste manier waarop die verkiesing deur die gemeente, as wyse waarop die Hoof van die kerk roep, uitgeskakel kan word, is deur die werp van die lot, soos in Hand. 1:24—26. Dié manier waarop die Hoof persone aanwys vir die amp behoort in die betrokke artikels van die Kerkorde ingesluit te wees.

Die formulering van arts. 4 en 5 doen ook te kort aan die organiese verhouding tussen Hoof en kerk deurdat die plek van die gemeente by die verkiesing en beroeping van 'n predikant slegs bepaal word met: “volgens die reëling wat daarvoor plaaslik in gebruik is”. Daarnaas word uitdruklik bepaal dat “die kerkraad en diakens ... die verkiesing” doen. Du Plessis[57] maak die stelling: “die bedoeling is verkiesing van die kerkraad en diakens met medewerking van die gemeente, 'n kenmerkende Gereformeerde beginsel”. Die bedoeling van die redaksie is om 'n vrye volkskeuse[58] uit te skakel. Daarmee word Independentisme en Kollegialisme afgewys. Maar die Kerkorde behoort hier eksplisiet uitdrukking te gee aan die Gereformeerde Belydenis: “ons glo dat die bedienaars van die Woord van God, die onderlinge en diakens vir hulle ampte gekies moet word deur wettige verkiesing van die kerk”[59] Die aktiewe organiese deelname van die gelowiges kan nie vervang word met “die reg om besware in te bring of stilswyend te approbeer” [60] nie. Dit maak van die lewende lede van die liggaam van Christus “al meer de zwijgende figuur”.[61] Omdat die verkiesing 'n regeerdaad is, tree

56 Handelinge Sinode 1973, op. cit., pp. 377 en 382.

57 L.S. Kruger e.a.: op. cit., p. 58.

58 Vgl. Joh. Jansen: op. cit., p. 22; Meulink en de Wolff: op. cit., p. 29 e.v.

59 Nederlandse Geloofsbelydenis art. 31.

60 B.B. Keet: op. cit, p. 43.

61 H. Bouwman: op. cit., II, p. 385. Vgl. J. Polyander e.a.: op. cit., II, p. 123. Die

die gemeente as organiese eenheid hier op deur die stemreg van die belydende manslidmate (1 Kor. 11:3—16; 14:33—35 en 1 Tim. 2:11—15).

Die definisie van Jansen[62] en Spoelstra,[63] dat die samekomste van die gemeente om persone te kies tot die dienste in die kerk, 'n *openbare kerkraadsvergadering* is, sluit streng gesproke stemreg vir die gemeente uit, want alle stemgeregtigde manslidmate is nie lede van die kerkraad nie en kan nie in die regte van die kerkraad deel nie. Tereg probeer die Kerkorde nie om menslike swakhede te omseil deur die beginsel van die gemeente se kiesreg te versaak nie. In 'n organiese optrede behoort botsing tussen die kerkraad en gemeentevergadering nie te ontstaan nie. Indien dit wel ontstaan, word dit nie beslis deur die “hoër” gesag van die een oor die ander nie. Die hoër gesag berus by Christus alleen.[64] Hy sal beslis oor wie aan Hom getrou is. Die beslissing by 'n staking van stemme kan deur die lot verkry word. Vir sover botsing van 'n kerkregtelike beslissing verg, is die kerkregtelike weg om advies van die klassis te verkry. Indien omstandighede vereis dat uitgemaak moet word by wie die mag van verkiesing berus, sal dit, aldus Bavinck,[65] “finalitêr” by die *organiese* gemeente berus.

---

Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika kan met geestelike profyt kennis neem van die prosedure van die verkiesing in die Christelijke Gereformeerde Kerk in Nederland. Vgl. daarvoor: Kerkorde, uitgeverij D.J. van Brummen, Dordrecht, 1967, p. 100. Die reëling in die Christian Reformed Church in Amerika, waar die roeping tot al drie ampte in een artikel saamgevat is, verdien eweneens gunstige oorweging. Vgl. Van Dellen en Monsma: op. cit., p. 32.

62 Joh. Jansen: op. cit., p. 139.

63 L.S. Kruger e.a.: op. cit., p. 237.

64 F.L. Rutgers: De betekenis der gemeenteleden als zoodanig, p. 26: “De kerk is geen republiek, waarin tusschen de regenten en het volk over de gezag kan gestreden worden, maar zij is een koninkrijk, zelfs eene monarchie die zoo absoluut mogelijk is, met ene grondregeling die niet kan veranderd worden, en met Christus zelven als Koning”. Hy sê verder dat stryd wel ontstaan “uit een soort van hiërarchische streven” by kerkrade, of “uit een soort revolutionair individualisme” by gemeentelede.

65 H. Bavinck: op. cit, IV, p. 413. Natuurlik, behoudens die reg van appèl. Geheel anders is die standpunt van D. Nauta: op. cit., p. 174: “De kerkeraad heeft altijd de laatste beslissing in handen”.

Die organiese eenheid van "kerkraad en gemeente" spreek in die Kerkorde uit die gebruik van die woord "kerk" wanneer veronderstel word dat die kerkraad met inisiatief moet optree om die gemeente te verteenwoordig. Art. 7 praat van "iemand" wat "in 'n bepaalde kerk beroep word". En art. 10 bepaal dat "geen ander kerk" 'n bedienaar van die Woord mag ontvang nie "voordat hy van die kerk en klassis waar hy gedien het, wettige getuienis van sy losmaking getoon het nie".

Die gelowiges deel nie alleen in die bedienende gesag van die kerk nie, maar ook in die bediende mag. Die gesag in die kerk is die bediening van die Woord. Die mag in die kerk is die handhawing van die Woord deur die tug. In die bediening van die kerklike mag gaan die taak van die gelowiges verder as net die verkiesing van ampsdraers.

Die gelowiges deel in die tuguitoefening van die kerk. Die gemeente moet oordeel en daarmee die wag betrek by die bediening van die sakramente. Dit is een van die redes waarom die sakramente volgens 'n formulier bedien word (arts. 56, 62). Die formuliere gee uitdrukking aan die belydenis van die gemeente as eenheid.[66] En die doop as sakrament van die inlywing in die universele kerk word deur die plaaslike kerk bedien, "representerende die ekumeniese kerk".[67] Ook by die nagmaal is die eenheid van die kerk as liggaam van Christus, en dus die eenheid met Christus as Hoof en Begin, ten nouste betrokke (1 Kor. 10:16, 17; Kol. 1:18). Attestasies staan weer in onmiddellike verband met toelating tot die nagmaal en dus met opname in die organiese eenheid van die kerk as liggaam waarvan Christus Hoof is. Sonder getuienis dat iemand reeds 'n lewende en belydende lidmaat van die liggaam van Christus is, kan lidmaatskap in 'n ander gemeente en toegang tot die sakramente gevolglik alleen verkry word deur openbare geloofsbelydenis as bewys dat die Heilige Gees die persoon deur 'n ware geloof in Christus ingelyf het. Dit word nader bepaal in die artikels oor die attestasie (arts. 01 en 82) en oor die tug (arts. 71—

66 H. Bouwman: op. cit., II, p. 248.

67 W.J. Snyman: Die Woord Kerk, op. cit, p. 9.

80). Op grond hiervan word in die Kerkorde 'n oop Nagmaalstafel in die kerk afgewys. Die sakramente is lewende gemeenskap van die gelowiges met die opgestane, lewende Christus. Dit is dus alleen vir gelowiges ingestel. Oor die toegang tot die sakramente moet die gemeente dus toesig hê. Dit gaan om die vraag of daar vasgehou word aan die Hoof van die liggaam. Dit is dus 'n gebrek in die Kerkorde dat arts. 61 en 82 nie bepaal nie dat die name van persone wat geloofsbelydenis wil aflê, en die van persone wat attestasies aanvra of aanbied, vooraf aan die gemeente bekend gemaak moet word deur die kerkraad. Net soos die gemeente oor nuwe ampsdraers oordeel deur approbasie, moet ook in die geval van nuwe lidmate die approbasie van die gemeente verkry word.[68]

Tughandeling buite die gemeente om is tipies van die Kollegialisme.[69] Die onderlinge tug van die gelowiges vorm die basis van die kerklike tug, ooreenkomstig Matt. 18:15, 16, Lev. 19:17, Hebr. 10:24 en Jak. 5:19 en 20. Op hierdie betrokkenheid van die gemeente by die tug berus die afkondiginge aan die gemeente ooreenkomstig art. 77 van die Kerkorde. Die kerkraad oefen die tug uit met bedienende en nie met heersende mag nie, "niet op eigen gelegenheid, doch met medeweten en instemming van de gemeente, die er als getuige op moet toezien, dat niet door een paar mensen in willekeur word gehandeld".[70] Die Kerkorde maak die tugmag van die kerkraad dus nie los van die gemeente nie en kom nie as verteenwoordigers van Christus te staan bó[71] die gemeente nie. Die afkondiging van die tug geskied met die doel dat die sondaar deur

[68] Vgl. G.P.L. van der Linde: op. cit., p. 93. "Met die bekendstellings doen die ampsdraers 'n daad van regering". Hy verklaar verder dat aan die gemeente net "gesê" word dat iets gebeur het; dus 'n blote kennisgewing. En "die approbasie van die gemeente is niks anders as 'n erkenning van die wettige regering deur die ampsdraers nie". Die mondigheid van die gemeente word in hierdie standpunt nie genoegsaam in berekening gebring nie. Vgl. vir teendeel: H. Bouwman: op. cit., II, p. 452 en D. Nauta: Kerkorde, p. 272.

[69] H. Bouwman: op. cit., p. 598. Vgl. Kerkorde der Nederlandse Hervormde Kerk, Ordinantie voor het opzicht, p. 153.

[70] J. Plomp: Tucht, p. 89.

[71] Vgl. I. van Dellen en M. Monsma: op. cit., p. 317; H. Bouwman: op. cit., II, pp. 610, 611.

die gemeente met Christelike vermaninge en gebede tot bekering gebring sal word.[72] Selfs die afsnyding gaan nie buite medewerking van die gemeente om nie. In die organiese eenheid van Hoof en liggaam word elke vreemde lid verwerp wat die eenheid ontheilig.

### *4.3.3. Die Woord van God is in die Kerkorde die grens van kerklike mag en gesag*

Die Kerkorde ken, op voetspoor van die Reformatore, sonder skroom volmagte toe aan die kerk in die kerkregering. Die Here Jesus self gaan die Kerkorde hierin voor wanneer Hy die sleutels van die hemelryk aan mense, as sy dienaars, toevertrou. Hierdie mag en gesag van die kerk, wat deur die ampsdraers in die kerk bedien word, "is onbeskryflik heerlik" [73] en hou niks minder in nie as die volmag[74] om te vermaan, te tug en van die kerk af te sny. Indien die volmag van die ampsbediening in die Kerkorde onbegrensd, onbepaald en onvoorwaardelik gelaat was, sou dit 'n ontseteling van Christus as enigste en organiese Hoof van die kerk wees. Dit lê aan ons die plig op om te toets of daar 'n duidelike en genoegsame en Skriftuurlike begrensing van die kerklike mag en gesag, soos dit volgens die Kerkorde deur die kerklike vergaderings uitgeoefen word, gestel is.

Die eerste begrensing word gevind in art. 1. Wanneer daar sprake is van "goeie orde" moet daarin 'n verskuilde[75] verwysing na 1 Kor. 14:40 gelees word, wat meteen 'n afwysing inhou van enige doperse weerstand teen 'n Kerkorde, en die Kerkorde verbind tot Skriftuurlikheid. "Orde" staan in die teksverband van 1 Kor. 14:40 teenoor "wanorde" (vs. 33), maar dan "wanorde" as die teendeel van "vrede". Die apostel wil dus sê: God is 'n God van vrede en daarom van orde. Orde beteken die vrede van harmonie in die

---

72 Vgl. Formulier vir die ban of afsnyding: Handelinge Sinode 1973, p. 368.

73 W.D. Jonker: Die Regering, op. cit., p. 9.

74 B. Gassmann: op. cit., p. 144 e.v.: "Dies geschieht... in der Predigt, der Spendung der Sakramente und in die Ausübung der Kirchenzucht". *Voeg* hierby ook "berufen", p. 149.

75 Vgl. J. Kamphuis: Verkenningen III, p. 10. Soos Kamphuis vind ek dit ook 'n verlies dat die direkte teksverwysing ontbreek. Vgl. D. Nauta: op. cit., pp. 43, 44; I. van Dellen en M. Monsma: op. cit., p. 19.

organiese eenheid van die kerk met sy Hoof, want Hy is die vrede van sy kerk (Ef. 2:14 e.v.). Kortom: art. 1 sê implisiet dat die Kerkorde die wyse omskryf waarop die kerk uit en tot sy Hoof in diensbaarheid lewe. Daarmee word die ganse Kerkorde ondergeskik en afhanklik gestel aan die Woord. Want in die Woord word bepaal wat die lewe in die vrede van Christus is. Die Woord bepaal die orde sowel deur sy voorskrifte as deur die voorbeelde van die Nieu-Testamentiese kerk.[76] Hierdie orde, ooreenkomstig die Heilige Skrif, vorm die skelet van die Kerkorde. Daarby word slegs bepaal wat noodsaaklik is om die opdragte van Christus uit te voer op die mees ordelike wyse. Juis hierdie diensbaarheid van bepalinge rondom die Skriftuurlike skelet weerspreek die wanopvatting van Rieker[77] dat daar 'n innerlike teëspraak is in die Calvinisme wat in die Kerkorde sowel Skriftuurlike as algemene bepalinge opneem.

Die verbintenis van vrede en orde in 1 Kor. 14:33 beteken lewe in gehoorsaamheid uit en tot die Hoof. Daarom moet die lewe met Hom nie deur onnodige en minusieuse reglementering tot verstarring gebring word nie. Onnodige reglementering werk wettisisme, kasuïstiek, uitblussing van die Gees in die hand en bevorder 'n wêreldse juridiese nalewing van die letter. Wars van reglementering, word in die Kerkorde met vertroue plek gelaat vir die reële regering van die Hoof en vir die werking van die Gees met die Woord in die hart en verstand van sy diensknegte.

Die sinode het bygevolg met die hersiening van die Kerkorde in 1964 “onnodige reglementering” [78] weggelaat. Tog is die Kerkorde

---

[76] Vgl. Kerkelijke Handboekje, op. cit, p. XIII—XV, XXXIV—XXXVII. Let op die verskil met die Lutherse opvatting, vgl. K. Rieker: op. cit., p. 96. Wat die Roomse Kerk betref, selfs Edward Schillebeeckx praat van ampswerk as “hierarchical activity”, en verklaar: “The bond between Christ's body and his mystical body is the sacramental reality — the eucharist and, dependent on this, the other six sacraments — and the priest is, by virtue of his ordination essentially the minister of this bond. He must always be fully conscious of this fact, that he is in this way in the fullest sense a priest and that his kerygmatic apostolate and all his other pastoral duties flow from this and must also flow into it”. Vgl. sy: World and Church, pp. 35—43.

[77] K. Rieker: op. cit., pp. 100, 101.

[78] Vgl. Handelinge 1964, op. cit., p. 71.

van onnodige reglementering nog nie volkome vry nie. Ten eerste word onnodig in art. 4 bepaal dat die eksamens van "iemand wat nie tevore in die diens van die Woord gestaan het nie" juis deur die *klassis* afgeneem moet word. Omstandighede in Suid-Afrika het bewys dat die bepaling nie prakties goed werk nie. Die sinode moes vir byna die ganse bestaan van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika bepaal dat die Partikuliere Sinodes die eksamens afneem. Die Kerkorde behoort dus alleen te bepaal dat "'n meerdere vergadering" die persone eksamineer.

'n Verdere onnodige reglementering wat nog staan, en nêrens in die praktyk uitgevoer word nie, kom voor in art. 41. Daarin word nog, soos sedert die Sinode van 1581,[79] bepaal dat 'n klassis die volgende vergadering vir nie meer as drie maande mag uitstel nie. Dit beteken dat die klassis minstens vier keer per jaar gehou moet word. In ooreenstemming met die wysiging wat die Sinode van 1964 aangebring het in art. 37, waar "elke week" met "gereeld" vergader vervang is, behoort art. 41[80] ook van die reglementering gesuiwer te word om te lui: "...Die plek en tyd van die volgende vergadering word deur die vorige bepaal sodat gereeld jaarliks vergader word".

"Die uitdruklike binding[81] (arts. 53, 54, 55, 61, 68) aan die Belydenis of die Drie Formuliere van Eenheid is 'n verdere begrensing van die volmagte van die ampsdraers en lidmate.[82] Hierin is die Belydenis 'n diensmaagd om die Woord, waardeur die Hoof sy kerk regeer, sy loop te laat hê.[83] Hierdie binding aan die Belydenis

---

79 Vgl. I. van Dellen en M. Monsma: op. cit, p. 166.

80 Vgl. L.S. Kruger e.a.: op. cit., p. 262.

81 Die ondertekeningsformuliere onderskeidelik vir predikante en professore, proponente, ouderlinge en diakens, stel dat die Drie Formuliere van Eenheid, nl. die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls "in alles ooreenkom met die Woord van God". Vgl. Kerkorde van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, pp. 67—8. Ook: Handelinge van die Ses-en-dertigste Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, p. 155.

82 Vgl. J. Hovius: Het Verband, pp. 20—4.

83 Vgl. J. Hovius: Om "door dit middel de ware religie te onderhouden", in: Woord en Kerk, p. 71 e.v.

verbind elkeen in die kerk aan die grondwet dat die Heilige Skrif[84] die Woord van God is waarvolgens alle gesags- en magsbediening in die kerkregering gerig[85] moet wees, sodat die kerkregering op die Heilige Skrif gegrond[86] moet wees en daarmee bevestig[87] moet word om die gewetens te kan bind. Deurdat die binding aan die Belydenis die kerkregering aan die gesag van die Heilige Skrif onderwerp, word elkeen in die kerk se nek gebuig onder die juk van Jesus Christus[88] om Hom te erken as enigste Hoof[89] van die kerk. Die kerkregering volgens die Dordtse Kerkorde laat dus geen leervryheid of willekeur in die kerk toe nie maar erken gewetensvryheid alleen in gebondenheid aan die Heilige Skrif as die Woord van God.

In die toepassing van die tug is die volmagte van die kerkraad duidelik begrens deurdat die tug slegs oor "sondes" gaan. Dit word in elkeen van die tug-artikels herhaal (arts. 72—77). En wat sonde is, word ook uitdruklik gesê. Iemand sondig "ten opsigte van die suiwerheid van die leer of die vroomheid van die wandel". Wat die "suiwerheid" of "vroomheid" is, word uitsluitlik deur die Heilige Skrif bepaal. Die tug gaan dus nie oor "het openlijk ergernis en aanstoot geven" [90] nie, maar oor sonde teen God se gebooie. En selfs hierin word die tugmag van die kerkraad nog verder beperk. Hulle moet die lidmate met God se Woord vermaan oor sonde, sonder meer (arts. 72, 73). Maar tug in dissiplinêre sin gaan oor "hardnekkigheid" in die sonde (arts. 74—77). Dit veronderstel, as vereiste, voorafgaande getroue en vreeslose en liefdevolle vermaning en onderrig met God se Woord. Daarna mag die tug eers voortgaan van stap tot stap. Intussen is elke stap van die tug voorwaardelik, want by "boetvaardigheid" of "berou" eindig die tug (arts. 73, 75, 77). Selfs die "afsnyding", die uitbanning uit die kerk, geskied met die

---

84 Nederlandse Geloofsbelydenis Art. 3.
85 Id., art. 5.
86 Ibid.
87 Ibid.
88 Id., art. 28.
89 Id., arts. 29 en 31.

90 Th. L. Haitjema: Kerkrecht, pp. 255, 256.

hoop op, met die gebed om "boetvaardigheid" by die sondaar, sodat die sondaar weer met die gemeente versoen kan word, maar veral sodat die berouvolle en bekeerde weer die sakramente kan ontvang as gemeenskap met Christus, die Lewensbron van die kerk. Die voorwaardelike van die tug het veral die belangrike betekenis dat dit die oog gevestig hou op die reële regering van Christus Self.[91] Die feit dat die tug begin en voortgaan met vermaning uit God se Woord tot in die formulier vir die afsnyding, beklemtoon dat die Woord die absolute grens van die volmagte van die kerkraad is.

Die volmagte van die kerkraad word in die toepassing van die tug ook nog beperk deur die medewerking en kontrole van die lidmate, waarop ons reeds gewys het, as hulle reg kragtens hulle mondige verbondenheid aan Christus as enigste Hoof. En hulle mondigheid, ook in die tuguitoefening, beteken juis gebondenheid aan die Woord van God.

Die gesag van die meerdere vergaderings word deur die Kerkorde ook begrens met die Woord van God. Dit word bepaal in art. 31. Hierdie artikel lê nie die "recht om de synodebesluiten te ratificeren, d.i. te bekrachtigen, te approberen" [92] van die plaaslike kerke vas as grens vir die seggenskap *(auctoritas)* van meerdere vergaderinge nie. Dit lê die Woord van God neer as grens vir alle kerklike gesag en mag. Die gesag en mag van 'n kerkraad is net sowel bedienend en deur die Woord van God begrens as die van meerdere vergaderings.[93] Tussen die gelowiges en die ampsdraers, en tussen gelowiges sowel as ampsdraers en Christus "staan die lewende Woord van God voortdurend as kritiese instansie ... Alleen só bly daar ruimte vir die Persoonlike heerskappy van Christus deur sy Woord en word alle menseheerskappy uit die kerk geweer".[94] Hierteenoor skryf die valse kerk "aan homself en sy ordinansies

[91] Vgl. A.A. van Ruler: Theologische Werk II, p. 162.

[92] Meulink en De Wolf f: op. cit., p. 78; vgl. L.S. Kruger e.a.: op. cit., pp. 195 en 210; F.L. Bos: Orde, p. 124.

[93] W.D. Jonker: Regering, p. 11: Hulle gesag rus enkel daarop dat hulle draers van die Woord is of ruimte maak vir die persoonlike regering van Christus deur sy Gees".

[94] Id., p. 13.

meer mag en gesag toe as aan die Woord van God en wil hom aan die juk van Christus nie onderwerp nie".[95]

Wanneer art. 31 van die Kerkorde die grens van die kerklike gesag in die Woord van God lê,[96] dan word "beroep ... op 'n meerdere vergadering" bepaal as die adres waar en die wyse waarop die bewys van onskriftuurlikheid gelewer moet word. Die vergadering wat besluit het, word dus gekonfronteer met die regspraak van 'n meerdere vergadering. Omdat hierdie regspraak juis deurgang wil gee aan die Christusregering ooreenkomstig sy Woord, mag dit "nooit uitgeoefen word op 'n juridiese manier nie, laat staan nog op 'n wettiese of wêreldse manier".[97] Die regspraak moet so geskied dat die orde wat die kerkregering bewerk die vrede van Christus inhou. Art. 31 bring ons dus by die regspraak van 'n meerdere vergadering wat aan Christus deurgang in die kerkregering deur middel van sy Woord moet gee.

Die Kerkorde maak egter ook voorsiening vir die regering van Christus in sy kerk op 'n wyse waar 'n derde party van mense nie die regspraak met die Woord uitoefen nie. Die twee partye gaan met mekaar by die Woord en voor die Hoof se aangesig staan. Dit is die weg van gravamen. En dit word gereël in art. 46.[98] Die bedoeling van art. 46 was oorspronklik om onnodige herhaling[99] van besluite te voorkom. Maar van die begin af erken die Gereformeerde kerkreg in hierdie artikel ten volle die reg en noodsaaklikheid van gegronde veranderinge in kerklike besluite. Dit is vasgelê in die slotsin van die artikel: "tensy dit noodsaaklik geag word om iets te

---

95 Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 29.

96 Die "artikels van die Kerkorde" word ook genoem as 'n grond vir appèl. Maar dit is sekondêr aan die Woord, omdat teen die artikels self geappelleer kan word op bewys dat dit in stryd met God se Woord is.

97 W.J. Jonker: Regering, p. 12. Vgl. L.S. Kruger e.a.: op. cit, p. 205: "Die goue reël by die behandeling van appèlsake is om dit as 'n koue regsaak te behandel".

98 Art. 46: "Sake vir behandeling op meerdere vergaderings moet nie opgestel word voordat die besluite van die voorgaande sinodes oor die voorgestelde punte nagegaan is nie, sodat wat eenmaal afgehandel is, nie weer voorgestel word nie tensy dit noodsaaklik geag word om iets te verander". Vgl. L.S. Kruger e.a.: op. cit., p. 282 e.v.; Joh. Jansen: Verklaring, p. 204 e.v.

99 F.L. Bos: Orde, p. 174.

verander". Alleen "meerdere vergaderings" word hierby betrek. Maar 'n kerkraad is ewe feilbaar en daarom behoort die artikel, soos art. 29, te praat van "kerklike vergaderings", sodat besluite van die kerkraad ingesluit sal wees. Dit is verder nodig om die artikel te hersien en in eksplisiete ooreenstemming te bring met die besluit van die sinode van 1964:[100] "'n Gravamen moet gerig word tot die vergadering wat die betrokke besluit geneem het waarteen beswaar gemaak word".

'n Versoek tot verandering kan aan 'n meerdere vergadering op verskillende maniere voorgelê word. Voetius[101] sê *"gravamina sunt quaesita, aut indicia, de difficultibus in ecclesia exortus, aut de negotiis communiter ecclesias omnes omnino & directe, aut quadammodo concernentibus; quae in & ab una ecclesia aut class plene absolvi ne queunt*. Jansen[102] vat die maniere waarop sake op meerdere vergaderings kan kom om vorige besluite te verander goed saam as *provocatio* (appèl) volgens art. 31, instruksie[103] volgens art. 46: gravamen of "bezwaar, 't zij dan in den vorm van een vraag *(quaestio),* als het bezwaar nog niet-welgevestigd is, of van een bezwaar (gravamen) als het wel gevestigd is, of van een twistgeding *(controversia),* waarvan de oplossing gevraagd wordt, of van een aanklacht *(accusatio),* die onderzocht en beoordeel moet worden ... van voorstellen *(propositiones),* die door de mindere vergaderingen gedaan kunnen worden". Spoelstra[104] verklaar: "'n verandering kan noodsaaklik geag word weens veranderde omstandighede, intrinsieke gebreke, teenstrydighede ens. Soms kan 'n verandering op werklike prinsipiële gronde, die Skrif, die Belydenis of die Kerkorde, nodig geag word". Selfs teen die Belydenis en die Kerkorde kan beswaar ingedien word, sowel as teen die mees formele besluit of handeling as dit, soos die hoofbedekking van die

---

[100] Vgl. ook by I. van Dellen en M. Monsma: op. cit., p. 129 e.v.

[101] G. Voetii: P.E., IV, p. 124.

[102] Joh. Jansen: Verklaring, p. 205.

[103] Die Kerkorde van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika praat in art. 46 van "sake vir behandeling". Dit sluit alle sake in, maar "instruksie" verwys veral na wat tans "beskrywingspunte" genoem word.

[104] L.S. Kruger e.a.: op. cit., p. 282.

vroue in Korinthe (1 Kor. 11:3), die Hoofskap van Christus in gedrang bring.

Wat sê hierdie "bij uitstek practische artikel"[105] met dit alles?

Dit sê in die Presbiteriale kerkregering is daar ook gewetens vryheid[106] in die hoogste en die geringste sake. Dit sê ook dat kerklike vergaderings binne die Presbiteriale kerkregering in die uitoefening van die heerlikste volmagte, in die bediening van die Christusregering, steeds as nietige werktuie ootmoedig bely:

*"Hoe nietig is die mens! Wat is sy lewe?*
*Wat het die mens, al is hom veel gegewe?*

*U toorn verslyt ons in ons aardse strewe,*
*deur skrik vir gramskap bly ons lewe — sterwe.*
*Ons sondes, ook uit dae lank vervloë,*
*ons misdaad, nog bedek vir mense-oë,*
*staan naak en klaar, o God, voor u gesig,*
*wat die geheim ontsluier met u lig."*[107]

Die mens, ook in die regering van die kerk, is en bly sondaar, tydelik, tydsgebonde en dikwels van alle wysheid sku, gebrekkig in sy insig in sake, en daarom altyd ten volle afhanklik van God wat sy Seun aan hom moet openbaar as sy Hoof (Matt. 11:25—27).

---

[105] F.L. Bos: Orde, p. 174.

[106] Kerkelijk Handboekje: op. cit., p. xxxvtii: "dat geen Kerkelijke geboden de gewissen der menschen verbinden, maar alleen Gods wetten".

[107] Ps. 90:1 en 4.

## 5. Kort opsomming van gevolgtrekkings

Die Presbiteriale kerkregering gaan uit van die grondbeginsel dat Jesus Christus, die vleesgeworde Seun van God, die organiese Hoof is van sy kerk, die uitverkore mensheid. “Hoof” en “liggaam” is tot een lewenseenheid verbonde, ongeskeie en onvermeng. Daarom het die liggaam van Christus, die kerk, geen menslike hoof nie. Die lidmate van die kerk is almal lede van mekaar, deur die opgestane Christus tot 'n eenheid saamverbind. Die liggaam van Christus kom in die plaaslike kerk kwalitatief volledig tot openbaring. Maar juis die eenheid van die plaaslike kerke met mekaar in Christus as hulle enige Hoof, verplig hulle tot openbaring en bewaring van die eenheid in kerkverband.

Die regering van die kerk word deur Christus Self uitgeoefen terwyl Hy tegelykertyd heerskappy het oor alles in die hemel en op die aarde. Hy is as Middelaar na sy Godheid in die eenheid van sy Persoon Self lewend teenwoordig in sy kerk. Maar Hy word ook deur die Heilige Gees verteenwoordig, wat onmiddellik werk in die hart en verstand van die gelowiges en hulle middellik aanspreek deur die heilige Woord van God. So regeer Christus sy kerk deur sy Gees en Woord.

In die Christusregering word die gemeente, as subjek van die opdragte van Christus, deur Gees en Woord mondig gemaak in sy deelgenootskap aan die kerkregering. Vanweë die onvoltooide opgroei van die gemeente in en tot sy Hoof en die gevolglike oorblywende sonde en swakheid in die kerk, gee Christus in die kerk dienste wat onder sy besondere opdragte die gelowiges moet toerus vir hulle dienswerk. Hierdie dienste word volbring deur bediening van die gawes van die Hoof van sy kerk. Die dienste werk as organe in die liggaam van die kerk, as organiese dele daarvan.

Die regering van die Hoof word in die kerk bedien deur die ouderlinge as 'n raad van die kerk. Hulle staan onder opdrag om vir die gelowiges tot herders te wees en nie oor hulle te heers nie. Van hierdie bediening van die kerkregering is die kerk die objek.

Die Presbiteriale kerkregering, soos gereël in die artikels van die Dordtse Kerkorde, handhaaf (in die dienskarakter van die ampte,

die mondigheid van die gelowiges en die Woord as grens van alle ampsgesag) die kerk as 'n organiese eenheid wat lewe uit en tot, en onderhorig is aan, sy Persoonlike Hoof, Jesus Christus die Lewende en die Teenwoordige, die Here en die Saligmaker van sy kerk.

Die Presbiteriale kerkregering is, volgens die grondbeginsels van die Dordtse Kerkorde, die bediening van één heerskappy van die één Hoof, Jesus Christus, in sy kerk as één liggaam.

Die sentrale betekenis van Christus as Hoof van sy liggaam, die kerk, bring onweerlegbaar mee dat die kerkregering 'n bepalende faktor is in die beoordeling daarvan of 'n kerk nog waarlik kerk van Jesus Christus is.

'n Kerk wat in sy kerkregering nie konsekwent die grondbeginsel handhaaf dat Jesus, Seun van God, die enigste, lewende en reële Hoof is van sy kerk nie, vergryp hom aan die kenmerke van die ware kerk.[1]

[1] Die Nederlandse Geloofsbelydenis art. 29 som die kenmerke van die ware kerk op: “Kort gesê, as almal hulle ooreenkomstig die suiwere Woord van God gedra, alles verwerp wat daarteen stry en Jesus Christus erken as die enigste Hoof”.

# Abstract

Every system of church government, which declares to be Christian, takes its starting point in the New Testamentical revelation that Christ is the Head of his body, the church (Col. 1:18); however each of these systems arrives at vastly different conclusions.

The presbyterial system of church government is founded on the principle that Jesus Christ, the Son of God who became man, is the organic Head of the church, the elected mankind. “Head” and “body” are bound together as one vital unity, undivided and unmixed. Therefore the church, as body of Christ, has no human head.

Christ Himself governs the church, while He at the same time rules over heaven and earth. He, the Mediator, Who in the unity of his Person is indivisible, is Himself personally present in his church. He is also represented by the Holy Spirit, who works directly in the heart and mind of all believers and speaks to them by means of the holy Word of God. Christ reigns his church through his Holy Spirit by his Holy Word.

The believers, as members in the body, the church, have come of age as a royal priesthood by anointment with the Holy Spirit. Therefore the congregation is subject to the instructions of Christ to the church.

While the body still grows up unto Christ, its Head, He has given the offices to the church for the perfecting of the saints in their ministry.

The government of the Head is served in the church by the elders as a council of the church. Their instruction from the Head is to be shepherds to the saints and not to be lords over God's heritage. Of this ministration of the church government the congregation is the object.

The presbyterial church government, as organised in the Church Order of Dordt (1618—19), maintains the church as an organic unity that lives for, through and to Christ. The church is the subordinate of its Personal Head, the living and present Jesus Christ. Therefore the Church Order of Dordt maintains the

ministerial character of the offices in the church, the coming of age of the believers and the Word of God as the border of all ministerial authority and power.

The presbyterial church government is then, according to the principles of the Church Order of Dordt, the ministration of the *one* supremacy of the *one* Head, Jesus Christ, in his church as *one* body.

# Literatuur


Abbott, T.K.: The International Critical Commentary. A Critical and Exegetical Commentary on the Epistles to the Ephesians and to the Colossians, latest reprint 1968.

Afgescheiden Gereformeerde Gemeente, de Synode, gehouden te Amsterdam anno MDCCCXL, Kerkelijk Handboekje, Amsterdam, 1841.

Alford, H.: The Greek Testament, vol. II, seventh Edition* London/Oxford/Cambridge, 1877.

Andel, C.P. van: Tillen aan het ambt, Driebergen, 1970.

Anrich, Gustav: Strassburg und die Calvinische Kirchenvervassung, Reden bei der rektoratsubergabe am 3 Mei 1928, Universitat Tübingen.

Asmussen, H.: Die Kirche und das Amt, München, 1939.

Bakhuizen van den Brink, J.N. e.a.: Handboek der Geschiedenis, (vierde druk, opnuut bewerk), vier dele, Den Haag, 1965.

Bavinck, H.: Gereformeerde Dogmatiek IV* 2e vermeerderde druk, Kampen, 1930.

Bauer, W.: A. Greek-English Lexicon of the New Testament and other Early Christian Literature, translated and Edited by W.J. Arndt and F.W. Gingrich, Chlcago, Fourth revised and augmented edition, 1952.

Baumer, Remigius: Martin Luther und der Papst, Munster, 1970.

Bell, G.K.A.: Die Königsherrschaft Jesus Christi (Die Geschichte des Akumenischen Rates der Kirche), Hamburg/Bergstedt, 1960.

Berg, M.R. van den: De Gekerkerde Kerk, Amsterdam, 1969.

Berkhof, H.: Geschiedenis der Kerk, Nijkerk, 4e druk, 1947.

Berkhof, L.: The history of Christian Doctrines, Grand Rapids, 1949.

Berkouwer, G. C: Dogmatische Studiën. De Kerk L. Kampen, 1970.

Biesterveld, P. (en Kuyper, H.H.): Kerkelijke Handboekje, Kampen, 1905.

Bigg, Charles: The International Critical Commentary. Epistles of St. Peter and St. Jude, Edinburgh, 1946.

Bolkenstein, M.H.: De Kerk in de Wereld. De Eerste Brief van Petrus, Amsterdam, 1952.

Bonhoeffer, D.: Het wezen van de kerk, Baarn, 1972.

Boon, R.: Apostolisch ambt en reformatie, Nijkerk, 1965.

Bornkamm, H. (en Hans von Campenhausen): Bindung und Freiheit in der Ordnung der Kirche, Tübingen, 1959.

Bouma, C: Kommentaar op het Nieuwe Testament XI. De Brieven van den apostel Paulus aan Timotheus en Titus, Amsterdam, 1942.

Bos, F.L.: De Orde der Kerk, 's-Gravenhage, 1950. — Archiefstukken Betreffende de Afscheiding van 1834 I.

Bouwman, H.: Gereformeerd Kerkrecht I en II, Kampen, 1928.
Bouwman, M.: Voetius over het gezag der Synoden, Amsterdam, 1937.
Bronkhorst, A.J.: Het Ambt, in: Protestantse Verkenningen na Vaticanum II, 's-Gravenhage, 1967. — Schrift en Kerkorde, Den Haag, 1947.
Bruce, F.F.: The New International Commentary of the New Testament. Commentary on the Colossians, Michigan, 1957.
Calvyn, J.: Institutie of onderwijzing in de christelijke Godsdienst, uit Latyn vertaal deur dr. A. Sizoo, drie dele, vierde druk, Delft, 1956. — Uitleggingen op de Zendbrieven, naar uitgaven der Oude Hollandsche overzetting van J.D.J.F. en J.R., in de tegenwoordige spelling door A.M. Donner, Leiden, 1888. — Calvijns Commentaren op de Zendbrieven. Uitlegging van de Pastorale Brieven, opnuut uit Latyn vertaal na die uitgawe van Baum, Cunitz en Reuss, deur dr. H. Schroten, Kampen, 1966.
Campenhausen, H. von: Kirchliches Amt und geistliches Volmacht in der Erster drie Jahrhunderten, Tübingen, 1953. — (Sien by Bornkamm, H.).
Caswell, R.N.: Calvin's view of ecclesiastical discipline, in: John Calvin, Courtenary Studies in reformation theology I, Appleford/Abington/Berkshire, 1966.
Charles, R.H.: The International Critical Commentary. The Revelation of St. John, vol. I, Edinburgh, 1950.
Christelijke Encyclopaedie, Kampen, 1929.
Cock, H. de: Hendrik de Cock, 2e hersiene druk, Delfzijl, 1886.
Coetzee, J.C.: Volk en Godsvolk in die Nuwe Testament, Potchefstroom, 1965.
Conring, Enno: Kirche und Staat nach der Lehre der niederlandische Calvinisten in der ersten Halfte des 17 Jahrhunderts, Neukirchener Verlag, 1965.
Cullman, O.: Königherrschaft Christi und Kirche im Neuen Testament, 3e Druk, Zürich, 1950.
Dellen, I. van: (en Monsma, M.): The Revised Church Order Commentary, Grand Rapids, 1969.
Doekes, G.: Het Kerkelijke Doctorenampt, Kampen, 1917.
Dexter, H.M.: The Congregationalism of the last three hundred years, as seen in its literature, London, 1879, heruitgegee deur Gregg International Publishers, 1970.
Döring, H.: Kirchen Unterwegs zur Einheit, München, 1969.
Dongen, J.C. van: De Nieuwe Kerkorde en wij gemeenteleden, 2e druk, 's-Gravenhage, 1951.
Dreyer, A.: Boustowwe vir die Geskiedenis van die Nederduitse Gerefor-

meerde Kerk in Suid-Afrika, deel III, Kaapstad, 1936.
Ecclesia Docens: De Encycliek Quas Primas over het Koningschap van Christus 11 Des. 1925. Vertaal deur C.M. Versteegen, Hilversum, 1940. — Mystici Corporis Christi, Hilversum, 1949.
Echternach, H.: Kerkvaders, ketters en concilies, Amsterdam, 1965.
Eybers, J.H.: Die Kerkinrigting van die Nederduits Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Pretoria, 1934.
Floor, L.: De Nieuwe Exodus — representatie en inkorporatie in het Nieuwe Testament, ongepubliseerde proefskrif, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoer Onderwys, 1969.
Foulkes, F.: Tyndale N.T. Commentaries. Ephesians, an Introduction and Commentary, London, 1963.
Frend, W.H.C.: The Donatist Church, a movement of Protest in Roman North-Africa, Oxford, 1952.
Frey, Hellmuth: Das Ziel Alierdinge, Stuttgart, 2e druk, 1953.
Gabalthuler, H.J.: Jesus Christus, Haupt der Kirche — Haupt der Welt, Zürich/Stuttgart, 1965.
Ganoczy, A.: Ecclesia Ministrans, Dienende Kirche und kirchlicher Dienst bei Calvin, Freiburg/Basel/Wien, 1968. In Duits vertaal deur Hans Sayer. (Oorspronklik verskyn as: Calvin. Theologen de 1'Église et du Ministère, Parys, 1964).
Gassmann, B.: Ecclesia Reformata, Die Kirche in den Reformierten Bekenntnisschriften, Freiburg/Basel/Wien, 1968.
Gaumaz, L.: Het ambt bij Calvijn — een samenvatting naar Zijn commentaren op het Nieuwe Testament, vertaal deur K. Deddens, Franeker, 1964. (Oorspronklik verskyn as: Timothée, ou Ie ministère Evangélique d'après Calvin et ses commentaires sur Ie Nouveau Testament, Lausanne, 1948.)
Geldenhuys, F.E. O'B.: Die Regsposisie van Kerkraad, Ring en Sinode, soos toegepas in die Gefedereerde Ned. Geref. Kerke in Suid-Afrika, Pretoria, 1951.
Gemeentevormen en Gemeenteopbouw, 's-Gravenhage, 1971.
Greijdanus, S.: Korte verklaring der Heilige Schrift. I, II en III Johannes, Kampen, 1934. — Kommentaar op het Nieuwe Testament. De Brieven van de Apostel Petrus en Johannes en de Brief van Judas, Amsterdam, 1929. — De openbaring des Heeren aan Johannes, Amsterdam, 1925.
Grosheide, F.W.: — Commentaar op het Nieuwe Testament. De Brief van Paulus aan de Efeziërs, Kampen, 1960. — Kommentaar op het Nieuwe Testament. Het Heilig Evangelie volgens Johannes,. 2 dele, Amsterdam, 1950. — De Handelingen der Apostelen, I, Amsterdam, 1942. —

De eerste brief van den Apostel Paulus aan de Kerk te Korinthe, Amsterdam, 1932. — Het heilig Evangelie volgens Mattheus, Amsterdam, 1922.
Haarsma, F.: Over de gezagsuitoefening in de Kerk, in: Tijdschrift voor Theologie, 9e jrg., no. 3, 1969.
Haitjema, Th. L.: Calvijn en de oorsprongen van het Nederlandse Kerkrecht, in: Christendom en Historie, Amsterdam, 1925. — Nederlands Hervormd Kerkrecht, Nijkerk, 1951.
Handelinge van die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika: 1862, 1964, 1967, 1973.
Hanekom, T.N.: Die Liberale Rigting in Suid-Afrika, 'n Kerkhistoriese studie, Stellenbosch, 1951.
Hay, D.M.: Paul's Indifference to Authority, in: Journal of Biblical Literature, vol. LXXXVIII, Philadelphia, 1969.
Hendriksen, W.: New Testament Commentary. Exposition of Ephesians, Michigan, 1967. — Exposition of Colossian and Philemon, Michigan, 1964.
Heyns, W.: Het Ouderlingschap, Grand Rapids, 1919.
Hinchius, P.: System des Katholischen Kirchenrechts mit besonderer rücksicht auf Deutschland I, Graz, 1959.
Hodge C: A Commentary on the Epistle to the Ephesians, London, 1856 (First Banner of Truth Edition, 1964).
Hoeksema, H.: The Heidelberg Cathechism IV. The Lord of Glory, Eerdmans, Michigan, 1947.
Hoffmann, H.E. von: Das Kirchenverfassungsrecht der niederlandischen Reformierten bis zum Beginne der Dordrechter Nationalsynode von 1618/19, Leipzig, 1902.
Höflich, E. (en Muller A.): Hiërarchie oder Volkssouveranitat, Patmos, 1970.
Hooijer, C: Kerkelijke Wetten voor de Hervormden in het Koninkrijk der Nederlanden, Zaltbommel, 1846.
Horton, Douglas: Congregationalism, a Study in Church Policy, London, s.j.
Hovius, J.: Notities betreffende de Synode te Emden 1571 en haar artikelen, Kampen, 1972. — Om “door dit middel de ware religie te onderhouden”, in: Woord en Kerk, 2e druk, Amsterdam, 1969. — Het verband tussen onze Belijdenis en onze Kerkorde, Sneek, 1962.
Huh, S.G.: Presbyter in volle rechten, Groningen, 1972.
Hundeshagen, K.B.: Beitrage zur Kirchenverfassungsgeschichte und Kirchenpolitik inbesondere des Protestantismus, Erster Bond,

Wiesbaden, 1864. Herdruk: Minerva, Frankfurt am Mam, 1963.
Itterzon, G.P. van: Naar een Petrusdienst? 's-Gravenhage, 1973.
Jacobs, D.: De verhouding tusschen de plaatselijke en de Algemeene Kerk in de eerste drie eeuwen, Leiden, 1927.
Jacobs, P.: Theologie Reformierter Bekenntnisschriften in Grundzügen, Neukirchener Verlag. 1959 — Reformierte Bekenntnisschriften und Kirchenordnungen, Warburg, 1949.
Jansen, Joh.: Korte Verklaring van de Kerkorde der Gereformeerde Kerken, 3e vermeerderde druk, Kampen, 1952. — De Kerkenordening van de Gereformeerde Kerken, in Nederland, Nijverdal, 1917.
Jong, Jan de: De Voorbereiding en Constituering van het Kerkverband der Nederlandsche Gereformeerde Kerken in de zestiende eeuw. Historische Studiën over het Convent te Wezel (1568) en de Synode te Emden (1571), Groningen, 1911.
Jonker, W.D.: Als een riet in de Wind... (Kamper Cahiers No. 12), Kampen, 1970. — Die Regering van Christus in sy Kerk, Pretoria, 1965. — Mistieke Liggaam en Kerk in die Nuwe Rooms-Katolieke Teologie, Kampen, 1955.
Jooste, J.P.: Die Geskiedenis van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1859—1959, Potchefstroom, 1953. — Die verhouding tussen kerk en staat aan die Kaap tot die helfte van die 19e eeu, Bloemfontein, 1946.
Kaiser, Konrad (Herausgeber). Löwen 1971. Studiënberichte und Dokumente der Kommission für Glauben und Kirchenverfassung, Beiheft Zur ökumenische Rundschau 18/19, Stuttgart, 1971.
Kamphuis, J.: Verkenningen III, Goes, 1966.
Keet, B.B.: Orde in die Kerk, Kaapstad, 1963.
Kerkorde van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Potchefstroom, 1965.
Kerkorde van de Christelijke Gereformeerde Kerken in Nederland, Dordrecht, 1967.
Kerkorde der Nederlandse Hervormde Kerk, losbandige uitgawe, 's-Gravenhage, 1959.
Keulers, Jos: De Boeken van het Nieuwe Testament vertaald en uitgelegd. De Brieven van Paulus II, Roermond, 1954.
Kimme, August: Haupttypen der Christokratie, in: Kerygma und Dogma (Zeitschrift für theologische Forschung und kirchliche Lehre, 5 jrg), 1959.
Kingdon, Robert M.: Geneva and Consolidation of the French Protestant Movement 1564—1572, Genève, 1967.
Kittel, Gerhard: Theological Dictionary of the New Testament. Translator

and Editor G.W. Bromiley, Michigan, 4e druk, 1969.
Knetsch, F.R. J.: Het getuigenis van Emden in de situatie van Leden, in: De Synode van Emden, 1571—1971, Kampen, 1971.
Koole, J.L.: Liturgie en Ambt in de Apostolische Kerk, Kampen, 1949.
Kruger, L.S. e.a.: Handleiding by die Kerkorde van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Potchefstroom, 1966.
Küng, Hans: Was ist Kirche. Herder-Dücherei band 376, Freiburg/Basel/Wien, 1970.
Kuyper, A.: Pro Rege of het Koningschap van Christus II, Kampen, 1911. — Dictaten dogmatiek; Locus de Ecclesia, Kampen, 1910. — Encyclopaedie der Heilige Godgeleerdheid III, 2e hersiene druk, Kampen, 1909. — Van het kerkelijk Ambt, Gereformeerde Stemmen, 2e Serie No. 1, 1898. — (Rutgers, F.L. en Lohman, A.F. de Savornin). Gereformeerd Kerkelijk Congres. Het juk der tweede Hiërarchie. Drie referaten, Amsterdam, 1887. — Tractaat van de Reformatie der Kerken, Amsterdam, 1884.
Kuyper, H.H. (Sien: Biesterveld, P.).
Landwehr, J.H.: Handboek der Kerkgeschiedenis, Kampen, 1922.
Lecher, G.V.: Geschichte der Presbyterial- und Synodalverfassung seit der Reformation, Leiden, 1854.
Lekkerkerker, A.F. N.: Oorsprong en funktie van het ambt, 's-Gravenhage, 1971.
Linde, G.P.L. van der: Die Grondbeginsels van die Presbiteriale Kerkregeringstelsel, Potchefstroom, 1965. — Die Koninkryk van God en die Kerkreg, in: Die Koninkryk van God, Potchefstroom, 1969.
Lindeboom, A.M.: Gereformeerd en Hervormd, Aalten, 1957.
Lohman, A.F. de Savornin (en Rutgers, F.L.): De Rechtsbevoegdheid onzer plaatselijke kerken, Utrecht, 1887. — (Sien A. Kuyper).
Lohmeyer, Ernst: Handbuch zum Neuen Testament 16. Die Offenbarung des Johannes, zweite, erganzte auflage, Tübingen, 1953.
Lohse, Eduard: Die Brief e an die Kolosser und an Philemon, (Meyers Kritisch-Exegetischer Kommentar über das Neue Testament), Göttingen, 1968.
Luther, M.: Ausgewahlte Werk V, (herausgegeben von Hans H. Borcherdt), München, 1923.
Loon, J.A. C. van: Het Algemeen Reglement van 1816, Wageningen, 1942.
Matter, H.M.: De Kerk als Lichaam van Christus (Rome, Reformatie en Oecumene), 's-Gravenhage, 1962.
May, Georg: Demokratisierung der Kirche (Möglichkeiten und Grensen), München, 1971.

Mekkes, J.P.A.: Gezag en Vrijheid, in: Vier Glazen, Delft, 1961.
Meulink, H. (en Wolff, J. de): Korte Verklaring van de Kerkenordening, Enschede, 1967.
Meuzelaar, J.J.: Der Leib der Messias, Assen, 1961.
Michaelis, W.: Das Altestenamt, Bern, 1953.
Minear, P.S.: Bilder der Gemeinde (Eine studie über das Selbstverstandnis der Gemeinde von 96 Bildbegriffen des Neuen Testaments). Kassei, 1964. (Oorspr. verskyn as: Images of the Church in the New Testament, Philadelphia).
Monsma, M. (sien: Dellen, I. van). — The Congregational Meeting, Grand Rapids, 1958.
Moorrees, F.D.: De Organisatie van de Christelike kerk van Noord -Afrika in het licht van den brieven van Augustinus, Groningen/ Den Haag, 1927.
Moule, C.F. D.: The Cambridge Greek Testament Commentary. The Epistle to the Colossians and Philemon, Cambridge, 1968.
Müller, Alois (sien Höflich, E.).
Nauta, D.: Verklaring van de Kerkorde van de Gereformeerde Kerken in Nederland, Kampen, 1971. — Wezel (1568) en Emden (1571) in: Opera Minora, Kampen, 1961. — Dr. A. Kuyper over het Synodale Systeem der Franse Kerken, in: Gereformeerd Theologisch Tijdschrift, 48e jrg., Kampen. — De Nederlandsche Gereformeerden en het Independentisme in de zeventiende eeuw, H.J. Paris, Amsterdam, 1936.
Niesel, W.: Bekenntnisschriften und Kirchenordnungen der nach Gottes Wort reformierten Kirche,. 3 auflage, Zolliken-Zürich, 1938.
Nijenhuis, W.: Kerkhistorische Bijdragen III. Ecclesia Reformata, studies on the Reformation, Leiden, 1972.
Oberholster, J.A. S.: Die Gereformeerde Kerke onder die Kruis in Suid-Afrika, hul ontstaan en ontwikkeling, Kaapstad/Pretoria, 1956.
Paradis, H.: Le Christ tête de L'Église selon les Epitres aux Colossiens et aux Éphésiens, in: L'Église dans la Bible, Studia 13, Descléée de Brouwer, 1962.
Percy, E.: Der Leib Christi, Lund, 1942.
Philips, George: Kirchenrecht I, Graz, 1959.
Plöchl, W.M.: Geschichte des Kirchenrechts, Band I, Wien/München, 1970.
Polman, A.D. R.: Onze Nederlandsche Geloofsbelijdenis I, Franeker, s.j.
Plessis, I.J. du: Christus as Hoof van kerk en kosmos, Groningen, 1962.
Plomp, J.: De Kerkorde van Emden, in: De Synode van Emden, 1571—1971, Kampen, 1971. — De Kerkelijke Tucht bij Calvijn, Kampen, 1969.

— Beginselen van reformatorisch kerkrecht (Kamper Cahiers No. 4), 1967. — Presbyteriaal-Episcopaal? Kampen, 1967.
Polyander, J. e.a.: Synopsis of overzicht van de zuiverste theologie; naar de zesde uitg. bezorgd en van voorrede voorzien door H. Bavinck; in Nederlands vertaal deur Dirk van Dijk, Enschede, 1964.
Pop, F.J.: Bijbelse Woorden en hun geheim, 's-Gravenhage, 1964.
Potgieter, F.J. M.: Ons Kerk in Kaapland, in: Ons Nederduitse Gereformeerde Kerk, Gedenkboek by ons Derde Eeufees, 1952, Kaapstad, 1952.
Praamsma, L.: Kerkenordening en Geschiedenis, Kampen, 1946.
Rieker, K.: Grundsatze reformierter Kirchenverfassung, Leipzig, 1899.
Ridderbos, Herman: Gezag en ambt, in: Rondom het Woordi 11e jrg., no. 2, Wageningen, 1969. — Paulus, ontwerp van zijn theologie, Kampen, 1966. — Commentaar op het Nieuwe Testament. Aan de Kolossenzen, Kampen, 1960. — De Apostoliciteit van de kerk volgens het N.T. in: De Apostolische Kerk, Kampen, 1954. — Organische Opbouw, artikel in: Gereformeerd Weekblad" 13.8.1954.
Roberts, J.H.: Die opbou van die kerk volgens die Efese-brief, Groningen, 1963.
Rutgers, F.L.: De beteekenis der Gemeenteleden als zoodanig, Amsterdam, 1906. — Het kerkrecht inzoover het de kerk met het Recht in verband brengt, Amsterdam, 1894. — Acta van de Nederlandsche synoden der zestiende eeuw, 's-Gravenhage, 1889. (Sien by A. Kuyper). — Het Kerkverband der Nederlandsche Gereformeerde Kerken, Amsterdam, 1882.
Ruler, A.A. van: Theologisch Werk II, Nijkerk, 1971. — Is er een ambt van Geloovigen, in: Gereformeerd Theologische Tijdschrift, jrg. 67. — Bijzonder en Algemeen Ambt, Nijkerk, 1952.
Schaf f, P.: History of the Christian Church, I en $II_a$ Edinburgh, 1893.
Schillebeeckx, E.: World and Church, London/Sydney, 1971.
Schlätter, Adolf: Paulus der Bote Jesu. Eine Deutung seiner Briefe an die Korinther, Stuttgart, 1969. — Schlatters Erlanterungen zum Neuen Testament, 6 Teil. Die Korintherbrief, Stuttgart, 1950.
Schlaich, Klaus: Jus Ecclesiasticum band 8. Kollegial theorie Kirche, Recht und Staat in der Aufklarung, München, 1969.
Schlier, H. Der Brief an die Ephezer, Düsseldorf, 6. Auflage, 1968.
Schnackenburg, R.: Gottes Herrschaft und Reich, Herder, 1965.
Schokking, H.: De leertucht in de Gereformeerde Kerk van Nederland tusschen 1570 en 1620, Amsterdam, 1902.
Schönfeld, Walter: über die Gerechtigkeit, Gottigen, 1952.

Schüle, Charles: Die Grundlagen des Reformierten Kirchenrechts, Zweite Auflage, Basel, 1926.
Schweizer, E.: Church Order in the New Testament (vertaal deur F. Clark uit Duits: Gemeinde und Gemeindeordnung im Neuen Testament, Zurich, 1959), S.C.M. Press, Chatham, 1961.
Seeberg, R.: Textbook of the History of Doctrines I en II. Uit Duits vertaal deur C. E Hay. Grand Rapids, 1964.
Sillevis Smitt, P.A. E.: De Organisatie van de Christelijke Kerk in den Apostolischen Tijd, Rotterdam, 1910.
Simpson, E.K.: The New International Commentary on the New Testament. Commentary on the Epistle to the Ephesians, Michigan, 1957.
Sizoo, A.: Augustinus over de Staat, Kampen, 1947.
Snyman, W.J.: Die prediking van Paulus — Openbaringshistories, in: Die Goue Kandelaar, No. 7, 1968. — Openbaringsgeskiedenis Nuwe Testament. {Klasaantekeninge van prof. W.J. Snyman, Teologiese Skool), Pro Rege-Pers, Potchefstroom, 1967. — Kommentaar by Romeine, in: Bybel met Verklarende Aantekeninge, Kaapstad, 1959. — Die gebruik van die woord "kerk" in die Nuwe Testament, Potchefstroom, 1948.
Spijker, W. van 't: Stromingen onder de reformatorisch gezindten te Emden, in: De Synode van Emden 1571—1971, Kampen, 1971. — Goddelijk recht en kerkelijke orde by Martin Bucer, Kampen, 1970. — De Ambten bij Martin Bucer, Kampen, 1970.
Sohm, R.: Kirchenrecht I, Leipzig, 1892.
Steinmüller, W.: Evangelische Rechtsteologie, Zweireichelehre, Christocratie, Gnaderecht, Köln/Graz, 1968. (Forschungen zur kirchlichen Rechtsgeschichte und zum Kirchenrecht, 8 Band).
Steek, K.G.: Recht und Grenzen Kirchlicher Vollmacht, München, 1956.
Stier, R.: The Words of the Lord Jesus, vol. VIII, Clark, Edinburgh, 1856.
Stoodt, D.: Demokratisierung der Kirche, in: Wissenschaft und Praxis in Kirche und Geselschaft, 59 Jahrgang, Junie 1970.
Thompson, G.H. P.: The Cambridge Bible Gommentary. The Letters of Paul to the Ephesians, to the Colossians, and to Philemon, Cambridge, 1967.
Torrance, T.F.: The Foundation of the Church, in: Scottisch Journal of Theology, vol. 16, Edinburgh, 1963.
Troeltsch, Ernst: Augustine die christliche Antike und das Mittelalter im Anschluss an die Schrift *"De Civitate Dei"* (Historisch Bibliotek, Band 36), Aaien, 1963.
Venema, H.: In Christus, artikel in: Opbouw, 11e jrg., no. 22—26.
Versteeg, J.P.: Christus en de Geest, Kampen, 1971.

Voetii, Gisberti: Politica Ecclesiastica, 3 partes, 4 volumnia, Amstelodami, 1663—1676.
Volger, W.: De Leer der Nederlandsche Hervormde Kerk, Franeker, 1946.
Vorster, J.D.: Wat sê die kerkorde? Die Term Moderator, in: Die Kerkbode, Deel CXII, jg. 125, no. 3, 19 Julie 1973.
Vyver, G.C.P. van der: Professor Dirk Postma 1818—1890, Potchefstroom, 1958.
Wagenaar, L.H.: Het ambt aller geloovigen, Leeuwarden, s.j.
Walker, Williston: The Creeds and Platforms of Congregationalism, New York, 1893.
Wat is er aan de hand met het ambt? Studierapport over het ambt aangeboden door de generale synode van de Nederlandse Hervormde Kerk, krachtens besluit van haar vergadering van 18 Februari 1969, 's-Gravenhage, 1970.
Walt, Tjaart van der: Die Koninkryk van God — Naby, Kampen, 1962.
Weber, Otto: Beitrage zur Geschichte und Lehre der Reformierten Kirche. Die Treue Gottes in der Geschichte der Kirche. Gesamelte Aufsatze II, Neukirchener verlag des Erziehungsvereins, 1968.
Weis, J.: Der Erste Korintherbrief, völlig neu bearb. Auflage 1910, Vandenbroek en Ruprecht, 1970.
Weltkonferenz, vierte fur Glauben und Kirchenverfassung, Montreal, 1963.
Wendel, F.: Calvin, Ursprung und Entwicklung seiner Theologie (in Duits vertaal deur dr. W alter Kickel), Neukirchener Verlag des Erziehungsvereins, 1968. (Oorspronklik verskyn as: Calvin, Sources et évolution de sa pensee religieuse, Parys, 1950).
Wet, C.J.H. de: Die Kollegiale Kerkreg, Amsterdam, 1921.
Wielenga, B.: Onze Cathechismus I, Kampen, s.j.
Witt, J.R. de: Jus Divinum, Kampen, 1969.
Wolf, E.: Ordnung der Kirche, Lehr- und Handbuch des kirchenrechts auf ökumenischer Basis, Frankfurt, 1961).
Wolff, J. de: (sien: Meulink, H.).
World Council of Churches. The Lordship of Christ over the world and the Church. Documents for an Ecumenical study, Geneva, 1957.
Wortelkerker, Konrad: Evangelisches Kirchenrecht — Recht? (Theologische Forschung 21), Hamburg/Bergstedt, 1960.
Woude, C. van der: Het Beginsel van de Collegialiteit bij Calvijn en het Tweede Vaticaans Concilie, Kampen, 1966.
Wutzer, J.: Augustinus: “De Staat Gods”, Kampen, 1947.